




PROF. DR. S. DU TOIT

*Handleiding
vir die studie van die
Kerkgeskiedenis*



Handleiding
Vir die studie van die
KERKGESKIEDENIS

MET AFDELINGE OOR
KERKREGERING EN EREDIENS

DEUR

Prof. Dr. S du Toit
(Teologiese Skool en P.U. vir C.H.O., Potchefstroom)

Sewende Hersiene Uitgawe
1970

Inhoudsopgawe

WOORD VOORAF BY DIE SEWENDE UITGAWE	4
HOOFSTUK 1: INLEIDING	5
A. ALGEMENE KERKGESKIEDENIS	7
HOOFSTUK 2: DIE TOESTAND VAN DIE VOLKEWÊRELD IN DIE VOLHEID VAN DIE TYD	7
HOOFSTUK 3: DIE EERSTE CHRISTELIKE GEMEENTE.....	9
HOOFSTUK 4: DIE WERK VAN PETRUS, PAULUS EN DIE ANDER APOSTELS	12
HOOFSTUK 5: VERVOLGING MET DIE SWAARD.....	14
HOOFSTUK 6: BESONDERHEDE VAN DIE VERVOLGINGE.....	16
HOOFSTUK 7: LASTER, VERVOLGING MET DIE PEN EN DIE VERDEDIGING VAN DIE CHRISTENE	18
HOOFSTUK 8: STRYD IN EIE BOESEM DIE SEKTES	20
HOOFSTUK 9: VESTIGING VAN DIE KERK IN DIE WÊRELD	21
HOOFSTUK 10: DIE CHRISTELIKE LEWE IN HIERDIE TYD (TWEDE EN DERDE EEU)	24
HOOFSTUK 11: KERKVADERS VAN DIE TWEDE EN DERDE EEUE	26
HOOFSTUK 12: KONSTANTYN DIE GROTE EN SY OPVOLGERS. DIE STAATSKERK.....	28
HOOFSTUK 13: NUWE STRYD OOR DIE LEER.....	30
HOOFSTUK 14: GROOT KERKVADERS VAN DIE VIERDE EN VYFDE EEUE	32
HOOFSTUK 15: KERK EN KLOOSTER.....	35
HOOFSTUK 16: OPKOMS VAN DIE POUSLIKE MAG.....	37
HOOFSTUK 17: BLOEITYD VAN DIE POUSDOM	39
HOOFSTUK 18: GEESTELIKE LEWE IN DIE MIDDELEEUE.....	41
HOOFSTUK 19: KERKLIKE LEWE IN DIE MIDDELEEUE.....	44
HOOFSTUK 20: VOORBEREIDING VAN DIE HERVORMING	46
HOOFSTUK 21: EGTE VOORLOPERS VAN DIE HERVORMING	48
HOOFSTUK 22: LUTHER	51
HOOFSTUK 23: LUTHER (vervolg)	54
HOOFSTUK 24: ZWINGLI.....	57
HOOFSTUK 25: LEWE EN WERK VAN CALVYN.....	59
HOOFSTUK 26: LEWE EN WERK VAN CALVYN (vervolg).....	62
HOOFSTUK 27: DIE HERVORMING IN FRANKRYK	64
HOOFSTUK 28: DIE HERVORMING IN ENGELAND	66
HOOFSTUK 29: DIE HERVORMING IN NEDERLAND.....	68
HOOFSTUK 30: STRYD OOR KERKORDE EN LEER DIE GROOT SINODE VAN DORDRECHT	70
HOOFSTUK 31: KONTRA-REFORMASIE IN DIE ROOMSE EN VERVAL IN DIE PROTESTANTSE KERK	72
HOOFSTUK 32: GEVOELSGODSDIENS	74
HOOFSTUK 33: DIE METHODISME.....	76
HOOFSTUK 34: VERSTANDSGODSDIENS	78
HOOFSTUK 35: DEURWERKING VAN DIE BEGINSELS VAN DIE "VERLIGTING" EN TEKENS VAN HERLEWING	80
HOOFSTUK 36: DIE REVEIL, VERAL IN NEDERLAND	82
HOOFSTUK 37: DIE AFSKEIDING VAN 1834.....	84
HOOFSTUK 38: DIE DOLEANSIE (1886)	87
HOOFSTUK 39: DIE CHRISTELIK-GEREFORMEERDE KERK IN NOORD-AMERIKA	89
B. VADERLANDSE KERKGESKIEDENIS	91
HOOFSTUK 40: STIGTING VAN DIE KERK	91
HOOFSTUK 41: UITBREIDING VAN DIE KERK	93
HOOFSTUK 42: INRICHTING VAN DIE KERK IN HIERDIE PERIODE	95
HOOFSTUK 43: DIE KERKORDE VAN DE MIST	98
HOOFSTUK 44: NUWE STROMINGE EN RIGTINGE. DIE SINODE VAN 1824	100
HOOFSTUK 45: DIE SINODE VAN 1842. DIE ORDONNANSIE VAN 1843. STRYD TEEN DIE LIBERALISME. DIE OPWEKKINGE.....	103
HOOFSTUK 46: DIE HOUDING VAN DIE KAAPSE KERK TEENoor DIE GROOT TREK EN DIE GEVOLGE DAARVAN.....	106
HOOFSTUK 47: DIE KERK IN TRANSVAAL. ONTSTAAN VAN DIE HERVORMDE KERK — DIE STAATSKERK	108

HOOFSTUK 48:VOORGESKIEDENIS VAN DIE AFVAARDIGING VAN DS. D. POSTMA	111
HOOFSTUK 49 DIE KOMS VAN DS. D. POSTMA	114
HOOFSTUK 50: DS. POSTMA IN NATAL EN TRANSVAAL.....	116
HOOFSTUK 51: STIGTING EN UITBREIDING VAN DIE GEREFORMEERDE KERK	119
HOOFSTUK 52: DIE EERSTE GEREFORMEERDE SINODES	121
HOOFSTUK 53: DIE GEREFORMEERDE KERK STRY VIR SY REGTE	123
HOOFSTUK 54: DIE AFSKEIDING IN PERSPEKTIEF.....	125
HOOFSTUK 55: DIE GESKIEDENIS VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL EN DIE P.U. VIR C.H.O.....	128
C. KERKREGERING	131
HOOFSTUK 56: STELSELS VAN KERKREGERING.....	131
HOOFSTUK 57: ONS KERKORDE	134
HOOFSTUK 58: ONS KERKORDE (vervolg)	136
D. EREDIENS	139
HOOFSTUK 59: DIE EREDIENS	139
AANHANGSEL	142
HOOFSTUK 60: DIE PLIGTE VAN DIE BELYDENDE LIDMAAT	142

WOORD VOORAF BY DIE SEWENDE UITGAWE

Slegs geringe wysiginge is aangebring. Die afdeling oor die geskiedenis van die sending is weggelaat, ten eerste vanweë die feit dat volgens leraars die stof te veel word vir belydenis-katkisante en ten tweede dat 'n afsonderlike boek oor die sending gewens sou wees.

Die skrywer ontvang graag wenke.

*Potchefstroom,
April 1970*

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1. Die woord "kerk".
2. Kerkgeskiedenis.
3. Indeling en oorsig van die Kerkgeskiedenis.

1. Die woord "kerk". — Voordat ons die Kerkgeskiedenis kan bestudeer, moet ons eers weet wat met die woord "kerk" bedoel word. Dadelik kan ons dan vasstel dat die kerk van Christus glad nie vergelyk kan word met 'n "vereniging" wat ons in die daaglikse lewe aantref nie. 'n Vereniging word deur mense gestig, maar die kerk is van goddelike oorsprong. Dit is 'n instelling van Christus, die Seun van God. Die Apostel Paulus noem die kerk "die liggaam van Christus" (Ef. 1:22, 23). Volgens ons Geloofsbelydenis is die kerk 'n "heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo". Hierdie vergadering word deur die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom tot 'n gemeente uitverkies deur sy Gees en Woord. Dit word "heilig" genoem, nie omdat dit uit sonderlose mense bestaan nie, maar omdat dit gewas is deur die bloed van Christus en geheilig is deur sy Gees. Die woord "kerk" kom van die Griekse *kuriake* en beteken: "wat aan die Here behoort".

Oral waar gelowiges is, word die kerk gevind. As hulle kom tot die instelling van die ampte, dit wil sê as ouderlinge en diakens gekies word en as hulle sorg vir die prediking van die Woord en die bediening van die sakramente, dan kan ons spreek van die kerk as "instelling" of "instituut". Ons sal in die volgende hoofstukke moet handel oor die kerk as instelling of instituut, dit wil sê ons behandel nie die lewe en die werk van afsonderlike gelowiges nie, maar *van die kerk soos dit optree deur sy ampte*.

2. Kerkgeskiedenis. — Die vergadering van gelowiges bestaan deur die eeue heen en het dus 'n *geskiedenis*. Die kerklike lewe staan nooit stil nie. Die Kerkgeskiedenis wil ons 'n aaneengeskakelde verhaal hiervan gee. Ons glo dat Christus as die Koning van die kerk die geskiedenis volgens 'n vaste plan na 'n bepaalde einde laat ontwikkel. Daar gebeur niks by toeval nie, want die Hoof van die kerk het beloof dat Hy sy Gees sal stuur om dit in die hele waarheid te lei (Joh. 16:13).

Ons moet in die Kerkgeskiedenis die vaste lyn probeer ontdek, die leidende gedagte te midde van al die worsteling en stryd van die kerk. Immers, die kerk bevind hom in 'n vyandige wêreld wat altyd probeer om dit van sy vaste fondament, naamlik die ware geloof in Christus, af te ruk. Dit sal dus altyd moet veg vir die suiwerheid van die leer, van die erediens en van die kerkregering. Maar nie alleen die *leer* van die kerk is gedurig bedreig nie — ook sy *vryheid*. Nie alleen het in die kerk self magte opgekom wat hulle in die plek van Christus, die Hoof, gestel het en so sy liggaam in 'n toestand van slawerny gebring het nie, maar die wêreldlike mag van die staat het telkens probeer om heerskappy oor die kerk te voer. Ons sal daarom deurgaans moet let op die stryd vir die *suiwerheid* en die *vryheid* van die kerk. Altyd weer sal ons sien *vervorming* en *hervorming*. So vind ons die leidende gedagte wat nodig is vir 'n deugdelike behandeling van die Kerkgeskiedenis.

As ons hierdie leidende gedagte wil volg, kan ons vanselfsprekend nie neutraal wees nie, ons moet kant kies. Ons mag nie doelloos die hele geskiedenis van die kerk deurgaans sonder om te weet waar ons sal uitkom nie. Ons wil ook 'n antwoord hê op die vraag: In watter een van die baie kerke van vandag vind ons nog die suiwere lyn? Ons as Gereformeerdes is oortuig dat ons kerk nog langs die suiwere lyn voortgaan, en nou moet ons van die begin van die Kerkgeskiedenis af kan aantoon dat dit werklik so is, dat ons nog op die pad is wat deur Christus en sy apostels vir die kerk afgebaken is. Vanaf die begin van die Kerkgeskiedenis moet aangetoon word waarlangs die pad gaan wat uitloop op die Gereformeerde kerke van die twintigste eeu. So word die studie vir ons van die allergrootste betekenis. Die ondervinding van die verlede wys aan waar die gevare lê en hoe die ontwikkeling in die toekoms moet wees om die rotse te omseil. Ook 'n Gereformeerde Kerk moet immers gedurig waak teen vervorming.

3. Indeling en oorsig van die Kerkgeskiedenis. — Waar moet ons begin? Volgens die Geloofsbelydenis vergader Christus sy gelowiges "van die begin van die wêreld af". Voor die sondvloed ontbreek dit egter nog aan vaste vorm of gestalte. Vanaf die tyd van die aartsvaders kom daar wel 'n begin van organisasie, maar die kerk is dan nog nóú verbonde met die huislike lewe en later met die volksbestaan. Dit is nog nie 'n selfstandige eenheid nie en nog hoofsaaklik tot een volk beperk.

Eers vanaf die uitstorting van die Heilige Gees, dus op die Pinksterdag, word dit *wêreldkerk* met sy eie inrigting. Dit gee ons 'n beginpunt vir die kerk van die Nuwe Testament.

Die verdere verloop van die Kerkgeskiedenis word nou beheers deur bloei, verval, hervorming. Die vernaamste insnyding is seker die Hervorming in die sestiende eeu. Voor die tyd het ons *Ou Kerkgeskiedenis* en ná die tyd *Nuwe Kerkgeskiedenis*. In altwee hierdie groot periodes sal min of meer dieselfde lyne ontdek word.

Ou geskiedenis. — Tot ongeveer 323 n. Chr. is daar groei en bloei nieteenstaande die swaar vervolginge. Dan word die kerk staatskerk as gevolg van die optrede van Konstantyn die Grote. Nou word dit groot en magtig, maar tegelykertyd ook onderworpe aan die juk van die staat. Die Roomse Kerk slaag daarin om hierdie juk af te werp, maar lê weer 'n ander een op wat net so swaar druk, naamlik die van die priesterheerskappy (hiërargie). Dan begin die tydperk van diepe verval in die Middeleeue, totdat die Hervorming in die sestiende eeu die gelowiges weer laat buig onder die juk van Christus en die juk van mense afneem. Hier begin die

Nuwe geskiedenis. — In die Protestantse kerke sou, helaas, ook maar weer allerhande rigtinge opkom wat die kerk op 'n sypoor sou bring, sowel wat leer as wat regering betref. Verstands- of gevoelsgodsdienste sou òf die leer probeer aanpas by menslike insigte en gevoelens òf heeltemal onverskillig daarteenoor staan. Aan die ander kant sou die staat in verskillende lande weer sy ondraaglike juk op die kerk lê. Ook nou beskik die Here dit egter in sy genade weer so dat die juk van mense afgewerp en die juk van Christus opgeneem word. Hier sal ons die aandag hoofsaaklik aan die hervorming in Holland skenk, omdat ons Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika hierby die allergrootste belang het. Uiteindelik word dan in 'n besondere afdeling die ontwikkeling van die kerk in ons eie vaderland behandel.

Ook hier sal dieselfde lyne gevind word. 'n Begin op suiwer Gereformeerde grondslag wat die leer betref, maar daarnaas 'n gedurige worsteling met die staatsmag. Eindelik ook agteruitgang in die leer, invoering van verstands- en gevoelsgodsdienste totdat eindelijk die kerk weer tot openbaring kom in die vorm wat na ons oortuiging op die hegte fondament van die apostels en profete gebou is. So het ons dan ten laaste uitgekom by ons eie kerk, wat ook nog gedurig by die lig van Gods Woord en die geskiedenis waar nodig hervorm moet word.

VRAE

1. Wat word verstaan onder die woord "kerk"?
2. Waarom word dit "heilig" genoem?
3. Waar vind ons die kerk as "instituut"?
4. Hoe bestudeer 'n Gereformeerde die Kerkgeskiedenis?
5. Wat is die leidende gedagte wat gedurig vasgehou moet word?
6. Kan die ondersoeker neutraal wees?
7. Waar begin die Kerkgeskiedenis?
8. Hoe sou u die Kerkgeskiedenis indeel? Toon die groot lyne van ontwikkeling aan.

A. ALGEMENE KERKGESKIEDENIS

HOOFSTUK 2: DIE TOESTAND VAN DIE VOLKEWÊRELD IN DIE VOLHEID VAN DIE TYD

1. Die heidene

2. Die Jode

Die Christelike kerk sou nie op 'n gegewe oomblik, sonder enige voorbereiding, in die wêreld te voorskyn tree nie. Die Here van die kerk sou sorg dat die wêreld-akker toeberei word vir die saad van die Evangelie. Paulus sê dat die Here Jesus Christus in die "volheid van die tyd" gekom het (Gal. 4:4), dit wil sê: die tydstop wat God in sy ewige Raad daarvoor vasgestel het en waarop die verhoudinge tussen volkere onderling, asook die toestande op maatskaplike en geestelike gebied, sodanig ontwikkel het dat die Evangelie 'n toebereide bodem kon vind en oor die aarde verbrei kon word.

Om dit te verstaan, moet ons die geskiedenis van *heidene* en *Jode* voor die koms van Christus nagaan.

1. Die heidene. — Die hele geskiedenis van die heidendom loop uit op die vorming van 'n wêreldstaat, 'n magtige groot ryk, naamlik die Romeinse. Hierdie ryk het feitlik alle volke van die toe bekende wêreld omvat, sodat daar nie nasionale grense was wat die uitbreiding van die Evangelie kon belemmer nie. Waar die Apostels ook gegaan het op hul sendingreise, orals het hulle dieselfde regering en in hoofsaak dieselfde gewoontes aangetref.

In hierdie wêreldryk het egter nie die Romeinse taal en beskawing die oorhand gehad nie, maar die Griekse. Die Griekse taal het 'n *wêreldtaal* geword. Die apostels het dus geen tolke nodig gehad nie, maar kon orals verstaan word.

Daarby kom dat die Here Jesus gebore word in 'n tyd van geestelike bankrotskap van die heidendom. Die mense het tot die smartlike ontdekking gekom dat hulle godsdienste nie in staat was om vrede vir die siel te gee nie. Met groot verlange is daar na iets nuuts uitgesien en alle moontlike godsdienste is op die proef gestel. Die Romeine was besonder verdraagsaam op die gebied van die godsdiens en het toegelaat dat van alle oorde nuwe godsdienste ingevoer word. As die Christelike kerk dus sy verskyning in die wêreld maak, staan dit nie teenoor een magtige heidense godsdiens nie, maar teenoor 'n veelheid waarvan nie een bevrediging gee nie.

As daar in die godsdienstige lewe geen vastigheid is nie, spreek dit vanself dat ook die sedelike lewe verwilder. Lees maar in Rom. 1:8-32 hoe die Apostel Paulus die godsdienstige en sedelike ontaarding van die heidendom van sy tyd beskrywe. Dit word ook bevestig deur uitsprake van heidense skrywers. Die mensheid was soekende en in 'n vreeslike ellende — die velde was wit om te oes.

Ook in sy wetenskap en in sy wysheid kon die heiden geen troos vind nie. 'n Hele paar eeue voor die geboorte van Christus het die Griekse denkers die wêreld verbaas met hulle wysheid, maar in die tyd waaroor ons nou handel, is die denkkrag uitgeput en die geleerdes wanhoop oor die moontlikheid om ooit die waarheid te kan vind. Sommige het geglo dat 'n mens maar die lewe moet geniet want met die dood is tog alles verby (die Epikureërs). 'n Tweede groep het geleer dat alles deur 'n onverbiddelike noodlot beheers word, waar 'n mens tog niks teen kan doen nie. Die beste is dus om nie aangedaan te word deur vreugde of deur droefheid nie, maar so onaandoenlik moontlik deur die lewe te gaan (die Stoïsyne). 'n Derde groep het geleer dat 'n mens van die ware aard van die dinge niks kan weet nie en dit dus beter is om jou oor niks te bekommer nie (die Skeptisiste). Dit was alleen die prediking van die Evangelie wat in hierdie toestande die woord kon spreek wat rus aan die soekende mensheid kon gee.

2. Die Jode. — Ons moet onderskeid maak tussen die Jode wat in Palestina gebly het en die wat oor die hele toe bekende wêreld verstrooi was.

Die Jode in Palestina het ná die Babiloniese ballingskap nie meer 'n selfstandige bestaan as *nasie* gehad nie. Eers het hulle onder die Persiese heerskappy gestaan, later onder die Griekse en eindelik onder die Romeinse. Met taaie volharding het hulle toe aan hul godsdienstige besit vasgeklem, vernaamlik aan die *wet*. Ongelukkig het die grootste deel die wet nie meer in sy geestelike betekenis verstaan nie en probeer om deur die werke van die wet die saligheid te beërwe.

Die geestelike leiers van die volk was die *Skrifgeleerdes*. Hulle het byna almal behoort tot die party van die Fariseërs (die "afgesonderdes"). Die groot strewe van hierdie party was om die wet stiptelik te hou en hulle streng af te sonder van die heidene en so "rein" te bly. Ons weet hoe streng die Here Jesus teen hulle opgetree het, omdat dit by die grootste deel net 'n uitwendige vorm was, sonder ware Godskennis. Omdat die nasionale selfstandigheid verlore was, het die verlange na 'n Messias, 'n Verlosser, altyd sterker geword, maar ongelukkig het hulle iemand verwag wat sou verlos van die Romeinse juk en 'n groot en magtige Joodse staat sou opbou. Hulle wou verlos word sonder vergifnis van sonde en sonder vernuwing van die hart. Daarom was Christus vir hulle 'n struikelblok.

Teenoor die Fariseërs het die Sadduseërs gestaan. Hulle was onverskillig wat godsdienstige sake betref en het nie geglo aan die ryk van die Messias, die opstanding van die dode, die goddelike voorsienigheid en die bestaan van engele nie. Hulle het dus nog meer as die Fariseërs in opstand teen Christus gekom. Die tyd was ryp dat die takke van die mak olyfboom afgekap en takke van die wilde olyfboom ingeënt sou word (Rom. 11:17-24). Deur hulle val het die verlossing die deel van die heidene geword.

Aan die ander kant sou die Jode in die verstrooiing 'n groot deel bydra vir die voorbereiding van die koms van die koninkryk van die hemele. Hulle was vir die volke met wie hulle in aanraking gekom het tot 'n groot seën, omdat deur hulle die Ou Testament bekend geword het. In Egipte is die Ou Testament in Grieks vertaal en hierdie vertaling was die middel wat God gebruik het om baie heidene met die Heilige Skrif bekend te maak. Teenoor die veelgodedom van die heidene het hierdie Jode geleer dat daar maar een ware God is, wat Homself aan Israel geopenbaar het en wat nie in die vorm van beelde vereer mag word nie.

Die Jode het wel nie baie proseliete gemaak nie, dit wil sê heidene wat hulle heeltemal tot die Jodedom bekeer het, maar tog was daar baie wat deelgeneem het aan die godsdienst in die sinagoge (die Joodse kerk) en aan die Joodse gebruike, sonder dat hulle tot die Jodedom toegetree het. Op hierdie manier kon 'n deel van die ou bondsvolk tog nog die brug vir die heidene vorm om tot die Christendom te kom.

VRAE

1. Wat verstaan u onder "die volheid van die tyd"?
2. Hoe het die Romeinse ryk die verbreiding van die Evangelie bevorder?
3. Watter taal het in die ryk die oorhand gehad?
4. Wat was die geestelike toestand van die heidendom?
5. Hoe was die sedelike lewe? Kon die wetenskap redding bring?
6. Hoe was die toestand van die Jode?
7. Watter verskillende partye was daar onder die Jode in Palestina?
8. Op watter manier het die Jode in die verstrooiing die koms van Christus voorberei?

HOOFSTUK 3: DIE EERSTE CHRISTELIKE GEMEENTE

1. *Die Pinksterwonder.*
2. *Jerusalem die eerste gemeente*
3. *Organisasie van die eerste Christelike gemeente.*
4. *Erediens in die eerste gemeente.*
5. *Verdere geskiedenis van die gemeente Jerusalem.*

1. Die Pinksterwonder. — Soos die Here Jesus self beloof het, is die "ander Trooster", die Heilige Gees, uitgestort en wel tien dae ná die hemelvaart. Daar vind die heerlike Pinksterwonder plaas dat daar in verskillende tale oor die groot daad van God gespreek word. *Die tyd is verby dat die kerk alleen tot Israel beperk is.*

2. Jerusalem, die eerste gemeente. — Die eerste gemeente vind ons in Jerusalem; hiervandaan sou die kerk verder uitbrei. Ná die prediking van die apostel Petrus op die Pinksterdag word reeds omtrent drieduisend siele toegebring en daagliks het by die gemeente bygekom die wat gered is. Almal wat hulle by die gemeente gevoeg het, moes eers gedoop word.

Die lidmate van die eerste gemeente het bestaan uit alle range en stande: daar was armes en welgesteldes, diensbares, priesters, Fariseërs, Jode van Palestina en' uit die verstrooiing, proseliete uit die heidene — almal mense wat saamgekom het vir die fees in Jerusalem.

Hulle almal was deur die gees van liefde verbind, een van hart en siel. Eendragtig het hulle opgetree in alles wat hulle gedoen het en die gemeente was in aansien by die hele volk. Hulle het 'n voorbeeld geword vir die hele geskiedenis van die kerk en in die toekoms sou die strewe altyd wees om so naby moontlik aan hierdie ideaal te kom.


Nie alleen was daar 'n geestelike eenheid nie, maar ook op stoflike gebied kon dit gesien word. Niemand was behoeftig nie, want almal wat besitters van grond en huise was, het dit verkoop en uit die opbrings is aan elkeen uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het. Hierdie gemeenskap van goedere was egter vrywillig, niemand was verplig om sy goed te verkoop nie.

3. Organisasie van die eerste Christelike gemeente. — Dadelik het die gemeente met *organisasie* begin en die eerste werk was natuurlik die instelling van die *amp*. Daar moet onderskeid gemaak word tussen *buitengewone* en *gewone* ampte. Die buitengewone ampte het alleen in die eerste Christelike kerk bestaan omdat hier die fondament gelê is. 'n Huis bestaan egter nie geheel-en-al uit fondament nie. Buitengewoon was die ampte van *apostels*, *profete* en *evangeliste*. Die besondere by aldie is dat hulle algemeen van aard was, d.w.s. nie tot een plaaslike kerk beperk nie. Die apostelamp is die oudste en seker ook die vernaamste. Hulle is deur Jesus Self geroep en was gedurig in sy teenwoordigheid. Die profete was manne wat 'n besondere gawe ontvang het om te onderrig. Deur hul prediking is die woorde van die apostels bevestig. Die evangeliste was helpers van die apostels. Hulle het die Evangelie verkondig en ook die doop bedien.

Naas die buitengewone ampte was daar ook *buitengewone gawes*, soos bv. om te leer, om gesond te maak, wonders te doen en in "tale" te spreek. Hierdie besondere gawes was nodig by die grondleggende arbeid van die kerk, maar toe dit nie meer nodig was nie, het dit net soos die buitengewone ampte verdwyn.

Die *gewone* ampte het almal uit die apostelamp ontwikkel en is van blywende aard. In die begin het die apostelamp al die pligte waargeneem, maar langamerhand het dit vir hulle te veel geword. Die Griekssprekende Jode het begin murmureer omdat hulle weduwees oor die hoof gesien is in die daaglikse versorging. Toe het die diakenamp

ontstaan wat spesiaal die versorging van die armes sou behartig. Later lees ons van ouderlinge, wat onderskei word in die ouderlinge wat arbei in die woord en die leer, en die ouderlinge wat opsig oor die gemeente gehad en regering uitgeoefen het — dus *leraars* en *opsieners* (1 Tim. 5:17). So het die drie ampte ontstaan wat vandag nog in die kerk gevind word.



TONEEL VAN DIE VROEE KERKESKIEDENIS

4. Erediens in die eerste gemeente. — Die gemeente in Jerusalem het ook dadelik begin met die onderhouding van die erediens en gereeld saamgekom. Aangesien daar nog geen kerkgeboue was nie, het hulle in die huise vergader, hoewel hulle ook 'n enkele maal in die tempel saamgekom het. Hulle het volhard in die leer van die apostels, dit wil

sê die prediking van die apostels is verder verbrei en daar is toegesien dat dit suiwer verkondig word. Verder is volhard in die breking van die brood, dit is in die viering van die heilige nagmaal, en in die gebede.

5. Verdere geskiedenis van die gemeente van Jerusalem. — Ongelukkig kan reeds by die eerste gemeente die werk van die Satan bemerk word — die *leuen* in die boesem van die gemeente en die *vervolging* van die kant van die owerheid. Die geval van Ananias en Saffira het 'n donker skadu oor die jong gemeente gewerp (lees Hand. 5:1—11). Hier het ons dan ook die begin van die kerklike tug, al is dit in 'n heel besondere vorm.

Daarby sou die eerste gemeente ook spoedig vervolging van buite ondervind, die eerste keer ná die dood van die diaken Stefanus, sodat hulle verstrooi is oor die streke van Judea en Samaria (Hand. 8:1). Later het die vuur van vervolging weer uitgebreek toe Herodes die apostel Jakobus om die lewe laat bring het.

Die gemeente van Jerusalem het ook die voorreg gehad dat die eerste kerklike samekoms in sy midde gehou is (lees Hand. 15). Dit het naamlik gegaan oor die vraag of Christene wat uit die heidendom bekeer is ook nog die seremoniële wette, met name die besnydenis, moes onderhou. Nadat daar 'n groot twis en 'n woordewisseling ontstaan het, is besluit dat Paulus en Barnabas en nog 'n paar ander na Jerusalem sou gaan en die apostels en die ouderlinge in verband met hierdie vraagstuk sou raadpleeg. So oortuig was die apostels en die ouderlinge van die leiding van die Heilige Gees in hulle vergadering dat hulle kon sê: "Die Heilige Gees en ons het besluit".

VRAE

1. Wat is die betekenis van die Pinksterdag?
2. Hoedanig was die lidmate van die eerste gemeente?
3. Hoe was hulle lewe?
4. Hoe was die gemeente georganiseer?
5. Noem die buitengewone ampte en gawes.
6. Hoe het die gewone ampte ontstaan?
7. Hoe het die erediens plaasgevind?
8. Wat was die skadusy van die gemeentelike lewe?
9. Beskryf die werk van die eerste kerklike samekoms.

HOOFSTUK 4: DIE WERK VAN PETRUS, PAULUS EN DIE ANDER APOSTELS

1. *Christene uit die Jode.*
2. *Petrus.*
3. *Christene uit die heidendom.*
4. *Paulus.*
5. *Die ander apostels en Jakobus, die broer van Jesus.*

Volgens die woord van die Here Jesus sou die apostels sy getuies wees in Jerusalem en ook in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde. Eers dus in Palestina onder die Jode en Samaritane en daarna onder die heidene.

1. Christene uit die Jode. — In die eerste tyd is in Jerusalem en in die hele Palestina hoofsaaklik die *kerk uit die Jode en Samaritane vergader*. Petrus begin dadelik op die Pinksterdag en verkondig die opgestane Christus. Filippus, die diaken, bring die blye tyding aan die veragte Samaritane en as die apostels in Jerusalem hoor dat Samaria die woord van God aangeneem het, stuur hulle Petrus en Jakobus daarheen. Van toe af is die Evangelie in baie dorpe van die Samaritane verkondig.

Spoedig is die Evangelie egter ook aan die Jode buite Palestina bekend gemaak. Vanuit Jerusalem is verskillende dogtergemeentes gestig. Jesus Self het al die saad van die Woord buite die grense van die beloofde land uitgestrooi (vgl. Matth. 15:21). Ná die dood van Stefanus het die vervolgte gelowiges uit Palestina weggetrek en die Evangelie tot oor die grense van die land gebring. In die Joods-Christelike gemeentes het altyd die gevaar gedreig dat hulle meer op Moses as op Christus gesien het. Die Here het egter Self die omstandigheid bewerk, waardeur die kerk van die Jodedom losgemaak sou word, naamlik die val van Jerusalem in die jaar 70 n. Chr. Die swaartepunt word verlê uit Jerusalem na Antiochië.

2. Petrus. — Onder die apostels neem Petrus, die Rotsman, 'n eerste plek in. Die man wat sy Meester tot drie maal verloën het, word een van die kragtigste getuies vir die eer van sy Naam. Ná sy opstanding het die Here Jesus aan hom afsonderlik verskyn en is hy vir die hele kerk in sy apostelskap herstel. Die man met die lig ontvlambare gemoed en met die vurige gees sou nog baie doen vir die verbreiding van die Evangelie.

Vanselfsprekend het hy hom in sy prediking allereers tot die ou bondsvolk, sy eie volk, gerig. Vir 'n Jood was dit ongeoorloof om met iemand van 'n ander volk omgang te hê of hom te besoek, maar deur die wonderbare gesig wat die Here Petrus laat sien het (lees Hand. 10) van die laken waarin allerlei soorte van diere was, het die apostel tot die ontdekking gekom dat hy geen verskil mag maak tussen Jode en heidene nie. As eers die hoofman Cornelius gedoop is, sou daar spoedig meer heidene volg, veral toe die Christene van Jerusalem ná die vervolginge moes vlug en uitgewyk het na verskillende lande.

Petrus werk dan nie alleen in Jerusalem nie, maar ook in *Antiochië*. Die Roomse kerk het die verhaal verbrei dat hy die eerste biskop van Rome was en 25 jaar daar gearbei het. Hiervoor is daar egter nie die minste bewys nie. Volgens 'n baie betroubare oorlewering was hy wel in Rome, maar nie as biskop nie. Hier het hy dan ook, volgens dieselfde oorlewering, die marteldood gesterf.

3. Christene uit die heidendom. — Soos Jerusalem die moedergemeente van die Christene uit die Jode was, sou Antiochië dit wees van die Christene uit die heidene. Hier is die gelowiges vir die eerste maal Christene genoem (Hand. 11:26). 'n Aantal vurige manne het hier aan die Griekse heidene die Evangelie verkondig. Op sy beurt sou Antiochië weer 'n middelpunt van sending-ywer word om die boodskap van die Evangelie verder uit te dra.

4. Paulus. — Die ander groot figuur onder die apostels wat ons naas Petrus kan stel, is

Paulus, die heiden-apostel by uitnemendheid. Hulle twee is die hoekfigure by die ingangspoort van die geskiedenis van die Christelike kerk.

Die bekering van Paulus op die weg na Damaskus is ons bekend uit die Handeling van die Apostels (Hand. 9). Sy eerste getuigenis lê hy reeds in die sinagoge van Damaskus af. Ná 'n verblyf in Arabië, vind ons hom in Jerusalem, tydens die moord van Herodes op Jakobus. Hier kom die woord van die Here tot hom: Gaan heen, want Ek wil jou na die heidene stuur. Op verskillende sendingreise sou hy nou, saam met sy helpers, die Evangelie verkondig in Klein-Asië en Europa, veral in Griekeland en Italië.

As hy van sy derde sendingreis terugkeer om die Pinksterfees in Jerusalem te vier, word hy in hegtenis geneem as gevolg van die haat van die Jode. 'n Lang tyd moet hy in onsekerheid bly oor sy lot, totdat hy hom eindelijk op die keiser beroep en na Rome gestuur word. As hy ná baie wederwaardighede daar aankom, het hy nog twee jaar tyd om die Evangelie in die hoofstad van die ryk te verkondig. Hy is toegelaat om in sy eie gehuurde woning te bly en kon met volle vrymoedigheid, sonder enige verandering, die Woord verkondig.

Waarskynlik is hy by sy eerste verhoor vrygespreek, en het daarna nog 'n reis na Kreta en Griekeland gemaak. Nadat hy 'n tweede keer gevange geneem is, het hy onder die regering van die keiser Nero die marteldood gesterf (pl.m. 64 n. Chr.).

Paulus is genoem die geestelike grootmag van die apostoliese tyd. Hy is die grondlegger van die Christelike sending en het die Christendom losgemaak van die Jodedom, deurdat hy geleer het dat die dood van Christus die voleinding van die wet is.

5. Die ander apostels en Jakobus, die broer van Jesus. — *Johannes*, die apostel vir wie Jesus liefgehad het, was 'n lang tyd die troue herder van die gemeentes in Klein-Asië. Deur die keiser Domitianus is hy na die eensame eiland Patmos verban, waar aan hom die inhoud van die boek "Openbaring" bekend gemaak is. Onder die regering van die keiser Nerva het hy na sy vroeëre woonplek Efese teruggekeer en daar op honderdjarige leeftyd gesterf.

Oor die lewe van die ander apostels bestaan daar net onbetroubare legendes. Ons kan egter aanneem dat hulle wat met Jesus op aarde gewandel het, in hoë aansien was en getuigenis gegee het van wat hulle gehoor en gesien het.

Van *Jakobus*, die broer van die Here Jesus, wat nie 'n apostel was nie, weet ons meer. Nadat Petrus Jerusalem verlaat het, tree Jakobus op as leier van die gemeentes. Hy het die bynaam "die Regverdige" ontvang, wat bewys dat hy hoog geëer was weens sy ingetoë lewe en sy gedurige gebed vir die sondes van die gemeente. Op die eerste kerklike samekoms was Jakobus die leidende figuur en nie Petrus nie (Hand. 15). Ook hy sou as martelaar sterf: hy is deur die volk van die dak van die tempel gewerp en gestenig.

Deur die werk van al die manne, wat ons in hierdie hoofstuk behandel het, is die kerk uitgebrei tot ver oor die grense van Palestina en 'n kragtige gemeentelewe is opgebou onder leiding van die Heilige Gees, sodat die stryd teen die Jodedom en heidendom met krag aangebind en tot 'n seëvierende einde gebring kon word. Omstreeks die jaar 100 was die kerk al geplant in Asië, 'n groot deel van Europa en 'n klein deel van Afrika.

VRAE

1. Wat weet u van die Christene uit die Jode? En van Petrus?
2. Watter apostel het veral die Evangelie onder die heidene uitgedra?
3. Watter gemeente was die moedergemeente van die Christene uit die heidene?
4. Wat weet u van die apostel Johannes? En van Jakobus, die broer van Jesus?
5. Hoe ver was die kerk uitgebrei teen die einde van die eerste eeu?

HOOFSTUK 5: VERVOLGING MET DIE SWAARD

1. *Vervolging deur Jode.*

2. *Vervolging deur heidene.*

1. Vervolging deur Jode. — Die eerste botsing sou plaasvind met die Jode, die ou bondsvolk. Net soos die leiers van die Joodse volk die hande aan die Koning van die kerk geslaan het, sou hulle dit ook doen met sy dissipels. Petrus en Johannes word voor die Joodse Raad gebring omdat hulle 'n kreupel man gesond gemaak het (Hand. 3 en 4). Uit vrees vir die volk is hulle weer losgelaat, maar op voorwaarde dat hulle nie weer in die Naam van Jesus sou spreek nie. Hulle het egter geglo dat hulle God meer gehoorsaam moes wees as die mense. Weer word hulle gevange geneem, maar op wonderbaarlike wyse gered. As hulle voor die Raad gebring word, spreek Gamaliël, een van die invloedryke lede, 'n woord wat tot versigtigheid maan. Die gevolg is dat die apostels weer vrygelaat is, nadat hulle gegesel is en belet om in die Naam van Jesus te spreek.

Tot nog toe was dit hoofsaaklik die party van die Sadduseërs, die manne van die "moderne rigting" onder die Jode, wat so opgetree het. As egter Stefanus, die diaken, nie alleen openlik die opgestane Heiland verkondig nie, maar ook skerp teen die Jode optrek (Hand. 7), word die vyandskap van die Fariseërs, die ortodokse party, aangewakker. Stefanus word in hegtenis geneem en voor die Raad gebring, maar voordat hy sy rede kon beëindig, is hy deur 'n woeste volksmenigte na buite gebring en gestenig. Hy was die eerste Nieu-Testamentiese martelaar wat sy geloof met sy dood moes beseël.

Nou breek 'n geweldige vervolging los, sodat die gelowiges na alle kante moes vlug. Manne en vroue word in kerkers opgesluit en die origes in die lande van Judea en Samaria verstrooi.

In die jaar 44 laat Herodes, om die Jode te behaag, die apostel Jakobus met die swaard doodmaak, en Petrus sou dieselfde lot ondergaan het as die Here hom nie uit die kerker verlos het nie. (Hand. 12).

Van Jakobus, die broer van Jesus het ons reeds in die vorige hoofstuk gehoor. Die groot aansien waarin hy by almal gestaan het, kon nie verhinder dat die woede van die Jode ook teen hom losgebreek het nie. Hulle het hom op die dak van die tempel geplaas en geëis dat hy voor die versamelde menigte teen Christus sou getuig. Omdat hy standvastig gebly en moedig vir die Meester getuig het, is hy van die tempel afgegooi en daarna gestenig. Hy het nog tyd gehad om op sy knieë te kom en vir sy moordenaars te bid, maar terwyl hy besig was, is sy hoof met 'n knuppel verbrysel.

Ook Paulus, wat self eers lasbriewe van die Jode gevra het om die Christene te vervolg sou gedurig hul haat ondervind, nadat hy 'n prediker van die Evangelie geword het. Toe hy ná sy verblyf in Arabië weer in Damaskus terugkeer, het die Jode die goewerneur teen hom opgehits. Hy kon alleen gered word, deurdat die broeders hom in die nag in 'n mandjie oor die muur van die stad neergelaat het. Ook Jerusalem moet hy ná 'n tyd verlaat vanweë die vyandskap. Soos hy self later getuig, is hy deur die Jode dikwels geslaan (2 Kor. 11:24), terwyl uit Handeling blyk dat hy ook deur hulle gestenig is, hoewel hy nie as gevolg daarvan beswyk het nie (Hand. 14:19).

Ná die verwoesting van Jerusalem in die jaar 70 hou die vervolging deur die Jode op, maar dan begin die heidendom sy aanslae op die kerk van Christus.

2. Vervolging deur heidene. — Die vervolging deur die heidene sou veel bloediger en langduriger wees as die deur die Jode. Dit klink byna ongelooflik dat die Romeinse keisers so onmenslik-wreed kon opgetree het, waar hulle tog baie toegeeflik was teenoor die menigte van godsdienste wat in die ryk voorgekom het. Ons moet dus nagaan wat hierdie omkeer in hul houding veroorsaak het. Terselfdertyd sal dit ons ook duidelik word dat daar *drie periodes* was in die ontwikkeling van die houding van die Romeinse keisers.

Eerste periode. — In die begin is die Christene beskou as 'n Joodse sekte en het hulle

dus gedeel in die beskerming wat die Jode geniet het. Hulle was selfs vrygestel van die verering van die heidense gode. Die Christene is op 'n manier verdra, al was hul godsdiens vir die heidene eienaardig. Die eerste groot vervolging wat losgebreek het — naamlik onder die regering van Nero in die jaar 64 — het nie bepaald die *geloof* van die Christene as oorsaak gehad nie. Hierdie vors, van nature bloeddorstig, het in sy later regeringsjare nie teruggedeins vir die gruwelikste misdade nie en het selfs sy moeder en sy vrou laat vermoor. In die jaar 64 het in die stad Rome 'n geweldige brand gewoed. Dit is nie seker of Nero self die oorsaak was nie, maar onder die volk is so iets rondvertel. Die gevolg was dat 'n woedende menigte na die paleis gestroom het en om die skuld van homself af te werp, het Nero die Christene as die skuldiges aangewys. Die volk kon dus hul wraak koel op die onskuldige mense. Hierdie vervolging was *plaaslik* van aard en het nie verder uitgebrei nie.

Tweede periode. — Vanaf die regering van die keiser Domitianus (81—91) het dit anders geword. Die Christene word beskou as godloënaars omdat hulle nie aan die aanbidding van die keiser, wat as 'n godheid beskou is, wou meedoen nie. Die vervolginge wat nou uitbreek, was nog beperk tot sekere plekke en streke en het meer van die volk as van die owerheid uitgegaan.

Derde periode. — Toe die heidendom begin insien het dat die kerk katoliek of algemeen van aard is, het die Romeinse staat 'n stryd begin op lewe en dood onder die regering van die keiser Decius (249—251). Die vervolginge was nou algemeen en volgens 'n vaste plan. Die heidene het natuurlik nie begryp wat die Christene in hul samekomste doen nie en het doop en nagmaal so begryp dat hulle die vlees van jong kindertjies geëet en mensebloed gedrink het. Elke ramp is aan die Christene toegeskrywe en of dit nou hongersnood, pes, droogte of aardbewings was, die kreet was altyd: na die leus met die Christene. Hulle is beskou as die uitvaagsel van die wêreld.

VRAE

1. Wat het met Petrus en Johannes gebeur nadat hulle die kreupel man gesond gemaak het?
2. Wat was die oorsaak van die marteldood van Stefanus?
3. Wat het gebeur met die apostel Jakobus?
4. Beskryf die marteldood van Jakobus, die broer van Jesus.
5. Hoe het die Jode opgetree teenoor Paulus ná sy bekering?
6. Wat het die vervolging deur die Romeinse keisers veroorsaak?
7. Hoeveel periodes was daar in die vervolginge, en wat weet u van elkeen?

HOOFSTUK 6: BESONDERHEDE VAN DIE VERVOLGINGE

1. *Metodes van Nero.*
2. *Ander metodes.*
3. *Enkele martelaarsfigure.*

Die tydperk van die vervolginge het ongeveer drie eeue geduur. Soms was daar tye van verademing, maar dan kon die haat meteen weer geweldig opvlam. In hierdie hoofstuk let ons op die metodes van vervolging wat die Romeinse keisers in die werk gestel het en hoe die Christene hulle onder dit alles gedra het.

1. Metodes van Nero. — Gedurende die vervolging onder Nero is die volgelingen van Christus op die afgryslikste maniere mishandel. Sommige is toegewerk in diervelle en so voor die wilde diere gewerp. Ander is lewendig afgeslag, terwyl 'n derde groep op 'n groot fees in die aand tot fakkels moes dien. Op reëlmatige afstande van mekaar is pale ingeplant, waaraan die Christene vasgemaak is, terwyl hulle klere met pik bestryk is. Op 'n gegewe oomblik is die klere aan die brand gestee, sodat die *martelare* lewendige fakkels geword het. Tussen die rye deur het Nero 'n triomftog op sy strydwa gehou.

2. Ander metodes. — 'n Geliefkoosde foltermiddel was om die Christene voor die oë van duisende toeskouers deur uitgehongerde leeus te laat verskeur. Baie is op brandstapels geplaas terwyl ander onthoof is. Onder al die martelinge het die Christene 'n wonderbare geloofsmoed aan die dag gelê en blymoedig die dood tegemoet gegaan, hoewel daar ook was wat die Here verloën het. Hulle is genoem die *lapsi* (gevallenes) teen wie die kerk streng opgetree het as hulle weer opgeneem wou word. Hulle moes eers boete doen.

3. Enkele martelaarsfigure. — Sommige van die martelaarsfigure moet spesiaal behandel word, omdat hulle vir ons tot voorbeelde van standvastigheid en getrouheid strek.

Ignatius, biskop van Antiochië en leerling van die apostel Johannes, het altyd 'n vurige begeerte gehad om die martelaarskroon te ontvang. Sy wens sou vervul word. Die keiser Trajanus (98—117) het op 'n sekere veldtog in Antiochië aangekom en terwyl hy besig was om aan sy afgode hulde te bring, het Ignatius uitgeroep dat hulle die werk van mensehande is. Hy word hieroor veroordeel om na Rome geneem en daar voor die wilde diere gewerp te word. Sy reis sou 'n triomftog word, want orals langs die pad het menigtes van Christene toegestroom. Toe hy gehoor het dat Christene in Rome poginge aanwend om hom te verlos, het hy hulle gesmeek om dit nie te doen nie. Te midde van die brullende leeus het hy kalm gebly en met 'n helder stem uitgeroep: "Ek is die tarwegraan van God; deur die tande van die wilde diere wil ek vermaal word sodat ek as reine brood van God bevind mag word".

Policarpus van Smirna, ook 'n leerling van die apostel Johannes, het groot invloed op sy tydgenote gehad en hulle het hom as vader vereer. Toe die vervolginge onder die regering van keiser Marcus Aurelius weer in heftigheid toegeneem het, moes ook in Smirna baie Christene hulle geloof met hul bloed beseël. Policarpus was reeds byna 90 jaar oud en het op aandrang van sy vriende hom op 'n plek buite die stad gevestig. Spoedig het die heidene egter sy skuilplek ontdek, maar hy het hom blymoedig in die hande van die vervolgers oorgegee met die woorde: "Laat die wil van die Here geskied". Baie poginge is aangewend om hom sy geloof te laat afswaar, selfs deur die regter wat hom verhoor het. Die grysaard het egter sy gestalte, wat deur die las van die jare geboë was, opgehef en met die oë na die hemel gerig, gesê: "Ses-en-tagtig jaar het ek Hom gedien en Hy het my niks as goed gedoen nie. Hoe kan ek Hom dan vloek, my Here en my Heiland wat my verlos het?" Hierop is hy na die brandstapel gesleep (155 n. Chr.).

Nie alleen in geweste oostelik en suidelik van Rome sou daar poginge aangewend word om die Christendom uit te roei nie, maar ook aan die westekant. Reeds in die tweede eeu het die brandstapels in Frankryk gerook, wat 'n bewys is dat die boodskap van die

Evangelie ook hierheen deurgedring het. Deur die volk is die Christene bespot, geslaan en geplunder, maar hulle het alles geduldig verdra. Bekende martelaars is: Sanctus, die diaken, Blandina, 'n Christenslavin, en haar broer Ponticus, asook die geneesheer Alexander (177 n. Chr.).

Bekende name is ook die van Vivia Perpetua en Felicitas van Karthago in Noord-Afrika. Perpetua was 'n aansienlike jong vrou wie se heidense vader haar langdurig gesmeek het om haar geloof af te sweer, maar tevergeefs. Saam met haar is die slavin Felicitas veroordeel om voor die wilde diere gewerp te word. Aangesien dit die onstuimige diere nie geluk het om Perpetua om die lewe te bring nie, moes — volgens gewoonte — 'n swaardvegter dit doen. Hy het haar egter slegs swaar gewond en toe het sy self die swaard op haar keel gerig om die doodsteek te ontvang (202—203).

Vir ons menslike verstand is dit moeilik om te begryp waarom die Here dit alles toegelaat is. As ons egter let op die vrugte van die vervolginge, ontvang ons meer lig. Uit die lydensgeskiedenis leer ons die waarheid van die spreekwoord: "Die bloed van die martelare is die saad van die kerk". Hoe meer die kerk verdruk is, hoe meer dit gegroei het, nie alleen in uitwendige grootte nie, maar ook in innerlike krag.

Die vervolginge het opgehou toe keiser Konstantyn in die jaar 313 n. Chr. die sogenaamde edik van Milaan uitgevaardig het, waarby aan alle godsdienste vryheid toegestaan is. As die Christendom staatsgodsdienst word, begin die toestroming na die kerk. Die gevolg was dat baie aangesluit het sonder dat hulle werklik oortuig was en dit het vervlakking van die kerklike lewe meegebring.

VRAE

1. Watter metodes van vervolging het Nero aangewend?
2. Watter ander metodes was daar?
3. Hoe het die Christene hulle onder dit alles gedra?
4. Wat het met die afvalliges gebeur?
5. Noem enkele belangrike martelaarsfigure en beskryf hulle lotgevalle.
6. Wanneer het die vervolginge opgehou en waarom?

HOOFSTUK 7: LASTER, VERVOLGING MET DIE PEN EN DIE VERDEDIGING VAN DIE CHRISTENE

1. *Laster.*
2. *Vervolging met die pen.*
3. *S. Verdediging van die Christene.*

1. Laster. — Aan die vervolging met die pen het die vervolging met die mond, naamlik die laster voorafgegaan. Die gruwelikste gerugte aangaande die Christene is versprei. Hierin het veral die Jode uitgemunt.

2. Vervolging met die pen. — Van die kant van die heidene het die wetenskaplike bestryding gekom. Vername geleerdes het hulle aangegord tot die taak om die Christene nie alleen te belaster nie, maar ook met argumente te probeer aantoon dat die kerk op sand gebou is. Die vernaamste van hierdie manne was *Celsus* en *Porphirius*.

Celsus. — Celsus (178 n. Chr.) het in sy geskrif: "Die ware woord" sy gloeiende haat teenoor die Christendom geopenbaar en reeds baie van die argumente gebruik wat later deur ongelowiges teen die Evangelie aangevoer is. Hy het o.a. beweer dat Jesus 'n bedrieër was en Maria 'n slegte vrou.

Porphirius. — Porphirius (geb. 233 n. Chr.) was gevaarliker as Celsus, omdat hy 'n godsdienstige man was en selfs waardering vir Christus gehad het. In sy boek: "Teen die Christene" het hy verklaar dat die verhale oor die skepping, die geboorte van Christus en die opstanding *mites* is, d.w.s. verhale wat van alle waarheid ontbloot is.

3. Verdediging van die Christene. Teenoor die aanvalle met die swaard het die Christene hulle nie verset nie, maar teen die aanvalle op die Woord van God en die verspreiding van leuens het hulle in kragtige opposisie gekom. Die apostel Paulus het reeds gesê dat hy tot verdediging van die Evangelie gestel is (Fil. 1:17), en hoe kon sy geestelike kinders dan swyg?

In hierdie verband moet ons ten eerste die *apostoliese vaders* vermeld. Al het hulle nie juis spesiaal opgetree tot *verdediging* van die geloof nie, hulle was tog die eerste Christelike skrywers ná die Bybelse tyd. Hulle boesem ons veral belang in omdat hulle leerlinge van die apostels was en dus gedurig met hierdie manne in aanraking gekom het.

Die vernaamste van die apostoliese vaders was: Clemens, Barnabas, Ignatius, Policarpus en Papias. Hierdie skrywers uit die ou tyd was die draers van die tradisie, lewendige pilare van die waarheid van die Christendom. Later skrywers kon op hulle voortbou.

Die eintlike handhawers van die goeie reg van die Christendom was die apologete (verdedigers). Hulle het teenoor al die laster en verdrukking geskifte opgestel wat hulle aan die keiser of die Romeinse regering aangebied het. In die ry van hierdie groot figure neem *Justinus die Martelaar* die vernaamste plek in. As filosoof het hy lank na die waarheid gesoek totdat hy dit eindelijk in die geskrifte van apostels en profete gevind het. Gedurende die res van sy lewe sou hy optree tot verdediging van die waarheid van die Evangelie. Onder die regering van die keiser Marcus Aurelius het hy die marteldood gesterf.

Verder moet nog die groot kerkvader *Origenes* genoem word. Hy het agt boeke teen Clemens geskryf. Ook Tertullianus het met sterk argumente die beweringe van die heidendom ontsenu.

Die argumente wat die apologete gebruik het, was o.m. die volgende: die sedelike krag en goddelike wysheid wat deur arme en ongeletterde mense ten toon gesprei is — hulle bedoel natuurlik die profete en apostels; die godsdienstige bevrediging wat die Christendom bied; die hoë peil van die sedelike lewe onder die belyders van Christus; die snelle groei van die kerk onder die ongunstigste omstandighede; die blydschap waarmee die martelare hul dood tegemoet gegaan het. Ook het hulle aangetoon hoe die

voorspellinge van die Ou Testament in die Nuwe bewaarheid is.

Die werk van hierdie manne was vir die kerk tot groot seën. Deur hulle teenstand moes die heidendom langsamerhand wyk, sodat die Christendom as oorwinnaar uit die stryd te voorskyn kon kom.

VRAE

1. Watter wapens, behalwe die swaard, het die vyande van die kerk gebruik?
2. Wat weet u van Celsus? En van Porphirius?
3. Wie was die apostoliese vaders en wat was hulle betekenis?
4. Wie was die vernaamste apologete? Watter argumente het hulle gebruik tot verdediging van die waarheid van die Christendom?

HOOFSTUK 8: STRYD IN EIE BOESEM DIE SEKTES

1. *Afdwaling na die kant van die Jodedom.*
2. *Afdwaling na die kant van die heidendom.*
3. *Geesdrywery.*

Die kerk sou nie alleen bestryding ondervind van die kant van die heidense staatsmag en die heidense geleerdheid nie. Baie gevaarliker was die vyand in eie boesem, naamlik die verbreiding van valse leer en die opkoms van die sektes. Ook hier sou die eerste moeilikheid van die kant van die Jode kom.

1. Afdwaling na die kant van die Jodedom. — Nie al die Jode wat tot die Christendom bekeer is, kon dadelik van hul ou gewoontes en tradisies loskom nie. Die gees van die Fariseërs het nog bly voortlewe. Aan die seremoniële wette word vasgehou, veral aan die besnydenis, en die verlossing word gesoek in die gehoorsaamheid aan die wet en nie in die geloof in Christus nie. Hulle het nie ingesien dat die tyd van die skaduwees verby was en dat die volle lig van die genade in Christus opgegaan het nie.

Die apostels moes van die begin af 'n hewige stryd teen hierdie valse leringe voer. Reeds op die eerste kerklike samekoms (Hand. 15) het die saak ter sprake gekom en is hierdie rigting in sy opkoms veroordeel. Dit was veral Paulus, die apostel van die heidene, wat hierteen 'n stryd op lewe en dood gevoer het; dink maar aan sy brief aan die Galasiërs. As Paulus die marteldood sterf (ongeveer 64 n. Chr.) kan hierdie gevaar vir die kerk as in beginsel oorwonne beskou word. Met die verwoesting van Jerusalem in die jaar 70 n. Chr. het die Jode hul sentrale steunpunt verloor.

Dwarsdeur die geskiedenis van die kerk is daar stryd gevoer teen rigtinge wat leer dat die saligheid heeltemal *oi* gedeeltelik uit gehoorsaamheid aan die wet en nie uit genade verkry word nie. Dink bv. aan die Roomse kerk met sy leer van die verdienstelikheid van die goeie werke.

2. Afdwaling na die kant van die heidendom. — Net soos die Jode was daar ook heidene wat by hul oorgang tot die Christendom hul aangebore denkwysie nie heeltemal kon prysgee nie. Die heiden wil *weet* en nie *glo* nie — die kennis (in Grieks *gnosis*) is die vernaamste. So het daar ook in die kerk 'n rigting opgekom wat geleer het dat die weg van die kennis hoër staan as die weg van die geloof. Vandaar die naam *Gnostisisme*, 'n mengsel van heidense en Christelike gedagtes. Hierdie sekte het ook die eg-heidense gedagte op die voorgrond gebring dat die sonde eintlik in die stof, dus ook in die menslike liggaam, setel, terwyl die siel rein is en aan God verwant. Waar die Bybel leer dat die mens verlos moet word van die *sonde*, wat sy setel in siel *en* liggaam het, leer dit dat 'n mens van die stof, dus ook van die liggaam, verlos moet word.

Hierdie dwaling het so sterk geword dat dit in die jare 70–170 n. Chr. soms gedreig het om oppermagtig te word. Tog het die kerk na sware stryd ook hier weer die oorwinning behaal.

Ook in hierdie geval sou die wortels van die kwaad nog eeuelank in die kerk lewendig bly, ja ons kan sê dat dit tot vandag toe nie uitgeroei is nie. By baie Christene is daar nog die hoogskatting van die kennis bo die geloof aanwesig, en 'n sekere veragting vir die liggaam. Dit moet gekasty word as 'n mens die saligheid wil beërwe. Die Roomse kerk sou ook vir hierdie onkruid 'n ryke voedingsbodem bied. Selfs Luther het eers op hierdie weg vrede vir sy siel gesoek.

Hoewel hy nie heeltemal inpas nie, moet Marcion (ongeveer 150 n. Chr.) tog ook in hierdie verband vermeld word. Waar die Joodsgetinte sektes die Ou Testament in sy verhouding tot die Nuwe Testament te hoog geskat het, het hy hulle bestry, maar hy gaan weer te ver as hy die Ou Testament heeltemal verwerp. Hy is sterk beïnvloed deur die heidens-getinte sektes en beskou o.a. die stoflike as iets van 'n laer rang. Die kwaad setel eintlik in die stof. Die ou kerkvaders het sy invloed baie gevrees. Policarpus het hom die eersgeborene van Satan genoem.

In ons tyd is Marcion weer die groot man onder die Anti-Semiete wat van die Ou Testament nie wil weet nie, omdat — soos hulle sê — dit 'n Joodse boek is. Ons as Christene weet egter om sowel die Ou as die Nuwe Testament reg te waardeer.

3. Geesdrywery. — As gevolg van toenemende wêreldgesindheid in die kerk het 'n sekere Montanus, ongeveer in die middel van die tweede eeu, die dwaalgevoele verdedig dat gestreef moes word na 'n suiwer kerk wat slegs uit heiliges sou bestaan. Sy ideaal was die terugkeer na die oorspronklike toestand van die kerk. Om dit te bereik moes die strengste onthouding beoefen word. Die lidmate van sy gemeente is verbied om te trou, om vleis of wyn te gebruik en verplig om dikwels te vas. As iemand in sonde val, is hy deur die kerklike tug direk uitgesluit van die gemeente. Montanus het homself beskou as die Trooster wat Christus beloof het en ook voorgegee dat hy gesigte gesien het. So is ook aan hom geopenbaar dat Christus spoedig weer sou kom. Die stigter van hierdie sekte het weinig waarde geheg aan die kerk as instituut en by gevolg ook aan die sakramente. Die kinderdoop het hy verwerp. Vanaf Konstantyn het die keisers streng teen die rigting opgetree, sodat ná die 6e eeu niks meer daarvan gehoor word nie.

Later vind ons dieselfde ideaal weer by die Doperse rigtinge wat hulle van die wêreld wou afskei om 'n gemeente van heiliges te vorm. Die ideaal kan egter op hierdie aarde nooit bereik word nie. Ons moet almal strewende na suiwerheid van die kerk, en die sondaars wat hulle nie bekeer ná herhaalde vermaninge nie, moet uit die kerk geweer word, maar 'n kerk van sondelose mense sal daar nie wees voordat Christus weer kom nie.

VRAE

1. Wat leer die Joodsgesinde sektes?
2. Deur wie is dit veral bestry en hoe het dit aan sy einde gekom?
3. Wat is die hoofdwalinge van die heidensgetinte sektes?
4. Wat het Marcion geleer?
5. Watter vorm van geesdrywery vind ons in die ou kerk?

HOOFSTUK 9: VESTIGING VAN DIE KERK IN DIE WÊRELD

1. *Die vrugte van vervolging en bestryding.*
2. *Organisasie.*
3. *Vasstelling van die kanonieke boeke en die geloofsbelydenis.*

1. Die vrugte van vervolging en bestryding. — Uit die smeltkroes van vervolging met die swaard, bestryding met die pen en dwaling in eie boesem het die kerk glansryk te voorskyn getree en van krag tot krag voortgegaan. Die dwaling van binne en die vervolging van buite het as vrug gehad dat die kerk moes *organiseer* en dat dit homself rekenskap moes gee van sy geloof, dit wil sê dat daar 'n *geloofsbelydenis* moes kom, waardeur die *eenheid* en die *algemeenheid* (katolisiteit) van die kerk sou blyk. Die belydenis moes toon dat die kerk 'n heilige verbintenis is van wie almal saam 'n *eenheid*, in hul Heer een liggaam is.

Maar tegelyk moes die wêreld weet dat die kerk nie beperk is tot een land of een volk of een ryk nie, maar 'n heilige eenheid,

wêreldwyd, in Christus een,
wat sy roepstem sal vergader,
deur die lange eeue heen.

Oral waar Christene sou wees, moes hulle dieselfde kon bely.

2. Organisasie. — Ons het reeds gesien hoe die kerk in die tyd van die apostels

georganiseer was. In die eerste tyd het die buitengewone ampte en gawes die behoefte aan 'n strengere organisasie nie so sterk laat gevoel nie. Die *kerkverband* het dan ook nie heeltemal tot sy reg gekom nie en daar was nie 'n eenvormige inrigting van die verskillende plaaslike kerke nie.

Kettery en vervolging het egter die kerk in die ná-apostoliese tyd gedwing om te organiseer en veral nadruk te lê op die eenheid van die gelowiges waar hulle ook al gewoon het.

Ongelukkig het die kerk op 'n syspoor gekom wat weggevoer het van die suiwer beginsels van kerkregering soos dit in die Skrif neergelê is. Eers later sou die wrange vrugte gepluk word.

Aan die hoof van die gemeente het *biskoppe* te staan gekom. Die woord biskop kom van die Griekse woord *episkopos* = opsiener. In die tyd van die apostels is die ouderlinge of presbiteres ook opsieners genoem. Nie lank daarna egter word onderskeid gemaak en die biskopamp word hoër gestel as die van die ouderling of presbiter. Waarom hierdie verandering plaasgevind het, weet ons nie seker nie. Dit kan wees dat in die sware stryd wat die kerk moes voer, dit raadsaam geag is dat die vergadering van ouderlinge 'n permanente voorsitter sou hê wat die naam biskop sou kry. Spoedig het hy hom bo die ouderlinge gaan verhef en die regeermag het hoofsaaklik in sy hande oorgegaan. Dis biskoppe is beskou as die opvolgers van die apostels. In werklikheid het hulle die plek van die Ou-Testamentiese priester beklee en opgetree as middelaar tussen God en mens.

Onder die biskoppe was ook weer onderskeid. Diegene wat in 'n hoofstad van 'n provinsie gedien het, het regte verkry bo die van kleiner plekke. Uiteindelik het Rome, die wêreldstad, Alexandrië, die stad van die wetenskap, en Antiochië, die sendingstad, om die voorrang gestry, totdat die eersgenoemde die oorwinning behaal en die setel van die pous, die hoogste biskop, geword het.

Die gevolg was dat die amp van die presbiteres of ouderlinge in verval geraak het. Hulle was aan die biskop ondergeskik en is alleen geraadpleeg wanneer die biskop dit nodig geag het. Die arbeid van die ouderlinge het meer bestaan in prediking en sielsorg — hulle was van regeer-aksie uitgesluit.

Die diakens word dienare van die biskop en moet hom op sy reise vergesel. Hulle moes o.a. help met die uitdeling van brood en wyn by die nagmaal en het armes en krankes versorg.

Behalwe hierdie drie was daar nog allerhande ondergeskikte ampte, bv. subdiakens, diakonesse, voorlesers, besweerders, deurwagters. So het ontstaan wat genoem word: die *hiërargie*. Die woord beteken eintlik "priesterheerskappy", maar dui ook aan dat die ampte die een aan die ander ondergeskik is en so 'n rangorde vorm vanaf die hoogste tot die laagste. Al die ampte saam het weer gevorm die geestelike stand of die *klerus* (= erfdeel) wat staan teenoor die gemeente of die *leke*.

Ons moet erken dat hierdie vaste organisasie en die sentralisering van die gesag die kerk in die stormagtige tye ten goede gekom het, sodat dit homself kon handhaaf teenoor die staatsmag. Onder die biskoppe was daar ook uitnemende manne wat gewillig was om alles op te offer vir die kudde van die Here. Hulle het ongetwyfeld respek vir die amp ingeboesem.

Tog het hierdie onbybelse organisasie die grondslag gelê vir die mag van die Roomse kerk en sy pous. Christus en die apostels het hierdie onderskeidings nie gewil nie. Die hele gemeente is 'n koninklike priesterdom, is die erfdeel (klerus) van die Here en nie net die ampsdraers nie. Ook onder die ampte moet daar gelykheid wees. "Een is julle Meester en julle is almal broeders" (Matth. 23:8).

3. Vasstelling van die lys van kanonieke boeke en die geloofsbelydenis. — Nie alleen vir die eie geloofsekerheid nie, maar ook vir die bestryding van die heidendom was dit nodig dat die kerk beslis sou uitspreek wat dit glo en bely. In die eerste plek

moes vasgestel word watter van die boeke wat in omloop was, die Woord van die Here is en watter nie. Moet bv. die woorde van die apostels tot die Bybel gereken word en die van die apostoliese vaders nie? Die kanon van die Ou Testament, d.w.s. die lys van boeke wat as geïnspireer deur die Heilige Gees en daarom as gesagvol aangeneem is, het reeds vasgestaan. Dit was met die Nuwe Testament nog nie die geval nie. Ongeveer in die middel van die tweede eeu is 'n begin gemaak met die versameling van die boeke van die nuwe verbond.

Die eerste wat 'n lys van boeke opgestel het, was die ketter Marcion. Sy lys het egter net briewe van Paulus en 'n verminkte Evangelie van Lukas bevat. Al die ander boeke het hy verwerp. Maar ook die kerk was met hierdie saak besig. Boeke wat in die 2e eeu n. Chr. as kanoniek erken was, kom oor die algemeen ooreen met die wat vandag ons Nuwe Testament uitmaak. Oor sekere boeke het die kerk nog getwyfel. Let wel: elke boek van die Bybel is kanoniek vanaf die oomblik dat dit geskryf is, omdat dit deur die Gees van God geïnspireer is, maar die kerk moes met sekerheid vasstel dat in die erkende lys nie miskien boeke ontbreek wat daar moes wees nie, terwyl die gevaar bestaan het dat ander opgeneem sou word wat apokrief is. Die Heilige Gees, die Gees van die waarheid, het die kerk gelei en op die sinodes van Hippo (393) en Karthago (397) is finaal bely wat die kerk glo aangaande die Kanon van die Nuwe Testament. Vandag hoef ons nie meer te twyfel oor die vraag watter boeke kanoniek en watter apokrief is nie.

Die kerk moes egter nie alleen sekerheid hê aangaande die *omvang* van die Bybel nie, dit moes ook in duidelike taal uitspreek hoe dit die Heilige Skrif *verklaar*, aangesien elke ketter gewoonlik sy letter het. So het langamerhand die *geloofsbelydenisse* ontstaan. Die oudste wat ons besit, is die *Apostoliese geloofsbelydenis*, ook genoem die *twalf artikels*. Die Roomse kerk het die verhaal verbrei dat elke apostel een artikel opgestel het. Dit is nie waar nie. Die artikels het waarskynlik hulle oorsprong in die woorde wat die volwasse dopelinge moes uitspreek wanneer hulle die sakrament ontvang. Hulle moes namelik bely dat hulle glo in die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Langamerhand is die belydenis oor elk van die drie Persone uitgebrei, totdat die geheel ongeveer in die vyfde eeu die teenswoordige omvang gekry het. In die twaalf artikels het ons op kort en bondige wyse die hele heilsleer van die Bybel saamgevat. Ook deur hierdie belydenis het die kerk sy eenheid en algemeenheid bewys. Wie lid van die kerk wou word, moes dit met die geloofsbelydenis eens wees.

VRAE

1. Wat was die vrugte van die vervolging en die bestryding van die kerk?
2. Hoe was die kerk in hierdie tyd georganiseer?
3. Watter verkeerde elemente het ingesluip?
4. Wanneer is die kanon van die Nuwe Testament vasgestel?
5. Watter is die oudste belydenisskrif en hoe het dit ontstaan?

HOOFSTUK 10: DIE CHRISTELIKE LEWE IN HIERDIE TYD (TWEDE EN DERDE EEU)

1. *Erediens.*
2. *Christelike lewe.*
3. *Verkeerde uitwasse.*

1. Erediens. — Hierin het die Christelike kerk aangesluit by die gang van die diens in die Joodse Sinagoge. Behalwe die psalmgesang was die Skriflesing en die preek elemente van die diens. 'n Belangrike deel van die samekoms was ook die gebed en die danksegging. In die tyd van die apostels is die nagmaal elke Sondag gevier en was dit verbonde aan die liefdemaaltye. Later is die sakrament afgeskei van die liefdemaaltye en is dit na die tweede deel van die môrediens verskuif. Eindelik is dit heeltemal losgemaak van die môrediens en in die aand gevier.

Reeds vanaf die apostoliese tyd is die Sondag erken as die rusdag en die dag waarop die gemeente saamgekom het. In die plek van die heidense feeste het die Christene ook spoedig die jaarlikse Christelike feesdae gestel. Die Paasfees is gevier, voorafgegaan deur 'n vaste van veertig dae, en die Pinksterfees. Kersfees het eers later 'n feesdag geword.

In die tyd van vervolginge was daar nog nie kerkgeboue nie en moes die gemeente meestal in privaat huise vergader. So het die "huisgemeentes" ontstaan (vgl. Kol. 4:15, Rom. 16:5). Uit vrees vir spioenasie moes die Christene soms in die woestyn of ook in grafkelders (katakombes) saamkom, met name in Rome.

Dikwels is die gebrek aan tempels die Christene verwy, maar die kerkvader Origenes het hierop geantwoord: "Die mensheid van Christus is die skoonste tempel van God en ware Christene is pilare van die Heilige Gees". In die geskrifte van Tertullianus lees ons alreeds van kerkgeboue, sodat aangeneem kan word dat daar in die periode waarmee ons nou besig is, reeds geriefliker versamelplekke vir die gemeente beskikbaar was.

2. Christelike lewe. — Hoewel ons in die Kerkgeskiedenis besig is met die kerk soos dit optree in en deur die besondere ampte, is dit tog ook goed om 'n enkele keer daarop te let hoe die Christene opgetree het in die amp van gelowiges.

Die gemeente van Christus was verplig om sy houding te bepaal teenoor die heidense lewensvorme van die tyd. Die sedelike lewe in die Romeinse ryk was op 'n baie lae peil. Dit was 'n lewe vir die wêreld en vir vleeslike genietinge. Die volk het net gevra na brood en spele.

In die *maatskaplike* lewe het die Christene hulle nie van die wêreld afgesonder nie. Hulle het getoon dat hulle *in* die wêreld kon wees sonder om *van* die wêreld te wees. Die heidense plesierplekke het hulle vermy, soos die skouburg, die sirkus en die arena.

Die heidene is besonder getref deur die liefdesuitinge van die Christene, veral hul sorg vir weduwees, wese en ander behoeftiges van die kerk, asook vir gevangenes en vreemdelinge. Hierdie opofferende liefde trek nog meer die aandag as ons daaraan dink dat die eerste Christene self nie welgestelde mense was nie, maar tot die geringes van die volk behoort het.

Selfs teenoor *vyande* is liefde betoon. Tertullianus sê tereg: "Om vriende te bemin is iets algemeen mensliks, maar om *vyande* lief te hê is alleen aan die Christene eie".

Veral die *huisgesin* is in eer gehou. Waar by die heidendom die huisgesin verbreek is en sedeloosheid, vernedering van die vrou, minagting van kinders en ruwe behandeling van slawe voorgekom het, sou die Christendom alles weer in sy regte verhouding herstel. Die heiligheid en die onskendbaarheid van die huwelik word vooropgestel en die vrou as moeder ontvang weer haar ereposisie. So het ook die verhouding teenoor die kinders anders geword. Die heidense vader kon sy kinders laat doodmaak of hulle as slawe verkoop, maar die Christen-ouers het hul kinders beskou as erfgename van die

koninkryk van die hemele en hulle dus opgevoed in die vrees van die Here.

Soveel as dit vir die kerk moontlik was, is daar poginge aangewend om die lot van die slawe te versag. Hulle het dit aan die meesters op die hart gebind om nie hardvogtig op te tree nie en aan die slawe om hulle Christelik te gedra. Die kerk het natuurlik nie die mag besit om slawerny dadelik af te skaf nie, maar tog was die hele prediking daarop gerig om aan te toon dat elke mens 'n beeldraer van God is en nie as 'n dier of slegs as 'n besitting behandel mag word nie.

Tot die suiwerheid van die lewenswandel het die handhawing van die *kerklike tug* seker nie weinig bygedra nie. Dit is streng toegepas, en as 'n lidmaat weer in sy regte herstel wou word, moet hy eers *berou betoon* en *boete doen*, dit wil sê, hy moes 'n tyd lank sekere kerklike strawwe ondergaan. In Klein-Asië was die gewoonte dat so 'n boeteling langs drie trappe weer in die skoot van die kerk opgeneem kon word. Eers mog hy net die Skriflesing en die preek bywoon en wel op 'n sekere plek wat hom aangewys word. Daarna mog hy knielende saam bid. Eindelik was dit vir hom toegelaat om aan die hele diens deel te neem, behalwe die nagmaal. Daarna word deur die ampsdraer die hande op hom gelê en, ná die broederkus en die genieting van die nagmaal, ontvang hy die vergifnis.

'n Tydgenoot kon met reg van die Christene van hierdie periode skrywe: "Hulle vertoef op die aarde, maar hul wandel is in die hemel. In die gevangenis is die Christen nie tensy enkel omdat hy Christen is".

3. Verkeerde uitwasse. — Helaas, hierdie skone tafereel sou ook weer bederf word deur heidense en Joodse insluipsels. Onder invloed van die heidensgetinte sektes is deur sekere rigtinge hierdie tydelike lewe verag. Die mens moes hom soveel moontlik daarvan losmaak en veral die vlees kasty. Daar is vergeet dat hierdie lewe, dus ook die liggaam van die mens, deur God geskape en deur Christus verlos is. Sommige het hulle in die woestyne teruggetrek.

Van die Jodedom weer is oorgeneem die leer van die verdienstelikheid van die goeie werke, van aalmoese, gebede en vaste. Eers die Hervorming van die 16e eeu met sy leer van die regverdigmaking deur die geloof alleen, het hierdie stempel weer van die kerklike lewe verwyder.

VRAE

1. Hoe was die erediens ingerig in die tweede en derde eeue?
2. Waar het die Christene vergader?
3. Hoe was die lewe van die gelowiges?
4. In watter opsigte verskil dit van die van die heidene?
5. Hoe is die kerklike tug uitgeoefen?
6. Hoe het die weeropneming plaasgevind?
7. Watter verkeerde uitwasse tref ons in hierdie tyd aan?

HOOFSTUK 11: KERKVADERS VAN DIE TWEDE EN DERDE EEU

1. *Die Klein-Asiatiese Skool.*

2. *Die Alexandrynse Skool.*

3. *Die Noord-Afrikaanse Skool.*

In die eerste helfte van die derde eeu, tot op keiser Decius, het die kerk 'n tydlank rus gehad van die vervolginge. In hierdie tyd tree die *kerkvaders* op, dit is manne wat 'n deeglike studie sou maak van die waarhede van die Christendom en dit verdedig teenoor insluipende dwalinge. Hulle het verder gebou op die fondament wat deur die apostels gelê is. Vir die ontwikkeling van die leer het hul werk groot waarde gehad.

Die kerkvaders kan in drie groepe of "skole" verdeel word.

1. Die Klein-Asiatiese Skool. — Die manne van hierdie skool het hulle aangesluit by die apostel Johannes. Hulle het hulleself hoofsaaklik toegelê op die uitlegging van die Heilige Skrif en die toepassing daarvan op die lewe.

Die vernaamste verteenwoordiger van hierdie skool was *Irenaeus*. Hy was van geboorte 'n Griek, afkomstig uit Klein-Asië. In sy jeug het hy die voorreg gehad om leerling te wees van Policarpus van Smirna. Uit wat van sy geskrifte oorgebly het, is dit duidelik dat die dwaalleer in sy tyd al baie verbrei was. In sy stryd hierteen het Irenaeus hom beroep op die oorgelewerde waarheid. Hy was een van die invloedrykste manne van sy tyd.

2. Die Alexandrynse Skool. — Hierdie skool het die belangrike hawestad Alexandrië in Egipte tot middelpunt gehad.

Die stad was 'n sentrum van handel, maar ook van geleerdheid. In die begin was die doel van die skool om Jode en heidene, wat hul begeerte daartoe verklaar het, vir die doop voor te berei. Dit is dus genoem die *kategeteschool*. Later het dit meer 'n teologiese skool geword wat op die ontwikkeling van die leer groot invloed uitgeoefen het.

Die vernaamste manne hier is *Clemens* en sy leerling *Origenes*. Clemens se siel het gedors na die waarheid en hy kon dit in die geleerde stelsels van die heidene nie vind nie. Op manlike leeftyd is hy tot die Christendom bekeer en twaalf jaar het hy met ywer aan die skool in Alexandrië gewerk.

Origenes was een van die merkwaardigste figure in die geskiedenis van die kerk. Toe sy vader Leonidas as martelaar vir sy geloof gesterf het, moes Origenes die sorg van sy weduweemoeder en haar kinders op hom neem. Terwyl sy vader nog in die gevangenis was, het Origenes hom gedurig bemoedig om Christus nie te verloën nie.

Onder leiding van Clemens sou hy deeglike onderwys geniet. Reeds as jong seun het hy hele hoofstukke van die Bybel uit die hoof geken. Op agttienjarige leeftyd is hy al die opvolger van sy meester.

Sy roem was gou gevestig, want hy was verbasend skerpsinnig en geleerd. Van alle kante het leerlinge toegestroom.

Sy werkkrag was ongelooflik. Oor byna alle Bybelboeke het hy verklarings geskrywe en in die geheel word sy werke by die duisende getel. Sonder twyfel was hy die geleerdste van die kerkvaders. Belangrik is veral sy boek teen Celsus en sy groot werk in verband met die teks van die Ou Testament. Hieraan het hy 27 jaar gearbei.

Ongelukkig het hy op sekere punte nie suiwer gestaan nie. Hy het bv. 'n eienaardige manier van Skrifverklaring gehad wat te veel van die letterlike sin afgewyk het. Tog was sy invloed baie groot en ons moet sy gedagtenis in eer hou vanweë sy vaste vertroue op God, sy vurige ywer en sy reine lewenswandel. Onder die regering van die keiser Decius is hy gevange geneem en as gevolg van baie mishandeling op byna sewentig-jarige leeftyd oorlede.

3. Die Noord-Afrikaanse Skool. — Tot hierdie skool word die beroemde kerkvaders

Tertullianus en Ciprianus gereken.

Tertullianus het 'n uitstekende Grieks-Romeinse opvoeding ontvang en uitgemunt as regsgeleerde en redenaar in Rome. Later het hy presbiter geword in sy eie vaderstad, Karthago in Noord-Afrika. Omstreeks die jaar 190 is hy tot die Christendom bekeer.

Hy was 'n man met 'n vurige karakter en het niemand gespaar nie, ook homself nie. Sy lewenswerk was die verdediging van die Christelike waarheid teen heidene en ketters. In sy strydskrifte kan hy soms snydend skerp wees. Hy het baie geywer vir 'n streng sedelike lewe en daarom ook simpatiek teenoor die Montaniste gestaan.

Ciprianus was ná sy bekering leerling van Tertullianus. Hy het sy goed verkoop en die opbrengs onder die armes verdeel. Tog het hy nog genoeg inkomste oorgehou om groot weldadigheid te bewys. Eers was hy presbiter en vanaf 248 biskop in Karthago.

Tydens die vervolginge onder Decius het die heidense gepeupel uitgeroep: "Ciprianus na die leeu!" Hy vlug na 'n afgeleë oord maar behou tog deur briefwisseling die leiding van die gemeente. Later keer hy terug, maar by 'n nuwe vervolging word hy onthoof (258 n. Chr.). Eers het hy homself in 'n vurige gebed aan God opgedra en daarna self die blinddoek voor sy oë gebind.

Hy was 'n ster van die eerste grootte aan die kerklike hemel. Al kon hy nie aanspraak maak op so 'n groot geleerdheid as sy meester nie, sy innige vroomheid en sy ywer in die sielsorg het daartoe bygedra dat hy by die nageslag hoog aangeskrewe was. Die Roomse kerk het hom onder die heiliges opgeneem.

VRAE

1. In watter drie groepe kan die kerkvaders van die tweede en derde eeu verdeel word?
2. Wat weet u van Irenaeus?
3. En van Clemens en Origenes?
4. Beskryf die lewe en werk van Tertullianus en Ciprianus.

HOOFSTUK 12: KONSTANTYN DIE GROTE EN SY OPVOLGERS. DIE STAATSKERK

1. *Konstantyn.*
2. *Die staatskerk en sy voordele.*
3. *Nadele van die staatskerk.*
4. *Laaste stuiptrekking van die heidendom.*

1. Konstantyn. — Teen die einde van die derde eeu was die kerk reeds sterk wat getalle betref. Die heidendom het begin besef dat dit grond verloor en onder die regering van keiser Diocletianus breek die laaste groot vervolging uit. Die verlossing was egter naby en die Christendom sou oorwin. Hierdie gewigtige gebeurtenis vind plaas onder die regering van Konstantyn die Grote.

Om die groot Romeinse keiserryk te regeer het Diocletianus dit in twee verdeel. Oor elkeen het hy 'n keiser met 'n onder-keiser aangestel. As Konstantyn in die jaar 306 keiser word, is daar dus drie naas hom. Spoedig het hy sy mede-keisers verslaan en in die jaar 323 word hy alleenheerser oor die hele ryk.

Nou het vir die kerk die uur van vryheid aangebreek. Konstantyn was 'n man wat sy tyd begryp en ingesien het dat die tyd van die heidendom verby was. Reeds ná sy oorwinning op een van sy mede-keisers het in 313 die "edik van Milaan" verskyn wat aan die Christendom gelyke regte met die ander godsdienste verleen het. In 323 is hierdie *gelykstelling* verander in *begunstiging* en onder die regering van die latere keiser Theodosius die Grote het die Christendom publieke erkenning verkry en *staatsgodsdienst* geword.

Hoe moet ons dit alles verklaar? Die geskiedskrywer Eusebius berig dat Konstantyn aan hom vertel het dat hy in 'n veldslag op die helder middag aan die hemel 'n kruis gesien het en daarby die woorde: "In hierdie teken sal jy oorwin". In die nag daarop het Christus aan hom verskyn in 'n droom en hom beveel om die kruisteken tot sy banier te maak.

Dit is vir ons vandag moeilik om oor die waarheid of onwaarheid van hierdie verhaal te oordeel. Dit staan egter vas: tussen die jare 311 en 313 het daar plotseling by Konstantyn 'n verandering gekom in sy houding teenoor die Christendom. Ook kan vasgestel word dat sy soldate op hul skilde die kruisteken moes aanbring en dat hy ná die oorwinning sy standbeeld in Rome laat oprig het: daarop word die keiser voorgestel met 'n kruisvormige lans in die hand.

Dit is ook moeilik om te bepaal in hoever Konstantyn werklik Christen geword het en in hoever hy die kerk net uit politieke oogmerke wou begunstig. Waarskynlik was daar 'n langsame vooruitgang in sy oortuiging. In die begin was die kruis vir hom miskien meer 'n voorwerp van bygelowige verering. Vandat hy alleenheerser geword het, bely hy ook openlik sy geloof. In sy hoofstad Konstantinopel (= stad van Konstantyn) was daar geen godebeelde op die hoeke van die strate te sien nie, maar wel die beeld van die Goeie Herder op die markplein. By die ingang van die keiserlike paleis was die standbeeld van die keiser self, met die kruisbanier in die hand en aan sy voet 'n draak, deur 'n pyl deurboor — die draak van die heidendom.

Eers kort voor sy dood (337) is hy gedoop. Hierna wou hy die keiserlike purper nie meer dra nie, maar alleen die wit doopsgewaad tot die dag van sy dood.

Tereg is hy "die Grote" genoem, want sy regering het werklik 'n nuwe orde van dinge gebring. Tog het hy ook baie gedoen wat hom in ons waardering laat daal. Naas baie deugde is daar byna net soveel ondeugde van hom opgeteken. Sy wreedheid bv. was verregaande.

2. Die staatskerk en sy voordele. — Konstantyn het vir die kerk die moontlikheid geskep om *staatskerk* te word, wat dan ook onder sy opvolgers gebeur het. Reeds in sy

tyd het die kerk die voordeel van die begunstiging deur die staat geniet. Die Christene het nie meer nodig gehad om in grotte en grafkelders te vergader nie. Orals het pragtige kerke verrys en die staat het gesorg vir die onderhoud van die erediens. Die kerk het ook sy eie regspraak ontvang en die ampsdraers is vrygestel van belasting. Ook is hul traktement verhoog sodat hulle meer gereeld hul werk kon doen. Christene het in die staatslewe invloedryke posisies beklee. In die hele ryk is die Sondag as 'n rusdag gevier. Die getal lidmate het geweldig gestyg.

3. Nadele van die staatskerk. — Die geweldige omkering was nie 'n ongemengde seën nie. Soos te verwagte was, sluit baie nou by die kerk aan wat in werklikheid nie daarby behoort nie. Dit het altyd moeiliker geword om die tug en die suiwerheid van die leer te handhaaf. Spoedig het die wêreldse prag ook onder die vroeër eenvoudige belyders deurgedring. Baie biskoppe het begin lewe soos vorste en hulle meer bekommer oor aardse skatte as oor die skat in die hemel.

Die vernaamste gevaar was egter dat Konstantyn die verderflike stelsel van die caesaropapie ingevoer het, d.w.s. die "caesar" of keiser is ook "papa" of vader van die kerk. Hy het die reg om sinodes saam te roep en moet die besluite daarvan bekragtig voordat dit in werking kan tree. Verder het hy groot invloed gehad op die keuse van biskoppe.

Skaars was die kerk bevry van die dwangjuk van die vervolginge en van innerlike dwaling gesuiwer, of daar kom weer 'n staatsjuk, al is dit ook hierdie keer van 'n simpatieke owerheid.

Deur die verwatering van die kerk as gevolg van die instroming van die massa, was daar nie krag genoeg om die juk weer af te werp nie, en het die kerk maar gewillig daaronder gebly. Slegs in Rome was daar 'n beweging om van die staat vry te kom, maar hier was die bedoeling om aan die kerk 'n ander juk op te lê, naamlik die van die priesterheerskappy (hiërargie). Die biskop van Rome, later genoem die pous, sou in die plek van die keiser kom. Die kerk bly hier op aarde 'n strydende kerk.

4. Laaste stuiptrekkinge van die heidendom. — Ons het reeds gesien dat onder die regering van keiser Theodosius die Grote (379—395) die Christendom *staatsgodsdienst* geword het. Hy het orals die heidense tempels laat sluit. Keiser Justinus I (527—565) het nog verder gegaan. Hy het die laaste skool van heidense wetenskap, naamlik die van Athene, gesluit, sodat ook die heidense geleerdheid gesmoor is.

Die heidendom sou hom egter nog een keer probeer wreek, naamlik onder keiser Julianus (361—363). Sy naam was "die afvallige". Hy word met reg die "Konstantyn van die heidendom" genoem. Die Christene is bv. verbied om aan die skole les te gee of te ontvang. Die heidense tempels bly egter leeg en sy hele plan misluk. Sy hele strewe was om die heidendom weer nuwe lewe in te blaas. In 'n oorlog teen die Perse het Julianus gesneuwel en volgens 'n oorlewering was sy laaste woord: "Dan het u tog oorwin, Galileër!"

Of hy werklik hierdie woorde gespreek het of nie, hulle is tog waar: Jesus Christus en sy kerk het oorwin. Al was daar nadele verbonde aan die bevoorregte posisie van die kerk vanaf die tyd van Konstantyn, in wese is die heidendom gebreek en in beginsel Europa vir die Christendom gewen.

VRAE

1. Hoe het Konstantyn alleenheerser geword?
2. Wat weet u van sy bekering? Was dit opreg?
3. Watter voordele het die kerk onder sy regering en die van sy opvolgers geniet?
4. Watter nadele was daaraan verbonde?
5. Beskryf die laaste stuiptrekking van die heidendom.

HOOFSTUK 13: NUWE STRYD OOR DIE LEER

1. *Stryd oor die Drie-eenheid, Arius en Athanasius.*
2. *Stryd oor die twee nature van Christus.*
3. *Stryd oor die mens en die wyse waarop sy verlossing tot stand kom.*

Terwyl die kerk uiterlik tot groot bloei gekom het, is dit inwendig beroer deur 'n geweldige leerstellige stryd wat vir die hele verdere verloop van die Kerkgeskiedenis van die allergrootste betekenis sou wees.

1. Stryd oor die Drie-eenheid. Arius en Athanasius. — Arius, 'n presbiter van Alexandrië, het geleer dat Christus nie van ewigheid was nie, maar dat Hy deur die Vader geskape is, al is dit dan ook voor alle ander skepsele. Die regsinniges het hierteenoor volgehou dat Christus *eenswesens* met die Vader is en net soos die Vader van ewigheid af bestaan.

In die begin het Konstantyn nie die belang van die stryd ingesien nie, maar toe ander hom van die erns daarvan oortuig het, het hy in 325 'n groot kerkvergadering in Nicea bymekaargeroep. Dit was die eerste van die sogenaamde *ekumeniese konsilies*. ("Ekumenies" kom van 'n Griekse woord wat "wêreld" beteken en "konsilie" het min of meer dieselfde betekenis as ons woord "sinode"). Op hierdie kerkvergadering was die hele wêreld, insover dit bekend was, verteenwoordig. Die party wat die ewige goddelikheid van Christus gehandhaaf het, was in die minderheid. Tog het die Here dit beskik dat hulle die oorwinning behaal het.

Die man, wat as instrument van die Heilige Gees sou dien, was Athanasius, toe nog diaken, maar later biskop van Alexandrië. As gevolg van sy pleitrede het die kerkvergadering die Arianisme veroordeel en verklaar dat Christus eenswesens met die Vader en van ewigheid af God is. Die Geloofsbelydenis van Athanasius het een van ons belydenisskrifte geword en staan dan ook agter in die Psalmboek afgedruk. Dieselfde is die geval met die geloofsbelydenis van Nicea.

2. Stryd oor die twee nature van Christus. — (a) *Apollinaris*. Hy het wel die *godheid* van Christus erken, maar aan sy *mensheid* weer nie reg laat wedervaar nie. Volgens hom bestaan 'n mens uit drie dele: gees, siel en liggaam. Christus het wel 'n menslike siel en 'n menslike liggaam gehad, maar die plek van die gees is deur die godheid ingeneem. Die menslike natuur was dus nie volkome nie. Hierdie dwaling is op die konsilie van Konstantinopel (381) veroordeel.

(b) *Nestorius*. Die optrede van Apollinaris het die vraag na die verhouding tussen die twee nature van Christus laat ontstaan. Nestorius het teenoor Apollinaris nadruk gelê op die volkomenheid van albei nature van Christus, die goddelike en die menslike, maar hy het weer die eenheid van die twee verlore laat gaan, sodat hy nie alleen twee *nature* nie, maar ook twee afsonderlike *persone* in Christus aangeneem het. Op die derde ekumeniese konsilie, die van Efese (431), is die gevoel van Nestorius veroordeel.

(c) *Eutyches*. Ná die veroordeling van die opvatting van Nestorius was die vraag oor die eenheid van die twee nature van Christus nog nie beslis nie. Hoe is die twee nature met mekaar verenig? Eutyches het die twee met mekaar vermeng, sodat hy net een god-menslike natuur aangeneem het. Op die vierde ekumeniese konsilie, naamlik die van Chalcedon (451), is beslis teen hierdie opvatting. Die sinode het vasgelê dat Christus waaragtig God en waaragtig mens is, terwyl die eenheid van sy Persoon bestaan in twee nature, wat onvermeng en onverander, maar ook ongedeel en ongeskeie verenig is. Die "onvermeng en onverander" was teen Eutyches gerig en die "ongedeel en ongeskeie" teen Nestorius.

Met hierdie formule is die stryd oor die nature van Christus beslis en die leer van Chalcedon is nog die van die Gereformeerde kerke. Die Heilige Gees het die kerk in die waarheid gelei en so kon die suiwere leer teenoor die dwaling gestel word, sonder dat daarmee die diep geheimenis van die vleeswording van die Woord aangetas is.

3. Stryd oor die mens en die wyse waarop sy verlossing tot stand hom. — Eers het die stryd oor die goddelike Wese, meer bepaald oor die verhouding van die Persone in die Drie-eenheid, gegaan, toe oor die verhouding van die goddelike en menslike nature van Christus, maar nou oor die mens en sy verhouding teenoor God.

Pelagius was 'n Britse monnik wat in Rome en Karthago opgetree het. Hy het ontken dat daar *erfsonde* is en dat die genade absoluut noodsaaklik is. Kinders word gebore soos Adam voordat hy geval het, dus met 'n vrye wil om goed of kwaad te doen. Sonde kom net deur die navolging van ander. Die genade bestaan alleen daarin dat God die mens *verlig* om sy doel te bereik. Die genade is vir alle mense bestem, maar elkeen moet hom dit waardig maak deur te strewen na deug. Christus het gekom om deur leer en voorbeeld die mens aan te moedig op hierdie pad.

Die groot teenstander van Pelagius was die kerkvader Augustinus oor wie ons in die volgende hoofstuk meer besonderhede gee. Hy het geleer dat Adam die skuld en die smet van die sonde oor sy hele geslag gebring het, dat die hele mensheid dus in sonde verlore is. As God aan die mens nie genade bewys nie, is hy onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad. Daarom is die genade absoluut noodsaaklik en alleen diegene ontvang dit wat deur God in sy ewige liefde uitverkies is en aan wie Hy die geloof geskenk het.

Op verskillende sinodes is die leer van Pelagius onder leiding van Augustinus verwerp en eindelijk is dit finaal veroordeel op die konsilie van Efese (431).

Nog altyd is daar die stryd tussen Pelagianisme en Augustinisme, tussen die mense wat leer dat die mens 'n vrye wil het om goed of kwaad te doen en diegene wat saam met die Heidelbergse Kategismus leer dat die mens onbekwaam is tot enige goed, tensy hy deur die Gees van God wedergebore word. Die Gereformeerde kerke het nog altyd die kant van Augustinus gekies en sal dit ook nog in die toekoms doen, omdat dit die leer van die Heilige Skrif is.

VRAE

1. Wat weet u van die stryd tussen Arius en Athanasius?
2. Wat word bedoel met "ekumeniese konsilies"?
3. Wat leer Apollinaris, Nestorius en Eutyches, en hoe het die kerk hulle weerlê?
4. Wat was die verskil tussen die leer van Pelagius en van Augustinus?

HOOFSTUK 14: GROOT KERKVADERS VAN DIE VIERDE EN VYFDE EEUE

1. *Oosterse skool. Athanasius. Chrisostomus.*

2. *Westerse skool. Ambrosius. Hiëronimus. Augustinus.*

In die vierde en vyfde eeue kon die kerk hom verheug in die besit van uitmuntende leraars wat voortgebou het op die werk van die vroeëre vaders en wat van onskatbare betekenis was vir die verdere ontwikkeling van die kerklike leer en lewe. Gewoonlik word hulle in "skole" ingedeel en word onderskei tussen oosterse en westerse skole. Ons wil 'n paar van die belangrikste persoonlikhede behandel.

1. Oosterse skool.

(a) *Athanasius.* Hom het ons reeds leer ken in verband met die stryd oor die Drie-eenheid. Iemand het tereg van hom gesê dat sy geskiedenis die geskiedenis van sy eeu was. Meer as twintig jaar van sy lewe het hy in ballingskap verkeer, maar hy het soos 'n rots bly staan te midde van die storms en veral opgetree as handhawer van die belydenis van die Godheid van Christus. Hy verdien dan ook die naam "vader van die regsinnigheid".

(b) *Johannes Chrisostomus.* Hy is omstreeks 344 in Antiochië gebore. Sy vader het kort ná sy geboorte gesterf, maar sy godvrugtige moeder Anthusa het hom van jongsaf 'n Christelike opvoeding gegee. Eers het hy in die regte gestudeer en advokaat geword, maar die werk het hom nie bevredig nie en hy het besluit om hom aan die godgeleerdheid te wy. Nadat hy onder leiding van die biskop van Antiochië hierdie studies voltooi het, trek hy hom 'n tydlang in 'n klooster terug. Die lewe hier het sy gesondheid geknak, sodat hy hom genoodsaak gesien het om terug te keer na die openbare lewe. Weldra het hy presbiter geword. Spoedig het geblyk dat hy net sowel 'n bekwame herder as 'n uitstekende redenaar was. Vandaar sy bynaam Chrisostomus, wat beteken "goue mond". In die jaar 397 is hy geroep tot die hoë waardigheid van patriarg van Konstantinopel (die biskoppe van die vernaamste stede is "patriarge" genoem). Deur sy strafpredikasies, waarin hy niemand ontsien het nie, het hy hom die haat van die keiserin op die hals gehaal en is hy verban. In sy ballingskap moes hy baie ontberinge deurstaan, maar tog het hy nog gedurig gepreek en herderlike werk gedoen. Hier sou hy dan ook sy loopbaan eindig (407).

2. Westerse skool

(a) *Ambrosius.* Hierdie kerkvader is in die jaar 340 uit aansienlike Christelike ouers gebore. In Rome het hy 'n deeglike opleiding in die regsgeleerdheid ontvang. Die bedoeling was dat hy 'n staatsamp sou beklee en hy word dan ook stadhouer van die provinsie Milaan (Italië). Hier het in 374 'n groot stryd ontbrand oor die verkiesing van 'n nuwe biskop. Ambrosius moes as stadhouer optree om die vergaderde menigte te bedwing. Meteens is daar 'n kinderstem gehoor: "Ambrosius moet biskop word". Die hele menigte het gejuig toe hulle dit hoor. Hoewel hy nog nie gedoop was nie en hom eers heftig teen die gedagte verset het, moes hy uiteindelik tog inwillig. Sy biskopamp het hy met voorbeeldige toewyding en ywer uitgeoefen. Kragtig het hy teen alle dwalinge opgetree en niemand ontsien nie, selfs die keiser nie. Keiser Theodosius het op 'n keer 'n geweldige bloedbad laat aanrig. Toe Ambrosius hoor dat hy met sy hofstoet in aantog was na die kerk, het hy in die voorportaal gaan staan en die koninklike gesaghebber belet om in te gaan, totdat hy eers boete gedoen het. Die keiser was verplig om te gehoorsaam.

In weerwil van sy groot naam, het hy altyd nederig en eenvoudig gebly. Snags het hy gestudeer en oordag ywerig sy gemeente besoek. Hy word beskou as die beste redenaar van die westerse kerk en het hom besonder beywer vir die kerkgesang.

(b) *Hiëronimus.* Eweas Ambrosius is hy in 340 gebore. In sy jongelingsjare het hy die wêreld gedien, maar ná sy doop het hy 'n besondere voorliefde ontwikkel vir die sogenaamde *oefening* in die *godsaligheid* deur kastyding van die liggaam en

terugtrekking in die eensaamheid. Enkele jare het hy in die woestyn gebly. In 379 is hy na Antiochië terug, waar hy as presbiter gekies is. Van 382—385 het hy in Rome gebly. Hy het die stille hoop gekoester dat hy opvolger van die toe lewende biskop sou word, maar dit het nie gebeur nie, omdat die geestelike stand teen hom was. Dan gaan hy terug na Palestina en stig 'n klooster by Betlehem, waar hy tot sy dood toe bly.

Hy was 'n besonder geleerde man, maar ongelukkig ydel en eersugtig. As skrywer het hy groot betekenis gehad. Hy het die bestaande Latynse vertaling van die Nuwe Testament verbeter en selfs die Ou Testament vertaal. Die vertaling as geheel staan bekend as die Vulgata en word nog altyd in die Roomse kerk gebruik. Verder het hy verklaringe oor verskillende Bybelboeke geskrywe, asook leerstellige werke.

(c) *Aurelius Augustinus*. Hierdie kerkvader is, soos iemand dit uitgedruk het, 'n ster van die eerste grootte aan die kerklike hemel, sodat ons sy lewe en werk uitvoeriger moet bespreek as die van die ander. Aurelius Augustinus is in die jaar 353 gebore in Noord-Afrika. Sy vader was van aansienlike afkoms, maar 'n heiden met die grootste onverskilligheid teenoor die godsdiens. Sy moeder, Monica, weer was 'n opregte Christin en haar vurigste begeerte was dat sowel haar man as haar seun die ware geloof deelagtig sou word. In die begin het dit nie geskyn of haar wens vervul sou word nie. Inteendeel, op skool begin hy hom heeltmaal aan die sonde oor te gee en net vir die vlees te lewe.

Die heidense boeke het hom meer as die Bybel beval, omdat hy in die Heilige Skrif sekere dinge teëgekom het wat hy met sy verstand nie kon rym nie.

Op sy soektog na die waarheid kom hy later in Rome, maar hier gaan dit met hom nie na wens nie en hy vertrek na Milaan waar hy tot leraar in die welsprekendheid benoem word. Hier kom hy onder die indruk van die preke van Ambrosius. Eers het hy net die taal en die voordrag daarvan bewonder, maar die preke sou die middel word tot sy bekering. Sy geestelike worstelstryd sou egter lank en swaar wees; maar hierin het sy moeder hom trou bygestaan. Toe sy eenkeer haar nood by Ambrosius klaag, het hy haar vertroos met die woorde: "'n Kind van soveel trane en gebede kan nie verlore gaan nie".

Die gebede is werklik verhoor en op 'n sekere, deur God bepaalde, dag het die lig in sy siel deurgebreek. Hy het iemand hoor vertel van die geloof en die lewe van die kluisenaars in Egipte, onder andere van die heilige Antonius. Diep ontroerd het hy uitgeroep: "Eenvoudiges staan op en gryp na die koninkryk van die hemele en ons met al ons wetenskap bly agter en wentel ons in sinlike lus". Hy loop toe die tuin in enwerp hom wenende onder 'n boom neer, terwyl hy sy siel voor die Here uitstort. Dan hoor hy meteens 'n kinderstem wat vir hom sê: "Neem, lees". Dit was vir hom 'n teken dat hy die Bybel moes neem en daarin lees. Sy oog val op die woorde van Rom. 13:13, 14: "Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie. Maar beklee julle met die Here Jesus Christus en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie".

By die lees van hierdie woorde daal die vrede van God in sy siel en gaan hy uit die dood in die lewe oor. In die Paasnag van die jaar 387 is Augustinus deur Ambrosius gedoop en van nou af sou hy al sy gawes en talente aan die diens van die Here wy.

Ongeveer twee jaar ná sy doop keer hy na Afrika terug, waar hy 'n tydlang in afsondering leef en hard studeer. Hoewel hy eers heftig weerstand bied, moet hy tog inwillig om presbiter te word en later is hy selfs tot biskop gekies. Nou word hy 'n stryder vir die waarheid van die Christendom en val alle afwykende rigtinge aan.

Sy geskrifte is talryk en van groot betekenis vir die latere Kerkgeskiedenis. Sowel Luther as Calvyn het na hom teruggegryp. Die leerstukke van *sonde* en *genade* word deur hom duidelik uiteengesit, omdat hy van albei uit die ervaring kennis gedra het. Daarom is hy ook die eerste verdediger van die Skriftuurlike leer van die *uitverkiesing*. Self soos 'n brandhout uit die vuur geruk, kon hy dit met oortuiging doen. Aan homself is sy bekende spreuk bewaarheid: "U het ons tot U geskape en ons hart bly onrustig totdat dit rus vind

in U". Sy vernaamste werke was sy "Belydenisse", waarin hy openhartig vertel van sy sondige lewe, en "Die stad van God", waarin hy sy beskouinge oor die kerk uiteensit. Hy was die vernaamste kerkvader soos Calvyn die vernaamste Hervormer was.

VRAE

1. In watter "skole" word die kerkvaders van die vierde en vyfde eeue ingedeel?
2. Vertel wat u weet van Athanasius, Chrisostomus, Ambrosius, Hiëronimus, Augustinus?
3. Wat was die betekenis van Augustinus vir die latere Kerkgeskiedenis?

HOOFSTUK 15: KERK EN KLOOSTER

1. *Verkeerde opvattinge in verband met die kerk.*
2. *Ontstaan van die kluisenaarslewe.*
3. *Ontstaan van die klooster- en monnikelewe.*
4. *Voordele van die kloosterlewe.*
5. *Gevare van die kloosterlewe.*

1. Verkeerde opvattinge in verband met die kerk. — In die eerste hoofstuk het ons daarop gewys dat die kerk 'n vergadering is van almal *wat in Christus glo*. Dit is dus 'n versameling van mense wat lewe uit die *geloof* dat hulle deur die bloed van Christus verlos is. Wat hulle aan goeie werke doen, is uit dankbaarheid en nie om daarmee iets te verdien nie.

Langsamerhand het egter die gedagte opgekom dat die geloof in Christus nie genoegsaam is nie, maar dat die kerk ook sy deel moet bydra. Dit moet tussen Christus en die gelowige staan om die genade uit te deel. Dit geskied veral deur die sakramente. Hulle is nie meer beskou as tekens en seëls van die genade nie, maar as 'n soort towermiddel om die genade *oor te dra*. Vanselfsprekend raak die prediking van die Woord op die agtergrond.

2. Ontstaan van die kluisenaarslewe. — As 'n mens nie meer deur die geloof lewe nie, ontstaan die gedagte dat jou *goeie werke verdienstelik* is en dat dit die Here behaag as jy jou onthou van genietinge wat in hulself nie sondig is nie. Baie Christene het dus die wêreld probeer ontvlug en die woestyne ingetrek. Die verkeerde opvattinge in verband met die kerk was gedeeltelik hiervoor verantwoordelik.

Daar was egter ook ander oorsake. In die Ooste, waar hierdie beweging ontstaan het, is daar 'n neiging tot 'n peinsende lewe, en hiervoor het die eensaamheid uitnemende geleentheid gebied. Verder was die toenemende verwêreldliking van die kerk, nadat die vervolginge opgehou het, 'n oorsaak dat baie dit verlaat het.

In hoofstuk 10 het ons reeds die begin van hierdie beweging leer ken. 'n Belangrike stoot vorentoe gee die optrede van die heilige Antonius.

Antonius was die kind van ryk ouers en hul enigste erfgenaam. Nadat hy iemand die geskiedenis van die ryk jongeling hoor voorlees het, besluit hy om al sy goed aan die armes te gee en hom uit die openbare lewe terug te trek. Spoedig stroom volgelinge in die eensaamheid na hom toe en hy word as 'n heilige vereer. 'n Lang tyd het hy in die ruïnes van 'n ou kasteel gebly. Sy enigste voedsel was brood en sout, deur sy vriende na hom gebring, en sy enigste klere skaapvelle. Hy was ongetwyfeld 'n vrome man met 'n omvattende kennis van die Bybel.

'n Krasse oordrywing van hierdie strewe vind ons by 'n sekere Simeon (oorlede 459) wat jarelank bo op 'n pilaar gebly het. Hy en sy volgelinge word "pilaarheiliges" genoem.

3. Ontstaan van die klooster- en monnikelewe. — Toe die getal kluisenaars begin toeneem, het hulle nie meer so vry saamgeleef nie, maar 'n georganiseerde samelewing geskep in die sogenaamde "kloosters" (322). (Die Latynse "claustrum" beteken 'n ommuurde plek of 'n afgeslote ruimte). Die bewoners word "monnike" genoem na 'n Griekse woord wat "eenling" of "eensame" beteken. Weldra het 'n hele getal verrys.

Op voorbeeld van die kloosters vir manne is nou ook vrouekloosters gestig, waarvan die inwoners "nonne" genoem is. Die woord "non" beteken "reine maagd".

Vernaamste vereistes vir die kloosterlewe was: *vrywillige armoede, kuisheid en gehoorsaamheid*.

4. Voordele van die kloosterlewe. — Die reëls van die tug is in die kloosters streng gehandhaaf. Elke dag moes godsdiensoefening gehou word en op die daaglikse arbeid is

groot nadruk gelê. Leeglopery is streng verbied. Die kloosters het dus kweekplekke van barmhartigheid, vlyt, matigheid en vroomheid geword. Ook is wetenskap en kuns beoefen en baie aan onderwys gedoen. Bedruktes en vervolgdtes sou hier 'n toevlugsoord vind en landbou en veeteelt is grootliks bevorder. Die vernaamste was egter dat die kloosters opleidingskole vir geestelike ampsdraers geword het.

5. Gevare van die kloosterlewe. — Hoewel die kloosterlewe voordele opgelewer het, was die gevare tog groter, en later sou hulle soveel bronne van ongeregtheid word.

Die eerste gevaar was die van die sogenaamde "dubbele moraal". Daar is onderskeid gemaak tussen wat in die Bybel *gebied* word en wat slegs *aangeraai* word. Elke mens is verplig om na te kom wat gebied is, maar elkeen is vry ten opsigte van die dinge wat net aangeraai word. As hy dit wel doen, deur vas, deur ongetroud te lewe of die afsondering te soek, verkry hy daardeur verdienste. Hierdie goeie werke sou die gevolg hê dat dit die sondes uitwis, nie alleen van die eie persoon nie, maar ook van ander.

'n Ander gevaar was dat baie nie met opregte bedoelinge na die kloosters gekom het nie, maar om die krygsdiens of die arbeid te ontvlug en 'n lui lewe te lei. Die ledigheid sou die oorkussing van die duiwel word, sodat allerhande ongeregtheid ingesluip het, veral onsedelikheid.

Eindelik — die monnikelewe dra in hom die gedagte dat die kerk nie genoegsaam is nie. Die kloosters word nou kerkies in die kerk. Tog het die kerk sy goedkeuring aan die kloosterlewe geheg en so die slapheid van die tug in die hand gewerk. Die oortollige goeie werke van die monnike (d.w.s. die goeie werke wat bo en behalwe die strik nodige gedoen word) het vergoed vir die slapheid van die massa, sodat die ongeregtheid by laasgenoemde verdra kon word.

VRAE

1. Watter verkeerde kerkbegrip het langamerhand ontstaan? Wat was die gevolg vir die prediking?
2. Hoe het die kluisenaarslewe ontstaan?
3. Hoe het die kloosterlewe begin?
4. Hoe is die inwoners daarvan genoem?
5. Watter voordele was aan die kloosterlewe verbind en watter nadele?

HOOFSTUK 16: OPKOMS VAN DIE POUSLIKE MAG

1. *Verplasing van die toneel na die Weste.*
2. *Ontstaan van die priesterheerskappy en die voorrang van Rome.*
3. *Kragtige pouse.*

1. Verplasing van die toneel na die Weste. — Teen die einde van die sesde eeu begin die stroom van die kerklike lewe hom altyd meer na die Weste van Europa te verplaas. Verskil lende oorsake het hiertoe aanleiding gegee, waarvan ons 'n paar wil noem. Die jong Germaanse volke van die Weste het 'n besondere lewenskrag geopenbaar vandat die Evangelie deur die sendingarbeiders aan hulle verkondig is. Aan die ander kant het in die Ooste die dood in die kerklike lewe ingetree. Die grootste deel van die terrein van die kerk is aan die Mohammedane prysgegee. Hierdie nuwe godsdiens het ontstaan in Arabië in die sewende eeu en is genoem na sy stigter, Mohammed. Hy self was oortuig dat hy, deur God geroepe, as profeet onder sy volk moes optree en dat hy 'n goddelike openbaring ontvang het. Sy volgelingen het ná sy dood tot die gedagte gekom dat hul godsdiens met die swaard verbrei moes word. Soos 'n vuurstroom het die Mohammedaanse leërs Noord-Afrika, Palestina, Sirië en 'n groot deel van Klein-Asië oorweldig. Die Weste sou egter meer lewenskrag toon en in 732 is die Mohammedane deur Karel Martell verslaan. Hierdeur is 'n groot gevaar vir die Christenheid afgewend.

Die Oosterse kerk het versteen vanweë die leer dat *die kerk* die verdienstes van Christus aan die gelowiges meedeel. Die erediens het ontaard in 'n leë vorm en die volk het in sy onwetendheid heeltemal verslap.

Daar was geen lewenskrag om die opdringende Turke te weerstaan nie en die uiteinde van die proses was dat Byzantium (Konstantinopel) in 1453 vir goed in hul hande geval het. Die glorietyd van die Oosterse kerk was verby.

2. Ontstaan van die priesterheerskappy en die voorrang van Rome. — Die hele tydperk waarmee ons nou besig is, word beheers deur die stryd om die mag in kerk en staat en die daarmee gepaardgaande groei van die Roomse kerk.

Soos ons reeds gesien het, is die prediking van die Woord na die agtergrond geskuif en die sakramente word hoofsaak. Die kerk is *uitdeler* van die genade en so word die Ou-Testamentiese *priester* weer noodsaaklik. Vanself kom dan die gedagte op dat daar 'n rangorde onder die priesters moet wees, soos in die tyd van Israel, d.w.s. hoëpriester, priester, leviet. Die biskoppe van die groot stede het 'n hoër rang as die van kleiner stede, en langamerhand word die biskop van Rome beskou as die hoëpriester.

Hierdie voorrang van Rome het verskillende oorsake gehad. Sy vernaamste mededinger was Konstantinopel, maar die biskop van hierdie stad is deur die keiser oorskadu. Die biskop van Rome het nie teenoor hierdie mag gestaan nie.

Verder kon Rome steun op die tradisie. Die apostels Petrus en Paulus het altwee in Rome gewerk, en die oorlewering wou dat Petrus die eerste biskop van Rome was en bepaal het dat alle toekomstige hoofde van die kerk in Rome ook die leiding van die hele kerk sou oorneem.

In die guns van hierdie stad pleit ook die feit dat Rome middelpunt van die groot Romeinse ryk was en 'n brandpunt van die beskawing. Daarby kom nog dat Rome gegeld het as regsinnig teenoor die dwalinge van die Ooste.

3. Kragtige pouse. — Die vernaamste was egter dat daar in Rome 'n paar magtige persoonlikhede as biskoppe opgetree het.

Grondlegger van die mag van Rome was *Leo die Grote* (440–461). Op die grondslae deur hom gelê, is voortgebou deur *Gregorius 1*, ook genoem die Grote (590–604). In sy jeug het dit met Italië en met die kerk van Rome daar treurig uitgesien, so selfs dat Gregorius tot die oortuiging gekom het dat die einde van die wêreld voor die deur staan.

Die wilde volkstam, die Longobarde, het groot verwoestinge aangerig en die kerk was in diep verval. Daar was behoefte aan 'n man met 'n vaste wil om orde te herstel en tug te handhaaf.

Gregorius het homself op jeugdige ouderdom aan die kloosterlewe oorgegee en daarin baie gelukkig gevoel. Teen sy sin is hy tot diaken benoem en later tot biskop. Toe hy egter oortuig was van sy roeping, het hy hom met al sy krag aan sy taak gewy. Oral is die tug herstel en orde geskep. Ook vir die sending het hy hom baie verdienstelik gemaak en selfs na Engeland sendelinge gestuur. Omdat hy 'n fyn diplomaat was, het sy invloed steeds gegroei. Vir die verbetering van die erediens het hy baie bygedra, o.a. deur die kerklied in ere te herstel.

Verskillende van die latere dwalinge van die Roomse kerk dank aan hom hul oorsprong. Hy het bv. bedevaarte na heilige plekke aangemoedig, die gebruik van beelde in die kerk bevorder en die kloosterlewe hooggeskat. Ook is hy die grondlegger van die leer van die transsubstansiasie en van die vagevuur, wat ons later behandel.

Van sy tyd af het die biskoppe van Rome hulleself *papa*, d.i. "vader" begin noem. Hier kom die naam "pous" vandaan, sowel as die strewe van die pouse na *wêreldlike mag*. As die pous dan plaasvervanger van Christus op aarde is, soos die Roomse kerk leer, is dit begryplik dat geredeneer word: aan Christus behoort *alle mag* in die hemel en op aarde. Die pous moet dus nie net oor die kerk regeer nie, maar ook oor die staat. 'n Latere pous, *Gregorius VII*, het die mag van die pous vergelyk met die son en die van die keiser met die maan. In plaas van die *staatskerk* van Konstantyn, kom so langamerhand die gedagte van die *kerkstaat*. Voordat hierdie ideaal bereik kon word, moes daar egter nog heelwat struikelblokke uit die weg geruim word.

VRAE

1. Om watter oorsake is die toneel van die Kerkgeskiedenis van die Ooste na die Weste verplaas?
2. Hoe het die gedagte van die priesterheerskappy ontstaan?
3. Waarom het Rome die voorrang verkry?
4. Wie was die grondlegger van die mag van Rome?
5. Wat is die betekenis van Gregorius I?
6. Watter omkering het daar gekom in die verhouding tussen kerk en staat?

HOOFSTUK 17: BLOEITYD VAN DIE POUSDOM

1. *Die pous en die verskillende nasionaliteite.*

2. *Die stryd tussen pous en keiser.*

1. Die pous en die verskillende nasionaliteite. — Een van die magte wat die pous moes oorwin om sy oppermag te grondves, was *nasionalisme*. Dit het vir elke volk 'n selfstandige nasionale kerk geëis wat nie aan Rome onderworpe moes wees nie. Iemand wat die pous in hierdie opsig verbasend gehelp het, was Bonifacius, die "apostel van die Duitsers" (680—755). Hy het sy gesag om te preek van die pous ontvang en alle kerke wat hy gestig het, aan die mag van Rome onderwerp.

Karel die Grote (768—814), die magtige Frankiese (Franse) koning, het dit laat lyk of die Romeinse ryk besig was om weer te herleef. Die nasionale strewe van die volkere het geen kans meer gehad nie.

Skynbaar moes die pous die onderspit delf, want Karel het homself aan die hoof van die Frankiese kerk gestel. Tog was hy op goeie voet met die hoof van die kerk en het dit selfs op prys gestel dat die pous hom die keiserskroon op die hoof geplaas het. Met die verbroekeling wat ná die dood van Karel ingetree het, kon die pous heel gemaklik in sy skoen stap. Die kerk was die enigste liggaam waarvan herstellingswerk verwag kon word.

2. Die stryd tussen pous en keiser. — In die tiende en elfde eeue het die betekenis van die pousdom altyd meer agteruitgegaan deur partystryd in Rome en die sedelose lewe van sommige pouse. Die Duitse keisers moes ingryp om die posisie te red. Toe daar in die begin van die elfde eeu nie minder as drie aspirant-pouse was nie, het keiser Hendrik III aan homself die reg laat toeken om by elke verkiesing van 'n pous die eerste en beslissende stem uit te bring. Nou was die pouslike mag onderworpe aan die wêreldlike heerskappy. Dit moet as 'n groot vernedering vir die kerk aangemerkt word.

Die beweging wat die kerk uit hierdie vernedering sou verhef, begin in 'n klooster. In die klooster het 'n groot verbastering ingesluip en om dit teen te gaan en hervorming te bewerk, het 'n sekere graaf in Clugny, Frankryk, 'n klooster gestig wat weer 'n voorbeeld sou wees van strenge tug en arbeidsaamheid. Langsamerhand het Clugny die middelpunt geword van 'n hele vereniging van kloosters wat dieselfde beoog het. In die twaalfde eeu was daar in Frankryk alleen twee-duisend kloosters van hierdie tipe en hulle het 'n geseënde invloed op die omgewing uitgeoefen.

Hierdie organisasie het hom ook ten doel gestel om die kerk te bevry uit die mag van die staat. Van Clugny uit het dus die stryd tussen keiser en pous begin.

Die groot man wat van die kant van die kerk hierdie stryd sou aanknoop, was juis 'n monnik uit Clugny. *Hildebrand*, die seun van 'n eenvoudige werksman, het in die klooster spoedig die aandag getrek vanweë sy skerp verstand en groot geleerdheid. Sy ideaal sou wees om nie alleen die kerk van die staatsmag te bevry nie, maar ook om dit 'n heersersposisie te laat verkry. In 1073 beklim hy die pouslike stoel onder die naam Gregorius VII en begin dadelik om sekere misbruike te bestry wat aan die wêreldlike vorste te veel mag verleen het. Ten eerste word die handel in geestelike ampte (simonie) belet. Sommige vorste het naamlik ampte verkoop aan die hoogste bieder, waardeur soms die onwaardigste manne in die posisie gekom het. Vir Gregorius VII was dit duidelik dat die vorste sodoende groot mag oor die kerk verkry het.

Teenoor Gregorius tree nou die Duitse keiser Hendrik IV op. Die stryd het so hoog geloop dat op aandrang van Hendrik op 'n sinode tot afsetting van die pous besluit is. Op sy beurt het die pous egter die keiser met die banvloek getref. Dit het in Duitsland 'n diep indruk gemaak en die meeste vorste het besluit om 'n nuwe keiser te kies as Hendrik nie binne 'n jaar van die banvloek onthef sou wees nie. Hy was verplig om in die koue winter van 1077 as boeteling oor die Alpe te gaan om aan die pous vergifnis te vra. Gregorius het vertoef in die slot Canossa, en Hendrik moes drie dae en drie nagte op die

besneeude plein van die slot deurbring voordat die pous hom ontvang en aan hom vrypraak verleen het.

Dit het werklik gelyk of die kerk oor die staat heers.

Hendrik sou egter sy wraak kom neem met 'n leër. Ná 'n drie-jarige beleëring het hy Rome ingeneem en Gregorius moes vlug. In die ballingskap is hy oorlede.

In die "Konkordaat van Worms" (1122) is 'n vergelyk getref tussen keiser en pous. Hiermee was die stryd nog nie op 'n end nie. Die opvolgers van Gregorius sou dit voortsit en aan die magtigste pous van die Middeleeue, Innocentius III, geluk dit om die ideaal van Clugny te bereik. Hy het na willekeur keisers aangestel en afgesit. Die hoogtepunt van mag en aansien bereik hy op 'n groot sinode in Rome (1215). Op hierdie kerkvergadering was meer as 2000 persone aanwesig, o.m. gesante van byna alle Christelike howe, sowel as die biskoppe van Konstantinopel en Jerusalem. Hier het Innocentius verklaar dat die Here aan Petrus nie slegs die kerk nie, maar ook die wêreld gegee het om te regeer. Verder het hy gesê: Soos elke knie voor Christus moet buig, moet almal die pous gehoorsaam.

Die pouslike mag was op sy hoogtepunt en daarmee was die kerk dan ook so ver moontlik van sy suiwer oorsprong verwyder. Volgens die instelling van Christus moes aan ampsdraers wel eer bewys word, maar tog is almal broeders en die een amp is nie hoër as die ander nie (Luk. 22:24-27). Hierdie toestand druis lynreg teen die Skrif in, en dit is dan ook daarom dat die verval van die pousdom begin het juis toe dit op sy hoogtepunt was.

VRAE

1. Waarom was die nasionalisme 'n struikelblok vir die pouse?
2. Hoe het Bonifacius hulle gehelp?
3. Watter beweging het die kerk uit sy toestand van vernedering gered?
4. Wat weet u van Gregorius VII?
5. Watter gewoontes het hy bestry?
6. Vertel van sy stryd met Hendrik IV.
7. Wat weet u van Innocentius III?
8. Waarom moet die pouslike stelsel veroordeel word?

HOOFSTUK 18: GEESTELIKE LEWE IN DIE MIDDELEEUE

1. Die hoofkenmerk.
2. Monnike-ordes.
3. Wetenskap.
4. Kruistogte.

Voordat ons by die suiwer-kerklike lewe van die Middeleeue kom, is dit noodsaaklik om eers die geesteslewe in die algemeen in oënskou te neem. Al het die kerk die sentrale plek ingeneem, daar was ook uitinge van die lewe wat nie tot die kerklike erf behoort nie en tog daarop groot **invloed uitgeoefen het**.

1. *Die hoofkenmerk.* — Die Middeleeuse lewe vertoon 'n innerlike teenstrydigheid. Aan die een kant het ons die lewenshouding wat in die sg. Gotiese boustyl uitdrukking vind. Hierdie styl word gekenmerk deur hoë, dun mure, hoë gewelwe, vensters met spits toelopende boë en torings. Dit was of alles na bo wys, weg van die wêreld. Dit was dan ook die vroomheids-ideaal: *wêreldontvlugting*. Aan die ander kant was daar weer 'n ideaal wat direk hierteenoor staan, naamlik die gedagte van Gregorius VII dat *die kerk die wêreld moet beheers*. Om dit te kan doen, moet 'n mens egter midde in die wêreld staan.

Hierdie teenstrydigheid is die hoofkenmerk van die Middeleeuse geesteslewe. Daar is goed besef dat 'n versoening tussen die twee standpunte gevind moet word, anders word die lewe na twee kante heen en weer getrek. Die versoening is gesoek in die leer dat die wêreldlike lewe wel noodsaaklik is, maar tog 'n laer trap vorm teenoor die geestelike lewe wat die hoër trap is. So het die Roomse kerk tot die leer gekom dat *natuur* en *genade* teenoor mekaar staan, terwyl die Bybel ons die teëstelling *sonde* en *genade* verkondig. Op alle gebiede sal ons nou hierdie teenstelling teëkom. In die eerste plek in die monnike-ordes.

2. **Monnike-ordes.** — Ons het reeds die opkoms van die monnike-wese en die kloosterlewe leer ken. As gevolg van die teëstelling wat ons in die vorige paragraaf beskryf het, kom nou vanself die gedagte op dat die monnike en nonne voortdurend die hoëre lewe deelagtig is, terwyl die gewone mense op die laer trap lewe. Geen wonder nie dat dit die ideaal van elke mens geword het om 'n monnik of non te wees. Gedurig het dan ook nuwe "ordes" ontstaan.

(a) *Kloosterordes*: In verband met die opkoms van die pouslike mag het ons reeds kennis gemaak met die orde van *Clugny*. Hierdie beweging het veral die hervorming van die kloosterlewe ten doel gehad. Die monnike het gemeen dat hulle in die klooster die wêreld ontvlug het, maar die wêreld het hulle agtervolg en spoedig kon die wildste uitspattinge waargeneem word.

'n Ander orde wat net so beroemd sou word, is die wat sy oorsprong te danke het aan die beroemde *Bernard van Clairvaux*, een van die grootste manne van die Middeleeue.

Bernard was 'n indrukwekkende persoonlikheid en 'n groot geleerde. Daarby het hy in heilige geesdrif ontvlam vir wat na sy oordeel die waarheid was. As dit na sy mening nodig was om op te tree, het hy niemand ontsien nie. Hartstogtelik het hy teen die toenemende sedebederf opgetree. Daarby was hy een van die *mistieke*, d.w.s. die mense vir wie die gemoedslewe die hoofsaak is. Middelpunt van sy prediking was altyd die Persoon van Christus. 'n Woeste en onherbergsame streek het hy spoedig omskep in 'n lusoord en die klooster Clairvaux gestig. Hier is streng toegesien op die lewe van die monnike. Dit het nie lank geduur nie of die "orde" het bestaan uit 'n groot aantal kloosters.

(b) *Bedelordes*. — Die vermeerdering van rykdom in die kloosters en die diep verval as gevolg daarvan, het die stoot gegee tot die ontstaan van *bedelordes*. Hulle het uitgegaan van die gedagte dat hulle die geestelike belange beste kan dien as hulle heeltemal

besitloos is. Hulle moes dus die daaglikse brood *bedel*. Die vername punt is egter dit: hulle ontvlug die wêreld nie, maar *trek dit juis na hulle toe* — die teenoorgestelde van die eintlike monniksideaal. Hulle word reisende *predikers* om die boodskap van die Evangelie die wêreld in te dra.

Stigter van die eerste bedelorde was die beroemde *Franciscus van Assisi* (1182—1226). Hy was die seun van 'n ryk handelaar, en in sy jeug het sy hart na die wêreld en die begeerlikhede daarvan uitgegaan. Gedurende 'n ernstige siekte kom hy tot inkeer en slaan dan oor na die ander uiterste. Soos baie voor en ná hom, kom hy onder die indruk van die woorde van Christus aan die ryk jongeling. Van nou af word die armoede sy bruid en tree hy as boetprediker op. Melaatses, peslyers en almal wat deur die samelewing uitgewerp is, het hy sy broeders genoem. In 'n kort tyd het die aantal van sy volgelingen geweldig uitgebrei. Hy was by uitstek die man van die praktiese Christendom in die Middeleeue.

3. Wetenskap. — Die Middeleeuse wetenskap word "*Skolastiek*" genoem. In die begin was die doel om die waarhede van die Bybel aanneemlik te probeer maak vir die verstand. Die motto was: "Ek glo om te kan verstaan".

Later is ingesien dat dit onmoontlik is om die diepe geheimenisse van die geopenbaarde waarheid te begryp. Die gevaar van die wapen van verstandelike redenering het dan ook spoedig geblyk. Aan die een kant het die Skolastiek verloop in haarklowery en aan die ander kant in twyfel.

Gevolg was dat die aansprake van die hart hulself weer laat geld het en wel in die Middeleeuse *Mistiek*. Hierdie rigting beskou die gemoedservaring as die belangrikste. Die groot man van die Mistiek is *Bernard van Clairvaux*. Hy toon aan dat wetenskap wel die dors na kennis kan bevredig, maar ons nie tot God kan bring nie. Daarvoor is nodig dat die mens deel het aan Christus, die Gekruisigde.

Die botsing tussen die twee groot rigtinge tref ons altyd weer aan en leer ons dat die aansprake van die hart of van die verstand nie eensydig op die voorgrond gestoot moet word nie, maar dat aan albei reg moet wedervaar.

4. Die kruistogte. — Hierdie beweging is tipies van die Middeleeuse vroomheid. Die gewone mense, die "leke", het uitgesien na een of ander verdienstelike werk om van die laer na die hoër trap van die lewe verplaas te word, en so die bonatuurlike genade te verdien.

Sedert die dae van die keiserin Helena, die moeder van Konstantyn, is bedevaarte na die "heilige land", Palestina, en veral na die graf van Christus, onderneem. Die Arabiere was teenoor die pelgrims taamlik goedgesind, maar vanaf die Turkse heerskappy is die bedeganger dikwels mishandel. Langsamerhand kom nou in Europa die gedagte op dat Palestina uit die geweld van die Turke verlos moet word. 'n Sekere Peter van Amiens begin om die heilige oorlog te preek en op twee sinodes het die welsprekendheid van pous Urbanus II so 'n meeslepende invloed dat spoedig 'n "kruistog" onderneem is. Sy woord: "God wil dit", sou van mond tot mond gaan en 'n ontsaglike geesdrif het hom van die volke van Europa meester gemaak.

Gewoonlik word sewe kruistogte getel, maar waarskynlik was daar meer. Selfs 'n leër van kinders het opgetrek, maar die meeste het onderweg jammerlik omgekom. Hoewel dit die kruisvaarders eenmaal geluk het om Jerusalem te verower, kon hulle die stad tog nie behou nie. Oor die algemeen geneem, het die kruistogte op 'n mislukking uitgeloop.

Die voordeel van hierdie oorloë was dat die gesigskring verbreed is, maar die nadeel dat bygeloof toegeneem het. Uit Palestina is allerlei voorwerpe saamgebring wat afgodies vereer is, soos bv. sogenaamde stukke van die kruis van Christus.

Ten slotte het al die beweginge van die Middeleeuse geesteslewe tot resultaat gehad dat die aansien van die pous en die Roomse kerk gestyg het. Monnike-orde is direk onder die gesag van die pous gestel en uit een van die kloosters kom die gedagte van die wêreldheerskappy van die kerk. Selfs Bernard van Clairvaux het pal by die leer volhard

en Franciscus van Assisi het van die pous toestemming vir die stigting van sy orde gevra. Die Skolastiek het die *kerklike leerstukke* vir die verstand aanneemlik probeer maak. Die kruistogte het tot gevolg gehad dat die *besittinge* van die kerk vermeerder het. Baie kruisvaarders sou dan ook hul goed òf teen 'n geringe prys aan die kerk verkoop òf as geskenk gee.

VRAE

1. Wat is die hoofkenmerk van die Middeleeuse geesteslewe?
2. Wat was die ideaal van die monnike-ordes?
3. Watter verskillende kloosterordes was daar?
4. Wat was die betekenis van Bernard van Clairvaux?
5. Wat was die doel van die bedel-ordes?
6. Wat weet u van Franciscus van Assisi?
7. Wat weet u van die geleerdheid in die Middeleeue?
8. Wat weet u van die Mistiek?
9. Wat was die doel en betekenis van die kruistogte?

HOOFSTUK 19: KERKLIKE LEWE IN DIE MIDDELEEUE

1. *Sakramente.*
2. *Prediking.*
3. *Verering van heiliges en beelddiens.*
4. *Dwaling en bygeloof.*
5. *Kerklike tug en boetedoening.*

1. Sakramente. — Die kerk het so langamerhand 'n tussen-posisie tussen God en die siel van die mens ingeneem. Dit kan aan die lewe van die gewone mense, wat nog op die laere trap staan, 'n hoë wyding skenk deur die sakramente. Die gedagte was dat die sakramente soos towermiddels vanself die genade meedeel, sonder dat daar by die ontvanger juis geloof aanwesig is.

Oor die getal van die sakramente het daar onsekerheid geheers, maar uiteindelik is dit op sewe gestel, naamlik: doop, nagmaal, vormsel, priesterwyding, huwelik, oorbieg, laaste oliesel. In die *vormsel* eien die gedoopte uit eie vrye wil die doopgenade vir homself toe. Dit bestaan in handoplegging, salwing en die uitspreek van 'n formule deur die biskop. Spoedig is dit van meer belang as die doop self beskou, ook omdat dit deur 'n priester van hoër rang bedien is. Die *priesterwyding* het plaasgevind by die instelling van die priesters in hul amp en het met handoplegging geskied. Die *oorbieg* was 'n private bieging of belydenis van sonde, waarop ná boetedoening vergifnis gevolg het. Die sakrament van die *laaste oliesel* is op die sterfbed bedien, wanneer die sterwende dit uit die hand van die priester ontvang. So was daar vir elke stadium van die lewe 'n sakrament.

Deur die sakrament van die doop — so is geleer — word die sondes uitgewis. Die doop werk die wedergeboorte op 'n geheimsinnige wyse. In die *nagmaal* word brood en wyn werklik die liggaam en bloed van Christus (die sg. transsubstantiasieleer). Elke nagmaal is dus opnuut 'n offerande van Christus deur die priester. So het dit gekom dat die brood (die hostie in die nagmaal) goddelik vereer word. Die beker is later nie meer aan die leke gegee nie, uit vrees dat die "bloed van Christus" miskien uitgestort kan word.

2. Prediking. — Met opset het ons die Roomse leer van die sakramente voor die prediking gestel. In die Gereformeerde kerk is die verhouding net andersom. In die Roomse kerk het dan ook die prediking van die Woord heeltemal op die agtergrond geraak. Die kerktaal was Latyn en die groot massa het dit nie verstaan nie. Bowendien — die kennis van die Skrif was nie noodsaaklik nie, omdat die kerk en die sakramente alles doen. Dit was in die voordeel van die priesters en die biskoppe dat die gemeentelede so onkundig moontlik gehou word om hul heerskappy des te beter te kan uitoefen. As daar meer Skrifkennis was, sou die leke uitgevind het hoe hulle mislei is.

Tog moet ons nie meen dat die prediking nooit meer gehoor is nie. Keiser Karel die Grote bv. het in die vroeë Middeleeue baie gedoen vir die bevordering hiervan en daar het beroemde predikers opgestaan. Dit is egter veral die bedel-monnikke wat die Woord uitdra en wel in die volkstaal. Die vonkies van ware Godskennis wat daar nog in die Middeleeue oorgebly het, moet vir 'n nie-geringe deel hieraan toegeskryf word.

3. Verering van heiliges en beelddiens. — As die enigste versoeningswerk van Christus nie meer geken word nie, is dit begryplik dat allerlei tussenpersone tussen God en die mens ingeskuif word. Sekere persone wat hulle gedurende hul lewe besonder verdienstelik gemaak het teenoor die kerk, word ná hul dood tot "heiliges" verklaar. In die gebed is hulle dan aangeroep en gevra om voorbidding by die Here te doen. Onder die heiliges sou Maria, die moeder van Jesus, 'n vername plek inneem. Spoedig het die leer ingang gevind dat sy sonder sonde gebore is.

Van die heiliges is ook beelde gemaak. Die kerkleer was wel dat die beelde as sodanig nie vereer moet word nie, maar alleen moet dien om die gelowiges heen te lei na die

afgebeelde persone. In die praktyk het dit egter neergekom op beelddiens.

Saam met die getal heiliges het ook die getal feesdae vermeerder, want elke heilige moes sy feesdag hê. Aan Maria alleen is 'n hele paar gewy. Hierdie feesdae is langamerhand hoër gestel as die dag van die Here, die Sondag.

4. Dwaling en bygeloof. — As gevolg van onkunde aangaande die waarheid van die Bybel, sluip nou allerlei dwalinge en bygeloof in die kerklike lewe in.

Die eerste wat ons noem, is die leer van die *vagevuur*. Omdat die volkome genoegdoening van Christus uit die oog verloor is, het die gedagte opgekom dat die siel ná die dood nog eers in 'n plek van loutering moes kom. Hier moes dit bly totdat dit volkome van sonde gereinig is en eers dan word die heerlijkheid bereik.

Die Germaanse volke was in hul heidense staat wild en ru en behep met bygeloof. Ná hul bekering tot die Christendom het nog baie hiervan gebly, soos bv. die geloof in towery, hekse, ens. Op bygeloof het ook die sg. *Godsoordele* berus, wat hierop neerkom dat by sekere prosesse verwag is dat die Here die skuldige persoon sou aanwys. Iemand wat verdink word, moet bv. oor rooiwarm yster met ontblote voete loop, in die veronderstelling dat die voete nie sou verbrand as die persoon onskuldig is nie.

Op die *verering van relikwieë*, d.w.s. allerlei voorwerpe wat in verband met heilige persone of plekke staan, is reeds gewys.

5. Kerklike tug en boetedoening. — Teenoor al die wildheid en ruheid van sedes het die kerk tog nog die tug probeer uitoefen, hoewel ook dit slegs 'n spotbeeld van die egte kerklike dissipline sou word.

Daar is onderskei tussen die klein ban en die groot ban. Eersgenoemde is toegepas by klein oortredinge en het alleen van die sakramente uitgesluit. Die groot ban, ook wel anathema of vervloeking genoem, is oor hardnekkige sondaars uitgespreek en het hul heeltemal van die kerk afgesny. Vanaf die dertiende eeu is die ban dikwels met politieke oogmerke uitgespreek, sodat dit sy krag verloor het.

Die ban kon selfs oor 'n hele landstreek uitgespreek word en dan is dit 'n *interdik* genoem. As die interdik oor 'n land uitgespreek is, word daar geen klokke gelui nie, en kon die godsdiens alleen agter geslote deure gehou word, ens.

Voordat die ban afgeneem is, moes eers *boete* gedoen word. In die plek van verootmoediging en berou het daar langamerhand gekom die vervulling van allerlei uitwendige pligte, soos die gee van aalmoese, vas en bedevaarte. Op die manier — so is geglo — kon vir die sondes betaal en dit uitgewis word.

6. Samevatting. — Hoewel die Roomse kerk dus ryk en verryk was, kosbare katedrale en talryke besittings gehad en alle terreine beheers het, was dit tog 'n witgepleisterde graf — van binne vol doodsbeendere.

Die kerk was ver weg van die eenvoudige waarheid van die Skrif, die kosbare goud was verdonker (Klaagliedere 4:1). Die heidendom het hom weer van die kerk meester gemaak. Maar die tyd was ook naby waarin God die Here 'n Hervorming sou bewerk.

VRAE

1. Wat was die Roomse leer oor die sakramente?
2. Watter plek het die prediking in die kerklike lewe ingeneem?
3. Wat weet u van die heilige- en beeldeverering?
4. Watter vorme van bygeloof het geheers?
5. Hoe is die kerklike tug uitgeoefen?
6. Wat word verstaan onder "werkheiligheid" en "aflaat"?
7. Hoe kan ons die toestand van die Roomse kerk in enkele woorde beskrywe?

HOOFSTUK 20: VOORBEREIDING VAN DIE HERVORMING

1. *Verval van die pousdom en die kerklike lewe.*
2. *Mislukte hervormingspoginge in die boesem van die kerk.*
3. *Beweginge wat die Hervorming bevorder het. Renaissance en Humanisme.*

Die toestande wat ons in die vorige hoofstukke leer ken het, kon nie altyd so voortduur nie. Die Woord van God kan nie gebind word nie. As die mens iets dergeliks probeer, verbreek die Woord self die kluisters op die tyd deur God bepaal. Vanaf die begin van die 14e eeu word dan ook allerlei tekens opgemerk wat heenwys na die komende Hervorming.

1. Verval van die pousdom en die kerklike lewe. — Voordat die Hervorming kon deurbreek, moes die gesag van die priesterheerskappy eers wankel en die ideaal van die monnike-lewe prysgegee word. Die 14e eeu was die swart eeu vir die pouslike mag, die tyd waarin die gesag van die pouse onherstelbaar geskok sou word.

Juis toe die pousdom op die hoogtepunt van sy mag kom, het die tekens van die verval duidelik sigbaar geword. Bonifacius VIII moes reeds teen die einde van die dertiende eeu uitvind dat die pouslike bevel nie meer dieselfde mag as vroeër gehad het nie. 'n Faktor wat die pouslike mag 'n gevoelige slag toegedien het, was die sterk opbruisende nasionale gevoel, veral in Engeland en Frankryk. Dit kon die vreemde gesag van die pous nie duld nie en ook nie die hoë belastings wat hy opgelê het nie.

Bonifacius wat in stryd geraak het met Philips IV van Frankryk, was juis van plan om die banvloek oor die koning uit te spreek toe die kanselier van die koning hom op sy eie grond gevange neem. *Daarmee het poginge tot stigting van 'n kerk-staat misluk en die verval van die pousdom begin.*

Ná hierdie oorwinning van Philips het die Frankiese konings sewentig jaar lank 'n oorwegende invloed op die pouse gehad. Hulle het dit selfs bewerk dat die pouslike setel van Rome na Avignon in Frankryk verplaas is. Daar word dan ook gespreek van die "Babiloniese ballingskap van die pousdom".

In 1377 het pous Gregorius XI 'n einde gemaak aan die ballingskap en die setel weer na Rome verplaas. Die gevolg was nou dat daar soms twee en soms selfs drie pouse is wat mekaar wederkerig met die banvloek tref. Dit was natuurlik nie bevorderlik vir die gesag van die pouslike stoel nie.

Die pousdom sink nou ook op sedelike gebied al dieper en dieper. Sommige pouse het 'n losbandige lewe gelei. Dit is dus nie te verwonder dat die lewe van die "leke" ook tot 'n uiters lae peil gedaal het nie. Ware godsdienstige lewe was 'n seldsaamheid.

Ook die ordes van monnike is deur die gees van die tyd aangetas. Baie kloosters word broeineste van ongeregtigheid. Selfs die bedelordes gaan agteruit, veral deurdadig die derde stand, d.w.s. die volk in die algemeen, in hulle opgeneem is.

2. Mislukte hervormingspoginge in die boesem van die kerk. — Deur die sedeloosheid van die pouse het daar 'n sterk gevoel teen die priesterheerskappy opgekom en die behoefte aan hervorming is deeglik besef. Die kerk was krank aan "hoof en lede". In die begin van die 15e eeu kom daar wel drie sinodes bymekaar om die nodige hervorming te bewerk, naamlik die van Pisa (1409), Constanz (1414–1418) en Basel (1431–1449), maar die poginge van hierdie vergaderinge om die gesag in hande te kry, was tevergeefs. Van die beoogde hervorming het weinig tereggekom. Die fout was dat net uitwendig aan *hoof* en *lede* gedokter is, terwyl die *hart* nie verander het nie.

Ook deur die sg. *Inkwisisie* sou die kerk sy gesag probeer herstel. Dit was 'n soort kerklike geregshof om "ketters" op te spoor en te veroordeel. Die Dominikaner-monnike veral het hulle op hierdie gebied teenoor die kerk verdienstelik gemaak. Die onmoontlike standpunt van hierdie hof was dat iemand as skuldige beskou word tot sy onskuld bewys is. Veral in Spanje het duisende aan hierdie monster van wreedheid ten prooi geval. Dit

spreek vanself dat die Inkwisisie die gesag van die kerk nie kon versterk nie, maar intendeel die verset nog aangewakker het.

'n Eerste reaksie bemerk ons reeds in die verskillende sektes wat op meer of minder revolusionêre manier probeer om 'n verandering teweeg te bring. Sommige het hulleself besig gehou met werke van barmhartigheid, onderwys en menigvuldige gebede. Ander weer het as boetpredikers opgetree en 'n derde groep het in groot optogte die land deurgetrek, terwyl hulle boetegesange sing en die ontblote rug gésel. Gemeenskaplik aan die sektes was hul anti-kerklike karakter. Die Inkwisisie het dan ook baie van hulle lede om die lewe gebring. Ook hulle kon egter aan die inwendige toestand van die kerk niks verander nie.

3. Beweging wat die Hervorming bevorder het. Renaissance en Humanisme. — Gedurende byna die hele tydvak van die Middeleeue het kunste en wetenskappe in diens van die kerk gestaan, maar gedurende die 14e en 15e eeu kom daar verandering. Die hoofsaak was die oplewing van die ou kultuur van die Romeine en Grieke. In 1453 val Konstantinopel in die hande van die Turke met die gevolg dat baie Griekse geleerdes na die Weste kom en die kennis van die Griekse en Romeinse oudheid met hulle saambring. Die herlewing van die heidense oudheid word genoem die *Renaissance* (= wedergeboorte). Daarmee val saam die ontdekking van nuwe seeweë en wêrelddele, asook die uitvinding van die drukkuns. Die gesigseinder verbreed en die vermeerderde kennis laat verset ontwaak teen die kerk wat die mense in onkunde probeer hou. Dit het die Christenheid teruggevoer na die ou bronne, d.w.s. die Griekse Nuwe Testament en die werke van die kerkvaders.

Die geleerdes wat hulle spesiaal besig gehou het met die Griekse en Romeinse kultuur, word *Humaniste* genoem. Die hoofgedagte by hulle was: van die kerklike vergadering is niks te wagte nie. Die *wetenskap* moet die kerk red. Die ware *menslikheid* (humaniteit) moet opgewek word.

Desiderius Erasmus, gebore in Rotterdam (1467), was een van die grootste Humaniste en het die gebreke van die kerk helder ingesien. Hy het baie verv/ag van die "verstandelike" ontwikkeling van die leke. In sy boek: "Die lof van die sotheid" gésel hy die gebreke van die geestelikheid op genadelose wyse. Sy reusagtige geleerdheid het hom oral toegang verskaf, sodat hy een van die bekendste manne van Europa geword het. Sy uitgawe van die Griekse Nuwe Testament was 'n daad van onberekenbare betekenis. Tog wou hy hom nie by die Hervormers voeg nie, omdat hy onwillig was om met die kerk te breek. Alleen sy hoof was hervormingsgesind, nie sy hart nie.

Hier vind ons tegelyk ook die rede waarom Renaissance en Humanisme nie self die Hervorming kon bewerk nie. Hulle het die reëls van die waarheid nie in die Heilige Skrif gevind nie, maar in die (onwedergebore) *mens*. Daar was wel 'n wedergeboorte van die heidense oudheid en kennis van die grondtale van die Skrif, maar nie 'n *wedergeboorte van die hart* nie. Tog sou hierdie rigtinge baanbrekende werk doen.

VRAE

1. Beskryf die verval van die pouslike mag.
2. Watter hervormingspoginge het die Roomse kerk self aangepak en wat was die grondfout daarvan?
3. Wat weet u van die Inkwisisie? En van die verskillende sektes?
4. In watter opsigte het Renaissance en Humanisme die Hervorming voorberei?
5. Waarom kon hierdie beweging nie die Hervorming self bewerk nie?

HOOFSTUK 21: EGTE VOORLOPERS VAN DIE HERVORMING

VOORBEREIDING VAN DIE HERVORMING (vervolg)

1. *Die Waldense.*
2. *Die "Broeders des gemeenen levens".*
3. *Wiclif.*
4. *Johannes Huss.*
5. *Hiëronimus van Praag.*
6. *Savonarola.*
7. *Wessel Gansfort.*

1. Die Waldense. — In al die beweginge waardeur die Woord van God nou meer bekend en gewaardeer word, kan voorbereidende kragte gesien word. Die Heilige Gees sou die nuwe lewe wek deur die instrument van die Woord.

Die Waldense ontleen hul naam aan 'n sekere Petrus Waldus, 'n ryk en godvrugtige handelaar. Terwyl hy met enige vriende in gesprek was oor die weg van die saligheid, het een van hulle plotseling dood neergeval. Dit het so 'n geweldige indruk op hom gemaak dat hy van nou af sy hele lewe aan die diens van Christus gaan wy.

Hy het sy hele vermoë onder die armes uitgedeel en by elke moontlike geleentheid die heilsweg aan sy medemensse verkondig. Sy Skrifstudie bring hom tot die oortuiging dat die Christendom van sy tyd van die waarheid afgewyk het en sy ganse strewe sou voortaan wees om die suiwer Skrifwaarheid te verkondig. Sy volgelingen is "armes van Lyon" genoem.

Om hul reg tot verkondiging van die Woord, kom hulle met die kerk in botsing. Toe die pous hulle belet om te preek en hulle nie wou ingee nie, het hy hulle op die wreedste wyse laat vervolg. Later het hulle by die Hervorming aangesluit.

Die Waldense het hulle slegs teen die *uitwasse* van die Roomse kerk verset, naamlik die mis, aflaat, vagevuur en heiligervering. Die armoedsideaal toon dat hulle die Skrif nog nie reg verstaan het nie. Hul vername verdienste lê in die verkondiging van die Skrif in die volkstaal en dat hulle liever wou ly as om hierdie roeping prys te gee.

2. Die "Broeders des gemeenen levens". — Die stigter van hierdie broederskap in Nederland was Geert Groote. Hy het die Skrif ernstig bestudeer, in 1380 sy prediking in die landstaal begin en met groot krag teen die onheilige wandel van die geestelikheid opgetree. Die eerste "broederhuis", d.w.s. godsdienstige vereniging sonder kloostergelofte, is in Deventer opgerig. Binne enkele jare was daar honderde van hierdie stigtinge in die land. Oral het die lede van die broederhuise skole opgerig en die Bybel onder die volk bekend gemaak.

Een van die vriende van Groote het, behalwe die broederhuise, ook enkele kloosters gestig. Die van Zwolle het beroemd geword deur Thomas á Kempis, wie se boek: "Die navolging van Christus" ná die Bybel een van die mees gelese boeke onder Christene is. Soos ook uit hierdie boek blyk, was die broederskap nog nie heeltemal suiwer in hul opvattinge nie. Hulle het nog nie die rykdom van die Woord dat ons deur die geloof geregverdig is, verstaan nie en wou maar altyd weer die goeie werke bybring. Hul werk openbaar egter tegelyk die bederf van die kerk en laat 'n behoefte aan die waarheid van die Evangelie ontstaan.

3. Wiclif. — Hierdie Hervormer voor die Hervorming is ongeveer 1320 in Engeland gebore. As hy optree teen die aanmatiging van die pous wat aanspraak maak op belasting van die Engelse kroongoodere, kom hy in die guns van die koning en die parlement. Die gevolg is dat hy tot professor in Oxford benoem word.

Van sy hand het daar talryke geskifte verskyn. Baie duidelik stel hy voorop dat *die*

Heilige Skrif die enigste reël vir geloof en wandel is en dat aan al die lede van die kerk die reg toekom om dit te ondersoek. Die opperheerskappy van die pous het hy veroordeel, asook die sakrament van die laaste oliesel, die aflat, die transsubstansiasie, die leer van die verdienstelikheid van goeie werke, die vagevuur en die heilige-en-relikwieëverering. Hy het dus al die gebreke van die Roomse kerk raakgesien.

Dit spreek vanself dat hy hom sodoende by die kerklike owerheid gehaat sou maak. Eers is hy voor die regbank van die Inkwisisie gedaag, maar die koning het tussenbei getree en hom bevry. Uiteindelik het 'n sinode te Londen hom as ketter veroordeel en van die universiteite verban.

Nou arbei hy rustig verder as predikant, danksy die beskerming van die Engelse koning. Deur die verspreiding van sy geskrifte, asook deur sy vertaling van die Bybel en die uitsending van predikers het hy vir die hele Europa tot groot seën geword.

Die stryd teen sy volgelinge het altyd heftiger geword. Die konsilie van Constanz het hom in 1415 tot 'n ketter verklaar. Sy geskrifte en sy gebeente moes verbrand word. Hierdie vonnis is in 1428 uitgevoer. Dit kon egter die voortbestaan van sy werk nie verhinder nie.

4. Johannes Huss is in 1373 in Boheme gebore. Die bodem was reeds voorberei vir sy werk deurdat Waldense daarheen gevlug en van hul geloof getuig het. Ook het die volk reeds kennis gemaak met die geskrifte van Wiclif. Huss begin reeds vroeg in sy lewe te verkondig dat daar baie misbruike in die kerk ingesluip het en dat hervorming in leer en lewe dringend noodsaaklik was.

Vandat hy tot hoogleraar in Praag benoem is, styg sy invloed gedurig. Gedurende geruime tyd is hy deur die universiteit beskerm, maar toe hy publiek teen die aflat begin optree, het die gisting te groot geword.

Huss was verplig om na sy geboorteplek uit te wyk, waar hy aanhou met protesteer teen die priesterheerskappy en die sedeloosheid in die kerk. Die hele Boheme het in opskudding geraak. Hy is voor die konsilie van Constanz gedaag en reeds by die eerste verhoor gevange geneem, ondanks die vrygeleide van die keiser. Sewe maande moes hy in die kerker sug, en ná verskillende verhore is hy ter dood veroordeel. Op die 6e Julie is hy na die brandstapel gevoer. Met gebed en danksegging op die lippe het hy blymoedig die dood ingegaan en sy belydenis met sy dood beseël.

5. Hiëronimus van Praag was 'n vurige aanhanger van die leer van Wiclif en Huss. Sonder uitgenooi te wees, gaan hy na Constanz om teenwoordig te wees by die verhoor van Huss. Toe hy egter sien dat sy teenwoordigheid Huss nie kon help nie en homself in gevaar bring, het hy gevlug. Hy is gevange geneem en teruggebring. Vir 'n oomblik het hy gewefel en sy geloof herroep. Spoedig het hy egter sy vrymoedigheid teruggekry en voor die hele kerkvergadering sy eenheid met Wiclif en Huss bely. Ook hy moes die brandstapel beklim en het moedig gesterf as 'n bloedgetuie vir die waarheid van die Evangelie.

6. Savonarola, in 1452 in Italië gebore, tree vanaf 1489 as prediker in Florence op. Sy prediking het groot indruk gemaak, nie alleen omdat hy besonder welsprekend was nie, maar ook omdat die inhoud daarvan so anders was as die Roomse kerk geleer het. Hy het die regverdigmaking deur die geloof verkondig en aangedring op hervorming in die kerk. Luther het sy prediking 'n skone voorbeeld van Evangeliese onderwysing genoem.

Savonarola het die gunsteling van die volk geword, veral nadat 'n aantal van sy voorspellinge bewaarheid is. Toe hy hom egter met die staatkunde begin inlaat, het dit tot sy val gelei. Hy wou nl. 'n soort teokrasie (= Godsregering) in Florence invoer en strenge wette teen sedeloosheid en weelde opstel.

Vermindering van sy invloed sou die pous die geleentheid gee om hom in die ban te doen. Ook hy moes sy lewe op die brandstapel laat (1498).

7. Wessel Gansfort, afkomstig uit die kringe van die "Broeders des gemeenen levens",

is in 1419 in Groningen gebore en was 'n man van grondige kennis en groot erns. Sy vriende het hom "lux mundi" (die lig van die wêreld) genoem. As die pous hom die biskopstaf aanbied, weier hy om dit te aanvaar.

Die kerklike owerheid kom in verset teen sy geskrifte wat dan gedeeltelik as ketters veroordeel en verbrand word. Sy magtige vriende, die biskoppe van Utrecht en Keulen, het verhoed dat die Inkwisisie die hande aan hom slaan.

Luther sê van hom: "As ek Wessel vooraf sou gelees het, sou my teëstanders wel meen dat Luther alles van Wessel oorgeneem het, soseer stem ons gees ooreen".

VRAE

1. Wat weet u van die Waldense?
2. Watter betekenis het die "Broeders des gemeenen levens" gehad?
3. Wat weet u van Wiclif, Huss, Hiëronimus van Praag, Savonarola en Wessel Gansfort?

HOOFSTUK 22: LUTHER

1. *Die jeug van Luther.*
2. *Sy studieloopbaan.*
3. *Luther in 'n klooster.*
4. *Die bekering van Luther.*
5. *Die stelling.*

1. Die jeug van Luther. — Die uitverkore werktuig in die Hand van die Here om die Roomse kerk op sy grondveste te laat wankel, was Maarten Luther, gebore omstreeks 1483 in Eisleben, Duitsland. Hy stam uit 'n egte boerefamilie, waaruit verklaar word waarom hy later so pakkend die taal van die volk kon spreek.

Luther het van kindsbeen af 'n diep godsdienstige natuur besit en die Here ernstig gesoek. Onder invloed van sy Roomse opvoeding het hy egter in God slegs 'n Regter gesien wat 'n verterende vuur is. Christus was vir hom slegs die Een wat sou kom om die lewende en dode te oordeel. Die gedurige angs het hom soms baie neerslagtig gemaak. Die vraag was maar altyd: Wanneer sal ek dan eenmaal genoeg kan doen om God ook te ken as genadig?

2. Sy studieloopbaan. — Vanaf sy veertiende jaar besoek hy 'n skool, waar hy onder invloed van die "Broeders des gemeenen levens" kom. Die swaartepunt van hul onderwys het nie in die verstandelike kennis gelê nie, maar in die verdieping en verinnerliking van die godsdienstige lewe. Dit sluit dus aan by sy natuur en berei hom voor vir sy toekomstige taak.

Later word hy deur 'n vrou, Ursula Cotta, in huis geneem, sodat hy rustige geleentheid vind om te studeer. Die Cotta's was 'n familie uit die hoogste stande van die volk, sodat Luther hier leer om met die grotes van die wêreld om te gaan. In hierdie tyd het sy talente begin ontluik en spoedig sou hy sy medeskoliere oortref.

Vanaf 1501 is hy student aan die universiteit van Erfurt. Hier in die biblioteek van die universiteit vind Luther vir die eerste keer 'n Bybel en kom hy tot die ontdekking dat die Woord van God oneindig ryker van inhoud is as wat hy in die kerk hoor lees het.

3. Luther in 'n klooster. — Ooreenkomstig die wens van sy vader sou Luther nou met wetstudie begin. Hy breek egter plotseling af en in dieselfde jaar waarin hy daarmee begin, sien ons hom voor die kloosterpoort staan. Die hoofsaake vir hierdie skielike omswaai was die plotselinge dood van een van sy studiemats en 'n gelofte wat hy in 'n oomblik van groot nood afgelê het. Hy was naamlik op sy terugreis ná 'n besoek aan sy ouers toe hy deur 'n swaar onweer oorval is. In doodsangs het hy uitgeroep: Help, heilige Anna, ek sal monnik word.

Die klooster was gekenmerk deur strenge tug, met die daaraan verbonde gevaar vir werkheiligheid. Luther het gewaak, gevas en homself kasty, meer as wat nodig was. Die angs en onrus het egter nie uit sy siel gewyk nie.

Die hoof van die klooster het hom vir die studie van die godgeleerdheid bestem. Hy begin dan ook deur voorlesings oor die Bybel en die Roomse teologie by te woon. In 1507 word hy tot priester gewy en maak nou self 'n studie van die Bybel.

As hy na die klooster van Wittenberg verplaas word, kan hy daar aan die universiteit sy teologiese studie voortsit en tegelykertyd lesinge gee in die letterkundige fakulteit. Hier kom hy in aanraking met die hoof van die orde van monnike waaraan hy behoort, naamlik Johann von Staupitz. Hierdie man het 'n groot invloed op sy lewe gehad en hom aangemoedig om te volhard in sy studie van die Skrif.

Teen die einde van 1510 maak hy in belang van sy orde 'n reis na Rome. Hier betoon hy homself 'n toegewyde seun van die Roomse kerk, hoewel die verrotte kerklike toestande hom geweldig teen die bors stuit. Ná sy terugkeer behaal hy die graad van doktor in die

teologie en word professor aan die universiteit in die plek van Von Staupitz.

4. Die bekering van Luther. — Ongeveer in die jaar 1511 of 1512 moet sy "ontdekking van die Evangelie" geplaas word. Op grond van Rom. 1:17 kom hy tot die sekerheid dat die "geregtigheid van God" waaroor Paulus spreek, nie die toorn van God as Regter bedoel nie, maar die goddelike barmhartigheid en liefde wat geskenk word aan elkeen wat glo.

Hierdie insig het by Luther plotseling tot rypheid gekom, maar *tog* was dit 'n vrug van sy gedurende studie van die Bybel en sy geweldige sielestryd. Die studie van die werke van Augustinus, veral sy leer oor sonde en genade, het ook 'n groot deel hiertoe bygedra. Van nou af gee hy dan ook gereeld lesings oor die Bybel en veral oor die briewe van Paulus. Die bekering van Luther word tereg die geboorteur van die Hervorming genoem.

5. Die 97 stelling teen die Skolastiek. — Die bekering van Luther sou dadelik 'n breuk met die Skolastiek van die Middeleeue beteken. Op 4 September 1517 het hy 97 stelling teenoor hierdie geleerdheid verdedig, waardeur hy in botsing kom met die Griekse wysgeer Aristoteles, wat nog altyd groot gesag in die kerk gehad het. Luther verklaar: die hele Aristoteles is wat die duisternis vir die lig is.

6. Die 95 stelling teen die aflaat. — Vanaf sy bekering tot die Skriftuurlike standpunt sou dit nog vyf jaar duur voordat Luther in die openbaar optree. Die aanleiding hiertoe was die *aflaathandel*.

Pous Leo X het meer belangstelling in kuns en wetenskap as in die sieleheil van mense. Een van sy voorgangers het reeds begin met die bou van die reusagtige St. Pieterskerk in Rome en Leo was van plan om die werk te voltooi. Daarvoor was egter baie geld nodig. Vir die insameling daarvan het hy 'n grootskaalse "aflaathandel" op tou gesit.

'n Hele aantal aflaatkramers het ook deur Duitsland getrek. 'n Sekere Tetzl moes die streek behartig waarin Wittenberg geleë was. Hy het van die aflaathandel 'n skandalige swendel gemaak deur o.m. te verkondig: "As iemand vir 'n afgestorwene geld in die kis stort, vaar die siel na die hemel sodra die geld in die kis klink".

Luther het uit die Skrif en uit die werke van Augustinus geleer dat God alleen die sondes kan vergewe en dit doen as daar verootmoediging en skuldbelydenis is. Hy kon dus nie langer swyg nie.

Op 31 Oktober 1517 slaan hy sy beroemde 95 stelling aan die deur van die kerk in Wittenberg. Dit was in hierdie tyd die gewone metode om 'n disputasie (= woordestryd) uit te lok. Luther dink nog nie daaraan om met die Roomse kerk te breek nie. Sy bedoeling is ook nie om teen die aflaat as sodanig op te tree nie, maar alleen die *misbruik* daarvan! Tog het op 31 Oktober 1517 die beweging begin wat tot 'n breuk met Rome sou lei, sodat hierdie datum met reg as die begin van die Hervorming beskou word.

Dit kom nie tot 'n disputasie nie, omdat niemand hom aanmeld nie, maar die publikasie van die stelling het 'n uitwerking wat niemand vermoed het nie. Binne veertien dae was die stelling oor die hele Duitsland versprei en nie lank daarna nie oor die hele Europa. Van nou af pak die onweer bo die hoof van Luther saam. Die klop van die hamer op die kerkdeur het die hele Europa laat bewe.

Vanweë die belangrikheid daarvan, gee ons hier die inhoud van 'n paar stelling:

Stelling 6: Die pous kan geen skuld vergewe nie, behalwe insover hy verklaar en bevestig wat deur God vergewe is.

Stelling 32: Hulle sal met hul meesters na die duiwel vaar wat meen dat hulle deur aflaatbriewe van hul saligheid verseker kan wees.

Stelling 76: Ons sê dat die aflaat nie in staat is om die geringste daaglikse sondes, wat die skuld aangaan, weg te neem nie.

VRAE

1. Wat weet u van die jeug van Luther?
2. En van sy studieloopbaan?
3. Waarom het Luther na 'n klooster gegaan en wat het hy daar gedoen?
4. Hoe het Luther tot bekering gekom?
5. Waarteen was die 97 stelling van Luther gerig?
6. Wat het aanleiding gegee tot die 95 stelling?
7. Wat was die uitwerking daarvan? 8. Noem die inhoud van 'n paar stelling.

HOOFSTUK 23: LUTHER (vervolg)

1. *Luther in die strydperk.*
2. *Luther op die ryksdag van Worms (1521).*
3. *Luther op die Wartburg.*
4. *Laaste periode van die stryd.*
5. *Karakter van die Luther se Hervorming.*

1. Luther in die strydperk. — In die begin het die pous gemeen dat die moeilikhede op vreedsame manier opgelos kon word. Hy het deur die hoofde van Luther se orde op hom probeer inwerk, maar tevergeefs. As hierdie poginge nie help nie, knoop die pous teen hom die stryd aan. Hy word opgeroep om binne sestig dae in Rome te verskyn.

Politieke oorweginge sou egter die hele posisie laat verander. Dit was in die voordeel van die pous om goeie betrekkinge te behou met die keurvors Frederik die Wyse, wat intussen die beskermmer van Luther geword het. Dit word dus toegestaan dat die Hervormer voor die pouslike gesant verhoor kan word. Ook hier het Luther geweier om enigiets terug te trek en besluit om hom van die pous op 'n algemene kerkvergadering (konsilie) te beroep.

Die disputasie van Leipzig (1519), waarin Luther te staan kom teen die geleerde dr. Eck, het hom 'n hele stuk verder gebring op die ingeslane weg en 'n einde gemaak aan die doellose versoeningspoginge. Luther het openlik sy twyfel uitgespreek aangaande die onfeilbaarheid van die konsilies, asook oor die goddelike oorsprong en mag van die pousdom. Dit word nou duidelik dat daar 'n onoorbrugbare kloof tussen Luther en die Roomse kerk is.

In 1520 word Luther in 'n pouslike "bul" of omsendbrief met die ban gedreig as hy nie binne 60 dae sy "ketterse" stelling herroep nie. Die bul het o.a. ook beveel dat Luther se werke verbrand moet word en op een plek het dit dan ook werklik plaasgevind. Luther se antwoord hierop was die verbranding van die pouslike bul in teenwoordigheid van die professore en studente. Deur hierdie daad het hy vir goed met die Roomse kerk gebreek en spoedig het die banvonniss gevolg. Iemand kenskets hierdie tyd as volg: "Die dag van die Hervorming het gekom; daar het 'n asem van God oor Europa gegaan; die harte van nasies is beweeg soos die see in 'n orkaan. Dit was 'n storm wat nie te keer was nie; dit was 'n ander Nylstroom wat ver buite sy oevers getree en die verdorde en verskroeiende lande vrugbaar gemaak het".

2. Luther op die ryksdag van Worms (1521). — Die nuwe keiser, Karel V, het homself 'n besliste teenstander van die Hervorming betoon, nie alleen uit godsdienstige oogpunt nie, maar ook uit oorweginge van politieke belang. Die Duitse vorste het dit bewerk dat Luther uitgenodig sou word tot 'n verhoor op die eerste ryksdag (parlementsitting) wat die jong vors op Duitse bodem sou hou. Toe die vriende van Luther hom sterk afraai om te gaan en hom herinner aan die voorbeeld van Huss, was sy antwoord: "Al is die hele pad van Worms na Wittenberg een vuur, waarvan die vlamme tot aan die hemel reik, sal ek in die Naam van die Here daardeur heen wandel en voor hulle verskyn; ek sal my in die kake van die groot bees begewe en sy tande uitbreek en die Here Jesus Christus bely, en al is daar in Worms net soveel duiwels as panne op die dakke, ek sal tog daarheen gaan".

Op 'n tafel lê die geskifte van Luther. Hy het naamlik in die jaar 1520 drie belangrike werke geskrywe. Die eerste was: "Aan die Christelike adel van die Duitse nasie". Hierin roep hy die keiser, die vorste en die orige adellike persone op tot hervorming en verklaar die priesterheerskappy onwettig. Die tweede werk: "Die Babiloniese gevangenskap van die kerk", verwerp die Roomse leer van die sakramente en die aanmatiging van die kerk dat dit heilsmiddelares is. Die derde: "Oor die vryheid van 'n Christenmens", trek die konklusies vir die lewe van die gelowige. In hierdie laaste werk skryf hy o.a. dat die stoel van Rome erger is as Sodom, Gomorra en Babilon.

Dr. Eck wou op die ryksdag van Luther weet of hy gewillig was om terug te trek wat hy geskryf het. Hy het uitstel gevra tot die volgende dag. Toe was sy antwoord: "Ek kan en wil niks herroep nie, tensy dat dit my uit die Heilige Skrif bewys word, dat ek gedwaal het, want dit is nie raadsaam om iets teen die gewete te doen nie. Mag God my help. — Amen".

Daarop verklaar die keiser dat hy besluit het om al sy koninkryke, sy vriende en sy lewe op die spel te sit in sy stryd teen Luther as ketter. Die edik van Worms het oor Luther en sy aanhangers die ryksban uitgespreek en die verbranding van al hul boeke beveel. Tegelyk is 'n boekesensuur vir die hele Duitsland ingestel.

3. Luther op die Wartburg. — Die keurvors, Frederik die Vryse, sou Luther red uit die gevaar wat hom persoonlik bedreig. Op sy terugreis van Worms is die Hervormer "gevang" deur 'n aantal vermoede ridders wat hom na die kasteel Wartburg geneem het. Hier het Luther tien maande gebly onder die skuilnaam: Jonkheer Georg. Ten spyte van swaar aanvegtinge het hy hier hard gewerk en baie geskryf, o.m. ook die Nuwe Testament in Duits vertaal. Dit het in 1522 verskyn en die vertaling van die hele Bybel in 1534. Hierdie vertaling was van ontsaglike betekenis vir die verbreiding van die Hervorming.

4. Laaste periode van die stryd. — Karel V is deur sy oorloë met Frans I van Frankryk en deur die invalle van die Turke verhinder om kragdadig op te tree. Van die tyd van rus maak Luther en sy vriend Melanchton gebruik om die kerk te organiseer. Melanchton was 'n besonder knap geleerde wat reeds op sewentienjarige leeftyd sy M.A.-graad behaal het, waarna hy in die godgeleerdheid gaan studeer. Hy word benoem tot professor in Grieks en trek spoedig honderde studente. Melanchton was 'n fyn beskaafde man met sagsinnige karakter en kon dus 'n gepaste aanvulling wees vir Luther wat soms ru en opvliegend kon word.

In 1529 kom die tyd van rus op 'n end met die ryksdag van Spiers. In 1526 is besluit dat elkeen mag handel "soos hy dit teenoor God en die keiserlike majesteit kan verantwoord". Hierdie toelating word nou teruggetrek. Die aanhangers van die Hervorming dien daarteen 'n protes in — vandaar dat hulle, "Protestante" genoem is,

Dan volg 'n langdurige stryd, soms met bloedige gevolg. Luther sou die laaste egter nie meer beleef nie, want in 1546 is hy oorlede, voordat dit tot gewapende botsing gekom het.

Die uiteinde was dat Karel V moes vlug. Dan kom die godsdienstvrede van Augsburg (1555), waarin bepaal word dat elke vors voortaan sal uitmaak watter godsdien in sy gebied die heersende sal wees. Andersdenkendes was vry om sulke gebiede ongehinderd te verlaat. Die Lutherse Hervorming het nou die geleentheid om na verskillende lande van Europa uit te brei.

5. Karakter van die Lutherse Hervorming. — Van die Hervormers het Luther die digste by Rome bly staan. Hy het bv. van die Roomse erediens alles behou wat hy as nie in stryd met die Skrif beskou het nie, soos beelde, kerse, altare, priestergewade, ens. Wat die sakramente betref, het hy die "nooddoop" behou en in die nagmaalsleer in plaas van die transsubstansiasie die *konsubstansiasie* geleer, d.w.s. die brood en wyn word nie werklik vlees en bloed van Christus nie, maar die vlees en bloed van Christus word *onder* en *in* die tekens van brood en wyn geniet.

In die kerkregering het hy aan die wêreldlike vorste baie invloed laat toekom, sodat dit maar weer 'n terugkeer is tot die caesaropapie, die staatskerkgedagte.

Die sentrale gedagte by Luther was die van die *regverdigmaking deur die geloof*. Hoofnadruk val dus op die redding van die mens en nie op die soewereiniteit van God soos by Calvyn nie. Luther het dan ook die betekenis van die Heilige Skrif *vir alle terreine van die lewe* nooit ten volle begryp nie.

VRAE

1. Vertel kortliks hoe die pous teenoor Luther opgetree het.
2. Watter boeke het Luther in 1520 geskrywe?
3. Hoe het hy opgetree op die ryksdag van Worms?
4. Hoe het Luther op die Wartburg gekom en wat het hy daar gedoen?
5. Wat weet u van Melanchton?
6. Wat het die godsdiensvrede van Augsburg bepaal?
7. Wat was die karaktertrekke van die Lutherse Hervorming?

HOOFSTUK 24: ZWINGLI

1. *Die jeug van Zwingli.*
2. *Zwingli se eerste openbare optrede*
3. *Zwingli in Zürich.*
4. *Botsing met die Roomse.*
5. *Karakter van die Zwingliaanse Hervorming.*

1. Die jeug van Zwingli. — Switserland bestaan uit 'n Duitssprekende en 'n Franssprekende deel. Ons behandel eers die Hervorming in die Duitse deel, omdat die werk van Zwingli 'n posisie tussen die van Luther en Calvyn inneem.

Ulrich Zwingli is in 1484 gebore en tree dus ongeveer in dieselfde tyd as Luther op. Sy vader was nie onbemiddeld nie en het hom reeds op jeugdige leeftyd vir 'n geestelike loopbaan bestem. Reeds van jongsaf het hy 'n besondere gawe vir die twisgesprek getoon wat hom later goed te pas sou kom.

Hy studeer in Weenen (Oostenryk) en in Basel (Switserland) en kom onder invloed van die Humaniste. In 1506 behaal hy die M.A.-graad.

2. Zwingli se eerste openbare optrede. — Deur bemiddeling van sy oom word hy pastoor (predikant). Teen die einde van die jaar 1506 word hy tot priester gewy. Selfs nou nog is hy 'n vurige Humanis en veral 'n vereerder van Erasmus.

Van 1513 af het Zwingli, as gevolg van sy studie van die Nuwe Testament en die werke van die kerkvaders, altyd meer geneig na die beskouinge van Erasmus. Hy het selfs voor Luther tot duidelike oortuiging gekom. Tog was die gedagte aan 'n algehele omwenteling in die kerklike lewe nog ver van hom. Hy was van mening dat die kerk langsaam uit sy toestand van smaad en verworping kon opgehef word.

As hy sy standplaas verwissel vir Einsiedlen, begin hy optree teen die bygeloof wat in die stadje geheers het. Hier kom hy ook in botsing met die Switserse Tetzl, 'n sekere Samson. Dit was egter nog nie van veel betekenis vir sy toekomstige Hervorming nie.

3. Zwingli in Zürich. — Sy hervormingswerk begin pas vandat hy na Zürich verhuis (1519). Geleidelik en sonder groot skokke kom Zwingli intussen tot volle kennis van die waarheid, veral nadat hy, behalwe die werke van Augustinus, ook die van Luther begin lees het.

Ná die verbranding van die pouslike bul deur Luther, begin hy meer sistematies teen die kerklike toestande van sy tyd op te tree. Merkwaardig genoeg kom hy eers teen sekere maatskaplike en politieke misstande in verset. Zwingli was dan ook 'n vurige patriot en nie alleen as kerklike nie maar ook as politieke figuur bekend.

Die politieke stryd het reeds groot gisting gebring en dit sou nog aangroei as hy vanaf 1522 openlik teen kerklike misbruike optree. In hierdie jaar is enkele burgers gestraf omdat hulle nie die kerklike voorgeskrewe vasdag onderhou het nie. Zwingli het vir hulle in die bres getree en aan die hand van die Skrif bewys dat die vas onskriftuurlik en 'n bloot menslike instelling was.

As gevolg van sy optrede is twee openbare dispute in teenwoordigheid van die Raad van Zürich gehou. Zwingli het sy oortuiginge in 67 stelling uitteengesit. Ons gee hier 'n paar stelling:

"Die hoofsaak van die Evangelie bestaan hierin dat Christus, die Seun van die lewende God, aan ons die wil van sy hemelse Vader bekend gemaak het, ons deur sy onskuld van die ewige dood gered en met God versoen het".

"Christus, wat Homself eenmaal aan die kruis opgeoffer het, is die offerande wat in ewigheid vir alle sondes van die gelowiges voldoen. Hy is die enigste Middelaar tussen God en ons".

"Christus is ons geregtigheid; daaruit volg dat ons werke slegs in sover goed is, as wat dit werke van Christus is".

Die Raad was oortuig dat Zwingli in die verskillende dispute die oorwinning behaal het en steun van nou af sy optrede. In verskillende distrikte seëvier die Hervorming.

Daar vind nou 'n hele omkering in die erediens plaas. Kloosters word gesluit; beelde, relikwieë, die mis, altare en heiligedae afgeskaf. Die suiwer nagmaalsviering word ingestel en die huwelik van priesters geoorloof verklaar.

4. Botsing met die Roomse. — By baie Switsers het die idee van Zwingli ingang gevind. In Basel het Oecolampadius gestaan as 'n getuie vir die waarheid. Die suidelike distrikte het egter Rooms gebly en selfs die Protestante vervolg, sodat 'n bloedige botsing onvermydelik was. In 1529 bars die stryd los. Eers behaal die Protestantse distrikte die oorwinning, maar onverwags val die Roomse troepe die gebied van Zürich weer binne. Die Protestante was nie voorbereid nie en moes oorgee. Ook Zwingli, wat as veldprediker saam uitgetrek het, sneuwel in die slag by Kappel (1531). Hierdie nederlaag en die dood van Zwingli was 'n gevoelige verlies vir die Protestantse saak. Dit het die Roomse egter nie geluk om die saad van die Hervorming weer te laat verstik nie. Heinrich Bullinger sou die werk van Zwingli voortsit.

5. Karakter van die Zwingliaanse Hervorming. — Zwingli staan nader by Calvyn as Luther. Ook vir hom was die Heilige Skrif die enigste bron van die waarheid. Verder het hy die predestinasieleer bely en in die erediens van dieselfde standpunt as Calvyn uitgegaan, naamlik dat alles verwyder moes word wat nie uitdruklik in die Heilige Skrif voorgeskrywe is nie. Hulle het teruggekeer na die eenvoud van die ou Christelike kerk. Net soos Calvyn het Zwingli goed begryp dat die Woord van God ook vir die gewone daaglikse lewe gesaghebbend is, asook vir die politiek en dat dit nie net handel oor die saligheid van die mens nie.

Tog is daar leemtes in die leer van Zwingli. Hy het nooit die Humanisme heeltemal oorwin nie en daarom was sy opvattinge oor sonde en genade oppervlakkig. Hy het dan ook nie die sieleworsteling van Calvyn en Luther deurgemaak nie. Sy voorstelling is helder, maar nie diep nie. So leer hy bv. dat die nagmaal *bloot 'n gedagtenis* aan die lyde en sterwe van Christus is. Omdat sy Hervorming te veel aan die verstandelike kant was, het dit nie diep spore nagelaat en nie die wêreldbetekenis van Lutheranisme en Calvinisme verkry nie. Die sistematiese gees van Calvyn sou eers aan die Switserse Hervorming 'n belynde leer en 'n vaste organisasie gee.

VRAE

1. Wat weet u van die jeug van Zwingli?
2. Wat was sy verhouding tot Erasmus?
3. Wanneer het hy in die openbaar begin optree en waarteen?
4. Verhaal kortliks die optrede van Zwingli in Zürich.
5. Gee die inhoud van 'n paar van sy 67 stelling.
6. Het Zwingli sukses gehad?
7. Verhaal die botsing tussen Roomse en Protestante.
8. In watter opsigte het Zwingli met Calvyn ooreengekom?
9. Watter leemtes was daar in sy Hervorming?

HOOFSTUK 25: LEWE EN WERK VAN CALVYN

1. *Die jeug van Calvyn.*
2. *Sy studieloopbaan.*
3. *Sy bekering.*
4. *Calvyn se "Institusie".*
5. *Calvyn se eerste verblyf in Genève.*

1. Die jeug van Calvyn. — Waar Luther 'n boereseun was, kan Calvyn as 'n aristokraat bestempel word. Nie alleen was sy moeder afkomstig uit 'n aansienlike familie nie, maar reeds van jongsaf gaan hy met mense van adellike stand om. In sy jeug leer hy dus al om hom in hoë kringe te beweeg. Hieruit moet verklaar word dat sy hele verskyning aangenaam aangedoen het.

Calvyn is gebore op 10 Julie 1509 in Noyon, 'n stadje in Picardië (Noord-Frankryk). Sy ouers het hom vir die geestelike stand bestem, en reeds op twaalfjarige leeftyd is aan hom 'n vaste kerklike inkomste toegeken.

2. Sy studieloopbaan. — Deur Calvyn se hele loopbaan kan duidelik die voorsienigheid van die Here bemerk word. Alles werk mee om hom voor te berei vir sy optrede as 'n uitverkore werktuig in die hand van die Here.

Op veertienjarige leeftyd word hy na Parys gestuur om opleiding in die godgeleerdheid te ontvang. Baie gou blyk dat hy 'n besonder groot verstand besit, sodat hy sy medeleerlinge *in die skaduwee stel*. Hy het *buitengewoon* hard gewerk en elke môre herhaal wat hy die vorige dag geleer het. As gevolg van die oormatige inspanning is sy gesondheid reeds op jeugdige leeftyd geknak, sodat hy later aan menigvuldige kwale gely het.


Dit word so beskik dat Calvyn aan die voete van uitnemende leermeesters mag sit, soos Cordier, aan wie hy sy deeglike kennis van Latyn en Frans te danke het, en Wolmar, wat hom in Grieks onderrig, sodat hy die Nuwe Testament in die oorspronklike taal kon lees. Later sou hy ook in Hebreeus homself goed tuis maak.

In sy agttiende lewensjaar het sy vader plotseling van plan verander, omdat hy in 'n stryd met die geestelikheid van Noyon gewikkel was. Hy begeer nou nie meer dat sy seun 'n kerklike amp sal beklee nie, maar dat hy in die regte moet gaan studeer, omdat hy langs die weg gouer tot eer en aansien kan kom. Calvyn het gehoorsaam en dit ook op hierdie gebied ver gebring. Sy regs kennis sou hom help om fyn te onderskei. Ná die dood van sy vader het hy egter weer met sy letterkundige studies aangegaan. Op drie-en-twintigjarige leeftyd skryf hy sy eerste boek, waarin hy toon dat hy reeds oor 'n reusagtige hoeveelheid kennis beskik. In hierdie werk staan hy nog op humanistiese standpunt. Eers later sal sy kennis in die diens van die Evangelie gestel word. Voor dit hiertoe sou kom, moes daar eers 'n groot verandering in sy siel plaasvind.

3. Sy bekering. — Dit kan nie met sekerheid vasgestel word of Calvyn langsamerhand dan wel plotseling van die Roomse leer tot die Protestantisme bekeer is nie. Waarskynlik moet ons aanneem dat hy deur sy studie van die Skrif langsamerhand tot ander insigte gekom het, hoewel hy nie daarvan bewus was nie totdat meteens die lig ten volle deurbreek. In die voorrede van sy kommentaar op die Psalms sê hy: "God het deur die verborge teuel van sy voorsienigheid my loopbaan 'n ander rigting gegee. Hy het, terwyl ek die bygeloof van die pousdom al te hardnekkig toegedaan was, *my siel deur 'n plotselinge bekering tot leersaamheid onderwerp*".

Hierdie gebeurtenis vind waarskynlik in die jaar 1533 plaas. Op 1 November van hierdie jaar moes die rektor van die universiteit van Parys 'n redevoering hou. Sy vriend, Calvyn, het hy gevra om dit vir hom op te stel. Hierdie rede, deurtrek van die gees van die Hervorming, het *groot opskudding* verwek en die rektor moes vlug. Ook Calvyn ontkom ter nouernood aan die vervolging deur Parys te verlaat. Intussen het hy reeds

4. Calvyn se "Institusie". — Van nou af is Calvyn 'n tyd lank swerweling. In Basel (Switserland) voltooi hy die eerste uitgawe van sy later so beroemde werk: die



"Institusie of Onderwysing in die Christelike Godsdiens". Dit was in die jaar 1535, toe hy nog maar 26 jaar oud was. Die werk het sy ontstaan aan die volgende gebeurtenis te danke. Koning Frans I wou sy vervolging van die Protestante verdedig met die voorwendsel dat hy nie vrome aanhangers van die Hervorming laat doodmaak nie, maar alleen Wederdopers en oproerlinge wat die orde van die staat versteur. Dit was 'n onwaarheid en Calvyn wou dit aantoon in sy boek. Sy werk is dan ook 'n konsiënsiekreet en 'n skitterende verdediging van die ware Christelike geloof. Die Institusie is later uitgebrei en word vandag nog beskou as een van die vernaamste bronne van die Gereformeerde leer.

5. Calvyn se eerste verblyf in Genève. — In Genève is die Hervorming voorberei deur die vurige Willem Farel en die bekwame prediker Viret. In 1535 het die Raad van die stad hom reeds ten gunste van die Reformasie verklaar. Al was Genève egter officieel Gereformeerde, daar was nog baie hervormingswerk te doen. Baie Roomse het net uit politieke oogmerke saamgestem. Buitendien was Farel, wat reeds die aanvoorwerk gedoen het, wel die geskikste man om die bouwerk van die Roomse inmekaar te laat tuimel, maar nie om opnuut te organiseer nie. Daarvoor was 'n Calvyn nodig en dieselfde Farel sou die voorbereide Calvyn aan die voorbereide Genève gee.

In die jaar 1536 maak Calvyn 'n reis na Straatsburg en as gevolg van omstandighede moes sy pad oor Genève gaan. Sy plan was om net 'n enkele dag daar oor te bly, maar God het dit anders beskik. Spoedig is sy aanwesigheid ontdek en het Farel by hom ernstig aangedring dat hy in die stad sou bly om met die ander Hervormers saam te werk. Calvyn, wat eers allerlei verontskuldiginge maak, soos bv. dat hy nog verder wil studeer, moes uiteindelik toegee, omdat hy in die optrede van Farel die hand van die Here gesien het. Van nou af (1536) was Calvyn en Genève aanmekaar verbind. Hy was reeds die erkende leier van Protestantse Europa en van hierdie stad sou hy invloed oor die hele vasteland, en selfs Engeland, uitoefen.

VRAE

1. Waar en wanneer is Calvyn gebore en wat weet u van sy jeug?
2. Hoe kan in die ontwikkeling van Calvyn die voorsienigheid van die Here gesien word?
3. Hoe het die bekering van Calvyn plaasgevind, en wanneer?
4. Wat weet u van die rektorale rede van 1 November 1533?
5. Hoe het die "Institusie" van Calvyn ontstaan?
6. Wat is die betekenis van hierdie werk?
7. Wie het die Hervorming in Genève voorberei?
8. Waarom was die werk van Calvyn daar nodig?
9. Hoe het hy in Genève gekom?

HOOFSTUK 26: LEWE EN WERK VAN CALVYN (vervolg)

1. *Calvyn se eerste verblyf in Genève.*
2. *Terugkeer na Genève.*
3. *Die stryd teen Servet.*
4. *Oprigting van die hoëskool.*
5. *Karakter van Calvyn se werk.*
6. *Enkele kenmerkende Calvinistiese beginsels.*

1. Calvyn se eerste verblyf in Genève. — Calvyn begin dadelik met die organisasie van die gemeentelike lewe. Eers tree hy op as professor en later as predikant. Reeds in 1536 is die Kategismus, deur Calvyn opgestel, aanvaar as Geloofsbelydenis van Genève. Sowel die Raad as die burgery moes instemming daarmee betuig.

Ook is 'n Kerkorde ingevoer, waarin die handhawing van die tug 'n belangrike plek beklee. Die strenge handhawing van die tug en die maatreëls van Calvyn om die sedeloosheid en sondige vermake te bestry, het egter 'n gees van opposisie wakker geroep.

Die Raad, eers simpatiek, kom ook langamerhand in botsing met die Hervormer. Die moeilikheid het ontstaan deur die inmenging van die Raad in die sake van tug en belydenis. Calvyn se eis was dat die kerk in hierdie sake vry moet wees. O.m. het die Raad aangedring op sagter maatreëls, maar Calvyn wou niks terugneem nie. Toe hy dan ook op 'n keer in die kerk verklaar dat hy in so 'n losbandige stad die nagmaal nie kan bedien nie, is hy en Farel uit die stad verban. Calvyn het na Straatsburg gegaan en hier met seën die Franse vlugteling-gemeente bearbei.

2. Terugkeer na Genève. — Ná die verbanning van Farel en Calvyn ontstaan daar in Genève 'n toestand van ordeloosheid en tugtelosheid. Daar was vir die Raad geen ander keuse nie as om die Hervormers terug te roep. Calvyn stem toe op voorwaarde dat hy gesteun sou word in sy poginge om die kerklike tug te handhaaf.

Calvyn moes in hierdie tydperk 'n sware stryd voer: teen mense van minder strenge lewensopvatting (Libertyne) en teen ketters, soos o.m. Bolsec wat die uitverkiesingsleer aangeval en Servet, wat die Drie-eenheid geloën het.

3. Die stryd teen Servet. — Die geval van Servet was oorsaak dat die naam van Calvyn belaster en aan die saak van die Calvinisme groot skade berokken is. Deur Calvyn aangeklaag, het die Raad hom tot die vuurdood veroordeel, nadat ook die advies van ander kantons (distrikte) van Switserland ingewin is. As ons 'n oordeel oor die optrede van Calvyn wil uitspreek, moet ons billik wees. Hy was ook nog in seker opsigte kind van sy tyd. Die doodstraf vir ketters was in die tyd nie vreemd nie en alle toenmalige Hervormers het die vonnis goedgekeur. Calvyn het slegs *getuig* by die openbare verhoor en het nog gepleit dat Servet onthoof in plaas van verbrand sou word, hoewel tevergeefs.

4. Oprigting van die hoëskool. — In die jaar 1559 het die hartewens van Calvyn in vervulling gegaan, naamlik die oprigting van 'n akademie of universiteit. Na die skool met sy twee afdelinge: 'n hoëre en 'n laere, het uit alle lande van Europa studente gekom. Calvyn het dan ook aan sy vriende geskrywe: Stuur vir ons hout, ons sal daar pyle van sny. Die invloed van hierdie hoëskool is onberekenbaar.

5. Karakter van Calvyn se werk. — Gedurende die jare van sy tweede verblyf in Genève ontwikkel die Hervormer 'n ontsaglike werkkrag. Byna elke dag het hy gepreek, en in die loop van die tyd is omtrent die hele Bybel deur hom verklaar. Bowendien het hy nog 'n geweldige korrespondensie gevoer en herderlike werk in die gemeente gedoen. Dikwels het hy nagrus opgeoffer en soms maaltye vergeet. Sy swak gesondheid kon egter die gedurige spanning nie lank verdra nie en in 1564 het hy die tydelike met die

ewige verwissel: *Ek offer my hart* — dit was sy wapen en só was sy lewe.

Dit word soms beweer dat Calvyn die lewe donker gesien het, dat hy 'n onmoontlike mens was om mee oor die weg te kom en dus ook geen vriende gehad het nie. Die waarheid is egter dat hy 'n groot vriendekring versamel en selfs 'n enkele maal aan sport deelgeneem het. Sy menigvuldige besighede en die gedurige liggaamlike lyding het hom natuurlik meer teruggetrokke gemaak as ander mense, maar dit wil nie sê dat hy 'n pessimis was nie. Wel was sy temperament prikkelbaar en sy optrede soms heftig, maar hy het self daarvoor die meeste spyt gehad. Hoofsaak is egter: in al sy doen en late het hy die eer van God vooropgestel.

6. Enkele kenmerkende Calvinistiese beginsels. — By Luther is die sentrale punt die *regverdigmaking deur die geloof*, by Zwingli die *gesag van die Heilige Skrif*, maar by Calvyn is dit die *soewereiniteit van God*. Daarom het hy die leer van die predestinasie of voorverordining konsekwent verkondig. Die vrye, soewereine genade van God is die enigste oorsaak van die mens se saligheid. Die "Soli Deo Gloria" (Aan God alleen die eer) is die kernspreuk van die Calvinisme.

Direkte uitvloei is hiervan is dat die Woord van God gesag het op alle *terreine van die lewe* en nie alleen in die kerk of in die hart van die mens nie. Tog het elke lewenskring weer sy eie soewereiniteit en sy eie wette van God. Luther het aan die landsregering groot invloed in kerklike sake toegeken. Calvyn het geleer dat kerk en staat afsonderlike terreine is. Die selfstandigheid van die kerk moet gehandhaaf word en die kerk deur ouderlinge geregeer word. Dit is dus nie waar as daar beweer word dat Calvyn 'n soort *teokrasie* in Genève wou stig en die kerk oor die staat laat heers nie. Wat hy wel leer, is dat albei, staat en kerk, aan die Woord van God onderworpe moet wees en dat daar, hoewel die terreine van die twee onderskeie is, tog 'n noue verband tussen hulle bestaan. Die owerheid moet aan die een kant die sake van die kerk bevorder en beskerm, en aan die ander kant het die kerk die plig om aan die owerheid die eis van die Woord van God te predik.

In die *erediens* het Calvyn teruggekeer tot die eenvoud van die eerste Christelike gemeentes. Hoofsaak is die prediking van die Woord. Daarom moet beelde en altare verwyder word en die kansel in die plek daarvan kom. In die nagmaalsleer het Calvyn sowel die leer van Rome as die van Luther verwerp, en tog 'n baie dieper betekenis aan hierdie sakrament geheg as Zwingli. In die nagmaal word nie met die natuurlike mond spys en drank geniet nie (Rome en Luther); dit is ook nie bloot 'n gedagtenis-maal nie (Zwingli), maar 'n genieting op geestelike wyse met die mond van die geloof. Op alle gebiede was Calvyn dus onder die Hervormers die suiwerste en diepsinnigste.

VRAE

1. Hoe het Calvyn die kerklike lewe in Genève georganiseer?
2. Hoe het die botsing tussen Calvyn en die Raad ontstaan?
3. Waarom is hy verban?
4. Waar het hy gebly tydens die ballingskap?
5. Waarom is Calvyn weer teruggeroep?
6. Op watter voorwaarde het hy teruggekom?
7. Teen wie moes Calvyn stryd voer?
8. Verhaal die geskiedenis van Servet.
9. Watter rol het Calvyn hierin gespeel?
10. Hoe moet sy optrede beoordeel word?
11. Wat het Calvyn vir die onderwys gedoen?
12. Wat was die karakter van sy werk?
13. Noem enkele kenmerkende Calvinistiese beginsels.

HOOFSTUK 27: DIE HERVORMING IN FRANKRYK

1. *Begin van die Hervorming in Frankryk.*
2. *Vervolginge.*
3. *Vooruitgang van die Hervorming.*
4. *Herroeping van die edik van Nantes.*

1. Begin van die Hervorming in Frankryk. — Die eerste stoot tot die Hervorming in Frankryk kom uit Wittenberg, deurdat die geskrifte van Luther bekend geword het. Reeds voor die optrede van Luther egter het die geleerde Le Fèvre die gesag van die Skrif en die leer van die regverdigmaking deur die geloof verkondig. In 1512 al (dus vyf jaar voor die openbaarmaking van die 95 stelling) verskyn daar van die hand van Le Fèvre 'n kommentaar op die briewe van Paulus. Hy het ook die Bybel in Frans vertaal. Tewens is Farel deur hom vir die Reformasie gewin. Die Protestantisme van Le Fèvre was egter baie gematig en versoeningsgesind. Teen die einde van sy lewe het hy homself dikwels sy onbeslistheid en vreesagtigheid verwyt.

2. Vervolginge. — In Frankryk is die godsdiens diensbaar gemaak aan die staatkunde van twee magtige partye, die Guises en die Bourbons. Eersgenoemdes was die voorvegters van die Katolieke en laasgenoemdes van die Protestante. Daarby kom dat die konings van Frankryk die demokratiese beginsels van die Calvinisme gevaarlik vir hul mag geag het. Byna die hele geskiedenis van die sestiende eeu bestaan dan ook uit 'n reeks vervolginge wat hul hoogtepunt sou bereik in die moord van die Bartholomeusnag (1572). Die vervolginge begin in 1535 onder koning Frans I. As die sluwe en wrede Catharina de Medici tydens die minderjarigheid van haar seun aan die bewind kom, word die wreedste uitinge van die vervolging gesien. Dit begin met die *bloedbad van Vassy* (1562) toe die hertog Frans de Guise 'n weerlose groepie Protestante met die swaard uitmekaar gejaag het.

Die gevolg was 'n burgeroorlog wat 'n hele reeks sou inlui. Eers het die prins van Condé hom aan die hoof van die Protestante gestel en later die bekende admiraal De Coligny.

Die *vrede van St. Germain* (1570) het skynbaar versoening tussen die partye gebring. Coligny se groot invloed by die koning kon Catharina egter nie duld nie. Sy slaag dan ook daarin om die koning te beweeg om toestemming te verleen tot 'n laaghartige moord.

Terwyl duisende in Parys vergader vir 'n huweliksfees word in die nag 'n aanslag op die lewe van alle Protestante gemaak. Ook Coligny word vermoor, sy lyk op straat gewerp, die hoof van die liggaam geskei en laasgenoemde deur die strate van Parys gesleep. Die moord het spoedig deur die hele Frankryk gewoed en pl.m. 70,000 is gedood. Die pous het 'n loflied laat sing en die geskiedenis van die moord laat opteken. (Die moord van die Bartholomeusnag).

Weer ontbrand die burgeroorlog, nou onder leiding van Hendrik van Navarre. As hy die troon beklim, gaan hy om politieke redes tot die Katolieke geloof oor. Hy bereik dan ook sy doel en word deur die hele Frankryk as koning erken. Tog het hy sy vroeëre geloofsgenote nie vergeet nie. Die *edik van Nantes* (1598) het aan hulle vryheid van godsdiens verleen asook sekere plekke waar hulle veilig kon lewe.

3. Vooruitgang van die Hervorming. — Ook in Frankryk was die bloed van die martelare die saad van die kerk. Die getal van Protestante neem voortdurend toe. Hulle is "Hugenote" genoem, 'n naam waarvan die oorsprong nie bekend is nie, maar die vermoede bestaan dat dit verband hou met die Duitse woord "Eidgenossen", wat "eedgenote" beteken. Omstreeks 1559 was daar reeds meer as 100 gemeentes, vir die grootste gedeelte deur leerlinge van Calvin gestig.

In die jaar 1555 kom daar in Parys 'n baie belangrike Sinode saam waar 'n Kerkorde en 'n Geloofsbelydenis in Calvinistiese gees opgestel is.

4. Herroeping van die edik van Nantes. — Onder die regering van Lodewyk XIV (1643—1715) breek daar vir die Hugenote 'n moeilike tyd aan. Op aanstoking van die Jesuite begin die koning met die vervolging van die Hugenote. Ná jare van kwelling is eindelik in 1685 die edik van Nantes herroep. Van toe af het die vervolging in geweldige woede losgebrand. Honderde kerke is verwoes, duisende belyers gemartel en beroof, na die galeie verwys of gedood. Ontvlugting uit die land was 'n misdaad wat die dood verdien. Tog geluk dit duisende om oor die grense te kom en veral in Nederland, Engeland en Switserland is 'n groot deel gasvry ontvang.

Deur die vervolging sou Frankryk homself van 'n groot deel van sy beste burgers beroof en dit bewerkstellig dat die land uiteindelik aan die magte van ongeloof oorgelewer is — dink aan die tyd van die Franse Rewolusie.

Frankryk se verlies was egter Suid-Afrika se wins. 'n Aantal van die Hugenote het ook in ons land voet aan wal gesit en hulle vereenselwig met die Afrikanervolk. Saam met die Hollanders was hulle die verbreiders van die Calvinistiese beginsels in Suid-Afrika.

VRAE

1. Wat weet u van Le Fèvre en sy werk?
2. Watter twee groot politieke partye was daar in Frankryk?
3. Wie was die leiers van die Protestante?
4. Beskryf kortliks die moord van die Bartholomeusnag.
5. Wat het die edik van Nantes bepaal?
6. Wat beteken die naam "Hugenote"?
7. Het die Hervorming in Frankryk gevorder?
8. Wat het gevolg op die herroeping van die edik van Nantes?
9. Wat het die vlug van die Hugenote vir ons land beteken?

HOOFSTUK 28: DIE HERVORMING IN ENGELAND

1. *Die begin.*
2. *Die Anglikaanse staatskerk.*
3. *Verdere ontwikkelinge.*
4. *Nuwe vervolginge.*
5. *Beter tye.*
6. *Ontevredenheid met die staatskerk.*
7. *Skotland.*

1. Die begin. — Die Hervorming in Engeland dra van die begin af nie 'n suiwer kerklike en geestelike karakter nie. In hierdie tyd regeer die berugte Hendrik VIII oor die land. As goeie Katolie val hy selfs Luther in 'n tydskrif aan, waarop die pous aan hom die eretitel "verdediger van die geloof" skenk.

As gevolg van huweliksmoeilikhede kom Hendrik egter in botsing met die pous. Hy wil naamlik skei van sy vrou en begeer dat die pous sy huwelik onwettig sal verklaar omdat sy vrou die weduwee van sy broer was. Toe die pous hierdie versoek weier, het Hendrik met die Roomse kerk gebreek.

2. Die Anglikaanse staatskerk. — In sy egskeidingsproses het die godgeleerde Cranmer die koning bygestaan. Op las van die koning verklaar hy dat die huwelik met Catharina onwettig was. Hendrik tree daarop weer in die huwelik en laat homself uitroep tot hoof van die kerk. In die plek van die hiërargie kom nou weer die caesaropapie.

Cranmer word benoem tot aartsbiskop van Canterbury en kry opdrag om die nodige hervorming aan te bring. Verskillende misbruike word nou verwyder. Kloosters word opgehef en die Heilige Skrif in Engels in die erediens voorgelees. Cranmer mag en kan egter nie verder gaan nie, hoewel hy self die Zwingliaanse Hervorming toegedaan was. Die sogenaamde "wet van die ses artikels" is as geloofsleer voorgeskrywe en oortreders daarvan met doodstraf bedreig. Hierin was nog baie Roomse oorblyfsels te vinde. Elkeen moes die opperheerskappy van die koning in die kerk erken of sterf. Verskillende hooggeplaaste persone wat hierdie nuwe tirannie nie wou erken nie, moes met hul lewe boet, o.m. Thomas Morus en biskop Fisher. Van 'n egte Protestantse Hervorming is hier dus nog geen sprake nie.

3. Verdere ontwikkelinge. — As Hendrik VIII in 1574 deur Eduard VI opgevolg word, kry Cranmer geleentheid om die Anglikaanse kerk in sy gees te hervorm. Hy skaf die beelddiens af en laat die priesters toe om te trou. In die "Book of Common Prayer" is die erediens gereël. Deur aanraking met manne soos Bucer, à Lasco en John Knox het Cranmer die Calvinisme leer ken en die Prayer Book is dan ook later in hierdie gees hersien en 'n groot aantal seremonies afgeskaf.

4. Nuwe vervolginge. — Onder die regering van Maria, het daar van Roomse kant, helaas, weer 'n bloedige reaksie gekom (1553—1558). Maria was Rooms opgevoed en van plan om die Katolisisme te herstel. Die "House of Lords" besluit met 'n groot meerderheid om terug te keer na die Roomse Kerk. Die mis is weer ingevoer, die Prayer Book afgeskaf en die ou stelsel opnuut in die lewe geroep. Veral ná haar huwelik met Filips II van Spanje het die bloeddors van Maria geen perke geken nie — vandaar haar naam "bloedige Maria". Ook Cranmer sterf die marteldood. Al hierdie maatreëls het egter by die volk 'n innige verlange laat ontstaan om weer tot die hervorminge van die tyd van Eduard VI terug te keer.

5. Beter tye. — Elisabeth (1558—1603) sou aan hierdie verlange voldoen. Sy was opgevoed in die Protestantse beginsel, onder leiding van Cranmer. Sy herstel dadelik die Anglikaanse staatskerk en voer die hersiene Prayer Book weer in. In 1563 word as belydenisskrif die 39 Artikels aangeneem. Dit was, met uitsondering van die

kerkinrigting, in hoofstrekking Calvinisties. Hiermee het die Engelse Hervorming vastigheid verkry. Die regering van die kerk deur middel van biskoppe was in die grond egter 'n Roomse oorblyfsel.

6. Ontevrederheid met die staatskerk. — Almal was nie met die staatskerk tevrede nie. Langsamerhand kom 'n streng Calvinistiese rigting op wat sterk teenstand bied. Die teëstanders is "Puriteine" genoem, omdat hulle wou terugkeer na die suiwerheid (puritas) van die eerste Christelike gemeentes. Eers gaan hul verset teen die seremonies, later teen die biskoplike sisteem van kerkregering en eindelik ook teen die leer. Reeds onder die regering van Elisabeth het hulle tot afsonderlike kerkstigting oorgegaan, met die gevolg dat van hulle om die lewe gebring is.

Die opvolger van Elisabeth, Jacobus I (1603—1625), was 'n sterk voorstander van die biskoplike mag en sit die vervolging teen die Puriteine voort, o.a. met die gevolg dat oor die honderd predikante afgesit en beveel is om te swyg.

Onder die regering van Karel I (1625—1649) ontstaan daar oorlog omdat die koning die biskoplike stelsel ook aan die Skotte wou opdring. Einde van die saak was dat die parlement die koning dwing om 'n besluit te onderteken, waarby die biskoplike kerkinrigting as deel van die staat opgesit is. Ook word in 1642 die belangrike *Westminsterse sinode* byeengeroep. Dit het 'n streng Calvinistiese belydenisskrif opgestel (die Westminsterse konfessie), asook 'n nuwe reëling van die erediens en 'n Kerkorde.

Ná die onthoofding van Karel I word Oliver Cromwell hoof van die staat (1653—1658). Hy het aan elkeen vryheid van Godsdienst verleen, behalwe aan Katolieke. Eers in 1687 sou Willem III aan almal vryheid van godsdienst skenk deur middel van die sg. Toleransie-akte.

7. Skotland. — Hier is reeds vroeg die suiwer beginsels van die Hervorming deur Patrick Hamilton verkondig. Die Katolieke Stuarts het egter die Hervormingsgesindes te vuur en te swaard vervolgt. Hamilton moes sy lewe op die brandstapel laat, maar die beginsels het deurgewerk.

Die groot Hervormer van Skotland is John Knox (1505—1572). Hy het reeds vroeg in sy lewe tot kennis van die waarheid gekom en moes as slagoffer van die vervolgingswoede twee jaar op die galeie vertoef. Hierna neem hy die wyk na Genève, waar hy uit die mond van Calvin self sy beginsels kon leer ken.

As hy in Skotland terugkeer, is die vervolginge nog op hul hoogtepunt maar soos 'n Elia teenoor Isébel het Knox opgetree teenoor die ligsinnige Maria Stuart. Sy invloed was so groot dat sy van die troon afstand moes doen. Hiermee is die werk van die Hervorming in Skotland vir goed gevestig en wel in Calvinistiese gees.

VRAE

1. Hoe het die Hervorming in Engeland aangevang?
2. Wat was die leemtes in die begin?
3. Watter hervorminge het Cranmer aangebring gedurende die regering van Eduard VI?
4. Hoe het die bloedige Maria dit weer omvergewerp?
5. Wat was die betekenis van Elisabeth?
6. Watter ontevredenheid was daar oor die inrigting van die staatskerk?
7. Wat weet u van die Hervorming in Skotland?

HOOFSTUK 29: DIE HERVORMING IN NEDERLAND

1. *Die aanvange.*
2. *Bestryding van die Hervorming.*
3. *Bloei van die Gereformeerde kerke onder die kruis.*
4. *Aanhangsel: Die Gereformeerde kerk in Duitsland.*

1. Die aanvange. — In die Nederlande het daar geen groot Hervormer opgetree nie, maar die bodem was goed voorberei, danksy die werk van die "Broeders des gemeenen levens". Behalwe die Bybel is die werke van Luther gretig gelees. Spoedig het ook die invloed van Calvyn daarheen deurgedring, veral in die suidelike Nederlande (die teenswoordige België), en dit het nie lank geduur nie of in die geheel van die Nederlande het dit sy triomf gevier.

In 1523 is die Nuwe Testament van Luther in Hollands vertaal en gedruk. Jacob van Liesveld het later die hele Bybel vertaal en daarvoor martelaar geword. Helaas is aan die werk van die Hervorming baie skade gedoen deur die Wederdopers, wat tot allerhande uitspattinge verval het.

2. Bestryding van die Hervorming. — Hoewel Karel V sowel oor Duitsland as Nederland regeer het, was hy in Duitsland deur allerhande politieke omstandighede gebind, terwyl hy in die Nederlande vry kon optree. Hier het hy dan ook sy arm van geweld gedug laat voel. Streng plakkate is uitgevaardig teen alle ketters en ook teen diegene wat hulle herberg of iets van hulle weet en dit nie aan die regering meedeel nie. Die bodem van Nederland is dan ook gedrenk met martelaarsbloed. As Filips II sy vader Karel V opvolg as heer van die Nederlande, word die Protestante met nuwe wreedheid vervolg. In die jaar 1566 (die sg. wonderjaar) sou die veer wat so lank afgedruk is, terugslaan. Die Protestante het uiting gegee aan wat daar in die harte leef. Die "verbond van edeles" kom tot stand en bied aan die landvoogdes Margaretha, suster van Filips II, 'n versoekskrif aan, waarin versagting van die plakkate gevra word. By hierdie geleentheid het iemand die opmerking gemaak dat die mense maar bedelaars (in Frans *gueux*) is. Die skeldnaam "Geuse" het egter 'n erenaam van die Gereformeerdes geword. Van nou af word die Evangelie nie meer in die geheim verkondig nie, maar op die oop veld, deur die instelling van die sg. hagepreke. Toe die landvoogdes hierdie preke verbied, het dit die reeds so lank beproefde geduld laat opraak en die volk het oorgegaan tot die sg. beeldstorm. Honderde kerke is verwoes. Filips was woedend en besluit om sy uiterste kragte in te span tot verdelging van die ketters. Hy stuur die hertog van Alva na Nederland met 'n leër. Hierdeur ontstaan die tagtigjarige oorlog (1568–1648). Alva het 'n ware moordproses begin en in ses jaar tyd ongeveer 20,000 mense om die lewe gebring.

2. Bloei van die Gereformeerde kerke onder die kruis. — Die Here het gesorg dat daar in hierdie tyd 'n aantal uitnemende manne was om leiding te gee. Ons noem bv. Guido de Brès, die middelpunt van die Calvinistiese beweging, tewens die opsteller van ons Nederlandse Geloofsbelydenis (1562) wat daarvoor met sy lewe moet boet. In 1567 is hy aan die galg gehang. Die uitbreiding van die Hervorming in die suidelike Nederland is veral aan hom te danke.

Petrus Datheen, een van die belangrikste figure uit die Kerkgeskiedenis van die sestiende eeu, was 'n stoere Calvinis en 'n onverskrokke prediker. Sy psalmberyming is meer as 'n eeu lank in gebruik gewees. Ook het hy die Heidelbergse Kategismus in Hollands vertaal.

Marnix van St. Aldegonde, edelman, staatsman, digter en teoloog, is die eerste Nederlander wat die Calvinistiese gedagte op staatkundige gebied vertolk en as medestander van Willem van Oranje, die groot Calvinistiese staatsman, opgetree het.

In Johannes à Lasco, 'n Pool van geboorte, ontmoet ons die groot raadsman en organiseerder van die vlugtelingkerke. In die dae van die vervolginge wyk naamlik 'n

deel van die Gereformeerdes uit na Engeland, Oos-Friesland en Duitsland, waar bloeiende gemeentes ontstaan wat nog altyd vir ons as voorbeeld kan dien. Johannes à Lasco het hom veral verdienstelik gemaak op die gebied van die kerkregering waar hy onuitwisbare spore nagelaat het.

Gedurende die eerste jare van die tagtigjarige oorlog is daar onder die moeilikste omstandighede 'n paar besonder *belangrike kerkvergaderinge* gehou. Ons moet die name onthou omdat hier die grond gelê is vir die Gereformeerde Kerkorde wat later op die groot sinode van Dordrecht (1618—1619) sy beslag gekry het.

Eers noem ons *die konvent van Wezel* in 1568 (eerste jaar van die oorlog). Dit was nie 'n sinode in die strikte sin van die woord omdat daar nie afgevaardigdes met lasbriewe verskyn nie. Die volgende sinodes het egter op die Wezelse artikels voortgebou, naamlik die van *Emden*, 1571, *Dordrecht* 1574 en 1578, *Middelburg* 1581 en *Den Haag* 1586.

Hierdie sinodes het aan die Gereformeerde kerke vaste vorm gegee. Langsamerhand sou egter openbaar word dat in Nederland ook geesteskinders van Erasmus was. Daar het dus 'n stryd ontbrand tussen twee lewensbeskouinge en hierdie stryd sou uitloop op die Dordtse sinode van 1618 en 1619.

4. Aanhangsel: Die Gereformeerdes in Duitsland. — In Duitsland het enkele van die Lutherse landskerke die Gereformeerde belydenis aangeneem. Dit is veral te danke aan die keurvors Frederik die Derde (1559—1576). In sy tyd ontstaan daar 'n hewige stryd onder die Protestante oor die leerstuk van die nagmaal, sodat die Duitse Protestantse kerk geskeur en in twee kerke verdeel is, naamlik die Lutherse en die Duitse Gereformeerde kerk. Die verbittering tussen die twee kerke het as gevolg dat die onderwys in die leer agteruitgegaan en veral die jeug in totale onkunde verkeer het aangaande die waarhede van die Bybel.

Die keurvors gee dan ook aan die twee Gereformeerde godgeleerdes, die hofprediker Olevianus en die professor in Heidelberg, Ursinus, opdrag om 'n leerboek op te stel. Die twee manne, nog albei jonk, was begiftig met besondere talente. Sodoende kom in 1562 die Heidelbergse Kategismus tot stand. 'n Sinode het dit nie alleen eenparig goedgekeur nie, maar selfs verwondering uitgespreek oor die helderheid en suiwerheid van die leerboek. Vandag nog is dit een van ons Belydenisskrifte wat elke Sondag in die Gereformeerde kerke behandel word. Hierdie kosbare kleinood het ons te danke aan die opbloeï van Gereformeerde lewende in Duitsland.

VRAE

1. Hoe het die beginsels van die Hervorming in Nederland bekend geword?
2. Hoe is dit deur die owerheid bestry?
3. Hoe het die Protestante daarteenoor opgetree?
4. Hoe het die tagtig-jarige oorlog ontstaan?
5. Vertel iets van die Gereformeerde kerke onder die kruis.
6. Watter belangrike kerkvergaderinge is in hierdie tyd gehou?
7. Hoe het die Heidelbergse Kategismus tot stand gekom?

HOOFSTUK 30: STRYD OOR KERKORDE EN LEER DIE GROOT SINODE VAN DORDRECHT

DIE HERVORMING IN NEDERLAND (vervolg)

1. *Stryd oor die verhouding tussen kerk en staat en oor die Kerkorde.*
2. *Stryd oor die predestinasie.*
3. *Voorarbeid van die Dordtse sinode.*
4. *Die saak van die Remonstrante.*
5. *Na-arbeid en betekenis van die Dordtse sinode.*

1. Stryd oor die verhouding tussen kerk en staat en oor die Kerkorde. — Die Calviniste het gestry vir die gedagtes van Calvyn dat die owerheid self aan die Woord van God onderworpe is en die kerk moet beskerm, maar so dat die kerk volkome vryheid van die staat geniet. Teenoor die Calviniste het die geesteskinders van Erasmus gestaan, die sg. Libertyne, wat nie alleen vir die vrysinnigheid geywer het nie, maar die kerk aan die staat wou onderwerp. Hul strewe was naamlik dat die staat aan die kerk sy orde moet voorskrywe. Verskillende sinodes sou met hierdie vraagstuk worstel, maar geen oplossing is gevind nie voordat die Dordtse Sinode die Kerkorde in 1618— 1619 vasgestel het, of die staat dit nou al sou goedkeur of nie.

1. *Stryd oor die predestinasie.* — Die stryd oor die Kerkorde het nog ingewikkelder geword toe die Libertyne party kies vir die Arminiane, die verwerpers van die uitverkiesingsleer soos dit deur die kerk in alle eeue geleer is. Die groot kampvegter van hierdie rigting was Arminius, eers predikant in Amsterdam en vanaf 1603 professor in Leiden.

Arminius se leringe kom o.m. hierop neer dat die uitverkiesing nie uit vrye welbehag geskied nie, maar op grond van 'n vooruitgesiene geloof en dat die geloof nie in volstrekte sin 'n gawe van God is nie, maar dat die genade deur die mens aanvaar of weerstaan kan word. Openlik het hy nooit vir sy gevoel uitgekome nie, maar dit in privaatlesse aan sy studente verkondig. As sy medeprofessor, Gomarus, hom verplig voel om teen Arminius 'n beskuldiging van Pelagianisme in te bring, vlam die stryd geweldig hoog op en die hele land kom in beroering. Die strenge Calviniste wil die saak op 'n sinode laat beslis, maar die Arminiane en Libertyne probeer om dit te verhoed omdat hulle geweet het dat 'n sinodebesluit teen hulle sou gaan.

In 1610 het die Arminiane 'n geheime samekoms gehou en daarin 'n "Remonstransie" of 'n uiteensetting van hul leer in vyf artikels gegee. Hiervandaan kom die naam "Remonstrante". In die artikels dra hulle 'n eensydige en haatlike voorstelling van die Calvinistiese leer voor en verbloem op kundige wyse hul eie gevoel. Die Calviniste het hierteenoor 'n Kontra-Remonstransie ingedien.

'n Tyd lank seëvier die Remonstrante, veral omdat hooggeplaaste owerheidspersone, soos Oldenbarneveld, aan hul kant staan. As prins Maurits egter teen hulle party kies, kom daar 'n wending in die stryd. Maurits sou deur 'n staatsgreep bewerk dat in die regering van die provinsies Calviniste die Remonstrantsgesindes vervang. Die State-Generaal (Parlement) het nou besluit dat 'n sinode gehou moes word. Dordrecht is aangewys as die vergaderplek.

3. Voorarbeid van die Dordtse sinode. — Op die 13e November 1618 is die sinode geopen. Dit het 'n internasionale karakter gedra, want ook godgeleerdes uit Engeland, Duitsland en Switserland was teenwoordig. Verder verskyn daar ook vyf professore, asook 18 politieke kommissarisse. Tot voorsitter is ds. Johannes Bogerman gekies.

Dadelik is besluit om die Remonstrante op te roep. Intussen kon die sinode met ander belangrike werk aangaan. So is bv. besluit tot 'n nuwe Bybelvertaling, wat dan ook later tot stand gekom het. Dit was die algemeen bekende Statevertaling wat ook deur ons vaders en moeders hier in Suid-Afrika as hul Bybel erken en gebruik is.

4. Die saak van die Remonstrante. — Eindelik verskyn die Remonstrante. Hulle weier egter om die sinode as 'n wettige regter te beskou en probeer op allerlei maniere om die werk van die vergadering te belemmer, totdat die geduld van die voorsitter op 'n end gekom en hy hulle weggestuur het. Die sinode het hierop in afwesigheid van die Remonstrante hul gevoelens getoets en in die bekende "Vyf artikels teen die Remonstrante" of "Dordtse leerreëls" die suiwer Gereformeerde leer uiteengesit. Nou was die drie "formuliere van enigheid" voltooi, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls. Hierdie drie is nog vandag die belydenisskrifte van die Gereformeerde kerke.

5. Na-arbeid en betekenis van die Dordtse sinode. — Ná die vertrek van die buitelandse afgevaardigdes kon die sinode as suiwer nasionale vergadering optree en nog baie werk verrig. O.m. is hier die Dordtse Kerkorde vasgestel wat in sy hooftrekke ook ons Kerkorde is.

Ongelukkig kon die simbole nie die *vrymaking van die kerk* bewerk nie. Die Gereformeerde kerk, nou staatskerk, is aan bande gelê en die invloed van die kerk op die staatslewe ingekort. Die Dordtse Kerkorde as sodanig *is* dan ook *nooit* deur die politieke owerheid in al die provinsies formeel goedgekeur nie. Die gees van die Libertyne het in hierdie opsig oorwin en die ideaal van Calvyn is nie bereik nie. Teen die middel van die 17e eeu vind ons dan ook die ou stelsel van die caesaropapie in feitlik alle lande van Europa. Eers in die 19e eeu sou daar weer 'n stryd vir vrymaking van die kerk ontstaan.

VRAE

1. Hoe het die Calviniste die verhouding tussen kerk en staat begeer?
2. Wat wou die Libertyne?
3. Wat het Arminius geleer?
4. Waarom word sy volgelingen "Remonstrante" genoem?
5. Hoe het dit uiteindelik tot 'n sinode gekom?
6. Was die Dordtse sinode net nasionaal?
7. Hoe het die Remonstrante hulle gedra?
8. Waar vind ons die besluit van die sinode oor die Remonstrantse saak?
9. Wat het die Dordtse sinode nog meer gedoen?
10. Wat is die betekenis van hierdie sinode?

HOOFSTUK 31: KONTRA-REFORMASIE IN DIE ROOMSE EN VERVAL IN DIE PROTESTANTSE KERK

1. *Die Kontra-Reformasie.*

2. *Dwaalspore.*

1. Die Kontra-Reformasie. — Die Roomse kerk kom nou tot die besef dat dit as gevolg van die Hervorming geweldige slae gely het. Hele gebiede het vir die sogenaamde "Moeder-kerk" verlore gegaan en 'n Kontra-Reformasie is op tou gesit. Een van die vernaamste uitinge daarvan, die "Konsilie van Trente" (1545), het sy hele aksie teen die Protestante gerig.

Verder probeer allerlei nuwe ordes en geselskappe om die Katolieke kerk uit sy verval op te hef. In die vernaamste daarvan, die *orde van die Jesuïete*, die stigter waarvan die Spaanse edelman Ignatius de Loyola was, het 'n streng militêre tug geheers. Met alle middele is daarna gestreef om die volkere weer in die skoot van die Roomse kerk terug te bring. Die sedeleer van hierdie keurbende van die Roomse kerk was baie oppervlakkig en hulle het geen middels ontsien om hul doel te bereik nie. Hulle het dan ook geleer dat 'n ongeoorloofde handeling geoorloof word, wanneer dit op 'n goeie doel gerig is.

Eeue aaneen word nou ook gebruik gemaak van die gruwelike middel van die Inkwisisie, wat met sy bloedige beulwerk gepoog het om die Roomse kerk weer in eer te herstel.

Die hernude lewe van die Roomse kerk het ook geblyk uit 'n herleefde sendingywer in die pas ontdekte nuwe wêreld. Wat die Roomse kerk in Europa verloor, sal dit nou probeer terugwin in ander lande. Hierdie arbeid was nie sonder sukses nie, hoewel die metode deur ons nie goedgekeur kan word nie.

In Italië en Spanje is die opkomende Hervorming feitlik in die kiem gesmoor. In Duitsland het groot stukke Protestantse gebied weer afgebrokkel en ook in Frankryk het die Roomse kerk oppermagtig gebly.

In die lande egter waar die Calvinisme tot die heerskappy gekom het, is die Hervorming gered, veral in Engeland en Nederland, wat die Protestantse bolwerke sou word. Die ondergang van die sg. "onoorwinlike vloot" van Spanje, die Armada, het die Kontra-Reformasie ook 'n sware slag toegedien.

In Duitsland sou die Kontra-Reformasie tot 'n bloedige botsing lei, die "dertigjarige oorlog" (1618—1648), wat 'n godsdiensoorlog was. Op een stadium, as dit lyk of dit met die Protestante in Duitsland gedaan is, tree die godvrugtige koning van Swede, Gustaaf Adolf, as redder op. Die vrede van Wesfale in 1648 het uiteindelik die oorwinning van die Protestantisme beseël. Om hierdie rede sluit ons by hierdie jaartal die geskiedenis van die Hervorming af en begin 'n nuwe tydperk. Die onafhanklikheid van die Nederlande en Switserland is deur alle moondhede erken. Niemand mag nou meer ter wille van sy geloof vervolg word nie. Lutherane, Gereformeerdes en Roomse sou met gelyke regte naasmekaar lewe. Hoewel die pous weier om hierdie vrede te erken, het niemand hom daarvoor bekommer nie.

2. Dwaalspore. — Die Hervorming wat die suiwere Woord van God weer in sy volle rykdom verkondig en 'n frisse, opgewekte Christelike lewe gebring het, herstel weer die harmonie tussen leer en lewe, asook tussen verstand en hart. Hierdie beginsels sou egter gedurende die agttiende eeu langsaamterhand weer verlore gaan, sodat die kerklike lewe 'n droewige beeld vertoon. Wat die leer betref, was daar aan die een kant 'n versteende, skoolse godgeleerdheid. Die prediking het nie meer die Here Jesus Christus in die middelpunt gestel nie, maar dikwels verloop in spitsvondige redenasies. Dit was 'n uitstalling van geleerdheid wat geen troos aan die sondaarshart kon gee nie. Die kerk het hom ook nie daarvoor bekommer of leer en lewe met mekaar in harmonie was nie.

Soos dit gewoonlik gaan, kom ook hierteenoor 'n reaksie en wel só dat allerlei beweginge ontstaan wat of vyandig teenoor die kerk gesind is of onverskillig. Gemeenskaplik aan almal bly egter die gedagte dat die heil van die mens op ander weë gesoek moes word

as die waarop die kerk gelei het.

Die nuwe rigtinge kan in twee groot groepe ingedeel word, naamlik in die wat die behoeftes van die hart wou bevredig en die wat opgekom het vir die regte van die verstand. Die eerste groep het meer te doen gehad met die *lewe* en die tweede met die *leer*. Aangesien albei die regte harmonie verbreek, het hulle in eensydigheid verval en sien ons weer die ou botsing tussen *Mistiek* en *Skolastiek*.

Aan die een kant word gevoel dat daar in die kerk 'n gebrek aan ware vroomheid (in Latyn: pietas) is; vandaar die oprigting van *vereniginge* om die behoefte te vervul. Hulle is "*collegia pietatis*" genoem. Hieraan het die *Piëtisme* en sy verwante verskynsels hul oorsprong te danke.

Aan die ander kant het die geleerdes gevoel dat die verstand in die prediking van die tyd geen bevrediging vind nie; vandaar die ander uiterste wat met die naam *Rasionalisme* aangedui word. Die *ratio* of rede van die mens bestyg nou as alleenheerser die troon en alleen wat die rede kan verklaar, word aanneemlik geag. In Duitsland het hierdie beweging die naam van "*Aufklärung*" (opklaring, verligting) gekry. Ons behandel dus in die volgende hoofstukke die tydperk van Piëtisme en Aufklärung in verskillende lande van Europa.

Vir 'n deel moet hierdie rigting ook verklaar word uit die opkoms van die *individualisme*. Die besef dat die ware gelowiges één liggaam in Christus vorm, het verdwyn toe die uitwendige eenheid van die Roomse kerk verbreek is. In alle lande van Europa vind ons nou *staatskerke*, waarin die ware lewe spoedig versterf het. Die gevolg was dat die kerklike band net as uitwendige en daarom ook hinderlike beskou is. Hoofnadruk word dus nou gelê op die *vroomheid* of die *verstand* van die *enkele mens*.

VRAE

1. Watter poginge het die Roomse kerk aangewend om sy verlore terrein terug te win?
2. Waar was dit geslaagd?
3. Watter lande was die bolwerke van die Hervorming?
4. Wat het in Duitsland gebeur en wie het die Protestantisme gered?
5. Wat het die vrede van Wesfale (1648) bepaal?
6. Watter dwaalspore tref ons in die sewentiende en agttiende eeue aan, en waarom?

HOOFSTUK 32: GEVOELSGODSDIENS

1. *Die Piëtisme in Duitsland.*

2. *Verwante verskynsels in Nederland.*

1. Die Piëtisme in Duitsland. — In die Lutherse kerk het langamerhand 'n dooie regsinnigheid sy intrede gedoen. As reaksie kom die Piëtisme op. Dit het wel nie die kerk losgelaat nie, maar die persoonlike vroomheid het baie meer op die voorgrond gestaan as die heil van die kerk. Die geestelike lewe moes gevoed word in die collegia pietatis of "vrome geselskappe".

Vader van die beweging was *Spener*. Sy begeerte was dat die lewende Woord van God verkondig sou word in plaas van allerlei leergeskille. Omdat die geloof sonder die werke dood is, moet daar 'n lewe uit die geloof wees, gepaard met goeie werke.

Spoedig vind hy 'n geesverwant in *Francke* wat reeds as student Bybellesinge gehou het in geselskappe deur hom in die lewe geroep. As hy professor in Halle word, sal hierdie stad voortaan die middelpunt van die Piëtistiese beweging wees. Onder invloed van *Francke* word veral aandag gegee aan opvoeding, barmhartigheid, Bybelverspreiding en sending. Ook is 'n weeshuis opgerig, heeltemal sonder middele, 'n bewys van die werkkrag en die alles-oorwinnende geloof van *Francke*.

Die bloeityd van die Piëtisme sou egter nie lank duur nie. Allerlei sieklike verskynsels het ingesluip, soos bekrompenheid en onsuiverheid in die leer. In stryd met die oorspronklike bedoeling het hulle later "kerkies in die kerk" gestig en hulle nie alleen van die kerk nie, maar ook van die wêreld in die algemeen afgeskei.

Soortgelyke neiginge as die van die Piëtisme tref ons aan in die "Broedergemeente van die Herrnhutters", die stigter waarvan die graaf Von Zinzendorf was, 'n leerling van *Francke*. In die jaar 1722 het hy op sy landgoed enige verdrewe families van Morawiese broeders (volgelingen van Huss) opgeneem. Aan hul nuwe woonplek het hulle die naam *Herrnhut* (hoede van die Here) gegee.

Toe die gemeente begin groei, het Zinzendorf self die leiding op hom geneem. Sy lewensideaal was om enkel en alleen vir Christus te lewe. Op 'n studiereis het hy naamlik eenmaal 'n beroemde skildery van die kruisiging van Christus gesien, met die onderskrif. "Dit het Ek vir u gedoen; wat het u vir My gedoen?" Hierdie vraag het hom nie Weer losgelaat nie en 'n bepaalde rigting aan sy lewe gegee.

Die oorskatting van die gevoelslewe tree by die Herrnhutters nog sterker op die voorgrond as by die eintlike Piëtiste. Ook hulle kom met die kerk in botsing en Zinzendorf word selfs verban. Hierop het hy na die buiteland vertrek en in verskillende lande Broedergemeentes gestig.

Op die gebied van die sending het die Herrnhutters baie goeie werk gedoen. Selfs na Suid-Afrika is sendelinge uitgestuur.

2. Verwante verskynsels in Nederland. — Sommige reken ook die groot man van die Gereformeerde Kerkreg, Gysbertus Voetius, hoogleraar in Utrecht (1634–1676), en ander wat gestreef het na kerkhervorming in Holland, tot die Piëtiste. Dit is egter nie juis nie, omdat hul strewe 'n heeltemal ander karakter dra as die van die Duitse Piëtisme. Die Piëtiste was teen die leer van die kerk gekant, terwyl Voetius en sy medestanders juis daarvoor geywer het. Dit is egter wel waar dat Voetius die waarde van die collegia pietatis van *Spener* ingesien en ook self in dergelyke godsdienstige versameling leiding gegee het. Om hom sou dan ook 'n groep manne versamel wat òf meer vir die suiwerheid van die lewe gestry het, soos die à Brakels, òf meer vir die suiwerheid van die kerk, soos Koelman en Lodensteyn. Dit is die "outeurs" wie se werke ons voorgeslagte so graag gelees het.

As egte verteenwoordiger van die piëtistiese rigting kom De Labadie in aanmerking, wie se beroeping na Nederland deur Voetius bevorder is, omdat hy in hom 'n medestryder vir

die suiwering van die staatskerk gesien het. De Labadie het egter weer die ou gedagte van 'n kerk van louter gelowiges laat herleef, met die kerk gebreek en huisgemeentes gestig. Daarom is dit nou juis Voetius wat teen hom optree. Sy gemeentes het spoedig in dweepsug en geesdrywery verval en nie lank bestaan nie. Die uiterstes van die Labadisme het ewewel die oë van baie oopgemaak vir die noodsaaklikheid van die kerklike tug.

VRAE

1. Waarteen was die Piëtisme 'n reaksie?
2. Wie was die vader daarvan?
3. Wat het Francke gedoen?
4. Wat weet u van die Herrnhutters?
5. Was Voetius ook 'n Piëtis?
6. Watter groep manne het om hom gevorm?
7. Wat weet u van De Labadie?

HOOFSTUK 33: DIE METHODISME

GEVOELSGODSDIENS (vervolg)

1. *Ontstaan van die beweging.*
2. *Vaders van die Metodisme.*
3. *Betekenis van die Metodisme en besware daarteen.*

1. Ontstaan van die beweging. — Dit is vir ons uiters belangrik om die Metodisme te ken, omdat hierdie rigting ook in Suid-Afrika verbrei is en wel deur die Engelse predikante wat in die begin van die 19e eeu hierheen gekom het. Naas baie goed wat gedoen is, kan tog nie ontken word dat dit een van die faktore was wat ons volk van sy Calvinistiese grondslag afgetrek het nie.

Die Metodisme wil 'n reaksie wees, enersyds teen die koue vormdiens van die Anglikaanse staatskerk en andersyds teen die liberalisme en rasionalisme wat in Engeland tot heerskappy gekom het. Oor hierdie dodeakker sou die Metodisme as 'n nuwe lewensasem waai.

Die naam "Metodisme" kom van die woord "metode". Die vaders van hierdie beweging was van gevoele dat by die bekering van die sondaar 'n sekere metode gevolg moet word. Die prediking van die wet moet hom voor God op die knieë bring: dan moet hy tot berou opgewek word om dan eindelik in die genade van Christus vertroosting te vind. Dikwels is die mense deur vreesaanjaging op kunsmatige wyse tot skulderkenteniss gedwing, veral deurdat die helse smarte aanskoulik voorgestel word. Kenmerkend vir 'n Metodis is dan ook dat hy meestal die uur en die plek van sy "bekering" kan noem.

2. Vaders van die Metodisme. — Die man wat die beweging begin is *John Wesley* (1703—1791). Reeds gedurende sy studentetyd in Oxford worstel hy om vrede vir sy siel te vind, met die gevolg dat hy saam met sy broer 'n "club" oprig wat ten doel gehad het die Skrifondersoek, gepaard met gebed. Ook het hy sy vlees gekasty en 'n lewe van strenge dissipline gelei.

Ná sy studietyd gaan hy na Amerika om sendingwerk te doen. Hier kom hy met Herrnhutters in aanraking, aan wie baie van sy nuwe beskouinge te danke is. Sy "bekering" vind plaas op die 24e Mei 1738, om kwart voor nege in die aand. As hy daarop na Engeland terugkeer, begin eintlik eers sy groot werk, saam met sy medestander, *George Whitefield*.

Whitefield is die ander groot man van die Metodisme. As student in Oxford het hy reeds by die Metodisteklub aangesluit. Intussen het hy die Calvinistiese geloofsartikels van die Engelse staatskerk bestudeer, asook die Heilige Skrif. Ook hy gaan eers na Amerika, maar as hy terugkeer word hy die held van die buitekerklike opwekking. Sy ideaal was om die wêreld vir Christus te verower en hy het — soos hy dit uitgedruk het — van die hemel sy klankbord gemaak, d.w.s. hy het in die opelug gepreek. Oral trek hy duisende van hoorders, sowel in Engeland as in Amerika, sodat hy met sekere reg die "prins van die predikers" genoem is. Later het ook Wesley die hele wêreld tot sy arbeidsveld gemaak.

Wesley was Arminiaan en het die uitverkiesing geloën, terwyl Whitefield meer Calvinis van oortuiging was. Daar moes dus noodwendig 'n skeiding kom en die breuk is nooit weer geheel nie. Die beginsel van Wesley het die oorhand behou, wat 'n bewys is dat Metodisme nie met Calvinisme versoen kan word nie.

Oorspronklik was dit nie die bedoeling van die Metodiste om met die staatskerk te breek nie, maar toe Wesley en Whitefield van die kansels geweier is, het Wesley 'n "kerk in die kerk" gestig.

3. Betekenis van die Metodisme en besware daarteen. — Ons mag die Metodisme nie sonder meer veroordeel nie. Dit het hom, met prysenswaardige ywer, ten doel gestel om nuwe lewe in die Christendom te wek. Die rigting het dan ook oor die hele wêreld

groot invloed gehad, veral in Engeland en Amerika. Dit was — en is nog — getrou aan die goddelike bevel om die Evangelie aan alle volke te verkondig. Ook op sedelike en maatskaplike gebied het dit groot invloed uitgeoefen o.m. deur kragtig op te tree teenoor die beginsels van die Franse Rewolusie, terwyl dit ook 'n heldhaftige kampvegter vir godsdiensvryheid was. Verder het die Metodisme geywer vir die verbetering van gevangenis, die sorg vir verwaarloosde kinders, armversorging, vrylating van slawe, ens.

Tog kan 'n mens nie tegelykertyd 'n Calvinis en 'n Metodis wees nie. Die geskiedenis het hiervoor die bewys gelewer. Die meer Calvinisties getinte rigting het gekwyn, terwyl die van Wesley met rasse skrede vooruitgegaan het.

Doel van die Metodisme is *om siele te win vir Christus*. Die veronderstelling waarvan uitgegaan en die metodes wat gebruik word, sowel as die resultate waarheen hulle lei, kan die Calvinis nie onderskrywe nie, om verskillende redes. Die verskillende besware is: Die Metodisme loën die leer van die uitverkiesing en die verbondsgedagte. Dit gaan uit van die gedagte dat alle mense, as hulle maar wil, salig kan word en predik 'n individualistiese bekering van siele. In die bekeringsprediking word te veel op die gevoel gespeel en gebruik gemaak van die skokmetodes wat aandring op plotselinge bekering. Dit hou nie daarmee rekening dat die Here op velerlei manier sy uitverkorenes tot kennis van die waarheid kan bring nie. Deurdat dit te veel nadruk lê op die gevoel, word die behoeftes van die verstand verwaarloos; die gevolg is dat ontwikkelde mense, wat in hul jeug Metodisties opgevoed is, in die arms van die Modernisme gedryf word.

'n Ander beswaar is dat die Metodisme die leer van die *algemene genade* (gemene grasia) verwaarloos. Dit trek wel die wêreld in om siele te win, maar verder staan dit afsydig teenoor die wêreldlewe en vertoon 'n asketiese trek. Byna alle vermaaklikheid is sonde in die oë van die Metodis. Die Calvinis daarenteen hou vol dat hy hom nie van die skepping van God hoef af te sonder nie, maar geregtig is om die gawes van God in natuur en kultuur op die regte wyse te geniet, tot sy eer.

Die Metodisme is ook onsuier in sy kerkbegrip. Sy belydenis is onvas, omdat van die begin af nie 'n duidelike omlýnde belydenis van elke lidmaat geëis is nie, maar vir toelating tot die kerklike gemeenskap slegs gevra word dat daar 'n begeerte moet wees om die toekomstige toorn te ontvlug. Ook die hele organisasie van die Metodistiese kerke is nie volgens die grondlyne van die Skrif nie.

Eindelik: Die Metodis ontken die *volharding van die heiliges*. Volgens Wesley kan niemand vandag 'n Christen wees en môre weer 'n heiden, sodat hy nooit sekerheid van sy staat kan hê nie.

Hierdie rigting kon dus net so min as sy geesverwant, die Piëtisme, die gewenste Hervorming in die staatskerke aanbring.

VRAE

1. Waarteen was die Metodisme 'n reaksie?
2. Waar kom die naam vandaan?
3. Wie was die vaders van die Metodisme? Vertel kortliks die lewensloop van elkeen.
4. Wat is die betekenis van die Metodisme?
5. Waarom kan dit nie met die Calvinisme versoen word nie?
6. Wat is die besware daarteen?

HOOFSTUK 34: VERSTANDSGODSDIENS

1. Inleiding.
2. Engeland.
3. Frankryk.
4. Duitsland.
5. Nederland.

1. Inleiding. — As gevolg van die vordering van die wetenskap ontstaan daar in die agttiende eeu allerlei nuwe denkbeelde. Daar kom 'n botsing tussen geloof en wetenskap, waaruit twyfel aan die waarheid van die Heilige Skrif gebore word. Dit slaan by baie uiteindelik oor in volslae ongeloof onder die naam van "verligting". Die gesag van die Skrif word verwerp en die van die rede of verstand kom daarvoor in die plek. Hierdie rigtinge het ontbindend gewerk op die kerklik-godsdienstige lewe. Daar was in die kerk nie voldoende geloofskrag om weerstand te bied nie.

2. Engeland. Hier het ons die bakermat van die nuwe beskouinge, wat verder oor Europa verbrei sou word. In Engeland is die verstandsrigting bekend as *Deïsme*. Dit erken wel die bestaan van 'n "Opperwese" wat die wêreld geskape het, maar ontken die besondere Openbaring. Ná die skepping bekommer God Hom nie meer oor die wêreld nie. Daar kan dus net 'n *natuurlike godsdienst* wees — vir die bonatuurlike is daar geen plek in die sisteem nie. Wat in die Bybel staan, kan die Deïs erken in sover dit met sy verstand ooreenkom. Drie-eenheid, sondeval, menswording van Christus en opstanding neem hy dus nie aan nie. Vir die verlossing is daar glad geen plek nie, omdat daar geen betrekking tussen God en wêreld bestaan nie. Dit is veral in die hoë en geleerde kringe wat hierdie nuwe leer ingang gevind het.

3. Frankryk. — In Engeland word die ongeloofsrigting nog getemper deur die invloed van die Metodisme, maar in Frankryk kan dit welig groei, omdat die slegte maatskaplike en politieke toestande 'n vrugbare bodem daarvoor bied. Vaardige skrywers dra die verligtings-ideë in so 'n vorm voor dat dit nou ook by die gewone volk ingang vind. Die Roomse kerk kon geen weerstand bied nie, omdat dit in 'n uiters vervalde toestand verkeer het.

Dit was veral *Voltaire* wat die kerk aangeval het. Hy het gespot met al wat heilig is en die Christendom gehaat. 'n Bekende uitdrukking van hom is: "Roei uit die eerlose" (d.i. die Christelike kerk). Tog was hy nog Deïs. Later skrywers het egter tot die grofste materialisme en ongeloof verval.

'n Ander bekende skrywer was Rousseau, die "stormvoël van die rewolusie", ook 'n bewonderaar van die natuur-godsdienst. In sy "Sosiale Kontrak" het hy die leer van die volksoewereiniteit ontwikkel, d.w.s. die stem van die volk is die hoogste gesag. Hierdeur word hy een van die wegbereiders van die Franse Rewolusie.

Hierdie groot omwenteling is 'n keerpunt in die geskiedenis van die wêreld en van die kerk. As gevolg van langdurige oorloë wat deur die koningshuis van Bourbon gevoer is, veral deur Lodewyk XIV (1661—1715) en die hoë belastingdruk het die arbeiderskringe van die volk moedeloos geword. Daarby kom nog dat die hofkringe in sedeloosheid en politieke bederf ontaard het. Die Roomse geestelikes is altyd meer en meer gehaat vanweë hul luiheid en weelde en niks is gedoen om die bederf teë te gaan nie, intendeel die grootste willekeur en verdraaiing van die reg was aan die orde van die dag.

As Lodewyk XV in 1774 sterf, is die opwinding groot. Weldra breek orals onreëlmatighede uit en die Noord-Amerikaanse vryheidstryd blaas die vuur van vryheidsin en rewolusie-denkebeelde aan. Die brandstof was reeds land versamel deur die "verligting".

Vanaf die jaar 1789 het die gebeurtenisse mekaar vinnig opgevolg en oproer en

doodslag was aan die orde van die dag. Die gepeupel heers, die Christendom word afgeskaf en vervang deur die "erediens van die Rede". Al wat aan die Christendom herinner, selfs die Sondag en die Christelike jaartelling, moet verdwyn. Die besittings van die Roomse kerk is nou staatseiendom en honderde kerke word verbrand. In die hoofkerk van Parys, die beroemde Notre Dame, verrys nou die "*Godin van die Rede*" waar vroeër die altaar gestaan het. Die "verligting" het die mensdom van Europa weer teruggevoer na die "duisternis" van die heidendom.

4. Duitsland. — Uit Frankryk en Engeland het die idee van die "verligting" ook na Duitsland gekom. Frederik II, die Grote, koning van Pruise, het die verspreiding van hierdie denkkeelde help bevorder. Hy was 'n persoonlike vriend van Voltaire en voorstander van 'n "Christendom bo geloofsverdeeldheid", soos die skrywer Lessing dit uitdruk. "Elkeen moet maar op sy eie manier salig word", was sy leuse.

Die kerk het bitter vrugte gepluk van die "Aufklärung". Die Belydenis het in veragting gekom en die prediking is verwater. Die sedelike peil het gedaal. Die wedergeboorte is nie meer noodsaaklik nie, maar ontwikkeling en sedelike verbetering. God, deug en onsterflikheid is die enigste begrippe wat nog geld.

5. Nederland. — Die Engelse Deïsme, die Franse ongeloof en die Duitse rasionalisme sou ook in Holland die geeste in beroering bring. Reeds in die 17e eeu het dit duidelik geword dat die Arminiane wel veroordeel was, maar dat hul gees nog voortgeleef het.

In die loop van die 17e eeu en insonderheid in die 18e eeu kon daar altyd minder van die gees van Dordrecht bespeur word. In plaas van die streng Gereformeerde regsinnigheid het die "verdraagsaamheid" gekom, wat per slot van rekening niks *anders as onverskilligheid in die godsdienstige lewe was nie*.

Veral van die kant van die universiteite het die bederf uitgegaan en die kerk het oor geen afweermiddel beskik nie, omdat — volgens bepaling van die regering — geen algemene sinodes meer gehou mag word nie. Geen wonder dus dat die Franse verligtings-ideë ingang gevind het nie. As die Franse leërs dan ook in 1795 Nederland intrek, is die leuse algemeen: Vryheid, gelykheid, broederskap.

Aan die bevoorregte posisie van die Gereformeerde — of soos dit in hierdie tyd ook genoem is: die Hervormde — kerk het nou 'n einde gekom. Tot dusver was die Gereformeerde kerk staatskerk en hieraan was baie voorregte verbonde. Die traktement van die predikante is bv. uit die staatskas betaal. In 1798 word nou *die beginsel van skeiding tussen kerk en staat* toegepas. Voortaan is daar geen heersende of bevoorregte kerk meer nie en die kerklike besittings word tot nasionale eiendom verklaar. 'n Mens sou hierdie vryheid van die kerk kon toejuig as dit nie gebore was uit die gees van onverskilligheid nie. Die toestand van die kerk onder die Franse oorheersing was inderdaad troosteloos. In die 19e eeu sal egter weer tekens van nuwe lewe bemerk word.

VRAE

1. Wat het die sogenaamde "verligting" veroorsaak?
2. Wat leer die Engelse Deïsme?
3. Wie het die "verligting" in Frankryk gepreek?
4. Wat het die Franse Rewolusie geleer?
5. Wat weet u van die "verligting" in Duitsland?
6. Hoe was die ontwikkeling in Nederland na die Dordtse sinode?
7. Wat was die gevolge van die "verligting" vir die kerk?

HOOFSTUK 35: DEURWERKING VAN DIE BEGINSELS VAN DIE "VERLIGTING" EN TEKENS VAN HERLEWING

1. *Slapheid en onregsinnigheid in die kerklike lewe.*
2. *Toenemende staatsoorheersing.*
3. *Tekens van herlewing.*
4. *Reorganisasie van die Hervormde Kerk van Nederland.*

1. Slapheid en onregsinnigheid in die kerklike lewe. — Die einde van die agttiende eeu bied ons 'n troostelose beeld van die kerklike lewe. Die beginsels van die "verligting" het oral verstening gebring en in plaas van die warmte van die geloofslawe kom nou die koue atmosfeer van die dood. Vir die regsinnige beginsel was daar nêrens meer plek nie. In die negentiende eeu aanskou ons die deurwerking van hierdie beginsels. Die ongeloof neem toe en die getal van diegene wat met die kerk breek, word steeds groter.

In Duitsland het die Bybelkritiek hoogty gevier. Die sg. Tübinger skool het tot volslae modernisme verval. Strauss het sover gegaan om die verhale van die Bybel alle waarheid te ontsê. Selfs die Evangelies is vir hom mites, verdigsel. Marx, die vader van die kommunisme, het geleer dat die godsdienste opium vir die volk is.

Ook in Nederland is die leer van die vaders versaak, die "verdraagsaamheid" verkondig en leervryheid in die kerk ingedra. By die aanvaarding van hul amp moes predikante die belydenisskrifte onderteken. Die vraag het egter ontstaan of hulle dit doen *omdat* (quia) die belydenis met die Woord van God ooreenkom, dan wel *in sover* (quatenus) dit met die Heilige Skrif ooreenstem. Die sinode het ten gunste van die laaste beslis. Hiermee was die deur vir alle wind van leer oopgesit. Immers, elkeen kon nou sy eie opvatting omtrent die Bybel verkondig. Hy is alleen verplig om die belydenis te handhaaf "in sover" dit met die Bybel ooreenkom en die "in sover" was 'n saak wat hy self uitgemaak het. Gevolglik ontstaan daar 'n hele aantal "rigtinge" in die Hervormde kerk, die een meer, die ander minder vrysinnig.

2. Toenemende staatsoorheersing. — Nadat Napoleon byna die hele Europa aan sy gesag onderwerp het, is hy in die slag van Waterloo (1815) verslaan. Die verskillende volke het nou hul vryheid terug ontvang en baie het gehoop dat ook die kerk van die staat vrygemaak sou word. Bittere teleurstelling sou egter die resultaat wees.

In Duitsland bv. is van owerheidsweë 'n vereniging van Lutherse en Gereformeerde kerke geforseer, hoewel die tyd daarvoor nog glad nie ryp was nie (1817). Spoedig is egter teëstand ondervind, veral van die kant van die Lutherse. In 1832 breek dan ook baie met die Unie en stig weer aparte Lutherse kerke. Die koning het sy toevlug tot geweld geneem en almal wat hulle aan die Unie onttrek, in die gevangenis gesit. Ook van die kant van die Gereformeerdes het verset gekom. Eers met die dood van die koning het nuwe verhoudinge ontstaan en kon 'n nuwe Lutherse kerk gestig word.

In Nederland het koning Willem I nouliks die bewind aanvaar of hy openbaar sy begeerte om self die mag oor die kerk uit te oefen. As gevolg van die Franse oorheersing was die kerklike toestande heeltemal ontwrig. Die predikante het 'n lang tyd geen traktement ontvang nie en baie was dankbaar toe die koning bepaal dat die traktemente voortaan uit die staatskas betaal sou word. Spoedig het egter geblyk dat die koning van plan was om die kerk tot 'n staatsinstelling te maak.

'n Reglement vir die kerk word dus in die jaar 1816 opgestel op gesag van die regering. Die kerk het hierin geen seggenskap gehad nie. Die koning wou naamlik geen toestemming verleen tot die hou van 'n algemene sinode nie. By die opstelling van die reglement is slegs die advies gevra van 'n kommissie van "verligte leraars en ander kundige manne".

Die reglement bepaal dat die Hervormde kerk bestuur moet word deur *klassikale* en *provinsiale besture* en ook deur 'n *opperbestuur* wat ten onregte "sinode" genoem is. Al

die lede van die besture sou deur die koning benoem word. Die ou kerkvergaderinge het hiermee heeltemal verval. Die Dordtse Kerkorde word eenvoudig opsy gestoot en 'n onbybelse, hiërargiese bestuurstelsel in die plek daarvan gestel. Verskillende klassisse het teen die nuwe reëling geprotesteer, maar sonder gevolg.

3. Tekens van herlewing. — Die gésel van die Franse Rewolusie en die juk van Napoleon het tot nadenke gestem en baie tot inkeer gebring. Die wortels van die herlewing lê egter al in die agttiende eeu as in die kringe van die "*verligting*" self reaksie kom. Die gevoel eis altyd weer sy regte op.

Ná die Revolusie was Schleiermacher, professor in Berlyn, die man wat die godgeleerdheid in nuwe bane sou lei en met al die krag van sy siel teen die Rasionalisme sou optrek. Sy vernaamste werk het in 1799 verskyn en geweldige indruk gemaak. Ongelukkig het hy sy uitgangspunt nie in *die* Heilige Skrif nie, maar in die gevoel, die geloofservaring van die gemeente geneem. Hy het dan ook die Bybelkritiek toegelaat en word tereg die vader van die moderne teologie genoem.

Meer Bybels is die herlewing wat daar in die Lutherse kerk kom as gevolg van die boodskap van die besielende prediker, Claus Harms. By geleentheid van die derde eeufees van die Hervorming publiseer hy sy "95 stelling", waarin die Rasionalisme heftig bestry en die ou waarhede weer verkondig word. In verskillende plekke keer die predikante nou terug na die ou en beproefde paaie.

4. Reorganisasie in die Hervormde Kerk van Nederland. — Dit sou duur tot die jaar 1950 voordat daar in die Hervormde Kerk van Nederland afwerping van die sinodale dwangjuk van 1816 sou kom. In hierdie jaar het die Hervormde Kerk 'n Kerkorde aanvaar wat deur die kerk self opgestel is en op grond waarvan dit waarlik weer *kerk* geword het met kerklike vergaderinge, waarin die stem van die kerk spreek en wat nie bloot *besture* is nie. Dit is werklik 'n omwenteling wat tot blydskap stem.

VRAE

1. Wat is die toestand van die kerklike lewe aan die begin van die negentiende eeu?
2. Hoe was die verhouding tussen kerk en staat?
3. Wat weet u van die reglement van 1816 in Nederland?
4. Watter tekens van herlewing was daar in die 19e en in die 20e eeu?

HOOFSTUK 36: DIE REVEIL, VERAL IN NEDERLAND

1. *Oorsprong van die Reveilbeweging.*

2. *Die Reveil in Nederland.*

3. *Karakter en betekenis van die Reveil.*

1. Oorsprong van die Reveilbeweging. — Die sestiende eeu was die eeu van die Reformasie; die sewentiende laat ons die opbloeï van die Gereformeerde lewe en die agttiende die verstening daarvan sien. Die negentiende eeu is die eeu van die Reveil — die woord beteken: "ontwaking". In verskillende lande van Europa kom daar 'n ontwaking, wat weer 'n duidelike bewys is dat die Heilige Gees nie van die kerk gewyk het nie.

Die Reveilbeweging het sy oorsprong in Switserland. Ongeveer 1815 kom 'n paar Skotse studente, uit die skool van Whitefield, na Genève en begin daar arbei tot opwekking van die geestelike lewe. Onder die studente wat met die beweging saamgaan, tref ons Cesar Malan en Merle d'Aubigné aan.

Malan, die siel van die beweging, het later onderwyser geword aan die Latynse skool. Aangesien hy volbloed Calvinis was, kon hy die Reveil vir verwatering bewaar.

Die volksgees sou, helaas, in verset kom teen die nuwe rigting, en die heerssug van die kerklike outoriteite het veroorsaak dat die Reveil-manne uiteindelik oorgaan tot die stigting van hul eie kerk, met die gevolg dat Malan deur die owerheid afgesit is. Tog het die vrye kerk deur hom en sy volgelingen gestig, voortgegaan en selfs 'n eie Teologiese Skool opgerig.

2. Die Reveil in Nederland. — Ook op Nederland het hierdie nuwe herlewing invloed gehad en spoedig sou die beweging ook hier posvat. Die voorloper was *Nicholas Schotsman*, predikant in Leiden. Soos 'n donderslag uit helder hemel het in 1819 sy "Eerezuil ter gedachtenis van de voor 200 jaar te Dordrecht gehouden nationale Synode" verskyn. Oor hierdie boek sou 'n geweldige stryd ontstaan, maar dit het die geeste wakker gemaak.

Die "ysbreker" van die Reveil in Nederland was die groot digter, Bilderdijk. Hy het die stryd aangebind teen die heerskappy van die verstand en die sogenaamde verligting, wat niks anders as mensvergoding was nie.

In Leiden het hy 'n skool geopen en van sy leerlinge, o.w. Capadose, Da Costa en Groen van Prinsterer, het later voormanne van die beweging geword. Op verskillende plekke is stigtelike byeenkomste gehou (Bybellesinge) en tweemaal per jaar 'n algemene vergadering onder die naam: Vergadering der Christelike vrienden.

Die "held" van die Reveil was Isaäc da Costa, geesteskind van Bilderdijk, en net soos sy leermeester 'n groot digter. Da Costa, 'n man van Joodse afkoms, het reeds op jeugdige leeftyd met Bilderdijk in aanraking gekom. Saam met sy vriend Capadose, ook 'n Jood, is hy meer en meer van die waarheid van die Christendom oortuig. In 1822 word Da Costa saam met sy vrou en Capadose gedoop. Van hierdie tyd af stel hy al sy kragte in die diens van Christus. Deur sy: "Bezwaren tegen de geest der eeuw" het hy die oë van baie geopen vir die koue rasionalisme en liberalisme van sy tyd. Van die kant van die Liberale is baie smaad en hoon op sy hoof uitgegiet.

Groen van Prinsterer was gedurende byna 'n halwe eeu die verdediger van die belange van die regsinniges. Om hom, ook 'n mikpunt van die teëstanders, het 'n groep van regsinnige manne hulle geskaar. Oor sy stryd vir kerkherstel word later gehandel.

3. Karakter en betekenis van die Reveil. — Die Reveil het nie 'n hervorming van die kerk beoog nie, maar hom veral gerig teen die ongelowige tydgees deur terug te roep na die Skrif en na die ou belydenisse en vir die persoonlike lewe nadruk te lê op wedergeboorte en bekering. In onderlinge samekomste wou die "Christelike vriende" mekaar opbou en so feitlik kerkies in die kerk vorm.

Hoewel die Reveil baie skakeringe vertoon het, was die grondtoon tog Gereformeerde, met 'n metodistiese inslag. Nadruk is gelê op die volkome bederf van die menslike natuur en daarteenoor word die vrymagtige, soewereine genade van God gestel. Hierdeur het dit die vyandskap van baie wakker gemaak.

Al het die Reveil nie doelbewus na vrymaking en hervorming van die kerk gestreef nie, dit sou tog die latere hervorminge van 1834 en 1886 beïnvloed. Getuie daarvan is die feit dat *manne* van die Afskeiding van 1834 tot die Reveilkringe behoort het en ook die groot stryder vir kerkherstel, Groen van Prinsterer, 'n leerling van Bilderdijk was. Die Reveil was die eerste kreet van die nuutontwakende lewe.

VRAE

1. Hoe het die Reveilbeweging ontstaan?
2. Wie het die eerste Reveilstem in Nederland laat hoor?
3. Wie was die ysbreker van die Reveil in Nederland?
4. Wie was die held van die Reveil en wat weet u van hom?
5. Wie het nog behoort tot die skool van Bilderdijk en wat het hulle gedoen?
6. Wat was die karakter en die betekenis van die Reveil?

HOOFSTUK 37: DIE AFSKEIDING VAN 1834

1. *Die eerste geluide.*
2. *Direkte oorsake van die Afskeiding.*
3. *Botsing met die kerklike besture.*
4. *Die Afskeiding.*
5. *Uitbreiding en vervolging deur die owerheid.*
6. *Die stryd om erkenning.*
7. *Die einde van die stryd.*

1. Die eerste geluide. — Behalwe die Reveil, wat in sekere opsigte die eerste hervormingsbeweging voorberei het, word daar ook ander dergelike geluide gehoor. Die reeds genoemde boekie van Schotsman ter ere van die Dordtse sinode kan as die eerste basuinstoot aangemerkt word. Die tweede kom van ds. Molenaar wat in 1827 sy "Adres aan alle mijne Hervormde geloofsgenooten" onder 'n skuilnaam uitgegee het. Hierin word die verval van die godsdienstige en kerklike lewe behandel en gevra dat die kerk weer geregeer sal word volgens die bepalinge van die Dordtse sinode. Die boekie is verskillende kere herdruk en het so 'n groot opskudding verwek dat die koning 'n ondersoek laat instel het om uit te vind wie die skrywer was. Toe dit blyk dat Molenaar die skrywer is, het hy aan die koning belowe dat hy verder niks sou doen wat die orde en rus van die kerk versteur nie. Maar die koeël was deur die kerk!

Ander, indirekte, oorsake vir die Afskeiding was die volgende: Die sg. Groninger rigting het in die tyd openlik in stryd met die belydenis gekom; die sinode het duidelik getoon dat dit die leer nie wou handhaaf nie. In Switserland het die Reveil reeds tot 'n breuk met die bestaande kerk gelei.

2. Direkte oorsake van die Afskeiding. — Direkte oorsake van die afskeiding was die verandering wat in die lewe van ds. H. de Cock, predikant te Ulrum, plaasgevind het. Opgelei ooreenkomstig die beginsels van die Groninger rigting het hy in die begin net soos die ander predikante gespreek. Die omgang met regsinnige lidmate, die studie van die werke van Reveil-manne, van Schotsman en Molenaar en veral die Institusie van Calvyn, het hom egter tot ander insigte gebring.

Die gevolg is dat die inhoud en die toon van sy prediking heeltemal begin verander. Honderde stroom nou elke Sondag na Ulrum om die suiwere prediking te hoor.

3. Botsing met die kerklike besture. — Toe De Cock aan kinders van ouers uit ander gemeentes op hul versoek die doop bedien, het hy in moeilikhede geraak. Die ouers wou hul kinders nie deur moderne predikante laat doop nie. In 1833 het die klassikale bestuur hom verbied om die sakrament aan hierdie kinders te bedien, maar ds. De Cock het hom daaraan nie gesteur nie.

Die eerste botsing sou egter nie oor hierdie saak kom nie, maar oor 'n geskrif van De Cock. Twee manne het naamlik 'n boekie uitgegee, waarin hulle duidelik hul afkeer van die Gereformeerde leer laat blyk het. Toe De Cock hierop antwoord met sy werkie: "De schaapskooi van Christus aangetast door twee wolven en verdedigd door H. de Cock", is hy voor die klassikale bestuur gedaag en, nadat hy geweier het om terug te trek, vir onbepaalde tyd geskors, met behoud van traktement. Intussen sou daar ook stryd ontbrand oor die Evangeliese Gesange wat in 1807 ingevoer is. Hoewel die gebruik van die Gesange deur die hoëre besture verpligtend gestel is, het De Cock dit reeds geruime tyd nie meer laat sing nie. Toe 'n sekere Klok 'n boekie teen die Gesange geskryf het, waarin skerp taal gebruik is, het De Cock dit van 'n aanprysende voorwoord voorsien. Hieruit het sy afsetting as predikant gevolg.

4. Die Afskeiding. — Intussen het ander predikante met De Cock begin simpatiseer. Ds. Scholte het, danksy die invloed van Bilderdijk en Da Costa, reeds voor sy

kennismaking met die aksie van ds. De Cock suiwer Gereformeerd gepreek. Tydens 'n besoek aan ds. De Cock in Ulrum was sy kragtige prediking een van die oorsake dat die kerkraad van Ulrum moed geskep het om tot 'n beslissing te kom. Op 13 Oktober 1834 het die kerkraad 'n "Acte van Afscheiding of Wederkeering" geteken. Daarin word verklaar dat die Hervormde Kerk die valse kerk is, waarom hulle hulle afskei, volgens art. 28 van die Geloofsbelydenis, van diegene wat nie van die kerk is nie. Met die Hervormde kerk wil hulle geen gemeenskap meer hê nie, totdat dit terugkeer tot die waaragtige diens van die Here.

5. Uitbreiding van die hervormingsaksie en vervolging deur die owerheid. — Die aantal afgeskeidenes, wat intussen vinnig aangegroei het, tel in 1836 reeds ruim 4000 siele. Die gevolg was dat hulle spoedig die ysterjuk van die staatsmag op hulle sou voel. As misdadigers is hulle vervolgd, uitmekaargejaag, mishandel en met boetes en gevangenskap gestraf.

Die owerheid het hom beroep op 'n artikel in die grondwet waarvolgens alleen aan *bestaande* godsdienste beskerming verleen word, en ook die wetboek van die strafreg, wat bepaal dat vergaderinge van meer as 20 persone met 'n kerklike doel, sonder vergunning van die regering verbode was.

Prediking deur die "Skeurmakers" is dus belet en die samekomste kon alleen in privaat huise gehou word. Die polisie het opdrag gekry om streng toesig te hou dat die verordeninge nie oortree word nie.

Om die uitbreiding van die Afscheiding nog doeltreffender teë te gaan, is soldate by die Afgeskeidenes ingekwartier. De Cock self moes 'n tyd in die gevangenis deurbring. 'n Duidelike bewys van die verderflike gevolge van die staatsbemoeïing met die kerk!

6. Die stryd om erkenning. — Dit het geruime tyd geduur voordat die Afgeskeie kerk erkenning van die kant van die regering sou verkry. Gedurig is smeekskrifte gestuur waarin daarop gewys is dat hulle geen nuwe kerk wil wees nie, maar slegs 'n voortsetting van die ou Gereformeerde kerk van voor 1816. Eindelik is toegestem dat gemeentes gestig mag word, op voorwaarde dat hulle nie die naam "Gereformeerde" mag gebruik nie en dat hulle geen aanspraak op enige kerklike goedere sou maak nie. Op voorspraak van Groen van Prinsterer is toegestem dat godsdiensoefeninge gehou mag word, mits die vergunning van die plaaslike owerheid gevra word.

Die Afgeskeidenes het die voorwaardes as diep krenkend beskou. Dat hulle aanspraak sou wil maak op die besittinge van die Hervormde kerk, was buite die kwessie, maar die prysgewing van die ere naam "Gereformeerde" het vir baie gelykgestaan met verloëning van die Christus. Die vervolginge het nou hewiger as ooit tevore geword.

7. Die einde van die stryd. — Daar die druk van die vervolginge vir sommige te swaar was, het 'n deel onder leiding van ds. Van Raalte, na Amerika uitgewyk, waar hulle tot die stigting van die Christelike Gereformeerde kerk oorgegaan het. 'n Ander deel, onder leiding van ds. Scholte, het die Gereformeerde naam prysgegee en is, op hul versoek, deur die regering erken as die "Christelik Afgeskeie gemeente van Utrecht" (1839). Ander gemeentes het weldra hierdie voorbeeld gevolg.

Die wat egter bly weier om die voorwaardes van die staat aan te neem, het hulself "Gereformeerde kerk onder die kruis" genoem. Ná baie wederwaardighede en onenighede onderling, o.a. oor die Kerkorde en oor die "ampsgewaad", kon tog in 1854 reeds 'n eie Teologiese Skool in Kampen opgerig word. Hierdie skool, wat tot groot seën vir die kerk was, bestaan vandag nog in 'n bloeiende toestand. In 1869 is eendelike aan die lank gekoesterde wens voldoen en die naam "Christelik Afgeskeie kerk" verander in "Christelik Gereformeerde kerk". Op die sinode van 1869 het ook die vereniging met die "Gereformeerde kerke onder die kruis" plaasgevind. Van nou af sou die kerk van die Afscheiding 'n tydperk van bloei tegemoetgaan. Op die sinode van 1857 te Leiden is ook gedink aan die belange van die stamverwante in Suid-Afrika toe ds. D. Postma afgevaardig is om in hul geestelike behoeftes te voorsien.

VRAE

1. Watter suiwer geluide is daar reeds voor die Afskeiding van 1834 gehoor?
2. Wat weet u van ds. H. de Cock?
3. Watter oorsake het direk aanleiding gegee tot die Afskeiding?
4. Skets die botsing van ds. De Cock met die kerklike besture.
5. Hoe het die owerheid opgetree?
6. Wat was die verdere verloop van die Afskeiding?

HOOFSTUK 38: DIE DOLEANSIE (1886)

1. *Wat daaraan voorafgegaan het.*
2. *Die optrede van dr. A. Kuyper.*
3. *Oprigting van die Vrije Universiteit.*
4. *Toenemende vrysinnigheid in die Hervormde kerk.*
5. *Die botsing.*

1. Wat daaraan voorafgegaan het. — Ná die Afskeiding van 1834 het in die Hervormde kerk nog baie oorgebly wat dit met die leer en kerkregering nie eens was nie, maar aangedring het op "kerkherstel". Hul standpunt was dat 'n lidmaat nie direk met die kerk moet breek nie, maar sy uiterste krag moet inspan tot hervorming. Eers as hulle uit die kerk gedryf word, mag hulle tot aparte kerkstigting oorgaan. Die groot leier van hierdie groep was Groen van Prinsterer.

In 1832 reeds het ds. Moorrees in 'n adres met meer as 8000 naamtekeninge by die sinode aangedring op handhawing van die Formuliere van enigheid en hersiening van die kerklike reglemente volgens die Dordtse Kerkorde. Die sinode was egter doof vir die roepstem.

Net so weinig het die adres gehelp wat deur die "sewe Haagse here", met Groen aan die hoof, ingedien is. Dit het Groen genoodsaak om vereniginge te stig wat spesiaal kerkherstel ten doel sou hê.

2. Die optrede van dr. A. Kuyper. — Groen van Prinsterer sou 'n kragtige medestryder vind in die persoon van die geniale dr. A. Kuyper (gebore 1837). Hy het sy opleiding in Leiden ontvang en onder invloed van die moderne rigting van Scholten gekom. In sy eerste gemeente al bring voortgesette studie en die omgang met eenvoudige lidmate egter 'n hele omwenteling in sy siel teweeg. Meer en meer kom hy tot die oortuiging dat alleen in terugkeer tot die ou Gereformeerde kerk heil te wagte was.

3. Oprigting van die Vrije Universiteit. — In 1876 het daar 'n nuwe "Wet op Hooger Onderwijs" gekom, waar bepaal word dat die onderrig in die Teologie voortaan nie meer op die universiteite gegee sou word nie, maar alleen in die "Vergelykende studie van die godsdienste" sodat die Christendom op een lyn met die heidense godsdienste gestel word. Aan die sinode is wel toegestaan om aan elke universiteit twee kerklike professore te benoem, maar daarvoor het gewoonlik manne van vrysinnige rigting in aanmerking gekom.

Dr. Kuyper e.a. was hiermee egter nie tevrede nie en het in 1880 die "Vrije Universiteit op Gereformeerde Grondslag" in Amsterdam opgerig. Hierdie universiteit sou 'n bolwerk vir die Gereformeerde waarheid word en ook op ons land groot invloed uitoefen. Aangesien studente van die Vrije Universiteit nie as predikante in die Hervormde kerk sou toegelaat word nie, moes dit wel tot 'n botsing lei.

4. Toenemende vrysinnigheid in die Hervormde kerk. — Intussen woeker die leervryheid voort. Moderne predikante wat openlik die Godheid van Christus en sy opstanding ontken, gaan ongehinderd met hul dwaalleer voort. Alle proteste was vrugtelos. Ook aan die sakramente word getorring. Die moderne predikante wou nie die bekende woorde by die bediening van die doop gebruik nie. Sommige het selfs gedoop "tot geloof, hoop en liefde". Jongmense kry geleentheid om hul belydenis by moderne predikante van ander gemeentes af te lê as hulle dit nie wou doen by die Gereformeerde predikante van hul eie gemeente nie.

In artikel 11 van die Reglement het toe nog altyd gestaan die bepaling dat die leer van die kerk gehandhaaf moet word. By die sinode van 1873 het egter 'n voorstel ingekom dat die woorde "handhawing der leer" geskrap sal word. Hierdie wetlike bestendiging van die leervryheid was selfs vir 'n Groen te veel. Nog altyd teen afskeiding gekant het hy nou gevoel dat daar geen ander weg was nie as die vereniging van alle Gereformeerdes

in een kerkverband.

5. Die botsing. — In die gemeente Amsterdam het die Gereformeerde element steeds sterker geword, sodat dit nie verwondering hoef te wek dat die verwagte botsing eerste hier plaasgevind het nie.

Die jaar 1883 is van groot belang. Die sinode het die ondertekeningsformulier vir proponente nou so verander dat predikante hulleself alleen verbind "om die belange van die Godsryk te bevorder". Vroeër moes hulle tog nog die kerkleer "in wese en hoofsaak handhaaf". Die gemeente Amsterdam roep nou 'n vergadering van regsinnige kerkraadslede uit verskillende gemeentes bymekaar. Die besluite het daarop neergekom dat 'n hele aantal kerkrade niemand as predikant sou toelaat wat nie met die Belydenisskrifte instem nie. Verder is op hierdie vergadering te kenne gegee dat met die organisasie in 1816 gebreek moet word wanneer dit die Gereformeerdes verhoed om ook op kerklike gebied hul beginsels uit te lewe.

Die vuur het lank gesmeul totdat dit in 1886 in ligte laaie ontvlam. Die gemeente Kootwijk het die sein gegee deur die proponent Houtzagers van die Vrije Universiteit te beroep en hom, met verbygaan van die kerklike besture, in sy amp te bevestig. Die kerkraad is hierop geskors.

In dieselfde tyd val die Amsterdamse botsing. Die kerkraad het geweier om getuienisse van goeie sedelike gedrag te gee aan jong lidmate wat op 'n ander plek by moderne predikante belydenis wou doen. Verder was daar 'n kwessie omtrent die beheer van kerklike goedere. Tagtig kerkraadslede het gestem ten gunste van 'n voorstel waarvolgens by 'n moontlike botsing die sinodale organisasie nie erken sal word nie. Die gevolg was dat hulle almal geskors en 'n halfjaar daarna 75 van hulle uit hul amp ontsê is.

Al die kerkrade wat wou terugkeer na die Dordtse Kerkorde het dieselfde lot gedeel. Ná hierdie verbreking van die band met die sinodale kerkorganisasie, kom die "Nederduits Gereformeerde kerk" "dolerende" tot stand. "Dolerend" beteken "klagend", 'n byvoeging wat aandui dat hulle dit onbillik gevind het dat in tal van hofsake die kerklike besittinge hulle ontnem is. Vandaar die naam "Doleansie" vir die tweede hervormingsbeweging van die negentiende eeu. Later is hierdie byvoeging weggelaat.

In 1892 vind 'n vereniging met die kerke van die Afskeiding van 1834 plaas onder die naam: Die Gereformeerde kerke in Nederland. So het dan die lig van die Hervorming ook in die negentiende eeu weer heerlik deurgebreek.

VRAE

1. Watter poginge vir kerkherstel is deur Groen en sy medestanders gedoen?
2. Wat weet u van dr. A. Kuyper?
3. Hoe het dit gekom tot oprigting van die Vrije Universiteit?
4. In watter opsigte het die Hervormde kerk altyd meer vrysinnig geword?
5. Hoe het die "botsing" in Kootwijk en Amsterdam gekom?

HOOFSTUK 39: DIE CHRISTELIK-GEREFORMEERDE KERK IN NOORD-AMERIKA

1. *Inleiding.*
2. *Voorgeskiedenis.*
3. *Ontstaan van die Christelik-Gereformeerde kerk.*
4. *Vereniging met die Dutch Reformed Church.*
5. *Die terugkeer van 1857.*
6. *Uitbreiding van die Christelik-Gereformeerde kerk.*

1. Inleiding. — Behalwe in Nederland en Suid-Afrika het die Gereformeerde leer ook in Amerika 'n vrugbare bodem gevind. Daarom is dit nodig dat ons ook kennis maak met die geskiedenis van die Christelik-Gereformeerde kerk aldaar.

2. Voorgeskiedenis. — Reeds in die 17e eeu het Calviniste uit Engeland, Skotland en Frankryk na Amerika verhuis. Ook uit Nederland het gedurende die tagtigjarige oorlog immigrante gekom. Direk ná hul koms word die Gereformeerde kerk gestig en in 1626 die eerste predikant begroet.

Tot ongeveer 1792 het hierdie kerk in verband gebly met die kerk in die Nederlande, maar omstreeks die tyd word dit 'n selfstandige Amerikaanse kerk met die naam "Reformed Church" en Engels as voertaal.

3. Ontstaan van die Christelik-Gereformeerde kerk. — Toe die lidmate van die Christelik-Afgeskeie kerk in Nederland ná 1834 so geweldig van owerheidsweë vervolgt is (vgl. hoofstuk 37), het 'n aantal van hulle besluit om na Noord-Amerika te verhuis. Hul leiers was di. Van Raalte en Scholte. Nie alleen die hoop om hul finansiële posisie te verbeter nie, maar ook die verlange na verlossing uit die bande wat hul kerklike lewe omknel hou, was hiertoe die dryfveer. Hulle wou vry wees om die suiwer leer te verkondig, ook aan die heidene.

In die begin was dit 'n geworstel om die wêreld bewoonbaar te maak. Baie het ook as gevolg van allerhande siektes beswyk. Tog sou daar langamerhand verbetering intree en in die kerklike lewe geseënde vooruitgang bespeur word.

Dadelik is die kerk georganiseer volgens die beginsels van die Gereformeerde kerkregering.

4. Vereniging met die Dutch Reformed Church. — Toe die oudste kerk hoor dat daar weer Nederlandse stamverwante aangekom het, is dadelik poginge tot hereniging in die werk gestel, veral deur 'n sekere ds. Wyckoff. Van Raalte, wat uit die staanspoor aanneem dat die Dutch Reformed Church op dieselfde standpunt staan as sy kerk, het hom dadelik tot vereniging bereid verklaar. Aan die weieragtiges het Wyckoff beloof dat wanneer hulle te eniger tyd uitvind dat die verbintenis stry met hul oortuiginge, hulle weer kon uittree. Op 'n samekoms van enkele predikante en ouderlinge sonder lasbriewe is besluit om te verenig — 'n onkerklike handeling (1849). Die vereniging sou dan ook nie van lange duur wees nie.

5. Die terugkeer van 1857. — Van die begin af was daar ontevredenheid oor die vereniging. Die meeste gemeentelede het niks van die Reformed Church geweet nie. Latere, grondiger kennismaking met hierdie kerk, het van Gereformeerde kant die volgende besware aan die lig gebring: Vrymesselaars is lede van die kerk, huisbesoek is nie meer reël nie, die katkisasie het heeltemal verloop, van die uitverkiesingsleer word afgewyk, tot die Nagmaal is daar vrye toegang vir nie-Gereformeerdes, die Evangeliese Gesange word in die erediens gesing, ens.

Ingevolge hierdie besware is die Christelik-Gereformeerde kerk in 1857 herstig. Hierdie

kerk kom in leer, diens en tug ooreen met die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika en daar word gedurig broederlike betrekkinge onderhou.

6. Uitbreiding van die Christelik-Gereformeerde kerk. — Dit spreek vanself dat die kerk in die begin moeilike dae sou belewe. Alles was ongeorganiseerd en onderling was daar baie onenigheid. Menige leier van wie baie verwag is, het teleurgestel. Die gemeentelêde het egter standvastig gebly, ten spyte van opposisie van buite.

Dit is dan ook hieraan te danke — naas die seën van die Here — dat die kerk tog uitgebrei het. Spoedig word 'n eie Teologiese Skool opgerig en vandag nog is die Calvin Seminary 'n bloeiende inrigting waar die Teologie op Gereformeerde grondslag bestudeer word.

Die Christelik-Gereformeerde kerk doen ook verbasend veel vir die sending, veral in China, Nigerië en onder die Indiane. 'n Groot sendingsvriend en alombekende figuur was dr. Henry Beets.

Behalwe sendingwerk doen die Chr. Geref. Kerk ook veel vir Christelike Laer- en Hoër Onderwys. Bloeiende skole word onderhou sonder 'n sent subsidie van die staat.

Die Calvin College in Grand Rapids is 'n selfstandige Universiteitskollege waar — sonder enige steun van die staat — die wetenskap "in U lig" beoefen word.

Daar gaan dus groot krag van hierdie kerk uit.

In 1957 is die eeufees op gepaste wyse gevier.

VRAE

1. Wat was die godsdienstige oortuiging van die eerste nedersetters in Amerika?
2. Watter kerk is eerste gestig?
3. Deur wie is die Christelik-Gereformeerde kerk gestig?
4. Hoe het die vereniging met die oudste kerk plaasgevind?
5. Waarom het die vereniging misluk?
6. Wanneer is die Christelik-Gereformeerde kerk herstig?
7. Wat weet u van die teenswoordige toestand van hierdie kerk?

B. VADERLANDSE KERKGESKIEDENIS

HOOFSTUK 40: STIGTING VAN DIE KERK

1. *Die eerste volksplanting en stigting van die Gereformeerde kerk.*
2. *Kerklik-godsdienstige toestande aan die Kaap in die eerste jare.*
3. *Vaste predikante.*

1. Die eerste volksplanting en stigting van die Gereformeerde kerk. — Hoewel die Portugese, aanhangers van die Roomse kerk, die eerste ontdekkers van die seeweg van Europa na Indië was, het God dit tog so beskik dat die eerste volksplanting deur Gereformeerde Hollanders sou geskied. 'n Sekere Janszen, wat 'n hele paar maande as skipbreukeling aan die Kaap vertoef, vestig in 1649 die aandag van die Oos-Indiese Kompanjie op die land. In 'n "Remonstransie", opgestel deur Janszen en Proot, word onder die voordele van 'n nedersetting aldaar ook genoem dat dit kan wees "dat daar baie siele tot die *Christelike Gereformeerde godsdienste* en tot God toegebring sal word".

Die Oos-Indiese Kompanjie, 'n groot handelsmaatskappy in Nederland, het gou ingesien dat 'n halfwegstasie tussen Europa en Indië noodsaaklik was vir die voorsiening van vars lewensmiddele aan die skepe op hul lang reis. Die Kaap kon daarvoor uitnemend diens doen.

Op 6 April 1652 sit Jan van Riebeeck en sy manskappe voet aan wal. Op hierdie dag is nie alleen die Dietse beskawing nie, maar ook die *Gereformeerde kerk na Suid-Afrika oorgeplant*. Tereg word 6 April dus nou as 'n nasionale feesdag gevier, soos ook die bedoeling van Van Riebeeck was. Hy het naamlik bepaal dat die dag van sy landing jaarliks tot Gods eer met danksegging gevier en vir altyd tot 'n blywende dank- en bededag verklaar sal word.

2. Kerklik-godsdienstige toestande aan die Kaap in die eerste jare. — Voor die koms van vaste predikante moes die dienste waargeneem word deur *sieketroosters*. Hulle het nie die status van predikante gehad nie en is streng verbied om amptelike werk te doen. Die ondersoek van sulke persone het geskied deur die klassis Amsterdam ten behoeve van die Kompanjie. Gewoonlik is net daarop gelet of hulle kon lees en voorsing. Ook die sedelike gedrag moes aandag geniet, maar die ondersoek hiervan het dikwels oorhaastig of glad nie plaasgevind nie, met die gevolg dat soms persone van ergerlike lewenswandel en met weinig kennis aangestel is. Daar was onder hulle egter ook bekwame en godvrugtige manne wat in hoë agting gestaan het.

Die sieketrooster moes elke aand ná ete die godsdiensoefening waarneem. Die bywoning hiervan is verpligtend gestel en versuim met verlies van die wynrantsoen en een gulde boete gestraf. Sondags het hy 'n preek voorgelees: Een Sondag oor 'n vrye teks en die ander uit een of ander verklaring van die Heidelbergse Kategismus. Die jongeres moes vrae opsê met twee of drie bewysplase uit die Heilige Skrif. Afwesigheid is gestraf — by die eerste oortreding met die verlies van ses dae wynrantsoen, by die tweede met aftrekking van die loon van een maand en by die derde met een jaar harde arbeid in die ketting en verlies van loon.

Ook die onderwys van die jeug, die besoek van krankes en die leiding van godsdiensoefeninge in die week, is aan die sieketroosters opgedra. Die onverskilliges moes vermaan en gewaarsku word, veral teen vloek, sweer, misbruik van die Naam van God en alle ontugtige woorde en werke.

Die vermaninge was uiters noodsaaklik omdat in die eerste tyd dronkenskap, ontug, vegpartye, diefstal en ander ergerlike sondes dikwels voorgekom het. Dit vloei daaruit voort dat die oorgrote meerderheid van die bevolking in die eerste tyd uit soldate bestaan het wie se losbandige lewe spreekwoordelik was. Daarby kom dat met die verbygaan van skepe alle soorte mense 'n tyd aan die Kaap vertoef het.

Die bediening van die sakramente deur predikante wat op die heenreis na of die

terugreis van Oos-Indië hier 'n tyd moes oorbly, was natuurlik ongereeeld, maar het tog betreklik dikwels plaasgevind.

Waar die sedelike peil op so 'n lae trap gestaan het, hoef dit ons nie te verwonder dat daar ook in kerklike sake groot onverskilligheid geheers het nie. Daar moes herhaaldelik aangedring word op heiliging van die Sabbat en die nagmaal is swak bygewoon. Langsamerhand vind egter 'n suiweringsproses plaas en kom beter elemente in die plek van die losbandiges.

In die eerste tyd is die dienste in die ou fort gehou, die saal waarvan egter langsamerhand te klein sou word. Eers in 1665, toe begin is met die bou van die "kasteel", word 'n huis van hout op die plein daarvan as kerkgebou ingerig.

3. Vaste predikante. — In 1665 word die eerste kerkraad benoem, bestaande uit een ouderling en een diaken. Hulle het "die belydenis van die Gereformeerde kerk vir goed en met Gods Woord in ooreenstemming" onderteken. Hiermee is die "*Gereformeerde gemeente van Kaapstad*" gestig

VRAE

1. Hoe het die volksplanting tot stand gekom en met watter doel?
2. Wat weet u van die sieketroosters?
3. Wat was hul pligte?
4. Hoe was die sedelik-godsdienstige toestand in die eerste tyd?
5. Wanneer en hoe is die eerste gemeente gestig?'

HOOFSTUK 41: UITBREIDING VAN DIE KERK

1. *Stellenbosch.*

2. *Aankoms van die Hugenote. Franshoek.*

3. *Nog meer gemeentes.*

1. Stellenbosch. — Die verversingstasie het met die loop van jare altyd meer uitgebrei. In 1683 al kom daar 'n versoekskrif van dertig burgers van die reeds vroeër aangelegde dorp Stellenbosch, waarin hulle daarop wys dat hulle, ver van Kaapstad verwyder, gevaar loop om geestelike skade te ly. Hulle vra dat 'n bevoegde onderwyser vir die kinders gestuur sal word, wat ook as sieketrooster kan optree en Sondags 'n preek kan lees.

Die versoek is gunstig deur Simon van der Stel ontvang en dit was nie lank nie of Sybrand Mankadan is tot skoolmeester en sieketrooster benoem. In 1686 tot 'n selfstandige gemeente gestig, het Stellenbosch spoedig sy eie kerkgebou sien verrys. Die gemeente word nou elke drie maande deur die predikant van Kaapstad bedien. Eers veertien jaar later het Stellenbosch sy vaste leraar verwelkom.

2. Aankoms van die Hugenote. Franshoek. — Baie Hugenote het ná die herroeping van die edik van Nantes na Nederland gevlug en dit was juis in hierdie tyd dat die Kompanjie daaraan begin dink het om geskikte koloniste in te voer, veral met die oog op die uitbreiding van die landbou, met name die wynbou. Vanself het die oog geval op die Franse vlugteling wat in hul vaderland met hierdie bedryf goed bekend was. Die Kompanjie besluit dan ook om "tot voortsetting van die landbou aan die Kaap koloniste te stuur en daaronder op te neem Franse vlugteling van die *Gereformeerde godsdienst*, vernameklik enige wyngaardeniers . . . wat ook 'n getuienis van die kerkraad sal bring dat hulle eerlike mense is, wat dan ook as Nederlanders beskou sal word".

In die begin het maar 'n geringe aantal van die aanbod gebruik gemaak. Eers later sou die vooruitsigte beter word. Die Kompanjie het kostelose oortog gewaarborg, verder soveel land as wat hulle kon bewerk, asook gereedskap, saad en vee op krediet.

Die getal Hugenote wat van 1688 tot 1700 hier aangekom het, was minder as 200. As ons egter in aanmerking neem dat die totale sieletal van die Kolonie in 1691 slegs ongeveer duisend bedra het, is dit duidelik dat die Hugenote 'n aansienlike gedeelte van die bevolking uitgemaak het.

Om hulle so gou moontlik in die gevestigde bevolking te laat opgaan, word die Hugenote onder die Hollandse koloniste versprei, sommige te Stellenbosch, maar die meeste in die Drakenstein-vallei, langs die Bergrivier op, en veral in Franshoek.

'n Uitdruklike voorwaarde van die kant van die Hugenote was dat 'n Franse predikant met hulle moes saamkom, waaraan gevolg gegee is deur die benoeming van ds. Pierre Simond. Tog het hulle in die eerste tyd geen selfstandige gemeente gevorm nie.

Reeds in die eerste jaar van hul verblyf alhier het die Franse versoek dat 'n onderwyser aangestel sou word. As sodanig is toe deur die owerheid Paul Roux benoem, 'n bekwame man wat Frans sowel as Hollands geken het.

Dit is begryplik dat die Franse so spoedig moontlik 'n selfstandige gemeente sou begeer. Hul versoek het egter aan die goewerneur 'n uitbarsting van woede ontlok. Die bewindhebbers van die O.I.K. wou naamlik die Franse verhollands, iets wat in hoë mate onwaarskynlik sou wees as hulle 'n eie gemeente stig. Op hul beurt was die Franse verbitter oor die houding van die goewerneur, sodat hulle selfs besluit het om nie met Hollanders te trou nie. Die verhouding tussen die twee seksies was 'n tyd uiters gespanne.

Eers in 1691 het die bewindhebbers die versoek om 'n eie gemeente toegestaan, maar onder sekere voorwaardes. Drakenstein (tans Paarl) was dus die derde gemeente. Deur geskiedskrywers word met hoë lof van die gehegtheid van die Hugenote aan hul kerk

gespreek. Uiteindelik het die Franse tog verhollands, of liever saam met die Hollanders uitgegroeï tot die Afrikaanse nasie.

3. *Nog meer gemeentes.* — Die altyd groeiende neiging onder die Kompanjiedienaars om as vryburgers selfstandig hul boerderye te behartig, het die uitbreiding van die volksplanting in die hand gewerk. Op las van die goewerneur is dan ook in 1745 nog twee nuwe gemeentes gestig, naamlik Zwartland (Malmesbury) en Tulbagh. In 1792 kom hier nog by die gemeente Graaff-Reinet en in 1794 die van Swellendam.

Oor die agttiende eeu hoef ons hier nie meer mee te deel nie. Net soos in Europa, vertoon ook die kerk in Suid-Afrika tekens van verval en doodsheid, wat nog vererger word deur die feit dat hier geen meerdere kerklike vergaderinge gehou kon word nie.

VRAE

1. Hoe het die gemeente van Stellenbosch ontstaan?
2. Hoe het dit gekom dat van die Hugenote na Suid-Afrika verhuis het?
3. Het hulle 'n groot deel van die bevolking uitgemaak?
4. Wat was die beleid van die O.I.K. ten opsigte van hulle?
5. Wie was hul predikant? En wie hul onderwyser?
6. Hoe was die verhouding tussen hulle en die Hollanders?
7. Watter ander gemeentes het daar ontstaan?
8. Hoe was die kerklike toestand in die agttiende eeu?

HOOFSTUK 42: INRIGTING VAN DIE KERK IN HIERDIE PERIODE

1. *Die algemene beginsels.*
2. *Kerk en staat.*
3. *Kerkregering.*
4. *Die erediens.*
5. *Die tug.*
6. *Die onderwys.*
7. *Kerkverband.*

1. Die algemene beginsels. — Ons het reeds gesien dat die eerste volksplanters Gereformeerde mense was. Die O.I.K. was wel 'n handelonderneming maar hulle het die godsdienstige belange nie vergeet nie. In die volmag van die regering van Nederland aan die O.I.K. word dan ook uitdruklik bepaal dat hulle verplig sou wees om die "publieke geloof" te bestendig. In die volksplanting deur hulle in die lewe geroep, is teweens die geestelike belange van die inboorlinge in gedagte gehou. Dit kom duidelik uit in die formuliergebed deur die "Heeren Zeventien" (die bewindhebbers van die O.I.K.) opgestel en deur Van Riebeeck by sy landing en in die raadsvergaderinge gebruik. In hierdie gebed kom die volgende sin voor: "en onder hierdie wilde, brutale mense, as dit moontlik is, U ware Gereformeerde Christelike leer mettertyd mag voortgeplant en verbrei word, tot lof en eer van U heilige Naam ..." Dat hierdie egte Gereformeerde gesindheid in alle kerklike handeling te voorskyn kom, wil ons in hierdie hoofstuk aantoon. Dit sal egter ook blyk dat van die begin af verkeerde elemente ingesluip het.

2. Kerk en staat. — Ook in Suid-Afrika sou die kerk lank worstel met die staatsgesag, totdat in 1843 die Kaapse kerk van staatsbande bevry is, terwyl daarna nog in Transvaal oor dieselfde vraagstuk 'n stryd sou ontbrand.

In Nederland was die Gereformeerde kerk in die sewentiende eeu die bevoorregte staatskerk. Ons kan dus verwag om aan die Kaap min of meer dieselfde toestand aan te tref. Die O.I.K. was wel 'n handelonderneming, maar dit het hier in die eerste tyd ook die staatsgesag uitgeoefen.

Die Gereformeerde kerk was ook hier 'n bevoorregte posisie, en aan ander kerke is geen bestaansreg toegeken nie. Die Lutherane bv., wat eers in 1780 vergunning verkry om 'n gemeente te stig, mog voor die tyd alleen in privaat woninge vergader.

Die O.I.K. was wel nie verplig om vir die instandhouding van die kerk te sorg nie, maar het ewewel vrywillig predikante en sieketroosters aangestel en besoldig, ja, die hele reëling van kerklike sake op hulle geneem. Die predikante is nou dan ook amptenare van die Kompanjie, en elke kerkraadsvergadering moet deur 'n "kommissaris-politiek" bygewoon word. Selfs by die verkiesing van ampsdraers was daar staatsinmenging.

Langsamerhand het die Kompanjie die kerk so oorheers en vir homself soveel regte toegeëien dat die kerk in Nederland oor die sake niks meer te sê gehad het nie. Die goewerneurs het predikante soms na willekeur verplaas, laat slaan en in die ysters laat sit, met die gevolg dat dit baie moeilik was om leraars vir die Kaap te vind.

3. Kerkregering. — Die bewering word soms gehoor dat daar in die eerste tyd van die Kaap nie so iets as 'n Kerkorde bestaan het nie. Dit is egter in stryd met die waarheid. In die "klassikale akte", deur elke predikant en sieketrooster uit Nederland saamgebring, is bepaal dat hulle in die kerkregering hulle moes hou aan "die Woord van God en ooreenkomstig die loflike gewoonte van die Gereformeerde kerke hier te lande" (d.w.s. in Nederland). Hieruit volg dat hulle die beginsels van die Dordtse Kerkorde moes handhaaf wat naamlik in die praktyk oral in Nederland gegeld het, hoewel die D.K.O. as sodanig nie deur die politieke owerheid in al die provinsies formeel goedgekeur is nie. Die kerk in Nederland het van die standpunt uitgegaan dat die owerheid in hierdie sake

geen seggenskap het nie en dat die ampsdraers van die kerk in die Naam van Christus en op grond van Gods Woord die Kerkorde moes vasstel.

Dit spreek vanself dat al die artikels in die praktyk nie uitgelewe is nie, aangesien toestande nog so ongeorganiseerd was en die owerheid sy juk so gedug laat voel het. Waar enigsins moontlik, is egter gehandel volgens die bepalinge van die Kerkorde van Dordrecht. Dit blyk uit tal van besonderhede. In die erediens bv. is net die Psalms en "Enige Gesange" gesing ooreenkomstig art. 69 van die Kerkorde; daar is elke Sondag 'n afdeling van die Kategismus behandel, ooreenkomstig art. 68; die verhouding tussen kerk en skool was in ooreenstemming met art. 21, ens. In die briewe van die Kaap na Nederland gestuur, en omgekeerd, word dan ook telkens na artikels van die Dordtse Kerkorde verwys om sekere argumente te versterk.

'n Ander bewys vind ons in die feit dat die Kerkorde in Batavia, wat ook onder die bewind van die O.I.K. gestaan het, met die D.K.O. ooreenstem. Alleen op enkele punte is daar afwykinge, veral in die Kerkorde van 1643. Die van 1624 staan nader by die Dordtse, terwyl die van 1643, deur die regering aan die kerk opgelê, aan die owerheid meer seggenskap in die kerkbestuur toeken. Laasgenoemde Kerkorde is ewewel in Nederland verwerp, en selfs in Indië is dit nooit behoorlik toegepas nie. Die neiging was dus maar altyd om na die Dordtse Kerkorde terug te keer.

As dan ook in die jaar 1710 die Goewerneurgeneraal van Indië, wat as kommissaris 'n tyd aan die Kaap vertoef het, aan ds. d'Ailly vra of dit wenslik is om die Kerkorde van Batavia hier in te voer, antwoord die leraar dat die Kerkorde genoegsaam in die Handeling van die sinode van Dordrecht gevind word.

4. Die erediens. — In die begin word net eenmaal op 'n Sondag diens gehou, maar vanaf die koms van vaste predikante geskied dit gereeld tweemaal; in die middagdiens word dan die Kategismus behandel (vgl. art. 68 K.O.). Slegs die 150 Psalms en die "Enige Gesange" is by die erediens in gebruik (art. 69 K.O.) en wel in die beryming van Datheen. Eers in 1773 volg die beryming wat ook in ons land gebruik is tot die koms van die Afrikaanse Psalmboek.

5. Die tug. — Voor elke nagmaalsviering is gereeld onderlinge sensuur gehou (vgl. art. 81 K.O.), d.w.s. kerkraadslede het mekaar onderling vermaan en kritiek op elkeen se lewenswyse uitgeoefen, indien nodig. Elke lid van die kerkraad moes op sy beurt buite staan wanneer daar oor hom gehandel word. Is dit afgeloop, dan begin die censura morum oor die gemeente met die oog op die nagmaal. Voor die nagmaal is dan gereeld huisbesoek gedoen. Op hierdie wyse kon ampsdraers altyd op hoogte bly van die geestelike toestand van die gemeente en toesien dat die sakramente nie onheiligh word nie.

6. Die onderwys. — Ooreenkomstig art. 21 van die Kerkorde was die skool nóú aan die kerk verbonde: die kerk het toegesien dat die kinders suiwer Gereformeerde onderwys ontvang. Die onderwysers moes die kinders nie alleen leer skrywe, syfer en lees nie, maar hulle ook in godsaligheid en in die Kategismus onderrig. Hierby kom die oefening in die sing van Psalms en in die gebede.

7. Kerkverband. — Die behoefte aan 'n meerdere vergadering is van die begin af gevoel. Die gemeentes was wel ingedeel onder die klassis Amsterdam, maar as gevolg van die groot afstand was die band baie los. Hierby moet ons vermeld die onwilligheid van die owerheid om toestemming te gee tot die hou van so 'n vergadering, omdat gevrees is dat aan die staatsgesag oor die kerk afbreuk gedoen sou word. Selfs die klassis Amsterdam was in hierdie opsig nie simpatiek nie.

Om enigsins in die behoeftes aan gemeenskaplike bespreking te voorsien, het naburige kerkrade soms bymekaar gekom. 'n Enkele keer het die kerkraad van Kaapstad saam met verteenwoordigers van die buitgemeentes vergader, onder die naam van "die groot kerkraad", om sake van gemeenskaplike belang te behartig.

Uiteindelik het die owerheid tog toestemming verleen tot die hou van 'n klassikale

vergadering, maar eers nadat die regering tot die oortuiging gekom het dat hy onmoontlik alle kerklike sake self kan reël. Op 19 Januarie 1746 is die eerste "Gekombineerde Kerkvergadering" gehou.

Ook word nou die *kerkvisitasie* ingestel volgens art. 44 van die K.O. Jaarliks sal een predikant en een ouderling die ander gemeentes besoek en rapport doen oor die toestand.

Ongelukkig het die owerheid in 1754 die "Gekombineerde Kerkvergadering" sowel as die visitasie in die ban gedoen. Die vergaderinge sou dan van weinig nut en die koste te hoog vir die buitgemeentes wat nog in die skuld sit.

Altwee besware moet as ongegrond bestempel word. Die ware rede was dat die klassis Amsterdam gesteurd gevoel het omdat die "Gekombineerde Kerkvergadering" regstreeks korrespondensie met die Partikuliere Sinode van Suid-Holland aangeknoop het.

Die opheffing van die meerdere vergadering was een van die grootste rampe wat die kerk in Suid-Afrika getref het. Dit is een van die groot oorsake van die slapheid wat in die negentiende eeu sou toelaat dat die kerk onder regstreekse beheer van die staat gekom het deur die Kerkorde van De Mist en dat die Metodisme en Liberalisme soveel veld gewin het.

VRAE

1. Het die O.I.K. ook gedink aan die godsdienstige belang?
2. Hoe was die verhouding tussen kerk en staat?
3. Volgens watter Kerkorde is die kerk geregeer?
4. Beskryf die inrigting van die erediens in die eerste tyd.
5. Hoe is die tug uitgeoefen?
6. Wat was die inhoud van die onderwys?
7. Waarom is daar in die begin nie meerdere vergaderinge gehou nie?
8. Wanneer is die eerste meerdere vergadering ingestel en waarom is dit weer ontbind?

HOOFSTUK 43: DIE KERKORDE VAN DE MIST

1. Die oorgang van die agttiende na die negentiende eeu.

2. Die kerk onder die Bataafse Republiek.

3. Die Kerkorde van De Mist.

1. Die oorgang van die agttiende na die negentiende eeu. — In 1795 is die Kaap deur die Engelse verower, 'n verandering wat egter op die kerklike lewe nie veel invloed uitgeoefen het nie. Die vernaamste is dat die band met die klassis Amsterdam heeltemal verbreek word vanweë die oorlog tussen Engeland en Holland.

In hierdie tyd het die gedagtes van die Franse Revolusie in Nederland 'n vrugbare bodem gevind. Daar word bv. gespreek van "die onvervreembare regte van die mens" en van "vryheid, gelykheid en broederskap". Onder hierdie leuse — dit spreek vanself — mag een kerk nie bo die ander bevoorreg word soos met die Gereformeerde kerk die geval was nie. Elke mens moet gelyke regte met ander besit en elke kerk moet self sorg vir sy onderhoud. Verder moet daar absolute skeiding wees tussen kerk en staat en algemene verdraagsaamheid teenoor die medemens.

Hierdie leuse klink baie mooi. Die Calvinisme leer ook dat kerk en staat onderskeie terreine is en dat alle mense voor God gelyk is. Maar die Calvinisme ken geen absolute skeiding nie, soos ons reeds by die behandeling van die leer van Calvin gesien het. Verder neem die gelykheid van die mense onderling nie weg dat die een deur God met gesag oor die ander beklee kan word nie, iets waarvan die Revolusie nie wou weet nie.

Die hooggeroemde vryheid en verdraagsaamheid het net tot gevolg gehad dat die kerk meer afhanklik van die staat geword het as ooit tevore. Dit kan ingryp in die regte van die kerk wanneer laasgenoemde staatsgevaarlik geag word.

2. Die kerk onder die Bataafse Republiek. As die Kaap in 1802 aan die Hollanders teruggegee word, het die Oos-Indiese Kompanjie alreeds opgehou om te bestaan. Nou kom die Kolonie regstreeks onder die sg. Bataafse regering in Nederland wat Jacob Abraham de Mist hierheen gestuur het om as Kommissaris-generaal alle sake te reël. De Mist was 'n skerpsinnige en bekwame man wat hier in baie opsigte goeie werk gedoen het. Ongelukkig sou hy, ook deurdronke van die gees van die Franse Rewolusie, na ons land kom met dieselfde gedagtes oor kerk en staat as wat toe in Holland in swang was. As een van die gematigdes is hy wel ten gunste daarvan dat die staat vir die stoflike behoeftes van die kerk moet sorg, maar net omdat die kerk die openbare sedelikheid bevorder en dus vir die staat nuttig is. Buitendien sou die predikante, deur hulle uit die staatskas te besoldig, aan die staat gebonde wees.

3. Die Kerkorde van De Mist. — Nouliks was De Mist van sy eerste binnelandse reis terug of die kerkraad van Kaapstad het 'n versoek gedoen dat die "Gekombineerde Kerkvergadering" herstel sou word.

Die Kommissaris-generaal was egter van plan om die hele kerklike lewe te reorganiseer en laat daarop op 25 Julie 1804 sy eie "Kerkenorde" verskyn. Soos te verwagte was, het die beginsels van die Revolusie, deur ons in die eerste paragraaf van hierdie hoofstuk geskets, hierdie Kerkorde deurdring.

Dit tel 52 artikels en bestaan uit twee hoofdele. Die eerste hoofdeel bevat bepalinge vir alle kerke aan die Kaap. Almal kom voor die wet as gelyke te staan. Die tweede hoofdeel handel uitsluitlik oor die belange van die "Hervormde kerkgenootskap, verweg die talrykste en op die platteland die enigste" wat die hulp van die regering die meeste nodig het.

Reeds uit die aanhef blyk dat die Kerkorde uitgaan van die gedagtes van die Rewolusie. Dit wil die "Kerkgenootskappe wat ter bevordering van deug en goeie sedes 'n Hoogste Wese eerbiedig", aanmoedig en beskerm. Dit is nie die God van die Skrifte wat ter wille van sy Naam en eer gedien word nie, maar 'n "Hoogste Wese", die vae en onbestemde

Godheid van die Revolusie, wat geëerbiedig word ter bevordering van "deug en goeie sedes".

Verder blyk onderhorigheid van die kerk aan die staat: bepalinge insake die godsdiens word gemaak om die staat vir nadelige gevolge van die kant te vrywaar.

In die Kerkorde kom dan ook allerlei bepalinge voor waardeur die kerk in sy vryheid belemmer word. Selfs vir die nietigste sake moet eers die toestemming van die regering gevra word.

Ook oor die skool bevat die Kerkorde bepalinge wat lynreg indruis teen die Gereformeerde beginsels. Die skole is "kweekplekke om goeie burgers vir die staat te vorm" en staan onder toesig van die regering.

Die kerk het in die opstelling van hierdie Kerkorde geen seggenskap gehad nie en word nou so afhanklik van die staat as wat dit nog nooit tevore was nie. Die Gereformeerde beginsels van kerkregering wat nog altyd gegeld het, word eenvoudig opsy geskuif. Tereg is gesê: *Die jaar 1804 was die sterfjaar van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. Die Bataafse bewind, en met name die instelling van De Mist, word die kanale waarlangs nuwe denkbeelde na Suid-Afrika deurgevloei het.

Die kerk het egter in twee opsigte voordeel behaal. Ten eerste kon daar nou 'n vrye verkiesing van diakens wees, waar vroeër die regering uit dubbeltalle die keuse moes doen. Ten tweede is vergunning verleen vir die hou van 'n Algemene Vergadering. As gevolg van allerlei omstandighede sou die eerste meerdere vergadering egter eers in 1824 byeenkom.

VRAE

1. Watter gedagtes het die Franse Rewolusie na Nederland oorgeplant?
2. In watter opsigte verskil dit van die Calvinisme?
3. Wat weet u van De Mist?
4. Noem enkele bepalinge van sy Kerkorde.
5. Waarom kan ons dit nie aanvaar nie?
6. Watter voordele het dit vir die kerk meegebring?

HOOFSTUK 44: NUWE STROMINGE EN RIGTINGE. DIE SINODE VAN 1824

1. Nuwe strominge en rigtinge.

2. Die sinode van 1824.

1. Nuwe strominge en rigtinge. — Die negentiende eeu in Suid-Afrika is by uitstek die eeu van die Liberalisme, soos op wetenskaplike wyse aangetoon is deur dr. T. N. Hanekom in sy skitterende proefskrif: "Die Liberale rigting in Suid-Afrika", waaruit ons in hierdie gedeelte met erkentelikheid aanhaal.

As gevolg van die invloed van De Mist is die revolusionêre vryheidsgees, wat reeds vroeër by die sogenaamde "Patriotte" waargeneem kon word, verder voortgedra. Dit sou 'n stuwende krag word vir die opkomende Liberalisme.

Onder die Engelse bewind (sedert 1806) sou allerlei nuwe strominge posvat. In die Hollandse tyd is hoofsaaklik die *denkwyse* aangetas. Nou sou die invloede ook deurwerk na die *lewenswyse*. Ons Hollandse Calvinistiese voorouers het 'n eenvoudige lewe gelei en die meer sedige vorme van vermaak het by hulle in die smaak geval. Onder invloed van die Engelse kultuur, sport en vermaaklikheid kom daar egter aan die begin van die negentiende eeu 'n heeltemal ander gees. Reeds by die eerste koms van die Engelse (1795) het perdewedrenne, met die daarby behorende dobbelspel hul intrede gemaak. Ook die toneelopvoeringe was veelal van 'n bedenklike karakter. Klagtes oor swak sedelike toestande word dikwels gehoor.

Sedelike verval en lewensverwilderings — aldus dr. Hanekom — is gewoonlik die voorlopers van verval die godsdienstige gebied. Onverskilligheid en ligsinnigheid berei die weg voor vir vrysinnigheid.

Kerke en sektes begin in die negentiende eeu vermenigvuldig, veral van Angel-Saksiese oorsprong. Veral die Wesleyaanse Kerk word besonder aktief. Mede hierdeur word die weg vir die Metodisme in ons vaderland gebaan. Ook die Vrymesselary speel 'n altyd belangriker rol, 'n beweging wat duidelik liberalistiese trekke vertoon.

'n Besondere kenmerk van die negentiende eeu is 'n gees van "verdraagsaamheid" en "verligting". Daar word bv. gespreek oor "'n verstandige en opregte godsdiensoefening, die beste sieraad van 'n mens". Die godsdienstige lewe moet gestel word onder leiding en heerskappy van "die gesonde rede, dit is die menslike verstand, voorgelig deur 'n goddelike openbaring". (Met ander woorde: die menslike verstand kan self 'n hele ent vorder — dit is nie 'n verduisterde verstand wat van goddelike dinge niks begryp nie. Die openbaring moet maar net voorlig).

Predikante wat in Nederland onder leiding van vrysinnige professore gestudeer het kom na die Kaap met allerlei vrysinnige beskouinge. Die verhouding tussen die Kaapse Kerk en die Nederlandse Hervormde Kerk is besonder nou. Vandaar dat Nederlandse voorbeelde hier steeds nagevolg word.

Hierdie invloede het ook in Suid-Afrika die weg gebaan vir die Liberalisme, wantroue by die lidmate van die Kaapse Kerk gewek en meegewerk as ontbindende kragte om die kerk te verbroekel. In hierdie verband dink dr. Hanekom veral aan die ontstaan van die Geref. Kerk in 1859, wat dus as protes teen toenemende Liberalisme beskou kan word. Dit is vir 'n kerk moeilik om sy leer te handhaaf as die organisasie nie op die belydenis berus nie. Juis in die tyd toe die kerk sou te doen kry met toestande en inrigtinge wat 'n kragtige handhawing van die Geref. leer vereis, kon hy dit nie doen nie, omdat sy organisasie in stryd met sy belydenis was. Aldus nog altyd dr. Hanekom.

Allerweë vind ons in die negentiende eeu dus tekens van afdwaling van die Gereformeerde spore.

In Nederland is die bundel "Evangeliese Gesange" reeds in 1807 ingevoer en wel kragtens die besluite van *Provinsiale sinodes*. Dit was kerkregtelik nie in orde nie, want die sinode van Dordrecht (1618—1619) het besluit dat in die openbare erediens alleen

die 150 Psalms en enige by name genoemde Gesange gesing mag word (art. 69 K.O.). 'n Mindere vergadering mag nie die besluite van 'n meerdere vergadering vernietig nie. In sommige kringe het die invoering van die Gesange dan ook groot ontevredenheid verwek: een van die oorsake wat tot die Afskeiding van 1834 bygedra het.

'n Skrywe van die kerkraad Stellenbosch aan die ander kerkrade in 1812 het die wenslikheid beklemtoon dat die Gesange ook in Suid-Afrika ingevoer sal word. 'n Aantal eksemplare is uit Engeland bestel en in 1814 het die kerkraad van Kaapstad die Gesange in gebruik geneem. Spoedig het ook die buitengemeentes hierdie voorbeeld gevolg.

In ons land is die Gesange dus ingevoer sonder dat 'n meerdere vergadering daarvoor besluit het.

Dit spreek vanself dat ook hier van groot ontevredenheid gemeld moet word, by diegene naamlik wat in sekere Gesange 'n onbybelse leer bespeur het. Hierdie mense, veral woonagtig in die noordelike distrikte van die Kaapkolonie, vanwaar ook die Groot Trek uitgegaan het, is toe al "Doppers" genoem.

In 1842 het die Ring van Graaf-Reinet, waar die meeste van hierdie mense gewoon het, 'n herderlike brief aan hulle gestuur en 'n poging gedoen om hulle van hul afkerigheid te genees. Die ses predikante wat die stuk onderteken het, was egter almal Skotse predikante wat die mentaliteit van die mense nie verstaan het nie. Hulle is beskuldig van "vooroordeel" en "styfhoofdigheid", asook daarvan dat hulle "die harte van lede van Christus se liggaam deurboor".

Ds. Reid van Colesberg het so ver gegaan om van aanstaande belyders 'n belofte te vra dat hulle die Gesange in die kerk sou sing. Hy het ook geweier om die kinders van ouers wat teen die Gesange was, te doop en selfs begin met die toepassing van sensuur. Dit het die afkeer teen die Gesange nie minder gemaak nie, maar vererger.

2. Die sinode van 1824. — By hierdie eerste kerkvergadering, wat ná lange jare weer gehou is, val dit dadelik op dat daar heelwat veranderinge plaasgevind het. Die ou naam "Gereformeerde" word langamerhand deur "Hervormde" vervang. Verder word nie gesprek van 'n meerdere vergadering nie, maar van 'n "hoëre". Die gemeentes verloor hul selfstandigheid en word opgeneem in een groot "genootskap". Vir die eerste keer in die Kerkgeskiedenis van Suid-Afrika word nou 'n kerkbestuur in die lewe geroep.

Ons merk ook dadelik op dat die leidende figure op die sinode die "verstandsrigting" toegedaan is. Dit kom daarvandaan dat hulle in Holland deur professore van die rigting opgelei is. Volgens hierdie leer was die natuurlike verstand nog gaaf en goed en het dit net die "voorligting" van die Skrif nodig.

Deur die sinode word die staatskerkorde van De Mist as grondslag van die kerkbestuur aangeneem en 'n "Algemene Reglement" opgestel, wat beskou word as "wysiginge en byvoegsels" by die Kerkorde van De Mist. *Hierdie reglement is grotendeels ontleen aan die van die Hervormde Kerk in Nederland soos opgestel in 1816.*

Is 1804 die sterfjaar van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika, 1824 is die jaar van die plegtige begrafnis.

VRAE

1. Watter veranderinge in die lewenswyse vind aan die begin van die negentiende eeu plaas?
2. Waaraan moet ons dit toeskryf?
3. Watter betekenis het dit alles vir die kerk?
4. Wanneer is die "Evangeliëse Gesange" in Nederland ingevoer?
5. Was die invoering kerkregtelik in orde?
6. Hoe en wanneer het die invoering in Suid-Afrika plaasgevind?
7. Wie was daarmee ontevrede en hoe is hulle behandel?

8. Watter veranderinge merk ons op ten tyde van die sinode van 1824?
9. Watter Kerkorde is hier aanvaar?

HOOFSTUK 45: DIE SINODE VAN 1842. DIE ORDONNANSIE VAN 1843. STRYD TEEN DIE LIBERALISME. DIE OPWEKKINGE

1. Die sinode van 1842 en die ordonnansie van 1843.
2. Die sinode van 1862 en die stryd teen die Liberalisme.
3. Die opwekkinge.

1. Die sinode van 1842 en die ordonnansie van 1843. — Die stryd om die vrymaking van die kerk sou eindelijk met sukses bekroon word. Op die sinode van 1842 is die kerklike wette weer hersien en die naam van die kerk verander. Dit is nou nie meer die "Hervormde kerkgenootskap" nie, maar die "Nederduits Gereformeerde kerkgenootskap". Die naam "Gereformeerde" kom dus weer terug, wat ons tot dankbaarheid moet stem. Die voorvoegsel "Nederduits" was egter in ons land onnodig; dit beteken naamlik dieselfde as "Hollands" en is in Nederland soms gebruik om die Hollandse gemeentes te onderskei van die Waalse (Franse). En dan: die kerk van Christus is nie 'n "genootskap" of 'n vereniging wat deur mense opgerig is nie.

Volgens hierdie kerkregtelike beginsels dra die lidmate van die "vrywillige genootskap" (die kerk) hulle regte oor aan besture waar die meerderheidstem beslis. Die Sinode is die "hoogste regterlike en wetgewende liggaam" van die kerk (vgl. hoofstuk 67, par. 4).

Geen wonder nie dat in die "Reglement" alleen nog *enkele spore* van 'n Calvinistiese gees oorgebly het, soos bv. dat die formuliere van enigheid as die leer van die kerk vasgestel en aan die kerkrade meer mag toegeken is. Die Kaapse Kerk het dus in 1842 in die lyn van 1804 (De Mist) en 1824 voortbeweeg.

Die wette is in 1843 deur die goewerneur goedgekeur en die Kerkorde van De Mist afgeskaf. Die kerk het nou sy "Ordonnansie" gekry. Hierin het die regering aan die kerk die reg toegeken om "wette" te maak sonder bekragtiging van die owerheid. Die sinodes kon nou ook vergader sonder die teenwoordigheid van politieke kommissarisse.

Daarteenoor staan dat die Kerkwette aan die predikant 'n oorheersende posisie geskenk het, wat baie lidmate "aan den lijve" ondervind het.

2. Die sinode van 1862 en die stryd teen die Liberalisme. — Die Liberalisme en Modernisme van Holland het gedurende die 18e eeu so langsaam na Suid-Afrika deurgesypel. Die predikante, aan die Nederlandse universiteite opgelei, het dit hierheen oorgeplant. As ons weet wat die Hollandse modernisme geleer het, kan ons 'n beeld vorm van wat in die hart van menigeen in ons land geleef het. Die drie-eenheid, die godheid van Christus en die persoonlikheid van die Heilige Gees is ontken en selfs bestry; die moontlikheid van wonderwerke eweso. Wat daarvan in die Skrif verhaal word is, volgens die Modernisme, verdigte fabels. Ook die opstanding en die hemelvaart van Christus moet na die ryk van die legendes verwys word. Verder word die ewige straf ontken.

In 1860 het die liberale rigting in ons land sy eie orgaan gehad in "De Onderzoeker". Die sinspreuk van die blad dui al aan waarheen dit wil. Daarop pryk naamlik 'n Bybelteks, wat natuurlik verkeerdelik uitgelê word — "Ek spreek met *verstandige* mense; oordeel wat ek sê" (1 Kor. 10 : 15). Die blad wil ondersoek wat die Bybelleer is, wat natuurlik nie verkeerd is as dit nie op rasionalistiese wyse gedoen word nie en volgens die gesonde reëls van die uitlegkunde. Helaas was dit hier nie die geval nie.

Van regsinnige kant is die stryd dadelik aangeknoop, o.m. deur prof. N. J. Hofmeyr van die in 1859 gestigte Teologiese Kweekskool in Stellenbosch, terwyl die weekblad "De Volksvriend" die oortuiging van hierdie rigting vertolk het.

Dit was egter die optrede van die predikante Burgers (later president van Transvaal), Kotzé, Leibbrandt en Naudé wat die bom laat bars het. Ds. Naudé, wat in 1860 van Graaff-Reinet na Queenstown vertrek, het in sy antwoord op 'n adres o.a. sy blydschap uitgespreek dat "baie van u besig is om te strewe na 'n selfstandige oortuiging insake die godsdiens en nie meer die hoof buig of hul eie oordeel gevange gee onder die orakel-

spreuke van die vaders nie". In die laaste woorde het sommige 'n minagting van die Belydenisskrifte gesien.

Die toestande het altyd meer gespanne geword en almal kon voorsien dat dit op die sinode van 1862 tot 'n krisis sou kom. Die vergadering is oorstroom met briewe en beskrywingspunte wat aandring op handhawing van die suiwerheid van die leer. O.a. was daar ook 'n aanklag teen ds. Burgers weens onregsinnige gevoelens.

As die sinode aan ds. Naudé 'n opheldering vra omtrent die uitdrukking wat hy by sy vertrek na Queenstown gebruik het, weier hy om dit te gee. Die eintlike stryd sou egter losbreek by die behandeling van die rapport van 'n kommissie, aangestel om al die beskrywingspunte en memories oor die leerkwessie te behandel. Die kommissie het i.v.m. die Kategismusprediking verklaar dat dit nie alleen 'n *uitlegging* moet bevat nie, maar ook 'n *verdediging* van die Kategismus op grond van die Woord van God.

Ds. Kotzé van Darling verklaar hierop dat hy in die 60e vraag van die Kategismus die woorde "dat ek nog gedurigdeur tot alle boosheid geneig is" nie kan verdedig nie. "Hierdie woorde behels 'n taal wat nie eens in die mond van 'n heiden waarheid sou bevat nie, of hy moes 'n duiwel wees, veel minder nog in die van 'n Christen wat deur die genade van God wedergebore is".

Oor hierdie woorde ontstaan 'n storm van verontwaardiging. Ds. Kotzé het geweier om sy woorde terug te trek en volgehou dat die Kategismus met homself en met die Woord van God in stryd is. Die einde was dat hierdie leraar geskors is tot op die eersvolgende sitting van die sinodale kommissie. As hy by daardie tyd nog nie sy woorde teruggetrek het nie, sou hy van die bediening afgesit word. 'n Kommissie is ook benoem om die klag teen ds. Burgers te behandel. Die klag teen ds. Leibbrandt is nie bespreek nie, omdat al die nodige stukke nie ter tafel was nie. ,

Ds. Burgers is later geskors, maar sowel hy as ds. Kotzé het hulle op die burgerlike regbank beroep. Die uitspraak van die hof was dat die skorsing in albei gevalle op onwettige wyse plaasgevind het en dat die sinode sy eie wette oortree het. Daar was geen ander weg oop nie as dat die beide predikante weer in hul diens herstel word.

3. Die opwekkinge. — In plaas van tot 'n kragtige hervorming in Gereformeerde sin oor te gaan, het die sinode van 1862 sy goedkeuring aan die Metodistiese opwekkingsbeweging gegee. Teenoor die oordrewe verstandsrigting word 'n oordrewe gevoelsrigting gestel.

Die opwekkingsdienste het hul oorsprong in Amerika gehad en wel in die jaar 1857, maar word spoedig ook hierheen oorgeplant. Op 'n "konferensie", in 1860 op Worcester gehou, is o.a. verkondig dat dit die wil van God is dat by vernuwing 'n uitstorting van die Heilige Gees sal plaasvind en dat elke mens die plig het om dit voor te berei. Met die opwekking gaan ook saam die instelling van "bidure" waarin gevra word om 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees.

Die sinode van 1862 het officieel sy goedkeuring aan die beweging gegee en die gemeentes opgewek "om ernstig en gelowig te bid dat die Gees van die Allerhoogste in meerdere mate mag uitgestort word". Hoewel die sinode dus streng opgetree het tot handhawing van die leer, het dit in plaas van suiwer hervorming die Metodistiese weg van bekeringsdienste gaan volg. Hierdeur is die Liberalisme nie uitgeroei nie, maar veeleer bevorder, want die Metodisme is gevoelsgodsdienst en staan onverskillig teenoor leerkwessies. Alleen wanneer die Skrif op Gereformeerde wyse vasgehou word, vind verstand en hart albei bevrediging en word sowel Liberalisme as Metodisme vermy.

VRAE

1. Watter naamsverandering van die kerk het in 1842 plaasgevind?
2. Hoe moet ons daarvoor oordeel?
3. Was die nuwe wette Gereformeerde van karakter?

4. Wat het die ordonnansie van 1843 bepaal?
5. Hoe het die liberale rigting in ons land gekom en watter spore bemerk ons daarvan voor 1862?
6. Wie het die regsinnige leer verdedig?
7. Hoe het die botsing op die sinode van 1862 gekom?
8. Wat was die uiteinde?
9. Wat het die kerk gedoen om die Liberalisme te stuit?
10. Was die middel effektief?

HOOFSTUK 46: DIE HOUDING VAN DIE KAAPSE KERK TEENOR DIE GROOT TREK EN DIE GEVOLGE DAARVAN

1. *Hoe die skeiding tussen Kaapland en die Transgariep ontstaan het.*
2. *Die houding van die Kaapse kerk teenor die Groot Trek.*
3. *Die innige begeerte van die Trekkers na gereelde bediening.*

1. Hoe die skeiding tussen Kaapland en die Transgariep ontstaan het. — Op die sinode van 1862 het dit geblyk dat die ordonnansie van 1843 alleen geld vir die kerk in Kaapland.

Iemand het beswaar gemaak teen die sitting van die leraars en ouderlinge van die Transgariep, d.w.s. die hele gebied anderkant die Gariep (= Oranje)-rivier (O.V.S., Natal en Transvaal). Die saak is na die burgerlike hof verwys wat geoordeel het dat die beswaar gegrond is. Vanaf hierdie tyd dateer die skeiding tussen die kerk in die Kaapkolonie en in die ander provinsies. Ons gaan egter na die tyd van die Groot Trek terug ten einde 'n deurlopende verhaal te gee van die lotgevalle van die kerk in die Transgariep.

2. Die houding van die Kaapse kerk teenor die Groot Trek. — Van die begin af was die offisiële houding van die kerk teenor die Groot Trek allesbehalwe simpatiek. Die predikante — veral van die grensdistrikte — het die beweging as die grootste dwaasheid beskou, terwyl die sinode van 1837 in 'n herderlike brief die Trekkers vaderlik vermaan het om liewer terug te keer. Die Ring van Graaff-Reinet het 'n stap verder gegaan. Wel word goedgekeur dat ds. Reid van Colesberg die Evangelie aan die Voortrekkers ten noorde van die Oranjerivier sal gaan verkondig, maar dan alleen onder voorbehoud dat hy geen sakramente sal bedien nie. Hiermee is op indirekte wyse die sensuur toegepas. Die gedagte was naamlik dat die Voortrekkers in opstand teen hul wettige owerheid verkeer het.

Ons kan hierdie houding tot op sekere hoogte begryp, al kan ons dit nie goedkeur nie. Die kerk het ongaarne van sy beste lidmate sien vertrek. Verder: die meeste predikante van die grensdistrikte was Skotte wat die vryheidstrewa van die Afrikaner nie kon begryp nie. In die tyd was hulle ook nog staatsamptenare en as sodanig verplig om die beleid van die regering uit te voer.

Nadat deur die ordonnansie van 1843 aan die kerk vryheid verleen is om sy eie sake te reël, kom daar direk verandering, ook in die houding van die Kaapse kerk teenor die Trekkers. Die Ring van Graaff-Reinet besluit dan ook in 1844 om 'n briefwisseling te begin, en in die volgende jaar word ds. W. A. Krige afgevaardig om herderlike werk onder die Voortrekkers te doen.

Verder het daar namens die sinode drie afvaardiginge gegaan.

Hier kan ook nog vermeld word dat dr. A. Faure van Kaapstad in 1843 die Voortrekkers in Natal besoek het. Hy is egter nie deur die kerk nie, maar deur die Engelse goewerneur afgevaardig. Om hierdie rede is hy nie deur almal hartlik ontvang nie. Op Pietermaritzburg het hy groot aanstoot gegee deur in die Voortrekkerkerkie van die kansel vir die koningin van Engeland te bid.

Dr. Faure het dit dan ook nie gewaag om verder die land in te gaan nie, veral toe die kerkraad van Weenen hom laat weet dat sy besoek en diens daar nie welkom sal wees nie.

3. Die innige begeerte van die Trekkers na gereelde bediening. — Voor hul vertrek uit Kaapland het die Voortrekkers ernstige poginge aangewend ten einde 'n predikant te beweeg om saam met hulle te gaan, maar tevergeefs. Direk ná die verkiesing van kerkraadslede in die nuwe land, is daar besluit om "uit te sien na een bekwaam Leeraar van de Gereformeerde religie, door de ondervinding geleerd hebbende, ja doordrongen zijnde dat de openbare Godsdienst de eerste grondslag moet

zijn waarop een Christelike maatschappij moet gegrondvest worden". Uit Natal gaan ook 'n smeekbrief na enige Kaaplandse predikante, waarin nadruklik verklaar word dat die predikant wat sal kom, "van die suiwere, ou Hollandse Gereformeerde godsdiens" moet wees. Ons moet daarop let hoe dikwels dit beklemtoon word *dat die predikante suiwer Gereformeerde moet wees*.

As die smeekstemme onbeantwoord bly, moet die Voortrekkers gebruik maak van die diens van sendelinge. Waardevolle dienste is o.m. bewys deur Erasmus Smit, Daniël Lindley en Jacob Döhne. Teen Erasmus Smit was daar by 'n deel van die Voortrekkers beswaar, omdat hy nie behoorlik "georden" was nie. Tog het hy met toewyding gearbei. Die werk van eerw. Lindley is hoog gewaardeer.

VRAE

1. Waarom het daar skeiding gekom tussen die kerk in Kaapland en die in die ander provinsies?
2. Watter houding het die Kaapse kerk teenoor die Groot Trek ingeneem?
3. Wie het die Voortrekkers besoek?
4. Hoe het dit gegaan met dr. A. Faure in Natal?
5. Watter poginge het die Voortrekkers aangewend om vaste predikante te verkry?
6. Watter sendelinge het diens gedoen?

HOOFSTUK 47: DIE KERK IN TRANSVAAL. ONTSTAAN VAN DIE HERVORMDE KERK — DIE STAATSKERK

1. *Natal en O.V.S. bly onder die Kaapse sinode.*
2. *Poginge in Transvaal om predikante uit Holland te verkry.*
3. *Versoek om inlywing by die Kaapse sinode.*
4. *Die koms van ds. Dirk van der Hoff.*
5. *Verdere ontwikkeling van die Hervormde kerk.*

1. Natal en O.V.S. bly onder die Kaapse sinode. — Natal en O.V.S. is gou weer deur Engeland geannekseer, sodat dit ons nie hoef te verwonder dat die gemeentes in hierdie provinsies onder die Kaapse sinode gebly het nie. In 1850 is die gemeentes in Natal en O.V.S. saamgegroepeer tot die Ring van Transgariep. Afgevaardigdes van die ring het sitting gehad in die sinode tot 1862 toe die hof uitspraak gedoen het dat alleen die gemeentes van die Kaapprovinsie onder die Kaapse sinode val. Transvaal het onafhanklik gebly en dit is ten dele hieraan te danke dat die kerk ook hier selfstandig kon ontwikkel.

2. Poginge in Transvaal om predikante uit Holland te kry. — Die Transvalers het van die begin af alle kragte aangewend om vry te bly van die Kaapse sinode. Hoewel die deputasies van predikante gewoonlik vriendelik ontvang is, was daar tog altyd die vrees dat hulle optree as agente van die Britse Regering. In sekere gevalle was dit ook werklik so. Daarby het nog die Metodistiese gevoelens van die Skotse predikante gekom.

Die gevolg was dat alle moontlike planne in die werk gestel is om leraars uit Holland te verkry. In 1843 word proponent P. N. Ham gestuur deur 'n kommissie in Holland gevorm vir die versorging van die geestelike belange van die Afrikaners.

Die Engelse het die skip egter belet om in Durban te land en ds. Ham het die Voortrekkers nooit bereik nie. Hierdie leraar was eintlik vir die Natallers bestem, maar hy sou, as hy sy bestemming bereik het, seker ook in die behoeftes van Transvaal voorsien het.

In 1844 het die Volksraad uit Potchefstroom 'n brief gerig aan 'n sekere Smellekamp wat al tevore hier was, hoofsaaklik vir handelsdoeleindes. Daarin word opnuut ook aan hom die geestelike nood van die Trekkers meegedeel. Intussen het prof. Lauts hom begin interesseer vir die belange van die Transvalers. In 1847 het hy 'n boekie geskrywe getitel: "De Kaapse Landverhuizers", waarin hy 'n warm pleidooi lewer vir die geestelike versorging van die Voortrekkers.

3. Versoek om inlywing by die Kaapse sinode. — Die gedurige mislukking van hul planne om in hul geestelike behoeftes te voorsien, het daartoe meegewerk dat die Transvalers uiteindelik maar besluit om 'n versoek tot inlywing aan die Kaapse sinode te stuur. Tydens die besoek van die derde deputasie van die Kaapse sinode is aan die Transvaalse gemeentes duidelik te verstaan gegee dat in die predikantenood wel voorsien kan word mits daar 'n inlywing by die Kaapse sinode plaasvind.

Die sinode het die inlywing goedgekeur (1852). Tien jaar later blyk egter dat dit volgens wet nie mag gebeur nie.

4. Die koms van ds. Dirk van der Hoff. — Voordat Transvaal wees offisieel geantwoord het op die voorwaardes vir inlywing is berig ontvang dat 'n sekere proponent op weg was na Suid-Afrika, naamlik prop. Dirk van der Hoff, wie se dienste deur prof. Lauts verkry is. Deur die "Indiese Kommissie" in Den Haag "georden", het hy in 1852 in Kaapstad aan wal gestap. Hier word hy gelegitimeer (tot die bediening toegelaat) deur dr. A. Faure namens die Kaapse kerk.

Ná 'n oponthoud van vyf maande kon hy eindelijk na Transvaal vertrek. Ds. Van der Hoff is deur 'n ouderling bevestig en spoedig daarna besluit 'n Algemene Kerkvergadering op Rustenburg om die inlywing by die Kaapse sinode nie goed te keur nie. Dit is die begin

van die Nederduits Hervormde Kerk. Ds. Van der Hoff, op Potchefstroom as predikant bevestig, het in die eerste tyd die hele Transvaal bedien, aangesien hy die enigste leraar was.

5. Verdere ontwikkeling van die Hervormde kerk. — Die kerklike lewe sou ook ly onder die partyskappe op politieke gebied. Die volgelinge van Andries Pretorius en Hendrik Potgieter het in die onafhanklike staat ook 'n onafhanklike kerk begeer, terwyl die Lydenburgers gedurig kontak gesoek het met die Kaapse sinode. Dit was duidelik dat daar nie kerklike eenheid in Transvaal sou kom nie, maar gedurige botsinge. In 1854 het die Lydenburgse gemeente hom dan ook afgeskei van die kerk in die Republiek en vir die dienste van ds. Van der Hoff bedank.

In die jaar 1857 is die Grondwet van die Republiek vasgestel en in 1858 nog enige wysiginge aangebring. Volgens hierdie grondwet word die Hervormde kerk nou die staatskerk van die Republiek.

Die Roomse kerk is nie toegelaat nie, en alleen sodanige ander Protestantse kerke waarvan die leer met die Heidelbergse Kategismus ooreenkom. Volksraadslede moet lidmate van die Hervormde kerk wees.

Hier vind ons dus weer die staatskerkgedagte waardeur een kerk bevoorreg word bo al die ander, met vaskoppeling aan die staat. Die Hervormde kerk het dan ook uit die staatskas geldelike ondersteuning ontvang en vir elkeen van die predikante is 'n staatstraktement gewaarborg.

Die eerste Algemene Kerkvergadering besluit al dadelik dat die Hervormde kerk sy eie kerklike "Wetboek" moet opstel. Weens allerlei vertraginge het die werk eers in 1862 gereed gekom, en nadat dit deur die Algemene Kerkvergadering goedgekeur is, het die Volksraad dit bekragtig.

Net soos die Kaapse sinodes van 1824 en 1842 het die sinode van die Hervormde kerk ook nie teruggekeer na die suiwer Gereformeerde stelsel van kerkregering nie. *Die styl waarin die Reglemente opgestel is, is dieselfde as die van die Kaapse kerk, wat weer sy Reglemente aan die Algemene Reglement van die Hervormde kerk in Holland ontleen het.* By die Algemene Kerkvergadering het die "hoogste wetgewende, regsprekende en besturende mag" berus — dus 'n suiwer kollegialistiese stelsel (vgl. hoofstuk 67). Ook in Transvaal het die offisiële kerk in hierdie opsig van die Gereformeerde spoor afgedwaal.

Spoedig het geblyk dat die eerste Hervormde predikante hulle ook nie ten volle met die Gereformeerde belydenisskrifte kon verenig nie. Op 'n Algemene Kerkvergadering in 1865 het die drie leraars: Van der Hoff, Begeman en Smits hulle eenparig verset teen ondertekening van die formuliere van enigheid. Ds. Van der Hoff het o.a. aan die ouderlinge gevra of hulle kon glo "dat God sommige mense geskape het om hulle salig te maak en ander om hulle te verdoem". Hiermee het hy te kenne gegee dat hy twyfel koester met betrekking tot die leerstukke van uitverkiesing en verwerping.

VRAE

1. Waarom het die gemeentes van Natal en O.V.S. onder die Kaapse sinode gebly tot 1862?
2. Watter poginge het die Transvalers aangewend om in hul geestelike nood te voorsien en wat was die gevolg?
3. Waarom het die Transvaalse gemeentes versoek om by die Kaapse sinode ingelyf te word?
4. Wat het daarvan geword?
5. Wie was die eerste vaste predikant en wat weet u van hom?
6. Watter verskillende strominge was daar in die Republiek?
7. Wat het die grondwet bepaal ten opsigte van die Hervormde kerk?
8. Op watter lees was die kerklike wetboek geskoei?

9. Wat was die houding van ds. Van der Hoff en ander Hervormde predikante teenoor die Belydenisskrifte?

HOOFSTUK 48:VOORGESKIEDENIS VAN DIE AFVAARDIGING VAN DS. D. POSTMA

1. *Die voorgeskiedenis van die Gereformeerde rigting.*
2. *Kontak met Nederland.*
3. *Die optrede van die Christelik-Afgeskeie kerk.*

1. Die voorgeskiedenis van die Gereformeerde rigting. — Gedurende die agttiende eeu kon die insypeling van nuwe denkrigtinge in Suid-Afrika bemerk word. Wat die leer betref het so langamerhand die sg. "verstandige opvatting" van die godsdiens begin indring. Dit was die voorloper van die latere Liberalisme. Ook die Remonstrantisme het sy verskyning gemaak. In die kerkregering het die tug verslap, soos deur die Kerkbode in die jaar 1860 erken is. Die ondertekeningsformulier het nie aan 'n meerdere vergadering die reg gegee om van 'n predikant nadere verklaring van sy gevoele te eis nie. Daar is voortgebou op die grondslae deur De Mist gelê. Omstreeks 1860 word orals gekla oor doodsheid in die kerk. Voeg hier nou by die kwessie van die Evangeliese Gesange en ons besef hoeveel ontevredenheid daar met die bestaande kerk was.

Vanaf die invoering van die Evangeliese Gesange in Kaapland was daar mense wat dit nie wou sing nie. In die gewone lewe het hulle geen beswaar teen die liedere van Sluiters en Lodensteyn gehad nie, maar hul leuse was: In Gods huis Gods lied, d.w.s. 'n lied waarvan die teks so getrou moontlik aan die Bybel ontleen is. Bowendien het hulle bemerk dat in sommige Gesange 'n onbybelse leer verkondig word.

Hierdie "Doppers" ('n skeldnaam toe al in gebruik) het langamerhand 'n rigting in die Afrikanervolk verteenwoordig.

Ná die gewete-dwingende behandeling deur die Ring van Graaff-Reinet en deur ds. Reid (vgl. hoofst. 44, par. 1), het sommige nie meer met die N.G. Kerk meegeleef nie. Die grootste gedeelte het egter by die kerk gebly en ook aan die nagmaal gegaan as die predikant insiklik was deur geen Gesange by die tafel te laat sing nie.

In beginsel was die breuk egter reeds daar. Dat hulle by die kerk gebly het, was alleen omdat hulle anders verstoke sou wees van die bediening van Woord en sakramente. Ds. Postma skryf later dat baie van hierdie mense sedert baie jare op ringvergaderinge en sinodes geprotesteer het teen wat hulle beskou het as wêreldse, reglementêre, onbybelse besluite. Sy eerwaarde noem hulle: "Verstandige, gemoedelike Christene, bedaard en vasberade, sonder bitterheid en opgewondenheid".

Baie van hierdie mense het met die Groot Trek saamgegaan, veral uit die distrik Colesberg, die meeste deur aan te sluit by Kommandant Hendrik Potgieter. Een van die redes van hul verhuising was juis die behandeling wat hulle in die kerk ondervind het.

In die Oranje-Vrystaat het hulle spoedig dieselfde besware teen die bestaande kerk gevoel, nl. viktimisasie by weiering om die Gesange te sing, afwykende gevoelens by predikante, veral die wat in Nederland gestudeer het, die kinderlike verhouding waarin die N.G. kerk tot die Hervormde kerk in Nederland gestaan het, ens.

As ds. H. de Cock van Nederland navraag doen aangaande die Afskeiding in die O.V.S. antwoord ds. Postma uit naam van die lidmate dat die vernaamste leerstukke by die meeste predikante ontbreek het, veral die predestinasie en wat daarmee in verband staan. Hulle siele het altyd hongerig en dorstig gebly. Wat die menigte van reglemente betref, kon hulle nie in besonderhede aantoon wat ongereformeerde was nie, maar hulle het gevoel dat hulle maar moes gehoorsaam omdat die kerk dit sê. Dit het hulle aan Rome herinner.

Die geestelike leier van die beswaardes in die O.V.S. was br. J.J. Venter, 'n invloedryke lid van die Volksraad wat ook 'n tyd lank waargeneem het as president van die Vrystaat. Hy en twee ander broeders het sover gegaan om 'n blanko-beroepsbrief na Nederland te stuur in die hoop dat 'n Gereformeerde leraar na Suid-Afrika sal kom "sodat die goeie

Woord van die Here in Gees en waarheid verkondig mag word". Hy was gewillig om al sy besittings te verpand vir reiskoste en onderhoud, as hy maar met blydschap na die huis van die Here kon gaan. As ds. Postma in Suid-Afrika aankom, skryf br. Venter aan hom 'n brief waarin hy o.m. sê dat daar mense is "wat hulle wens af te skei van die genoodskapsparty en nuwe lig", waarmee die bestaande kerk bedoel word.

Toe die vestiging in Natal misluk, het die meeste van die "Doppers" na Rustenburg getrek. So moet dit verklaar word dat die Gereformeerde kerk in vroeër jare nie in Natal posgevat het nie.

Die Gereformeerdes, meestal Potgieter-mense, was baie afkerig van Engelse inmenging en wou daarom ook niks te doen hê met die Kaapse kerk nie. Vandaar kon hulle dus geen hulp verwag nie. In die begin het hulle ds. Van der Hoff ondersteun uit dankbaarheid dat daar eindelijk 'n vaste leraar was, maar spoedig het hulle tot die oortuiging gekom dat hulle dit nie eens was met sy "verligte" gedagtes nie. Ook was hulle ontevrede oor sy manier van kerkregering. In twee gevalle is bv. die hulp van die wêreldlike owerheid ingeroep deur die kerk.

Dit het duidelik geblyk dat die Hervormde Kerk in 'n onvrye posisie teenoor die staat staan, dieselfde moeilikheid wat in Kaapland ondervind is. In die jaar 1856 skryf br. Ph. Snyman van Rustenburg dan ook aan die Kommandant-generaal dat reeds 'n groot deel van die gemeente die kerkraad en leraar (ds. Van der Hoff) "bedank" het, "omdat hulle deur die kerklike kolleges nie meer geleer en bestuur word nie na ons Christelike geloofsbelydenis wat bepaal is deur die Algemene Nasionale Sinode van Dordrecht, 1618—1619".

Die Geref. lidmate van Rustenburg het ook gerugte gehoor dat ds. Van der Hoff benoem sou word tot hoofleraar in die Republiek. Hierteen het hulle geprotesteer en geëis dat alle leraars gelyke status sou hê. Hulle wou van beide caesaropapie en hiërargie niks weet nie.

Baie lidmate het dus by die Hervormde kerk gebly, maar met groot gemoedsbesware. Sommige moes noodgedwonge kerkloos bly. Iemand van Marico verklaar in 1858 dat hy "een van hulle is, wat al 15 jaar lank uitgesien het na die bediening van die suiwer Evangelie".

In al die woelinge het die latere pres. Paul Kruger 'n leidende rol gespeel en sover as moontlik eenheid probeer bewerk.

Van die Gereformeerde rigting sê ds. P. Huet, 'n leraar van die N.G. kerk in Natal: "Ek glo dat hul nougesette vashou aan die Bybel met kanttekeninge en hul angstige verkleefdheid aan die ou Calvinistiese leer, *'n middel was tot bewaring van wat op verskeie plekke anders heeltemal verlore sou gegaan het, naamlik die Gereformeerde kerkleer'*".

Dieselfde ds. Huet verklaar ook: "Ek glo dat ds. Postma gelyk het as hy sê dat die Afskeiding in hierdie land reeds voor sy koms feitlik bestaan het. "Ek glo dat in hulle (die Gereformeerdes) 'n sluimerende, onbewuste gevoel van gemis aan Calvinistiese prediking bestaan het, wat aan hulle oorgelewer is deur die ou Gereformeerde boeke".

En ds. (later die beroemde dr.) Andrew Murray, destyds leraar van Bloemfontein, het erken dat hy nooit in staat was om die gemoed van die "ware stywe Doppers" te bereik nie. Hy beskou die Afskeiding onder leiding van ds. Postma dan ook as "die direkte werk van die goddelike Voorsienigheid".

2. Kontak met Nederland. — Die beswaardes het in hul nood die oog na Nederland gewend om hulp. Hulle was egter nie goed op hoogte met die kerklike toestande in die ou stamland nie, met die gevolg dat hulle nie die juiste adres geken het vanwaar vir hulle die regte hulp gebied kon word nie, naamlik die Christelik-Afgeskeie Kerk (vgl. hoofstuk 37). Uit 'n herderlike brief van die Algemene Kerkvergadering van 1855 (dus nog drie jaar voor die koms van ds. Postma), blyk dat daar toe reeds gerugte in omloop was dat sekere beswaardes poginge in die werk gestel het om 'n leraar te verkry wat nie

die Gesange laat sing nie.

In 1856 het br. J.J. Venter van Bloemfontein, in samewerking met die kerkraad van Lydenburg, 'n beroep uitgebring op ds. C.C. Callenbach, 'n regsinnige predikant van die Hervormde kerk in Nederland. In 1858 het dieselfde br. Venter e.a. 'n blanko-beroepsbrief na ds. Callenbach gestuur. Hierdie poginge het egter nie geslaag nie.

In daardie tyd het die algemene geestelike nood as gevolg van die gebrek aan genoegsame bediening langs verskillende kanale sterk onder die aandag van Nederlanders gekom.

Die man wat in die Christelik-Afgeskeie Kerk die bal aan die rol sou sit, was br. J. van Andel. Uit 'n brief van Van Andel met die datum 28 Aug. 1857, gerig aan die kerkraad van Lydenburg, blyk duidelik dat hy deur middel van die "Amsterdamse kommissie" bewus was van poginge uit Transvaal om leraars uit die Hervormde Kerk van Nederland te kry. 'n Brief van eerwaarde Van der Rijst, sendeling van die N.G. kerk in die Kaapkolonie, het by Van Andel die deurslag gegee om die saak in 1857 voor die Sinode van die Christelik-Afgeskeie Kerk te lê. In sy brief het eerw. Van der Rijst die algemene geestelike nood van Transvaal en die behoefte aan bediening sterk beklemtoon en 'n beroep gedoen op die Chr. Afgeskeie Kerk om te help.

Hoewel die Gereformeerde vaders in ons land dus nie regstreeks kontak met die Christelik-Afgeskeie Kerk in Nederland gehad het nie, het die Here dit tog so beskik dat hulle iemand sou uitstuur wat 'n instrument sou wees om die suiwere Gereformeerde Kerk weer tot openbaring te bring.

3. Die optrede van die Christelik-Afgeskeie Kerk. — Die Sinode van 1857 het as gevolg van die pleitrede van br. Van Andel aan sy sinodale kommissie opdrag gegee om hulle in korrespondensie te begewe met die gemeentes aldaar (d.w.s. in Transvaal). Die sinodale kommissie het besluit om 'n predikant en 'n ouderling af te vaardig om die stand van sake te ondersoek en te sien of dit "noodsaaklik en nuttig" sou wees "om hulle daar te vestig as verteenwoordigers van die Christelik-Afgeskeie Gereformeerde Kerk in Nederland en die gemeentes in die Transvaalse Republiek van diens te wees". Later kon daar altyd meer predikante gaan as die Teologiese Skool in Kampen 'n genoegsame aantal kon lewer.

Die sinodale kommissie het verder besluit om ds. N. H. Dosker en ouderling J. van Andel af te vaardig. Albei hierdie broeders het egter die roeping nie aanvaar nie en daarop is ds. Postma aangewys.

VRAE

1. Wat weet u van die mense wat in Kaapland al "Doppers" genoem is?
2. Wat het met hulle gedurende die Groot Trek gebeur en waar het hulle hulself gevestig?
3. Hoe het hulle teenoor die Kaapse kerk gestaan en hoe teenoor die Hervormde kerk?
4. Wat het ds. Huet e.a. van hulle gesê?
5. Hoe het hulle kontak met Nederland gesoek?
6. Hoe het dit gekom dat ds. Postma afgevaardig is?

HOOFSTUK 49 DIE KOMS VAN DS. D. POSTMA

1. *Lewensloop van ds. D. Postma.*
2. *Die afvaardiging van ds. D. Postma.*
3. *Aankoms van ds. Postma in Suid-Afrika en sy verhouding tot die N.G. kerk in Kaapland.*

1. Lewensloop van ds. D. Postma. — Ds. D. Postma is gebore in 1818 te Dokkum (Friesland) in 'n gesin wat die Gereformeerde waarheid van harte liefgehad het. Sy vader is oorlede toe hy nog maar vyf jaar oud was. In sy teenwoordigheid is deur vriende van sy moeder gesê: "As die weduwee nou maar nie met die klein seun beswaar was nie, sou dit nog wel gaan!" Die klein seun het egter van sy vyftiende jaar sy moeder versorg en daarmee volgehou tot op haar hoë ouderdom van meer as sewentig jaar.

'n Vurige begeerte na die leraarsamp maak hom van die jonge Postma meester, maar die geldelike middele ontbreek. Oordag moet hy hard werk om sy brood te verdien en in die aande hard studeer, soms tot diep in die nag.

Later is aan hom 'n geldlening toegestaan, maar omdat hy deelgeneem het aan die Afskeiding van 1834, verloor hy ook hierdie guns. Met ondersteuning van die klassis sou hy egter sy teologiese studie onder leiding van ds. T. F. de Haan voltooi en in 1840 op 22-jarige leeftyd in die amp bevestig word. Toe hy in 1857 gekies is om na Transvaal te gaan, was hy reeds 18 jaar predikant en 'n man van rype ervaring. Die sinodale kommissie kon moeilik 'n geskikter afgesant vind — iemand wat gevorm was in die harde leerskool van die lewe.

Oral waar ds. Postma hom begeef het, was sy optrede die van 'n waardige dienskneg van die Here wat die respek van almal afgedwing het. Die meergenoemde ds. P. Huet skrywe: "Ek glo dat ds. Postma alle aanspraak het op die agting en liefde van alle godvrugtiges. So 'n waardige Evangeliedienaar (is hy) dat ek dit as die grootste seën sou beskou as al ons gemeentes met dergelike leraars bevoorreg sou word. Daar is nie veel geestelike onderskeidingsvermoë voor nodig om die .ons het die sin van Christus' in al die man se gedraginge, woorde en geskrifte te lees nie".

2. Die afvaardiging van ds. Postma. — Ds. Postma het 'n swaer stryd deurgemaak voordat hy kon besluit om die roeping op te volg. Soms het hy gesê: Wees jouself genadig. Dan weer was daar die grootste gewilligheid wat voortgekom het uit hierdie oorweging: "Gods Seun in die beestekrip, Gods Seun aan die kruis vir ons". Soos hy dit uitdruk: die liefde van Christus het hom sterk gedring.

In sy lasbrief word gesê dat hy afgevaardig is "ten einde op die plek self ondersoek te doen na die godsdienstige toestand van ons stamverwante en geloofsgenote aldaar, broederlike betrekkings met hulle aan te knoop en in alles te handel soos dit homself die nuttigste sal voorkom in die belang van Gods koninkryk en van ons stamverwante en geloofsgenote op die ooskus van Suid-Afrika".

Dikwels word die gedagte uitgespreek dat ds. Postma eintlik gestuur is om as sendeling onder die Bantoes werksaam te wees en dat hy dus nie geregtig was om 'n kerk te stig nie. Niks is verder van die waarheid nie. Die sinode van die Christelik-Afgeskeie kerk was in 1857 besig met die rapport oor Korrespondensie met buitelandse kerke toe afgevaardigdes die saak van die broeders in Transvaal ter sprake gebring het. Hulle het die vraag gestel: Of die sinode hom nie eers sou geroepe ag om te dink aan ons stamverwante en geloofsgenote in die Suid-Afrikaanse Republiek nie? Ná enige toeligtig is dan ook besluit om dienoooreenkomstig te handel en hierop het die afvaardiging van ds. Postma gevolg. In die lasbrief van ds. Postma word van die sending niks gerep nie.

Wel is dit waar dat die sinode gemeen het dat deur die afvaardiging 'n deur geopen kon word om sendingwerk onder die naturelle te doen. Dit sou egter slegs *volg* op sy eintlike taak.

Miskien is dit om hierdie rede dat geld van die sendingfonds gebruik is om die reiskoste gedeeltelik te dek. Die res is aangevul deur vrye gifte.

3. Aankoms van ds. Postma in Suid-Afrika en sy verhouding tot die N.G. kerk in Kaapstad. — Op 8 Junie 1858 het ds. Postma die kuste van ons vaderland betree. Aangesien sy skip 'n tyd sou vertoef, het hy geleentheid om in Kaapstad kennis te maak met die predikante van die N.G. kerk. Hy is hier baie hartlik ontvang en het verskillende preekbeurte waargeneem.

Oor die algemeen was die eerste indrukke van die Kaapse kerk gunstig. Ds. Postma kon in die prediking geen onsuiverheid opmerk nie en het die "hartelikste ooreenstemming" gevind. 'n Enkele keer het sy eerwaarde by sy dienste 'n Gesang laat sing.

Hierdie optrede is hom later baie kwalik geneem. Hy is beskuldig van oneerlikheid en huigelry — in Kaapstad tevrede met die kerk, terwyl hy self Gesange laat sing, en later bewerk hy 'n afskeiding van dieselfde kerk, terwyl die kwessie van die Gesange — so word beweer — juis die punt is waarop samewerking afspring.

Ons moet egter onthou dat ds. Postma hier gehandel het op eerste indrukke. Hy sê dan ook duidelik in sy dagboek'. *"So ver as ek tans kan sien, verwag ek van hierdie kerk nog baie goeds"*. Tegelyk verneem hy ook dat geen leraar verplig is om Gesange te laat sing nie, terwyl dr. Faure van Wynberg hom die versekering gee dat deur hulle die kerk van ds. Postma as die historiese Gereformeerde kerk beskou word, een in belydenis met die Kaapse kerk.

Ds. Postma skryf dan ook in sy dagboek: "As die kerk hier in die vryheid wat dit nou mag geniet, so voortgaan, koester ek die gedagte dat hulle mettertyd uit die Gesange wel sal uitmonster die wat in geen goeie gees gevind word nie, want ek het my opinie aan die vernaamste van hulle geopenbaar en ons stem daarin heeltemal ooreen". Die optrede van ds. Postma was heeltemal in ooreenstemming met sy beleid soos hy dit later in Transvaal sou verduidelik. Hy het naamlik gesê: "As 'n kerk Gesange het met vrede in die gemeente en die Gesange regsinnig is, dan durf ek die kerk daarin nie veroordeel nie en ook nie daaroor bemoeilik nie, soos ek op my deurreis getoon het". Ds. Postma wou geen "ontydige beroering" verwek nie.

Later is hy bitter teleurgestel in sy goeie verwagtinge. As hy naamlik die brief lees wat deur die Kaapse kerk aan die sinode van die Hervormde kerk in Nederland gestuur is, skrywe hy dadelik aan die skriba van die sinode en gee sy bekommernis te kenne. Hy vra ook dat sy opmerkings aan die sinode bekend gemaak sal word en spreek die wens uit: "Mag God gee dat die oë van die sinode vir die waarheid mag oopgaan, sodat dit liever met die moeder twis as dit vlei, sodat dit bewaar mag bly van haar gelyk te word". Uit die brief tog het duidelik geblyk dat die Kaapse kerk hom een voel met die Hervormde kerk van Nederland en nie alleen bestaande bande wou handhaaf nie, maar selfs nader wou aanhaal.

VRAE

1. Vertel kortliks die lewensloop van ds. Postma tot op sy koms na Suid-Afrika.
2. Wat was die inhoud van sy lasbrief?
3. Is dit waar dat ds. Postma eintlik as sendeling gekom het?
4. Hoe was die verhouding tussen ds. Postma en die N.G. kerk aan die Kaap?
5. Waarom het ds. Postma Gesange laat sing en hoe moet ons oor sy optrede oordeel?
6. Hoe het ds. Postma self later oor die saak gedink?

HOOFSTUK 50: DS. POSTMA IN NATAL EN TRANSVAAL

1. *Ds. Postma in Natal.*

2. *Vertrek na Transvaal.*

3. *Voorlopige samesprekinge.*

4. *Die Algemene Kerkvergadering van 10 Januarie 1859.*

1. Ds. Postma in Natal. — Vanaf Kaapstad aanvaar ds. Postma die seereis na Natal en ook hier is die omgang met die broeders van die N.G. kerk hartlik. Hy neem verskillende male dienste waar in die N.G. gemeentes en word selfs beroep na Greytown, 'n beroep wat hy nie kon opvolg nie omdat sy lasbrief hom die Transvaal as arbeidsveld aangewys het.

'n Brief wat ds. Postma aan die kerkraad van Pietermaritzburg skryf (met 'n gelykluidende afskrif aan die Transgariapse Ring) het heelwat misverstand laat ontstaan. Hy skryf naamlik onder meer: "Sover ons bekend is met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (bedoel word natuurlik die N.G. kerk. S.d.T.) beskou ons dit met ons homogeen (d.w.s. gelyksoortig. S.d.T.) en dit is ons innigste verlange om alles wat ons hier doen, met haar in die beste ooreenstemming te doen al is dit dan ook nie in dieselfde kerklike gemeenskap nie". Die laaste woorde word *soms so* verstaan dat ds. Postma reeds hier te kenne gee dat dit sy voorneme is om 'n nuwe kerk in die lewe te roep. Ds. Postma bedoel egter met die woorde die volgende: dit is sy innigste begeerte om saam te werk met die N.G. kerk wat hy op daardie stadium nog as homogeen met sy eie kerk beskou. Maar sy eintlike bestemming is die Transvaal *wat kerklik reeds in 1853 met die Kaapse Sinode gebreek het*. Vanselfsprekend sou hy dus nie in dieselfde kerklike gemeenskap arbeid nie. Ds. Postma het egter op hierdie stadium nog nie die minste gedagte aan 'n eie kerkformasie gehad nie.

2. Vertrek na Transvaal. — Die sinodale kommissie van die Christelike-Afgeskeie Gereformeerde Kerk het twee briewe gerig aan die bestaande kerk in Transvaal, wat deur hulle "De Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek" genoem word. Een van die briewe is deur die kerkraad van Rustenburg op 30 Aug. 1858 behandel toe ds. Postma reeds in Natal was. Die beswaardes het dadelik gevoel dat ds. Postma die man was wat in hulle behoeftes kon voorsien. Hulle vra dus die toestemming en samewerking van die kerkraad om ds. Postma in Natal te gaan haal. Daar is naamlik reeds voor sy koms aan die beswaarde deel van die gemeente Rustenburg beloof dat hulle die dienste van 'n predikant uit Nederland kan aanvaar wat in hulle behoeftes sou voorsien, op voorwaarde dat hy moet voldoen aan die vereistes van die grondwet. Verder is bepaal dat daar net een kerk in die Republiek sal wees, dat die Volksraad die nuwe predikant moet keur en dat die Algemene Kerkvergadering hom na sy geloofsoortuiging moes ondersoek. Hierdie reëlinge was dus bedoel om sover moontlik eenheid op kerklike gebied te verkry en die Gereformeerdes het nie as skeurmakers opgetree nie.

Met toestemming van die kerkraad van Rustenburg gaan twee broeders dus om ds. Postma in Natal te gaan afhaal.

Op 7 November 1858 (Sondag) het ds. Postma die eerste keer op Transvaalse bodem gepreek en wel op die plaas Buffeldoorns (distrik Potchefstroom), die eiendom van ouderling P. J. W. Schutte wat sinds jare al ontevrede was met die Hervormde kerk.

3. Voorlopige samespreking. — Nadat ds. Postma 'n tyd in Rustenburg vertoef het bereik hy Potchefstroom, waar op 27 Desember 1858 'n voorlopige samekoms gehou sou word. Gedurende die naweek was ds. Postma behulpsaam by die nagmaalsviering. Ds. Van der Hoff het hom plegtig van die kansel die "rechterhand der gemeenskap" gereik, wat ds. Postma op sy beurt in 'n predikasie beantwoord het met die woorde: "Alzo reikt Neerlands kerk u de helpende hand". Dit is van die allergrootste belang om daarop te let dat ds. Postma die helpende hand hier aanbied aan die *Kerk in Transvaal* en nie aan die gemeente van Rustenburg nie. Volgens sy eie woorde het ds. Postma die goeie bly glo

totdat die teendeel sou blyk.

Die samekoms op 27 Desember het bevredigend afgeloop. Ds. Postma het sy gevoelens oor die Gesange bekend gemaak en daar is besluit om aan die Algemene Kerkvergadering voor te stel dat predikante en gemeentelede insake die gebruik van Gesange al dan nie, vrygelaat sal word. Ds. Postma was hiermee tevrede.

Die samekoms op Rustenburg (3 Januarie 1859) het nie so bevredigend verloop nie. Die verskillende partye het op die punt van die Gesange skerp teenoor mekaar gestaan. 'n Voorstander het hier verklaar dat as die Gesange uit die kerk verwyder word, dit vir hom sou wees asof die Here Jesus weggeneem word.

4. Die Algemene Kerkvergadering van 10 Januarie 1859. — Op 10 Januarie 1859 word die Algemene Kerkvergadering te Pretoria gehou, waar 'n ondersoek na die leer van ds. Postma ingestel is. Hy het toe voorgelees wat die sinode van sy kerk op hierdie punt besluit het, en verklaar dat hy in die leer deur Gods genade van sy jeug af geleef het, selfs onder bitter vervolging. Insake die kerkregering het hy meegedeel wat in die kerklike handboekie van sy kerk daaromtrent gesê word, asook in die "ou voorrede", wat daarvoor volkome duidelikheid gee. Die Gesange-kwessie het ook weer op die tafel gekom hoewel dit 'n afgedane saak was. Daar is immers ooreengekom dat die Rustenburgers vryheid sou geniet.

Toe ds. Postma ondervra is oor die wenslikheid om Gesange naas die Psalms te laat sing, het hy sy standpunt soos volg uiteengesit:

1. Het 'n kerk sodanige Gesange met vrede van die gemeente in die algemeen en in hulle regsinnig, dan durf ek die kerk daarin nie veroordeel en nie bemoeilik nie, soos ek op my deurreis getoon het.
2. Maar hou die kerk hom alleen aan die Gesange waarvan die teks in die Bybel gevind word, dan is dit seker die veiligste weg. En hierdie weg kan ek met volle vrymoedigheid bewandel.
3. As daar dus sommige lede gemoedelik beswaard is oor die sing van gesange *in die openbare godsdiensoefeninge*, waarvan die teks nie in die Bybel staan nie, behoort die ander dit ook na te laat...
4. As dit egter nog nie verkry kan word nie, dan raai ek aan dat die Algemene Kerkvergadering dit aan die wysheid en die gewete van elke leraar oorlaat om hierin te handel na sy gewete, met inagneming van die toestand van die gemeente; *sodat daar oor hierdie saak geen verdeeldheid of skeuring plaasvind nie.*

Die vergadering besluit hierop "dat die kerklike inrigting soos dit tans hier bestaan, met sy Evangeliese Gesange, sal bly bestaan en gehandhaaf word". Hierdie besluit was die resultaat van 'n kerklike diplomatie wat die Gesange op die voorgrond geskuif het om Postma te isoleer. Daar was vir hom en sy geesverwante nou geen ander weg oop nie as om buite die staatskerk die aangebode hulp te aanvaar. Daar is teenoor hulle kontrakbreuk gepleeg. Daarom het ds. Postma geantwoord dat hy hom volgens Gods Woord nie geregtig ag om aan die Algemene Kerkvergadering, gesien hul besluit en met die oog op die geopenbaarde gevoelens, die hulp van sy kerk toe te sê nie. Hy meen dat hy dit genoegsaam uit die Woord van God en die Gereformeerde kerkregering duidelik gemaak het. Hy het tot nog toe — so gaan hy voort — hom onthou van die bediening van die sakramente en ander kerklike handeling, maar hy ag hom daaraan nie meer gebonde nie. Tog sal hy nie preek sonder dat hy behoorlik deur bevoegde persone daartoe versoek is nie, en alles wat hy in die Republiek sal doen, as wettig geordende en gesonde dienaar van die Here, wens hy te doen ooreenkomstig die krag van sy goddelike sending.

Vyftien broeders besluit toe dadelik om van die Hervormde kerk af te skei en gee aan die vergadering kennis dat hulle wil bestaan "as 'n vrye Gereformeerde kerk, ooreenkomstig die leer, tug en diens van die vaders". Verder spreek hulle die bede uit: "Mag God gee dat ons nog eenmaal een word, sowel in diens as leer". Onder hierdie vyftiental was

oudl. P. J. W. Schutte en Paul Kruger, toe nog kommandant.

VRAE

1. Hoe was die verhouding van ds. Postma teenoor die kerk in Natal?
2. Wat skryf hy aan die kerk van Pietermaritzburg en hoe moet dit verstaan word?
3. Op watter voorwaardes sou ds. Postma as leraar in Transvaal toegelaat word?
4. Hoe was die verhouding tussen ds. Postma en ds. Van der Hoff in Desember 1858?
5. Wat het gebeur op die voorlopige samekoms?
6. Wat het ds. Postma op die Algemene Kerkvergadering verklaar aangaande sy oortuiging in leer en kerkregering?
7. Wat was sy standpunt ten opsigte van die sing van Gesange in die erediens?
8. Wat het die Algemene Kerkvergadering besluit?
9. Wat het ds. Postma daarop geantwoord?
10. Wat het die vyftien man hierop besluit?

HOOFSTUK 51: STIGTING EN UITBREIDING VAN DIE GEREFORMEERDE KERK

1. *Die stigting van die kerk.*
2. *Poginge tot hereniging.*
3. *Uitbreiding.*
4. *Vervolging en smaad.*

1. Die stigting van die kerk. — Die 15 lede wat nou geen hulp van die Hervormde kerk meer kon verwag nie, het ds. Postma versoek om by hulle te kom en met hulle te raadpleeg. Daar is toe besluit om 'n samekoms te belê op Rustenburg op die 10e Februarie 1859.

Die vergadering is gehou onder 'n seringboom, aangesien die gebou van die Hervormde kerk nie beskikbaar was nie. Ds. Van der Hoff het eers toestemming gegee, maar dit later weer ingetrek, waarskynlik op aandrang van ander.

Op dieselfde dag het 300 persone hulle laat inskrywe as lidmate van die Gereformeerde kerk. Ds. Postma het hierop plegtig verklaar dat hy die bediening van herder en leraar op hom neem in die Naam en die krag van die Here. Hy het gevolglik bedank vir die beroep intussen van Winburg ontvang, en besluit om vereers nie na Nederland terug te keer nie.

2. Poginge tot hereniging. — Ds. Postma het nou, met die oog op die landsomstandighede, 'n gewysigde Kerkorde opgestel en aan die regering voorgelê. Die owerheid, wat hom intussen sou beywer om 'n hereniging te bewerkstellig, het egter besluit om in April 1859 'n Algemene kerklike vergadering in Potchefstroom te belê waartoe ook leraars van die Ned. Geref. kerk in die Vrystaat uitgenooi sou word. Die vergadering moes oordeel wie volgens art. 20 van die grondwet die Ned. Herv. kerk is. Verder moes dit terugkom op die besluit wat in sake die Gesange geneem is.

Op hierdie vergadering is toe wel besluit om die kwessie van die Gesange aan die wysheid en gewete van elke leraar oor te laat, maar met die bepaling daarby dat alle predikante deur die Kaapse kerk gelegitimeer (toegelaat) moet word.

Die Gereformeerdes het egter laat weet dat hulle so 'n legitimasie nie nodig, nie veilig en selfs gevaarlik ag. Nie nodig nie, want die Gereformeerde kerk kan self met Nederland in verbinding bly en wil liever self die dokumente van aanstaande leraars beoordeel; nie veilig nie aangesien die skriba van die Kaapse sinode deur skynbaar goeie dokumente mislei kan word. Gevaarlik omdat so lig iemand uit die Hervormde kerk van Nederland kan kom met goeie dokumente, terwyl hy tog 'n bestryder van die Gereformeerde leer is.

Hulle was gewillig om met die Hervormde kerk te verenig op die volgende voorwaardes:

1. Die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk moet sy besluit aangaande die Evangeliese Gesange herroep.
2. Ds. Van der Hoff moet herroep alles wat hy in daardie jaar oor Gods Woord, oor die Psalms en Evangeliese Gesange in die openbaar geskryf het, asook wat hy tot minagting van die broeders gesê het.
3. Die grondslag van vereniging sal wees: die ou en welbeproeftde grondslae in leer, diens en tug soos die Gereformeerde kerk hom te Dordrecht in die jare 1618 en 1619 geopenbaar het. Die Kerkorde moet ook in ooreenstemming wees met die van dieselfde sinode.

Dit is begryplik dat van die voorgestelde vereniging niks gekom het nie. Die Hervormde kerk sou die voorwaardes nooit aanvaar nie. Om dieselfde rede het ook ander herenigingspoginge van die owerheid misluk. In 'n brief aan die regering sê die Algemene Vergadering van die Gereformeerde kerk op 1 Augustus 1859: "Ons verskil is

nie eiesinnigheid nie, maar 'n *gewetesaak*, omdat ons onself nie grond op menslike insettinge nie maar op die heilige Woord van God en die voorbeelde van die welbeproefde Gereformeerde kerk van aloue dae".

3. Uitbreiding. — Op die stigting van die gemeente Rustenburg het spoedig die van Pretoria, Potchefstroom, Waterberg en Lydenburg gevolg, almal nog in dieselfde jaar 1859. Wat die Vrystaat aangaan, het ds. Postma reeds op die 3e Februarie 1859, dus nog voor die offisiële stigting van die kerk, 'n brief van br. J. J. Venter ontvang, waarin hy versoek word om ook daarheen te kom ten einde behulpsaam te wees by die beroeping van nog 'n leraar uit Nederland. 'n Aantal lidmate het hulleself toe al afgeskei van die N.G. gemeente Bloemfontein.

Op die eerste kerkraadsvergadering van Rustenburg (11 Februarie 1859) is egter ooreengekom dat die leraar eers soveel moontlik die Suid-Afrikaanse Republiek sal deurreis. Daarna kon hy na die Vrystaat gaan. Onderwyl het die Gereformeerdes van die distrik Bloemfontein besluit om 'n nuwe dorp (later Reddersburg genoem) aan te lê en daar hul kerk te bou.

So het dan die Gereformeerde kerk ook in die Oranje-Vrystaat tot openbaring gekom (12 Mei 1859).

Dit spreek vanself dat die lidmate in Kaapland wat al jare lank beswaard was oor die invoering van die Gesange in die erediens en daaronder baie gelyk het, nou met vurige verlange uitsien na die koms van ds. Postma. Die eerste gemeentes wat hier gestig sou word, is Burgersdorp, Middelburg en Colesberg, almal in 1860.

4. Vervolging en smaad. — Die Gereformeerdes moes in die begin vervolging en smaad verdra. Die landdros van Potchefstroom het bv., toe hy hoor dat ds. Postma van plan was om in die huis van 'n sekere weduwee diens te hou, haar laat weet dat hy die huis sou laat afbrand as dit gebeur.

Ook in Kaapland het die gevoelens hoog geloop. In Burgersdorp kon geen geskikte saal vir die stigting van 'n gemeente gevind word nie. Uiteindelik moes die pakhuis van 'n winkel daarvoor diens doen. Ook is daar pamflette teen die Gereformeerdes geskrywe. In die distrik Colesberg was die stryd so heftig dat die Gereformeerdes hul eie dorp, Philipstown, aangelê het.

Geen wonder nie dat daar briewe aan die owerheid gerig is wat om beskerming vra. In 'n brief aan die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek word bv. gesê dat die Gereformeerdes soms een en ander gevoelige ervaringe het en dat hulle pleit vir hul Christelike vryheid en hul menslike reg

VRAE

1. Wanneer, waar en hoe is die Gereformeerde kerk gestig?
2. Hoe het die Gereformeerdes gestaan teenoor die poginge tot hereniging?
3. Watter voorwaardes het hulle self gestel?
4. Noem die eerste gemeentes in Transvaal, O.V.S. en Kaapland met hul stigtingsdatums.
5. Op watter maniere is die Gereformeerdes gesmaad en vervolgd?

HOOFSTUK 52: DIE EERSTE GEREFORMEERDE SINODES

1. *Die sinode van 1862 (Reddersburg).*
2. *Die sinode van 1863 (Rustenburg).*
3. *Die sinode van 1869 (Potchefstroom).*

1. Die sinode van 1862 (Reddersburg). — Die eerste sinode is op Reddersburg in 1862 gehou. Dat daar nou twee predikante op die vergadering verskyn, het só gekom. Aan ds. Postma is deur die Algemene Vergadering van Transvaal opgedra om poginge aan te wend tot verkryging van nog 'n leraar uit Nederland. Van die drie wat toe beroep is, het alleen ds. J. Beyer hom gewillig verklaar om te kom. Sy eerwaarde het van 1862 tot 1869 as predikant van Reddersburg in ons land gearbei.

Dadelik het die saak van die *Kerkorde* ter sprake gekom. Ds. Postma het 'n gewysigde Dordtse Kerkorde opgestel, maar ds. Beyer e.a. was nie eens daarmee nie. Hulle wou 'n ongewysigde Kerkorde hê. Eindelik is die Dordtse Kerkorde deur die sinode aangeneem en ook daarna gehandel vir sover dit na die geleentheid van die gemeentes toegepas kon word.

Die sinode het ook besluit om aan die Christelik-Afgeskeie kerk in Nederland 'n dankbetuiging te stuur vir die verleende hulp. Hierin word gesê dat die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika hom een voel met die Gereformeerde kerk in Nederland. Tegelyk is te kenne gegee dat die Gereformeerdes hier *onafhanklik* wil wees, hoewel hulle graag broederlike betrekkinge met die kerk in Nederland wil onderhou.

2. Die sinode van 1863 (Rustenburg). — Van belang is dat reeds op die eerste sinode ná die stigting van die kerk die oprigting van 'n Teologiese Skool ter sprake gekom het. Ds. Postma pleit op hierdie sinode weer vir die *kerklike opleiding* van predikante. Die kerk moet hierin nie van die owerheid of van vreemde invloed afhanklik wees nie.

Die sinode was toe egter nog nie in staat om dadelik die Skool op te rig nie, maar het besluit om voort te gaan met kollektes en aan die gemeentes die noodsaaklikheid van 'n eie opleiding duidelik te maak. Intussen moet die predikante self die opleiding ter hand neem.

Besonder merkwaardig is dat hierdie sinode al waarsku teen *Vrymesselary* en ander geheime genootskappe. Die sinode verklaar dat iemand wat lid is van sulke genootskappe geen lid van die Gereformeerde kerk kan bly nie, aangesien die Christelike kerk 'n *geestelike* en *openbare* vereniging is en geen gemeenskap mag oefen met verenigings wat vreemd aan sy geestelike en hemelse aard en natuur is nie.

3. Die sinode van 1869 (Potchefstroom). — Die sinode van 1866 (Reddersburg) slaan ons oor, omdat hier geen besonder belangrike sake bespreek is nie. Ons vermeld alleen dat hierdie broeders S. D. Venter en N. J. R. Swart toegelaat is tot die heilige bediening, sodat die aantal predikante nou tot vier klim. Ds. Venter was die eerste seun van ons land wat in die Gereformeerde kerk predikant geword het. Ds. Swart, seun van die Amsterdammer Jacob Swart, een van die eerstes wat hulle die lot van die Transvalers aangetrek het, was 'n man van lewendige aard en van groot bekwaamhede.

Op die presensielys van 1869 kom die naam van ds. Beyer nie meer voor nie, aangesien sy eerwaarde toe al na Nederland vertrek het. Ons tref nou egter die naam van ds. Jan Lion Cachet, kerk- en volksman, veral bekend as skrywer van "Die Sewe Duiwels". Hy was van Joodse afkoms, maar sy ouers het onder invloed van die Reveilbeweging, veral van Da Costa, tot die Christendom oorgegaan. Ds. Cachet, eers onderwyser in die Kaapkolonie en Natal, het sy teologiese studie onder leiding van ds. D. Postma voltooi.

Op hierdie sinode word nog drie studente geëksamineer wat deur ds. Postma opgelei is, nl. P. J. J. Viljoen, A. A. J. de Klerk Coetsee en M. P. A. Coetsee. Dit val dadelik op dat die broeders reeds taamlik ver op hul jare gekom het: die eerste was al in sy 48e, die ander twee in hul 38e jaar. Ná 'n behoorlike ondersoek is hulle met algemene stemme toegelaat, sodat die getal leraars nou op sewe kom.

Besonder belangrik is die besluit van die sinode van 1869 om 'n eie Teologiese Skool op te rig. Hieroor word nader gehandel wanneer ons toekom aan die lotgevalle van die Skool.

Van geskiedkundige betekenis is die Openbare Verklaring van die afskeiding van die Hervormde kerk in Transvaal en van die N.G. kerk in die Vrystaat en Kaapkolonie. Die verklaring is hoofsaaklik opgestel ten behoeve van die moederkerk in Nederland by wie daar nog altyd enige skroom aangaande die wettigheid van die afskeiding van die Gereformeerde kerk bestaan het. Sommige het die afskeiding in Transvaal wel goedgekeur, maar kon geen regverdiging vir 'n dergelike handeling in die Vrystaat en Kaapkolonie vind nie. Ander weer was van gevoele dat ds. Postma hom meer by die sending moes bepaal het. Algemeen was die beskouing dat ds. Postma in hierdie saak eers met Nederland moes geraadpleeg het.

In 1863 het die sinode van die Christelik-Afgeskeie kerk as volg besluit: "Die sinode kan die Afskeiding in Suid-Afrika nie veroordeel nie, maar ag hom ewemin geroepe om dit goed te keur... Wat ds. Postma betref, verklaar die sinode dat hy sy eerwaarde tans nie meer as sy sendeling wil beskou nie, maar hom nie wil veroordeel in die weg waarin hy deur die Voorsienigheid gelei is nie. Die gewysigde toestand bring egter die kerk in Suid-Afrika onder die roeping om die geld terug te betaal wat deur ons kerk vir die sending van ds. Postma betaal is, sodat die gelde, bepaaldelik vir die heidene versamel, vir daardie doel gebruik kan word".

Dit was dus wel nodig dat die sinode van die Gereformeerde kerk hom oor die saak sou uitspreek.

VRAE

1. Wie was die tweede leraar van die Gereformeerde Kerk?
2. Noem die name van nog drie van die eerste predikante en sê wat u van hulle weet.
3. Wat is op die sinode van 1862 oor die Kerkorde besluit?
4. Watter houding is daar teenoor die Christelik-Afgeskeie kerk in Nederland aangeneem?
5. Watter belangrike sake het op die sinode van 1863 ter sprake gekom?
6. Wat het aanleiding gegee tot die Openbare Verklaring van die sinode van 1869?

HOOFSTUK 53: DIE GEREFORMEERDE KERK STRY VIR SY REGTE

1. *Die "Openbare Verklaring" van die sinode van 1869.*
2. *Verhouding tot die Christelik-Afgeskeie Kerk in Nederland.*
3. *Stryd om die vrymaking van die kerk.*

1. Die "Openbare Verklaring" van die sinode van 1869. — Die sinode, as wettige verteenwoordiger van die kerk, verklaar dat hulle hulself afgeskei het van die Nederduits Hervormde kerk in die Suid-Afrikaanse Republiek, omdat die kerk geweier het om Gereformeerde te wees en hulle so buite die geleentheid gestel het om die aangebode hulp uit Nederland te aanvaar.

Hulle het dus uitgetree uit die bedorwe kerkgemeenskap wat geblyk het die "valse kerk" te wees om die aangebode hulp op Gereformeerde, dit is op Bybelse, grondslae te kan geniet. Nadat die kerk in Transvaal eenmaal gestig was, kon die lidmate in Kaapkolonie en Vrystaat nie agterbly nie, maar het hulle gedronge gevoel om ook aan te sluit. Daarmee het hulle die Gereformeerde kerk gevind waarna hulle al jare lank gesoek het.

Dan word daarop gewys hoe hulle deur die N.G. kerk in Kaapland behandel is en 'n kopie van die herderlike brief van die Ring van Graaff-Reinet (1842) bygevoeg. Al hul klagte oor die toename van vrysinnige denkkeelde het op dowe ore geval. Verder het hulle kennis geneem van die offisiële brief wat deur die sinode van die N.G. Kerk in 1858 aan die Hervormde kerk van Nederland gerig is, waarin die wens uitgespreek word dat die band met die Hervormde kerk steeds sterker sal word. Tot sover die verklaring.

As gesprek word van "valse kerk" het die sinode waarskynlik die Algemene Kerkvergadering van 10 Januarie 1859 op die oog en bepaaldelik die feit dat die Gesange verpligtend gestel is. Miskien het die sinode daaraan gedink dat die Ned. Geloofsbelofte die kerk as 'n valse kerk beskou wat "aan homself en sy ordinansies meer mag en gesag toeken as aan die Woord van God".

Dit lê nie op die weg van die Geref. kerk om nou na 'n eeu die woorde van die sinode van 1869 terug te trek nie, maar die Sinode van 1942 het in hierdie verband besluit: "In die praktyk het die Hollandse kerke mekaar reeds erken as Christelike kerke deur noue samewerking in baie sake... die sinode verklaar nou dat die Geref. Kerk graag *broederlike* verhoudinge en hartlike samewerking wil onderhou, sowel met die N.G. as met die Hervormde kerk".

2. Verhouding tot die Christelik-Afgeskeie kerk in Nederland. — Die verhouding tot hierdie kerk was van die begin af gesond. Die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika het dit duidelik uitgespreek dat innige broederlike korrespondensie begeer word.

Prof. Brummelkamp, hoogleraar in Kampen, skryf later dat die hele saak van die Afskeiding gedraai het om die vraag: *Of die kerkregeerders enige menslike gebod naas die Woord van God verpligtend mag maak vir die gewete?* Die Hervormde kerk het so 'n verpligting gaan stel op 'n punt wat nog 'n ope vraag was (nl. die Gesange) en die uittredendes het geweier. Die professor is dankbaar dat ds. Postma en die wat met hom was, nie geskroom het om hulle op die beginsel van Gods Woord te plaas en dit te handhaaf nie.

3. Stryd om die vrymaking van die kerk. — Ooreenkomstig die grondwet was die Hervormde kerk in Transvaal *staatskerk* en die predikante is uit die staatskas besoldig. Aangesien die Gereformeerde kerk nie in die grondwet erken is nie, het die predikante geen staatstraktement ontvang nie.

Van die begin af het die Gereformeerdes die standpunt ingeneem dat die owerheid ook hulle regte moet beskerm en in verskillende verhoë is dan ook dringend daarom gevra. Maar hulle was teen die gedagte van 'n staatskerk, veral waar hulle gesien het hoe die voorregte van die kerk deur ds. Van der Hoff misbruik is, soos bv. in die Smellekamp-saak.

Ds. Postma skryf in 1862 aan die Uitvoerende Raad: "Miskien sal die bestaan van 'n staatskerk gehandhaaf moet word en dit is nie alleen onbybels en wêrelds nie, maar was nog altyd ook die grondlegging van martelisasie en kan in hierdie land ook treurige gevolge hê".

In 1861 word deur die kerkraad van die gemeente Rustenburg 'n memorie aan die regering gestuur waarin verklaar word dat daar *groot* ontevredenheid begin ontstaan by die Gereformeerdes aangesien hulle gewillig belasting betaal vir kerk en staat en tog moet sien dat al die geld, vir die kerk bestem, aan die een kerk uitbetaal word.

In dieselfde memorie word gevra dat die regering nie meer vir die kerklike finansies belasting sal hef nie, maar sal besluit dat elke kerk vir sy eie belange sal sorg. Daar word na Gal. 6:6, Matth. 10:10b en 1 Kor. 9:11 verwys. As dit gedoen word — so lui die versoekskrif verder — sal aan alle burgers reg geskied.

Die antwoord van die regering lui dat die stuk verwys is na die kerkraad van die Hervormde gemeente van Pretoria. Ds. Postma en sy aanhangers word uitgenooi om teenwoordig te wees by die vergadering waar dit bespreek sal word. Die kerkraad van Rustenburg het egter beleef geantwoord dat hulle die uitnodiging nie aanvaar nie, omdat hul versoek, aan die regering gerig, 'n antwoord van die regering onderstel.

Op 'n Algemene Kerkvergadering te Rustenburg in September 1861 is besluit om "*voorts as Gereformeerde kerk in die ware Christelike vryheid voort te wandel met die hulp en die genade van die Here, onaangesien hoe ook die owerheid met ons handel*".

Op dieselfde vergadering is ook besluit om die regering te versoek dat die een kerk nie meer oor die ander sal heers nie. Om hierdie rede is ook gevra dat huweliksgebooe afgekondig moet word in die kerk waaraan die betrokke bruidspaar behoort.

Dat hierdie stryd van die vaders met welslae bekroon is, blyk uit die feit dat daar later gelykheid van die kerke voor die wet gekom het.

VRAE

1. Watter redes gee die Gereformeerdes in 1869 op vir hul uittreding uit die Hervormde kerk van Transvaal en die N.G. kerke van O.V.S. en Kaapland?
2. Hoe was hulle verhouding tot die Christelik-Afgeskeie kerk in Nederland, en omgekeerd?
3. Hoe het die Gereformeerdes vir vrymaking van die kerk in Transvaal geywer?
4. Wat was die resultaat?

HOOFSTUK 54: DIE AFSKEIDING IN PERSPEKTIEF

1. *Argumente van teëstanders en weerlegging daarvan.*
2. *Enkele syfers.*
3. *Die eeufees.*

1. Argumente van teëstanders en weerlegging daarvan. — Nog altyd word die bestaansreg van die Gereformeerde kerk betwis. Die bewering word dan gehoor dat die Afskeiding in 1859 net plaasgevind het oor die kwessie van die Gesange, 'n saak wat tog nie van soveel gewig is dat daaroor 'n skeuring in die kerk van Christus hoef plaas te vind nie.

Hierop antwoord ons in die eerste plek dat dit nie die Gereformeerdes was nie, maar wel die Hervormdes in Transvaal wat soveel gewig aan die kwessie van die Evangeliese Gesange geheg het. Ds. Postma was gewillig om predikant te word in die Hervormde kerk as hulle hom maar net nie sou *verplig* om die Gesange te laat sing nie. Die Algemene kerkvergadering het egter besluit dat die inrigting van die kerk met sy Evangeliese Gesange gehandhaaf sal bly.

Ten tweede: met hierdie besluit het die Hervormde kerk 'n bundel Gesange verpligtend gestel waarin liedere voorkom wat stry met die leer van die Heilige Skrif. Dit het die Hervormde kerk nog onlangs self erken toe hulle by die Afrikaanse beryming van die Gesange 'n suiwering van die bundel onderneem het.

Dit is ons ook bekend hoe in Kaapland die gemoedere van die Gereformeerdes verbitter is deur die herderlike brief van die Ring van Graaff-Reinet en hoe sommige verplig is tot die belofte dat hulle die Gesange sal sing as hulle belydenis gedoen het.

Dwarsdeur die lange Gesangestryd in die Kaapse kerk kan die gewetensdwang bemark word. In stryd met hul gewete moes die beswaardes hulle onderwerp aan kerklike besluite wat na hulle oortuiging in stryd was met die Woord van God.

Die duidelikste voorbeeld hiervan is die herderlike brief wat die Ring van Graaff-Reinet in 1842 uitgestuur het en deur die Sinode van 1847 (met enkele uitsonderinge) gehandhaaf is. Hierdie brief verklaar die Gesange as in ooreenstemming met die Woord van God en dreig die beswaardes selfs met die ewige verdoemenis. *Op hierdie vergadering het nie die Woord van God die hoogste gesag gehad nie, maar die stem van die meerderheid.*

Maar ten derde: *die Gesangekwessie was nie die enigste oorsaak en ook nie die hooforsaak van die stigting van die Gereformeerde kerk nie.* Dit was selfs nie eens 'n oorsaak nie, maar slegs die *aanleiding* tot skeiding, die laaste strooi wat die rug van die kameel gebreek het, of liever: die vuurhoutjie wat die kruitvat laat ontplof het. Dat daar baie meer as die Gesange op die spel was, kan elkeen duidelik waarneem wat die inrigting van die Gereformeerde kerk vergelyk met die van die ander kerke.

In die Openbare Verklaring van 1869 word dan ook as oorsaak van die skeiding genoem *dat die Hervormde kerk geweier het om Gereformeerd te wees*, terwyl die Ned. Geref. kerk van Kaapstad op sy beurt konneksies met die Hervormde kerk in Nederland aangeknoop het. Die Gereformeerdes het met kommer die steeds toenemende liberalisme gadeslaan. Selfs die leraars wat nog as regsinnig beskou is, het meer na die Remonstrantse kant oorgehel (vgl. verder hoofst. 48).

Ds. Postma het dan ook op die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde kerk nie net oor die Gesange gespreek nie, maar ook voorgelees uit die ou voorrede van die kerklike handboekie van die Christelik-Afgeskeie kerk in Nederland. Hier tref ons o.a. die volgende aan: "Aangaande die kerklike instelling wat die kerk gemaak het en waarvoor geen bevel in die Woord van God gevind word nie, het die Gereformeerde kerk tot nog toe geleer dat, aangesien Christus die Christene van die juk van die kerklike plegtighede, wat bestaan in die onderskeid van spys, onderhouding van feesdae, ens., bevry het,

niemand hulle weer enig juk behoort op te lê of onder menslike insettinge diensbaar te maak nie, blykens Hand. 15:10, Gal. 5:1 waar ons lees dat 'n mens die Christene nie hul vryheid wat hulle van Christus ontvang het, mag ontnem nie". Hierdie woorde het op die Algemene Kerkvergadering weerklink. Tog het die Kerkvergadering gaan besluit dat "die kerk-inrigting soos dit tans bestaan sal gehandhaaf word". Hierdie besluit hou die volgende sake in:

1. Dit het 'n gegewe belofte verbreek. Aan die beswaarde deel van die gemeente Rustenburg is naamlik belofte dat die Gesange nie verpligtend gestel sal word nie en dat hulle vry sal wees om die dienste te aanvaar van 'n predikant uit Holland wat geen Gesange laat sing nie.
2. Dit *handhaaf* 'n kerklike inrigting wat sy oorsprong het in die Hervormde kerk van Nederland, 'n sinodale organisasie wat in sy wese lynreg indruis teen die Gereformeerde beginsels van kerkregering. Ds. Postma skryf dan ook later dat hy onder daardie besluit die hulp van sy kerk nie kon toesê nie omdat dit geen hiërargie duld nie, ooreenkomstig art. 7 van die Geloofsbelydenis. By so 'n besluit — so gaan ds. Postma verder — is die pous gebore, al is hy nog maar heel klein en swak. Die beswaarde broeders sê ook later aan ds. Postma dat hulle onmoontlik onder so 'n *oorheersende kerkbestuur* in die kerklike gemeenskap kan bly.
3. Dit het die gebruik van die Gesange *verpligtend gestel*. Die Kollegialisme is in sy wese hiërargies van aard. Hiermee is terselfdertyd die stempel van goedkeuring gedruk op die *valse leer* wat in die onregsinnige Gesange verkondig word. Dit het ons vaders goed aangevoel.
4. Dit het die deur gesluit vir toekomstige hervorming van die kerk. "Die bestaande inrigting sal gehandhaaf bly".

Ds. Postma was gewillig om die hulp van sy kerk aan die Hervormde kerk toe te sê al was daar die geskil oor die Gesange, want — so skryf hy in sy dagboek — hy het gehoop dat die *waarheid sal triomfeer*. Die besluit het hierdie hoop laat verdwyn en aan ds. Postma verduidelik dat daar geen moontlikheid van hervorming in vooruitsig was nie.

Uit bostaande is dit seker wel duidelik dat die Gereformeerde kerk nie bestaan om 'n kwessie van Gesange nie, maar om die *groot vraag of in die kerk van Christus menslike insettinge tot "wet" sal word, dan wel of die Heilige Skrif die enigste reël vir leer, diens en tug sal wees*.

2. Enkele syfers. — Op die stigtingsdag van die Gereformeerde kerk (1859) het 300 belydende lidmate aangesluit. Aan die einde van 1862 was daar reeds 1079; in 1904 het die getal gestyg tot 12,125, terwyl volgens die Almanak van 1944 'n getal van 36,544 getel word. Die Almanak van 1957 gee op: 50,109 en die van 1970 die getal 63,940.

In 1862 was daar twee predikante, in 1904 sewentien, in 1944 het die getal geklim tot een-en-sestig diensdoende leraars en agt wat om verskillende redes geëmeriteer is. In 1957 word getel: 107 diensdoende leraars en 16 wat om verskillende redes geëmeriteer is; in 1970 is die syfers: 186 predikante in die bediening en 14 wat geëmeriteer is. Ongetwyfeld was daar groei en uitbreiding wat die uitwendig-waarneembare betref, wat tog ook getuig dat daar werklik behoefte aan 'n Gereformeerde kerk was en nog is.

3. Die eeufees. — In April 1959 is te Rustenburg die eeufees van die Gereformeerde Kerk gevier. Baie duisende lidmate en besoekers, selfs van oorsee, was teenwoordig. Meer besonderhede word gevind in die *Feesalbum* en in die boek *Eeufees te Rustenburg*. (Lidmate behoort albei hierdie boeke te bestel van die *Kantoor van publikasies*, Noordbrug, Potchefstroom).

VRAE

1. Is dit waar dat die Gereformeerdes die Gesange as hoofsaak van die skeiding aangemerkt het?
2. Wat was die voornaamste beswaar teen sommige Gesange?

3. Kan die Gesangekwessie die *oorsaak* van die stigting van die Gereformeerde kerk genoem word?
4. Indien nie, wat dan wel?
5. Wat het die besluit van die Algemene Kerkvergadering van 10 Januarie 1859 alles ingehou?
6. Noem enkele syfers wat die groei van die Gereformeerde kerk aantoon.
7. Wat weet u van die eeufees van 1959?

HOOFSTUK 55: DIE GESKIEDENIS VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL EN DIE P.U. VIR C.H.O.

1. *Die voorgeskiedenis.*
2. *Oprigting van die Teologiese Skool.*
3. *Die reorganisasie van 1876.*
4. *Die geskiedenis van die Teol. Skool van 1900 tot vandag.*
5. *Die P.U. vir C.H.O.*

1. Die voorgeskiedenis. — Op die eerste sinode, die van 1862, is reeds die nuttigheid van 'n eie opleiding van predikante beklemtoon. Ds. Postma het 'n geskiedkundige oorsig gegee, sowel uit Ou en Nuwe Testament as uit die latere Kerkgeskiedenis, en sommige kerkrade het al op hierdie eerste vergadering hul groot verlange na 'n eie skool te kenne gegee. Die belangrike saak is egter uitgestel tot die volgende sinode en intussen is 'n kollekte goedgekeur.

Op die sinode van 1863 het ds. Postma 'n geskrewe stuk voorgelê waarin ernstig by die sinode daarop aangedring word om voorsiening te maak vir 'n *kerklike opleiding* van aanstaande predikante. Die kerk moet hom hierin nie afhanklik voel of afhanklik maak van die wêreldlike owerheid nie en nog veel minder van vreemde invloed.

Die sinode het egter nog nie tot die stigting van 'n eie Skool oorgegaan nie, maar besluit dat die leraars voorlopig die opleiding ter hand moet neem en dat die ondersoek voor 'n sinode sal plaasvind.

Daarop het ds. Postma en ds. Beyer dadelik met die werk begin, en op die sinode van 1866 kon reeds twee kandidate tot die heilige bediening toegelaat word.

Die toestande in Transvaal was egter nie gunstig vir rustige studie nie. Nadat ds. Postma dan ook 'n beroep na Burgersdorp aangeneem het, kon hy meer tyd aan die opleiding bestee.

2. Oprigting van die Teologiese Skool. — Voor die sinode van 1869 het ds. Postma in die Kaapprovinsie 'n kragtige aksie op tou gesit vir die daarstelling van 'n Teologiese Skool op Burgersdorp. Ruim £1000 is voor die sinodesitting in die vorm van rentelose aandele ingesamel.

Op die sinode van 1869 het die gemeente Burgersdorp toe voorgestel dat die bestaande inrigting, deur die kerkraad onder leiding van die leraar daargestel, slegs uitgebrei sal word deur die beroeping van 'n tweede leraar vir Burgersdorp, onder voorwaarde dat die ander gemeentes vir sy traktement sal bydra.

Die voorstel is deur die sinode aanvaar en ds. Postma is sodoende aangewys as eerste dosent aan die pas opgerigte Teologiese Skool. Ds. J. Lion Cachet, die pasverkose tweede leraar van Burgersdorp, het as tweede dosent opgetree. Op 29 November 1869 is die Skool feestelik geopen en die eerste vyf studente ingeskrywe.

Dit spreek vanself dat die eerste dosente nie alleen in teologiese vakke onderrig gegee het nie, maar ook in die gewone voorbereidende kundighede, wat tans aan die universiteit geskied. By gebrek aan geld kon nie duursaam van hulpkragte gebruik gemaak word nie.

3. Die reorganisasie van 1876. — Die ondervinding van die eerste jare het geleer dat meer arbeid aan die voorbereidende opleiding in die wetenskappe bestee moes word om die teologiese opleiding werklik doeltreffend te maak.

Gevolglik is op die sinode van 1876 besluit dat die leraar van Burgersdorp voortaan voltyds in die gemeente sal arbeid en dat 'n vaste teologiese professor beroep sal word. Naas hom sal dan 'n professor, wat minstens die B.A.-graad besit, onderwys gee in die gewone wetenskappe.

4. Geskiedenis van die Teologiese Skool van 1900 tot vandag. — Gedurende die Engelse oorlog (1899—1902) moes die Teologiese Skool baie verduur vir die beginsel waarvoor dit gestaan het en nog altyd staan. Meer as eenmaal het dit in die kommervolle tyd gelyk of die Skool sou ondergaan.

Die studente van O.V.S. en Transvaal het direk by hul kommando's gaan aansluit. Met die besetting van Burgersdorp in November 1899 word die Skool gesluit en die twee literariese professore trek, saam met 'n aantal studente, uit om nuttige dienste in die ambulans te verrig. Verskillende studente het op die slagveld gesneuwel en 'n aantal is krygsgevangene gemaak. Ook prof. Jan Lion Cachet moes ses weke in die gevangenis bly op 'n beskuldiging van "hoogverraad". Die saak teen hom is egter teruggetrek.

In 1905 is die Teologiese Skool verplaas na Potchefstroom.

Deur die Sinode van 1945 is 'n "reëling van samewerking" tussen die Teologiese Skool en die destydse P.U.K. aanvaar wat deur die Sinode van 1970 hersien en uitgebrei is in samewerking met die Universiteit.

As gevolg hiervan sal die getal professore uitgebrei kan word, wat sowel die Teologiese Skool as die Universiteit ten goede kan kom. Die teologiese studente en predikante kan teologiese grade aan die Universiteit verwerf en teologiese professore behartig ook die vak Bybelkunde waarvoor 'n steeds groeiende getal studente hulself aanmeld.

In 1969 kon op gepaste wyse die eeufees van die twee inrigtinge gevier word.

5. Die P.U. vir C.H.O. — Die Potchefstroomse Universiteit is gebore uit die letterkundige (literariese) afdeling wat van die begin af aan die Teologiese Skool verbonde was. Ons vaders het uitgegaan van die Calvinistiese gedagte dat die godgeleerdheid nie van die ander wetenskappe geskei mag word nie, omdat Christus Koning is op die hele erf van die wetenskap. Dienooreenkomstig is op die sinode van 1869 besluit dat die Teologiese Skool in Burgersdorp so ingerig sal word dat die jongelinge hulle daar ook kan bekwaam as onderwysers en dat verder enigeen daar kan studeer, al het hy nie 'n bepaalde doel voor oë nie.

Die gedagte van 'n Normaalskool wat aan die Teologiese Skool verbonde sou wees, het nie werklikheid geword nie, maar uit die literariese afdeling het 'n Christelike Universiteit gegroei, waaraan o.m. ook onderwysers opgelei word.

Die totstandkoming van 'n aparte inrigting vir die bestudering van die wetenskap het veral noodsaaklik geword toe die wet op hoër onderwys in 1916 ingrypend gewysig is. Voor hierdie tyd het studente van Potchefstroom onder dieselfde voor- en nadele gewerk as alle studente in Suid-Afrika. Nou het hulle posisie moeilik geword aangesien hulle as eksterne studente by die T.U.K. op Pretoria aansluiting moes soek.

Onderhandelinge is toe met die regering aangeknoop om die literariese afdeling by die Universiteit van Suid-Afrika in te lyf. In 1921 het dan ook die literariese afdeling 'n selfstandige inrigting geword met die naam: Die Potchefstroomse Universiteitskollege.

Nou moes daar hard geywer word vir 'n moontlike verwydering van die sogenaamde gewetenskousule uit die wet. 'n Spesiale komitee is daarvoor in die lewe geroep, maar dit het geen sukses gehad nie. Die owerheid het volhard by sy standpunt dat volgens die gewetenskousule die godsdienstige oortuiging van enige professor of lektor nie sy benoeming aan die kollege mag beïnvloed nie.

In 1933 het die P.U.K. egter weer sy ou naam teruggekry. Soos voor die inlywing heet dit nou weer: "Potchefstroomse Universiteitskollege *vir Christelike Hoër Onderwys*". Oral is dit nou bekend dat hierdie inrigting 'n besondere stempel dra en volgens sy wapenspreuk die wetenskap "in U lig" beoefen.

In die jaar 1951 het die groot gebeurtenis plaasgevind van die selfstandigwording van die P.U. Dit is nou die "Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys". Hierdie gebeurtenis is feestelik gevier en groot skares het die verrigtinge bygewoon.

In plaas van die gewraakte gewetenskousule staan daar nou in die wet 'n art. wat soos volg lui: "Die Raad moet by die benoeming van doserende, navorsende en administratiewe personeel sorg dat die Christelike historiese karakter van die Universiteit gehandhaaf word: met dien verstande dat geen denominasionele (kerklike) toets toegepas word as voorwaarde nie..."

Die P.U. is dus nou in volle sin van die woord 'n vrye, Christelike Universiteit. As ons die Here vir dit alles dank, dink ons ook met dankbaarheid aan stoere kampvegters van die verlede soos proff. Cachet, J. D. du Toit en aan die eerste rektor wat sy lewe aan die saak gegee het, wyle prof. dr. F. Postma.

Die Gereformeerde kerk voel nog altyd die noue band met die P.U. Ook tussen Teologiese Skool en P.U. is daar 'n noue samewerking, hoewel elkeen sy selfstandigheid handhaaf.

Die Universiteit brei nog steeds uit en speel 'n belangrike rol in die volkslewe. Saam met die Teologiese Skool kon dit in 1969 eeufees vier, met dankbaarheid teenoor die Here.

(Die volgende boeke in verband met die eeufees is by die Kantoor vir Publikasies, Pk. Noordbrug, Potchefstroom, te kry: 1. My erfenis is vir my mooi. 2. Die koninkryk van God. 3. Die atomeeu "In U lig").

VRAE

1. Vertel kortliks die voorgeskiedenis van die Teologiese Skool.
2. Wanneer is die Skool opgerig en hoe is die werk gedoen tot 1876?
3. Watter verandering het in 1876 plaasgevind?
4. Vertel die lotgevalle van die Teologiese Skool van 1900 tot vandag.
5. Wanneer is die Teologiese Skool na Potchefstroom verplaas?
6. Wat weet u van die reëling van samewerking tussen Teol. Skool en P.U. vir C.H.O.?
7. Hoe het die P.U. vir C.H.O. ontstaan?
8. Wat weet u van die stryd in verband met die gewetenskousule?
9. Wanneer het die Universiteit selfstandig geword?
10. Wat was die betekenis daarvan?
11. Watter boeke is belangrik in verband met die geskiedenis en werk van die Teol. Skool en P.U. vir C.H.O.?

C. KERKREGERING

HOOFSTUK 56: STELSLS VAN KERKREGERING

1. *Die Roomse stelsel.*
2. *Die Lutherse stelsel.*
3. *Die Independentistiese stelsel.*
4. *Die Kollegialistiese stelsel.*
5. *Die Gereformeerde stelsel.*

Net soos dit die geval is by enige liggaam, moet ook die kerk *geregeer* word. Verskillende kerke het verskillende stelsels van kerkregering. Gewoonlik word daar vyf onderskei:

1. Die Roomse.
2. Die Lutherse.
3. Die Independentistiese.
4. Die Kollegialistiese.
5. Die Gereformeerde.

Die gereformeerde stelsel is vir ons natuurlik die belangrikste, maar om dit goed te kan verstaan en waardeer, vergelyk ons dit met die ander vorme van kerkregering.

1. Die Roomse stelsel. — In hierdie stelsel is alle mag saamgevat in die pous. Alle ander kerklike ampsdraers het slegs afgeleide gesag en selfs die staat is aan die kerk onderworpe. Onder die ander kerklike ampsdraers is daar 'n rangorde, van hoër na laer, terwyl die lidmate van die kerk absoluut geen seggenskap het nie — hulle moet net gehoorsaam. Wat die pous *ex cathedra* (uit sy stoel, d.w.s. offisieel) verklaar, is onfeilbaar. Rome ken geen plaaslike kerk, ook nie 'n landskerk nie, maar slegs 'n *wêreldkerk*.

Hierdie stelsel druis direk teen die Woord van God in. *Christus is die enigste Hoof van sy kerk* en geen mens mag homself in hierdie plek stel nie. Die Heilige Skrif ken ook nie die gedagte dat daar 'n rangorde van ampte in die kerk van die Nuwe Testament is nie.

2. Die Lutherse stelsel. — Dit ken geen wêreldkerk nie, maar net landskerke, waarvan elkeen sy eie geloofsbelydenis moet besit. Die kerklike regeermag word opgedra aan die vors as verteenwoordiger van Christus. Elke landsvors moet vir sy eie gebied bepaal watter godsdiens uitgeoefen sal word. Die enigste onmisbare amp is die van predikant.

Ook die Lutherse stelsel kan ons nie aanvaar nie. Die kerk vertoon wel in elke land 'n onderskeie karakter, maar is tog 'n algemene Christelike kerk, d.w.s. dit bestryk die hele wêreld. In die Nuwe Testament word ook nêrens geleer dat aan die wêreldlike owerheid enige seggenskap in die huishoudelike sake van die kerk toekom nie.

3. Die Independentistiese stelsel. — Saam met die Gereformeerdes sê die verteenwoordigers van hierdie stelsel: geen rangorde van ampte en geen staatsgesag in die kerk nie. Aan die stelsel kleef egter hierdie gebrek dat dit aan die ampte alle wesenlike gesag ontsê. *Die gemeente regeer self* en deur 'n meerderheid van stemme word alles beslis. Waar die Roomse spreek van 'n wêreldkerk en die Lutherse van 'n landskerk, gaan die Independentes saam met die Gereformeerdes uit van die *plaaslike kerk*. Die betekenis van die plaaslike kerk word egter soseer oordryf dat alle kerkverband ontbreek. Elke gemeente is outonoom of selfstandig. Hoogstens kan daar *konferensies* gehou word, met *adviserende* bevoegdheid. Uit die Bybel is egter duidelik dat die ampsdraers gesag het en dat daar 'n *kerkverband* is.

4. Die Kollegialistiese stelsel verval weer in 'n ander uiterste. Dit oordryf die

betekenis van die kerkverband en misken die betekenis van die plaaslike kerk. Dit beskou die kerk as 'n *vereniging* waarvan die gemeentes takke is. Die kerkregering word georganiseer volgens die model van die staat. Die kerk word geregeer deur sinodale en klassikale *besture* en nie deur volledige meerdere vergaderinge nie. By die sinode berus die hoogste gesag. Dit is hierdie stelsel wat Koning Willem in 1816 in die Hervormde kerk ingevoer het en wat, soos ons gesien het, ook in ons land sy spore nagelaat het.

Ons kan hierdie stelsel nie aanvaar nie, omdat die kerk van Christus geen *vereniging* is nie. Dit kan nie soos menslike instellinge geregeer word nie, maar alleen ooreenkomstig sy eie wesenswaard. Daarom moet die grondbeginsels van die kerkregering in die Bybel, meer bepaald in die Nuwe Testament, gevind word. Christus regeer sy kerk en nie die stam van die meerderheid nie.

5. Die Gereformeerde stelsel. — Hierdie stelsel vertoon die volgende kenmerke:

(i) Dit leer dat elke plaaslike kerk (gemeente) 'n openbaring van die liggaam van Christus is, en wel op voetspoor van die Heilige Skrif waar gespreek word van "die kerk (ekklesia) van Rome", "die kerk van Korinthe" ens. Oral waar gelowiges is, daar is die kerk en waar hulle oorgaan tot die instelling van die ampte en die bediening van Woord en sakramente — daar word die kerk geïnstitueer.

(ii) Naas die predikant is daar ook *ouderlinge* en *diakens*. Die regeermag berus by die ouderlinge. (N.B. — Die predikant is leer- en regeerouderling). Die Gereformeerde stelsel word daarom ook die *presbiteriale* genoem (presbiter = ouderling). Onder die ampte is daar gelykheid en die onderskeid tussen klerus (= ampsdraers) en leke (= gewone lidmate) bestaan nie. Die kerklike mag is aan die hele gemeente gegee, maar dit tree in werking deur die spesiale ampte wat in Christus ingestel het. Die lidmate is geroepe en het die reg om die ampsdraers te kies en ander kerklike werksaamhede te kontroleer.

(iii) Geen plaaslike kerk is egter *die* openbaring van die liggaam van Christus nie. Daar is 'n groot getal plaaslike kerke en hulle hoort bymekaar en moet die *kerkverband* met mekaar soek. Die eenheid van al die gelowiges as die geestelike liggaam van Christus eis die eenheid van die sigbare plaaslike kerke wat dieselfde geloof bely.

Die Gereformeerde kerkregering word beheers deur die samehang van die selfstandigheid van die plaaslike kerk en die noodsaaklikheid van die kerkverband.

(iv) Die sake van die kerkverband word gereël deur *meerdere vergaderinge* (geen hoëre besture wat van bo af dikteer nie, maar ook geen konferensies wat sonder enige gesag is nie).

Op die meerdere vergaderinge mag alleen sake behandel word wat in die mindere nie afgehandel kan word nie. Die meerdere vergadering mag dus nie ingryp in die werk van die mindere nie, tensy daar 'n absolute noodsaaklikheid is.

As die meerdere vergadering 'n besluit neem, is dit bindend vir die mindere vergadering (want hulle het tot die beslissing saamgewerk), tensy dit bewys kan word dat die besluit in stryd met die Woord van God is. In laaste instansie beslis dus die Heilige Skrif en nie die meerderheid van stemme nie.

(v) Die Gereformeerdes wil nie weet van 'n heerskappy van die kerk oor die staat nie (Rome) of van die staat oor die kerk nie (die Lutherse). Staat en kerk word elkeen deur sy eie ampsdraers en volgens eie wette geregeer. Ons lees nêrens in die Nuwe Testament dat die staat vir die kerk sy stelsel van regering voorgeskryf het of omgekeerd nie. Dit sluit egter nie uit dat daar onderlinge raadpleging kan wees in verband met moeilike vraagstukke wat albei raak nie.

Die Gereformeerde stelsel is uitgewerk in ons Kerkorde wat in die volgende hoofstuk behandel word.

VRAE

1. Watter vyf stelsels van kerkregering onderskei ons?
2. Noem die vernaamste kenmerke van elkeen van die eerste vier stelsels en sê waarom ons dit moet verwerp.
3. Noem die vernaamste kenmerke van die Gereformeerde stelsel van kerkregering.

HOOFSTUK 57: ONS KERKORDE

1. Wat verstaan ons onder die woord "Kerkorde"?
2. Kort geskiedenis van die Kerkorde.
3. Die inhoud van die Kerkorde in hooftrekke.

1. Wat verstaan ons onder die woord "Kerkorde"? — Die Kerkorde wat in ons Gereformeerde kerk gebruik word, is 'n omskrywing van die presbiteriale stelsel van kerkregering en 'n vrug van die Hervorming. Hierdie magtige beweging het die kerk bevry van die menslike heerskappy van die pous en alleen Christus as Koning en Regeerder van sy kerk erken. Al die ampsdraers is dienaars van Christus en die een staan nie hoër as die ander nie. Hieruit volg dat geen mens die reg het om kerklike bepalinge te maak wat die gewete bind nie. Die Koning van die kerk het self in sy Woord die grondbeginsels van die kerkregering neergelê. Omdat die woord "wet" ons laat dink aan die regeringsvorm van die staat, spreek die Gereformeerdes liever van 'n kerkorde.

2. Kort geskiedenis van die Kerkorde. — Die beginsel van die Gereformeerde kerkregering het ons aan Calvyn te danke. Hy het dit duidelik neergelê in sy "Institusie" en ander werke en in 1559 het die Franse Gereformeerdes 'n kerkorde opgestel volgens die advies van Calvyn.

Die Nederlandse Gereformeerdes het op hul beurt weer die invloed van die Franse ondergaan. Reeds op die konvent van Wezel (1568), toe die vlugtelingkerke nog onder die kruis verkeer het, is 'n begin gemaak met 'n kerkorde. Op verskillende sinodes is dit uitgebrei en verbeter, totdat dit eindelijk op die sinode van Dordrecht (1618 en 1619) sy beslag gekry het. Vandaar die naam "Dordtse Kerkorde".

Tot op die koms van De Mist (d.w.s. vanaf 1652—1804) het dit ook in ons land in die praktyk gegeld, hoewel die beginsels daarvan nie ten volle uitgeleef kon word nie as gevolg van landsomstandighede en inmenging van die owerheid.

Ná die stigting van die Gereformeerde kerk In 1859 het ds. Postma 'n Kerkorde opgestel wat na sy bedoeling 'n gewysigde Dordtse Kerkorde was, aangepas by die besondere omstandighede van ons land en volk, maar volgens ander op sekere punte afgewyk het van die D.K.O.

Die eerste sinode (1862) het egter besluit om die Dordtse Kerkorde ongewysig aan te neem as die Kerkorde van die Gereformeerde gemeentes in Suid-Afrika, toegepas "naar gelegenheid der Gemeenten". Dit is behalwe enkele wysiginge wat deur die sinode van Utrecht (Holland) in 1905 aangebring is, nog ons Kerkorde. Die sinode van 1924 het besluit om dit in Afrikaans te laat vertaal. Die Sinode van 1961 het 'n deputaatskap benoem vir redaksionele wysiging van verouderde uitdrukkinge en uitdrukkinge wat aanleiding tot misverstand kan gee, en byvoegings of veranderinge te maak wat nodig mag blyk.

3. Die inhoud van die Kerkorde in hooftrekke. — Die Kerkorde word in vier dele ingedeel:

- a. Oor die ampte (artikels 2-28).
- b. Oor die kerklike vergaderinge (artikels 29-52).
- c. Oor die opsig oor die leer, die sakramente en die ander seremonies (artikels 53-70).
- d. Oor die kerklike tug (artikels 71-86).

Altesaam is daar dus 86 artikels. Ons vermeld hier net die vernaamste bepalinge:

a. Die ampte. — Die Kerkorde ken vier ampte, nl. professore in die teologie, predikante, ouderlinge en diakens. Elke ampsdraer moet 'n *roeping* ontvang en moet behoorlik

bevestig word. Predikante moet 'n sekere studiekursus deurloop en word voor hul toelating eers ondersoek na hul kennis en oortuiging. Art. 8 bepaal egter dat persone wat buitengewone gawes besit, ook predikant kan word sonder dat hulle die studiekursus van die predikante deurloop. Hulle moet dan eers deur die klassis ondersoek word. 'n Predikant moet aan 'n gemeente verbonde wees; ons Kerkorde ken dus geen "los predikante" nie. Die leraar mag sy gemeente dan ook nie verlaat sonder bewilliging van die kerkraad nie. Verder is hy lewenslank aan sy diens verbonde en mag nie tot 'n "ander staat van die lewe" oorgaan as daar nie baie gewigtige redes is nie.

Vervolgens word die manier van verkiesing van ouderlinge en diakens gereël. Daarvoor wys die Kerkorde verskillende weë aan. By ons word dit gewoonlik so gedoen dat die kerkraad dubbeltalle stel, waaruit die gemeente dan een kies.

Ouderlinge en diakens hoef nie lewenslank in die amp te staan nie. Art. 27 bepaal dat hulle volgens plaaslike reëling twee jaar of langer moet dien en dat elke jaar 'n eweredige deel moet aftree. Hierdie artikel is egter in baie gemeentes nie in werking nie, sodat iemand ouderling of diaken bly totdat hy ontslag vra.

Die amp van die professore in die teologie is om die Heilige Skrif uit te lê en die suiwere leer teen ketterye te verdedig. Gewoonlik is hulle ook belas met die opleiding van die aanstaande predikante. Die gemeentes moet sorg dat daar studente in die teologie is wat deur hulle onderhou word.

Die amp van die dienaar van die Woord is om te volhard in die gebede en in die bediening van die Woord (d.w.s. in die prediking), om die sakramente uit te reik en verder met die ouderlinge die kerk te regeer.

Die ouderling moet toesig hou oor die ander ampsdraers sowel as oor die gemeente en verder huisbesoek doen, sowel voor as ná die nagmaal, na omstandighede, om die lidmate van die gemeentes te vertroos en te onderrig en ook ander tot die Christelike godsdiens op te wek.

Die eintlike amp van die diakens is om die aalmoese vir die armes te ontvang en dit uit te deel, asook om die armes te vertroos en te bemoedig. By ons samel die diakens ook die gelde vir die gewone kerklike uitgawes in, maar dit behoort nie tot hul *eintlike* amp nie.

VRAE

1. Wat verstaan ons onder die woord "Kerkorde"?
2. Beskryf in kort trekke die geskiedenis van ons Kerkorde.
3. In watter vier dele word dit ingedeel?
4. Hoeveel ampte ken die Kerkorde?
5. Hoe word ampsdraers in die amp gestel?
6. Watter bepalinge is daar aangaande die amp van predikant?
7. Hoe word ouderlinge en diakens gekies?
8. Noem kortliks die pligte van elkeen van die ampte.

HOOFSTUK 58: ONS KERKORDE (vervolg)

1. Die inhoud van die Kerkorde in hooftrekke (vervolg).

b. Die kerklike vergaderinge. — Daar is vier soorte kerklike samekomste: Kerkraad, klassis, partikuliere (provinsiale) sinode en algemene sinode.

In elke plaaslike kerk moet 'n *kerkraad* wees.

Die kerkraad bestaan uit die predikant(e) van die gemeente en die ouderlinge. Die diakens behoort dus eintlik nie by die kerkraad nie, omdat hulle nie in 'n regeeramp staan nie. Hulle kan dus nie besluit oor sake van sensuur, ens., nie. Waar dit geldelike reëlinge en ander huishoudelike sake betref, vergader hulle egter saam met die predikant(e) en ouderlinge. Dan spreek ons van die "breë kerkraad". Die eintlike kerkraad is dan die "smal kerkraad". In klein gemeentes word die diakens ook by die (smal) kerkraad gereken, waar hulle dan as hulpouderlinge optree. Die diakens vergader afsonderlik om sake van die armversorging te bespreek.

Maar daar is ook 'n *kerkverband* en daarom meerdere vergaderinge.

Die klassis bestaan uit afgevaardigdes van naburige gemeentes. Elke kerkraad stuur sy afgevaardigdes. Die klassis gee advies aan en hou toesig oor die gemeentes onder sy afdeling. Elke kerkraad moet vir die klassis 'n lys van vrae beantwoord, bv. of daar gereeld twee keer op 'n Sondag gepreek word, of die katekisasies gereeld gehou word, ens. Die klassis kan ook aan leraars opdrag gee om sekere gemeentes te besoek en 'n rapport op te stel oor die toestand in die bepaalde gemeente. Dit word genoem die *visitasie*.

Klassisse moet volgens Kerkorde vier maal per jaar vergader. Vanweë die groot afstande in ons land het dit tot onlangs gebeur dat klassisse net een maal per jaar vergader, behalwe in stedelike gebiede waar tweemaal per jaar vergader word. Langsamerhand word dit egter ook op die platteland die gewoonte om meermale te vergader, omdat Klassisse kleiner en vervoer geriefliker word.

Die partikuliere sinode behandel die sake wat weer oor 'n wyer gebied as die van die klassis strek. Volgens Kerkorde word die partikuliere sinode saamgestel uit afgevaardigdes van genabuurse klassisse.

Die algemene sinode vergader een maal in die drie jaar. Volgens Kerkorde moet dit saamgestel word uit afgevaardigdes van die partikuliere sinodes. Die algemene sinode behandel sake wat die hele kerkverband raak, soos bv. die Teologiese skool, die sending, ens.

As iemand hom veronreg voel deur die besluit van 'n mindere vergadering, kan hy hom op die meerdere beroep. Dit is die reg van appèl. As die meerderheid oor 'n saak beslis, moet die besluit as bindend beskou word, tensy bewys kan word dat dit stry met die Woord van God of met die Kerkorde.

c. Opsig oor die leer, sakramente en ander seremonies. — Eers word bepaal dat alle ampsdraers die Drie Formuliere van Enigheid moet onderteken. Dit is dan ook die plig van die predikante en ouderlinge om te waak vir die suiwerheid van die leer.

Artikels 56-60 handel oor die *doop*. Dit moet so spoedig moontlik aan die kindertjies bedien word en wel in 'n openbare samekoms van die gemeente waar die Woord van God gepreek word.

Artikels 61-64 behandel die *nagmaal*. Alleen persone wat *belydenis gedoen het van die Gereformeerde godsdiens* mag aan die nagmaal toegelaat word. Hulle moet ook 'n goeie getuigenis van 'n vrome wandel besit. Die nagmaal moet ten minste alle twee of drie maande gehou word en wel alleen onder toesig van ouderlinge en in 'n openbare samekoms van die gemeente. By die viering van die nagmaal mag nie afgewyk word van die seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is nie.

Verder word bepaal dat elke Sondag uit die Kategismus gesprek moet word, asook dat alleen die 150 Psalms van Dawid en enige met name genoemde Skrifberyminge in die erediens gesing mag word. Kerkrade moet ook toesien dat huwelike voor die gemeente van Christus bevestig word.

d. Die kerklike tug. — Die artikels wat hieroor handel, bepaal in kort: As 'n lidmaat van die Kerk sondig in leer of lewe, moet hy vermaan word. As hy hardnekkig weier om hom te bekeer, moet hy ná herhaalde vermaning van die gemeente afgesny word. Selfs dan nog kan hy weer opgeneem word as hy berou betoon. Voordat dit tot afsnyding kom, gaan daar egter 'n lang tyd van vermaning vooraf.

Die Kerkorde skryf die volgende prosedure voor:

A. Die onderlinge sensuur van gemeentelede. — As 'n sonde in die geheim gedoen is en geen openbare aanstoot gegee het nie, moet gelowiges mekaar onder vier oë vermaan. As dit nie help nie, moet weer vermaan word in teenwoordigheid van een of twee getuies. As dit ook geen gevolg het nie, moet die saak aan die kerkverband bekend gemaak word (vgl. die woorde van Christus in Matth. 18:15—17).

B. Die sensuur deur ampsdraers. —

(a) *Die dissiplinêre afhouding:* As 'n sondaar direk berou betoon oor 'n heimlike sonde, kom die kerkraad dit nie te hore nie. Die kerkraad tree eers op as die sonde, ná hardnekkige weiering van die sondaar om hom te bekeer, by hom aangegee word of as dit openbaar en dus by almal bekend is. *As daar berou is, mag die kerkraad nie sensuur toepas nie.* As die sonde egter baie ergernis in die gemeente veroorsaak het, kan aan die persoon tog vir 'n tyd die gebruik van die sakramente ontsê word. Dit is dan geen dissiplinêre tugmiddel nie, maar dien om die kerkraad te oortuig van die egtheid van die berou en om ergernis uit die gemeente weg te neem. Dit word genoem: *eenvoudige afhouding*. As daar geen berou betoon word nie, volg eers die afhouding van die sakramente. Dit word *dissiplinêre afhouding* genoem. Nou is dit 'n deel van die eintlike tughandeling.

As dit ná herhaalde vermaninge nie help nie, volg:

(b) *Die afsnyding.* — Die afsnyding verloop in drie trappe:

- (i) Na die afhouding van die sakramente volg nog verskillende vermaninge. As dit ook sonder gevolg is, word die eerste trap toegepas, d.w.s. aan die gemeente word bekend gemaak dat 'n broeder of suster ondanks alle vermaninge bly volhard in 'n sekere sonde, en die gemeente word opgewek om vir die broeder of suster te bid.
- (ii) Dan volg weer vermaninge en as daaraan geen gehoor gegee word nie, volg die tweede trap, naamlik dat die naam van die betrokke broeder of suster genoem word. Voordat hierdie stap kan volg, moet eers die advies van die klassis gevra word.
- (iii) As daar geen bekering volg nie, word die laaste middel aangewend, naamlik die finale afsnyding.

Met die tug mag nie gehaas word nie. Daar moet dus altesame 'n lang tyd verloop voordat tot die laaste stap oorgegaan word. Die doel van die kerklike tug is dan ook om die sondaar te behou. Dit is alleen wanneer daar hardnekkige volharding is dat die uiteindelijke afsnyding volg.

Daar word ook oor ampsdraers tug uitgeoefen, wat kan lei tot afsetting uit hul amp.

Ten slotte bevat die Kerkorde nog enkele artikels van algemene aard.

VRAE

1. Hoeveel kerklike vergaderinge is daar?
2. Hoe word die kerkraad saamgestel?

3. Hoe word die klassis, die partikuliere sinode en die algemene sinode saamgestel en wat is die werk van elkeen? Hoe dikwels vergader hulle?
4. Watter sake mag 'n meerdere vergadering behandel?
5. Wat word verstaan onder die reg van appèl?
6. Wanneer is 'n besluit bindend?
7. Wat bepaal die Kerkorde oor die bediening van die doop?
8. Wie mag alleen aan die nagmaal toegelaat word?
9. Wat word verder in verband met die nagmaal bepaal?
10. Hoe dikwels moet uit die Kategismus gepreek word?
11. Op welke wyse verloop die kerklike tug? Wat is die doel daarvan?

D. EREDIENS

HOOFSTUK 59: DIE EREDIENS

1. *Wat is die erediens?*
2. *Wat vind in die erediens plaas?*
3. *Die orde in die erediens.*

1. *Wat is die erediens?* — Hieronder verstaan ons die openbare godsdiensoefening of die vergadering van die gemeente in teenwoordigheid van die Here, onder leiding van die ampte. Die hoofdoel is om die Here te dien, maar daaruit volg vanself dat die gemeente opgebou en gestig word. Dit maak nie saak in watter *plek* of gebou die vergadering plaasvind nie. Die wese van die erediens lê in die samekoms van die gemeentelêde wat dan gesamentlik die Here van die gemeente ontmoet. Altyd moet onthou word dat dit 'n vergadering van *gelowiges* is, al moet rekening gehou word met die moontlikheid dat daar onbekeerdes en ook hipokriete teenwoordig kan wees. Ons kan egter aanneem dat hulle die uitsonderinge vorm en, aangesien niemand in die hart kan lees nie, moet die gemeente beskou word as 'n verbondsgemeente.

2. Wat vind in die erediens plaas? — Ons onderskei tussen:

- (a) 'n Handeling van die kant van die Here.
- (b) 'n Handeling van die kant van die gemeente.

(a) Die handeling van die kant van die Here bestaan in die bediening van die Woord en in die bediening van die sakramente. Meer besonder hoort tot hierdie handeling die seëngroet, die lesing van die wet, die lesing van die Heilige Skrif, die prediking, die bediening van die sakramente en die slotseën.

(b) Die handeling van die kant van die gemeente bestaan in die gebede, die psalmgesang, die geloofsbelydenis en die diens van die barmhartigheid. Die Kategismus vat dit alles aldus saam: God die Here openlik aanroep en aan die armes Christelike handreiking doen.

3. Die orde van die erediens. — God is 'n God van orde: daarom moet in die erediens alles ordelik en stigtelik toegaan. Die Heilige Skrif bevat geen vaste reëls dienaangaande nie en ons Gereformeerde vaders het altyd geleer dat in hierdie sake die nodige vryheid moet bly bestaan. Om wanorde te voorkom, moet egter deur die verskillende gemeentes van die kerkverband min of meer dieselfde volgorde in die erediens betrag word. Die sinode van Reddersburg (1927) het die ondervolgende orde vasgestel, met die byvoeging dat die uitvoering daarvan in die vryheid van elke kerkraad gelaat word.

a. Die votum. — Dit kom heeltemal in die begin nadat die afkondiginge gedoen is. Hiermee word die vergadering geopen en tegelykertyd 'n heilige stempel daarop gedruk. Dit konstateer die teenwoordigheid van die Here in die midde van sy gemeente. Gewoonlik word die volgende Bybelwoord gebruik: Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Deur die votum word die erediens van enige ander vergadering onderskei.

b. Die seëngroet. — Hier word in die reël woorde gebruik wat voorkom aan die begin van die briewe van Paulus of in Openbaring 1:4, 5. Hiermee word die seën van die Here amptelik op die gemeente gelê.

c. 'n Lofpsalm, omdat die gemeente begin om die Here te loof.

d. Die Geloofsbelydenis volgens die twaalf artikels. — Al word die belydenis net deur die leraar voorgelees, die bedoeling is dat elke lidmaat dit in sy hart sal nasê. Hierin spreek die gemeente sy geloof uit.

e. Die voorlesing van die wet. — Elke Sondag moet die gemeente die wet van die Here hoor, sodat dit diep in die geheue geprent kan word en elke gelowige dit gedurig kan omdra. Die lesing van die wet moet die *sondebeseft* by die gemeente wakker roep, maar tegelykertyd is dit gegee as 'n reël van *dankbaarheid* vir die sondevergifnis wat ons deur Christus deelagtig word.

f. Beryming van die wet, die laaste vers, of enige ander toepaslike psalm word gesing.

g. Skriflesing. — Dit geskied nie net met die oog op die preek nie, maar het 'n selfstandige doel. Die Woord van die Here moet in die samekoms van sy gemeente gehoor word.

h. Gebed wat bevat lofsegging, skuldbelydenis, danksegging en gebed vir alle nood. Dit is die hele gemeente wat bid by monde van die dienaar van die Woord.

i. Psalmgesang met die oog op Woordbediening.

j. Preek. — In die Gereformeerde erediens neem die prediking die vernaamste plek in. Nou word die Woord van die Here verklaar en toegepas. Die gemeente word onderrig, vermaan en vertroos.

k. Dankgebed.

l. Psalmgesang.

m. Seën.

Die Sinode bepaal verder dat die kollekte vir die armes tot die erediens behoort, maar dit word in die vryheid van die kerkrade gelaat om te besluit wanneer hierdie of ander kollektes gehou sal word.

Bogenoemde is die orde vir die môrediens. Die middagdiens of aanddiens verskil alleen daarin dat die Geloofsbelydenis en die Wet nie weer gelees word nie en dat gewoonlik 'n afdeling van die Kategismus in hierdie diens verklaar word.

Die Sinode van 1952 het 'n deputaatskap benoem om weer 'n hele studie van die erediens op grond van die Skrif te maak en hulle het op die Sinode van 1955 'n breedvoerige rapport voorgelê. Hierdie rapport is aanvaar as 'n riglyn vir meer eenvormige eredienste. Die Sinode het ook beklemtoon dat daar meer aktiwiteit aan die kant van lidmate in die erediens moet wees.

Die orde van 1927 is gehandhaaf met byvoeging van verskillende wenke wat tot die gewenste aktiwiteit van die lidmaat kan lei. So word aanbeveel: dat altyd staande gesing word; dat die gemeente staande belydenis van sy geloof volgens die 12 artikels sal doen en dat daarna 'n toepaslike vers of verse gesing word. Ook na die voorlesing van die Wet word staande 'n vers of verse gesing. Verder word beklemtoon dat die gemeente meer moet sing deurdat meer verse opgegee word, en dat daar oefeninge in die kerksang moet wees. 'n Deputaat is benoem om 'n klein boekie oor die betekenis van die erediens op te stel. Hierdie boekie, van die hand van prof. dr. J. P. Jooste, het verskyn onder die titel: *"Kom in sy voorhowe"* (uitgawe van die Calvyn-Jubileum-Boekefonds, Posbus 2004, Potchefstroom).

As die riglyne van die Sinode van 1955 gevolg word, sal dit beteken dat die gemeente altyd staan wanneer dit tot die Here spreek (in gebed, in psalmgesang en by die uitspraak van die geloofsbelydenis — met die uitsondering dat die susters nie onder die gebed staan nie), en sit wanneer die Here spreek (by die afkondiging van sy Wet en by die bediening van die Woord).

VRAE

1. Wat is die erediens?
2. Wat vind daarin plaas?
3. Verdien 'n vaste volgorde die voorkeur?

4. Watter orde het die sinode van Reddersburg voorgeskrywe?
5. Wat beteken die votum?
6. Wat is die bedoeling van die voorlesing van die Geloofsbelydenis en die Wet?
7. Watter doel het die preek?
8. In watter opsigte verskil die môrediens van die middag- of aanddiens?
9. Wat het die sinode van 1955 besluit?

AANHANGSEL

HOOFSTUK 60: DIE PLIGTE VAN DIE BELYDENDE LIDMAAT

1. *Ten opsigte van die leer.*
2. *Ten opsigte van die kerkregering.*
3. *Ten opsigte van die erediens.*
4. *Ten opsigte van die omgang met mede-gelowiges en ander mense.*

As iemand belydenis van geloof afgelê het, is hy 'n mondige lidmaat van die gemeente en dit is noodsaaklik dat hy weet Watter pligte nou op hom rus. Onder die heerskappy van die Roomse kerk was die gemeentelide heeltemal onmondig en het niks te sê gehad nie. Die Calvinistiese Hervorming het hulle weer mondig gemaak en in hul regte herstel. Dit lê 'n groot verantwoordelikheid op, sodat die lidmaat duidelik moet besef wat van hom verwag word om waarlik 'n *lewende* lidmaat van die gemeente van Christus te wees.

Ons deel die pligte in onder vier hoofde:

1. Ten opsigte van die leer.
2. Ten opsigte van die kerkregering.
3. Ten opsigte van die erediens.
4. Ten opsigte van die omgang met die mede-gelowiges, asook ander mense.

1. Pligte ten opsigte van die leer. — Elke lidmaat is profeet, dit wil sê hy is geroep om vir Christus te getuig. Daarvoor moet hy homself gedurig bekwaam deur die Heilige Skrif te ondersoek, asook die Belydenisskrifte, die Kerkorde en die Kerkgeskiedenis. 'n Groot gebrek in die teenwoordige tyd is dat lidmate *te min lees*. Ons voorouers het hulle beywer om nuttige boeke te lees en vir hulle 'n biblioteek op te bou. Elkeen is verplig om hom by die ware kerk te voeg volgens art. 29 van die Geloofsbelydenis en hoe kan dit gebeur as daar geen *kennis* is nie? Die gemeentelid moet kan onderskei en oordeel wanneer dwaalleer verkondig word. Sorg ook dat u intekenaar word op Die Kerkblad, dit gereeld lees en u leraar vra om 'n lysie op te stel van nuttige boeke.

2. Pligte ten opsigte van die kerkregering. — Die kerklike mag, selfs die mag tot tugtoefening, behoort in die grond by die gemeente. In Matth. 18 leer Christus duidelik dat die lidmate, as dit nodig blyk, mekaar onderling moet vermaan. Eers by volharding in die kwaad moet dit aan die kerkraad gemeld word. Dit geskied omdat die ampsdraers die organe is waardeur die eintlike dissipline en tughandeling plaasvind. Die hele liggaam kan bv. nie sien nie — dit sien deur die orgaan van die oog.

Die formulier vir bevestiging van ouderlinge sê dan ook duidelik dat die kerkraad die gemeente verteenwoordig en dat Christus in Matth. 18 nie al die lidmate van die gemeente afsonderlik bedoel nie, maar diegene wat deur die lidmate gekies is om hulle te regeer.

Die kerkraad oefen die gesag uit. Manlike lidmate behoort daaraan te dink dat hulle te eniger tyd tot ampsdraers gekies kan word, vandaar die verpligting om hulle in die beginsels van die leer en die kerkregering te bekwaam.

Die pligte van die gemeentelide hou egter hiermee nie op nie. Hulle besit nie alleen die profetiese amp nie, maar ook die koninklike. Hulle moet oordeel of die ampsdraers getrou volgens die Woord van die Here handel en as dit nie die geval is nie, moet hulle langs die ordelike weg optree en toesien dat die regte manne gevind word. Hulle oordeel teweens oor wie by die gemeente sal aansluit. Die lys van ingekome attestasies word nie net afgelees vir kennisgewing nie, maar ook ten einde aan die lidmate geleentheid te gee om, indien nodig, beswaar te maak teen die opneming van lidmate.

Selfs die vroulike lidmate is hierby nie uitgesluit nie. Hoewel hulle nie die aktiewe stemreg besit nie, het hulle tog die reg om besware teen verkose ampsdraers of nuwe lidmate in te dien.

Dit is dus die plig van gemeentelide om vergaderinge van die kerkraad saam met die gemeente getrou by te woon. As ampsdraers goed regeer, is dit die plig van lidmate om hulle te eer en te respekteer ter wille van hul amp. Die lidmate moet *saamwerk* met die kerkraad.

3. Pligte ten opsigte van die erediens. — Volgens die verklaring wat die Kategismus van die vierde gebod gee, is dit die plig van elke Christen om veral op die sabbat met die gemeente van God te vergader in die openbare erediens. U plek mag nooit leeg wees in die kerk nie, tensy dat u deur baie gewigtige redes verhinder word. Selfs lidmate wat op plase woon, moet nie net met nagmaal kerk toe kom nie. Waar 'n vername deel van die erediens uit psalmgesang bestaan, behoort die lidmate hulle ook in die sangkuns te oefen.

Ook aan die *nagmaal* mag 'n gelowige nie ontbreek nie. Christus het gesê: Doen dit totdat Ek kom. Dit is die beseëling van die gepredikte Woord en die voedsel van die siel en by verwaarlosing daarvan *moet* die geestelike lewe skade ly.

Vergeet ook nie dat die erediens onderhou moet word nie. Daarvoor is geld nodig en die vierde gebod eis dat die lidmate daarin moet voorsien. Daar is lopende uitgawe in elke gemeente, bv. vir die Teologiese Skool waar leraars opgelei word, vir die sending, vir die onderhoud van die leraar, vir die onderhoud van die kerkgebou, ens. Dit is die plig van die lidmaat om sy bydrae, wat die kerkraad van hom verlang, *self te bring* en nie te wag totdat die diaken dit kom vra nie. Onthou dat dit eintlik nie die werk van die diaken is om die geld vir die lopende uitgawes bymekaar te maak nie.

As 'n lidmaat vertrek na 'n ander gemeente, moet hy (of sy) *attestasie* by die kerkraad aanvra. Hierin gee die kerkraad getuigenis aangaande die belydenis en die wandel van die lidmaat, gunstig of ongunstig al na die geval mag wees. Hy word dan opgedra aan die sorg en toesig van die kerkraad van die plek waarheen hy vertrek. As dit enigsins moontlik is, moet die lidmaat sy attestasie saamneem en hom by die ander kerkraad aanmeld. Voordat die attestasie nie deur daardie kerkraad aanvaar is nie, het hy geen kerklike voorregte in die gemeente nie.

4. Pligte ten opsigte van die mede-gelowiges en ander mense. — Die gemeente is een liggaam en almal is lede van mekaar. Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges, waaruit volg dat niemand vir homself mag lewe nie, maar sy gawes en talente ten nutte van ander moet bestee. Die huisgenote van die geloof kom daarvoor eerste in aanmerking.

Daar moet dus *samewerking* wees onder die lidmate en elkeen moet na die eis van sy of haar roeping aktief deelneem aan kerklike aktiwiteite. Daar moet 'n gees van onderlinge liefde gekweek en veral gedink word aan die behoeftes van armes, krankes, gevangenes, ens. Die gelowige is *priester* as hy optree in die werk van die barmhartigheid.

Die diakens moet oor genoegsame middele kan beskik om in die behoeftes van die armes te voorsien. Elkeen moet gee namate hy welvaart van die Here verkry het. Dit is nie nodig om juis na die kleinste geldstukkie in ons beursie te soek nie.

Die apostel verlang egter ook dat die gelowige weldadigheid sal bewys aan *alle mense*, dus ook aan die wat nie aan dieselfde gemeente behoort nie. Die gedrag teenoor sulke mense moet altyd so wees dat die Naam van die Here nie daardeur belaster word nie, maar veeleer geprys mag word.

Ten slotte kom alles hierop neer: die lidmate van die kerk van Christus moet 'n lewe van dankbaarheid lei in die vrese van die Here.

VRAE

1. Waarom is dit nodig dat 'n lidmaat sy pligte sal ken?

2. Onder watter vier hoofde kan ons die pligte indeel?
3. Hoe kan 'n lidmaat sy kennis verryk?
4. Wat is sy plig teenoor sy eie huis?
5. Watter plig het die gemeentelede in die kerkregering?
6. Hoe staan hulle teenoor die kerkrade?
7. Watter reg het vroulike lidmate?
8. Watter pligte het 'n lidmaat ten opsigte van die erediens?
9. Wat is die attestasie en waartoe dien dit?
10. Watter pligte het lidmate teenoor hul medegelowiges en teenoor ander mense?